

HOE MOET
EK MY
PAKKET
BELÊ?

HOE MOET EK...

MY PAKKET *belê?*



NICO SWART

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA
PRETORIA

© 1999 Universiteit van Suid-Afrika
Eerste uitgawe, eerste druk

ISBN 1 86888 103 2

Uitgegee deur Unisa Uitgewers
Universiteit van Suid-Afrika
Posbus 392, 0003 Pretoria

Elektronies versorg deur Pretoria Setters, Pretoria
Gedruk deur Interpak

Uitgewersredakteurs: Sarie Moolman, Anita Engelbrecht
Illustrasies: Marna Schoeman

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier – hetsy meganies of elektronies, met inbegrip van plaat- en bandopnames en fotokopiëring – gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie, met die uitsondering van redelike aanhalings vir navorsings- of resensiedoeleindes.

INHOUD

1	EK EN MY PAKKET – WAT NOU?	1
1.1	WAT BELEGGERS NIE MEER WIL HOOR NIE	1
1.2	WAT WIL BELEGGERS HOOR EN SIEN?	2
1.3	ONSEKERE TYE VIR PAKKETTE	2
	Waarom die onsekerheid?	2
	Grootskaalse verwarring	3
	Wat is die oplossing?	5
1.4	WAT BETEKEN DIE WOORD 'PAKKET'?	5
1.5	HOE BELANGRIK IS JOU PAKKET?	6
1.6	MOET EK MY AFTREEPAKKET VAT?	7
	Moet almal dadelik die pakket vat?	7
	Moet ek my pakket vyf jaar voor aftrede vat?	7
	Hoe beïnvloed nuwe wetgewing my?	8
	Wat van die opbrengs in die fonds?	8
	Wat van toekomstige pakkette?	9
	Waarheen met my pakket?	9
2	EK EN MY MAKELAAR	10
2.1	'MEDIA-MAKELAARS' VERWAR MY, WAT MOET EK DOEN?	10
	Pasop vir glansbrojures of glanswoorde	10
	Die beleggingspubliek kort inligting	10
	Suiwer finansiële beginsels is die sleutelwoorde	11

2.2	HOE KIES EK MY MAKELAAR?	12
	Wat verwag jy van jou makelaar?	13
	Wat verwag jou makelaar van jou?	13
	Foutiewe persepsies	14
	Tipes makelaars	15
	Versekeringsmaatskappye se vyf groepe of klasse bemarkers of adviseurs	16
	Die bankmakelaar	16
	Die onafhanklike makelaar	17
	Die aandelemakelaar	18
	'n Prokureur	19
	'n Rekenmeester	19
	Pensioenfonds-, voorsorgfonds- of personeelbeampte	19
	'n Beleggingsbestuurdosent (geld ook vir 'n aandelemakelaar)	20
	Joernaliste	21
	Trustmaatskappye	21
	Jou beleggingsverhouding met jou makelaar	21
	Sal die makelaar jul beleggingsverhouding goed bestuur?	21
	Kriteria vir die evaluering van makelaars	22
	Akademiese, professionele en opleidingskwalifikasies	22
	Die spesifieke onderneming	22
	Die persoon (makelaar) wat voor jou sit	23
	Ek wil geld belê, waar begin ek?	23
2.3	KAN EK MY EIE MAKELAAR WEES?	25
2.4	WAT KOS DIT OM 'N PAKKET TE BELÊ?	26
	Aanvanklike fooie	28
	Jaarlikse fooie	29
	Oorskakelingsfooie	30
	Beleggingsbesonderhede	30
3	MY FINANSIËLE RISIKO'S, BEHOEFTE EN DOELWITTE	31
3.1	WAT IS MY RISIKO'S?	31
	Selfversekering is gevaarlik	32

Ons het net koste	33
Wat is 'n noodfonds?	33
Waarom 'n noodfonds skep?	34
Soorte noodfondse	34
Nadele van 'n noodfonds	34
Samevatting	36
 3.2 WAT IS MY FINANSIËLE BEHOEFTE?	 36
 3.3 MY PERSOONLIKE FINANSIËLE DOELWITTE	 37
 4 HOE OM JOU PAKKET TE BELÊ	 42
 4.1 EK BLY BY MY WERKGEWER – WATTER FONDS MOET EK KIES (PENSIOEN- OF VOORSORGFONDS, VASTEVOORDEEL- OF VASTEBYDRAEFONDS)?	 43
Die oordra van sowel die belasbare as die nie-belasbare gedeelte van jou pensioenvoordele na 'n voorsorgfonds of 'n pensioen- fonds	50
Die oordra van die belasbare gedeelte van jou pensioenvoordele na 'n vrywillige annuïteit	50
Vrywillige versus verpligte annuïteit	50
Die oordra van die belasbare gedeelte van jou pensioenvoordele na 'n uitree-annuïteit	50
Watter portefeulje om te kies (ná die fondskeuse)	51
Die belangrikste faktore om in ag te neem	52
Plaas jou geld in 'n bewaringsfonds	52
'n Begunstigdenominasie-vorm	53
Jou testament	53
 4.2 EK GAAN BY 'N NUWE WERKGEWER WERK	 53
Jou nuwe werkgewer se aftreefonds	54
'n Annuïteit	54
'n Bewaringsfonds	54

4.3	EK GAAN MY EIE BESIGHEID BEGIN OF KOOP	
	(OOK 'N KONSESSIE)	55
	Die koop van 'n bestaande besigheid	55
	Bankstate, depositostrokies, tjekboekteenblaaie en debiet- of aftrekorders	55
	Belastingopgawes	56
	BTW	56
	Rekening: veral telefoon, elektrisiteit en water, en huurgeld ..	56
	Eiendomsbelasting	56
	Salaris- en loonaftrekkings	56
	Leweransiers	56
	Voorraadopnames	57
	Debiteure	57
	Kennis van die mark	57
	Personeel	57
	Personeeladministrasie en -bestuur	57
	Die bepaling van goeie trou	58
	Swak voorkoms	58
	Huurkontrak	58
	Werklike rede vir verkoop	58
	Verkoopprys	58
	Die koop van 'n konsessie ('franchise')	59
	Wat is 'n konsessie?	59
	Voordele	59
	Nadele	59
	Die begin van 'n nuwe besigheid	60
	Watter besigheidsvorm moet ek kies?	62
	Stel eers 'n besigheidsplan op	63
	Sakeversekering	64
	Koop-en-verkooppooreenkomste	64
	Vennootskapsversekering	64
	Gesamentlike lewenspolis	65
	Individuele lewenspolis	65
	Eiendomsbeperktetaatskappy-versekering	65
	Beslote korporasies	66
	Professionele ingelyfde maatskappye	66

Polisse op die lewens van werknemers	66
4.4 EK MOET MY PAKKET BELÊ VIR AFTREDE – WATTER BELEGGINGSALTERNATIEWE KAN EK GEBRUIK?	66
Dink veral aan die volgende	68
Jou inkomstegaping ná aftrede (pensioenaanvulling)	68
Inflasie gaan jou pensioen/kapitaal verteer	70
Beskerm en vermeerder jou kapitaal	70
Speel klaar met sekere skuld	70
Versprei jou finansiële/totale beleggingsrisiko	74
Maniere om inkomste aan te vul	75
Maniere om kapitaal te vermeerder	87
Gestruktureerde fondse	94
Hoe behoort jou beleggingsproduk(te) te lyk?	97
Die beleggingsproses tydens aftredebeplanning	97
4.5 BUITELANDSE BELEGGINGS: WAAROM, HOE EN WAAR? ...	100
Waarom het ons valutabeheer?	101
Die afskaffing van valutabeheer	102
Voordele vir beleggers as valutabeheer afgeskaf word	102
Bateruiltransaksies	103
Waarom in die buiteland belê?	103
Beskerm jouself teen die dalende rand – randverskansers	104
'n Polis	105
Effektetrusts	106
Aandele	107
Tenkhouders	108
Seiljagte	111
Krugerrande	112
Vaste eiendom in die buiteland	112
'n Uitvoerbegigtheid	113
'n Begigtheid in die buiteland	113
'n Buitelandse trust	114
'n Begigtheidstrust	117
'n Beleggingstrust	117
Buitelandse boedels en skenkings	118

Betaal jou skuld	119
Reisigerstjeks	119
Internasionale diversifikasie	119
Doen eers jou huiswerk voor jy in die buiteland belê	120
Waar kry ek inligting oor buitelandse beleggings?	121
Hoeveel mag ek tans in die buiteland belê?	121
Hoeveel behoort ek in die buiteland te belê?	122
In watter geldeenheid moet ek belê?	122
In watter land(e) moet ek belê?	122
Belastingvriendelike lande	122
Riglyne vir jou belegging – jou internasionale beleggingstrategie	123
Jou buitelandse beleggingsiklus	124
’n Plaaslike buitelandsevaluta-bankrekening	124
’n Buitelandsevaluta-bankrekening in die buiteland	125
Hoe werk Suid-Afrikaanse maatskappye met betrekking tot buitelandse beleggings?	125
Wat kos dit om in die buiteland te belê?	125
Wat bepaal buitelandse beleggingsopbrengste?	126
Belasting op buitelandse beleggings	127
’n Internasionalevaluta-gids	128
Hoe om jou geheime kapitaal te belê	129
’n Tweede testament	130
Belê buitelandse geld/bates in ’n trust	130
Moet ek in die buiteland aftree?	130
Samevatting	130
 4.6 WATTER BESKERMING BESTAAN DAAR VIR MY AS BELEGGER?	 131
’n Nuwe versekeringsbedryf	131
Verbruikersinligting	132
Verbruikersbeskerming	132
Nuwe filosofie	132
Nuwe wetgewing	133
Die Instituut vir Lewens- en Pensioenadviseurs (ILPA)	133
Verskeie ombudsmanne vir klagtes	135
Finansiële instellings	135

Geld by prokureurs	135
'n 'Afkoelperiode' vir huiskopers	135
Het jy in brouwerk pleks van bouwerk belê?	137
Gaan jy in 'n wettige netwerkbemakingstelsel belê?	138
5 DIE EKONOMIESE SIKLUS – JÓÚ	
BELEGGINGSIKLUS	139
5.1 BEDRYWE EN DIE EKONOMIESE SIKLUS	139
Groeibedrywe	140
Defensiewe bedrywe	140
Sikliese bedrywe	140
Rentekoerssensitiewe bedrywe	140
Randverskansingsbedrywe	140
5.2 HOE LYK DIE EKONOMIESE SIKLUS?	140
5.3 HOE BELÊ EK TYDENS DIE EKONOMIESE SIKLUS?	141
Die primêre probleme	141
6 VERMY HIERDIE SLAGGATE!	143
6.1 BELEGGINGSLAGGATE EN HOE OM DIT TE VERMY	143
Slaggat 1: Verwar die opbrengs met die doel van die belegging ...	144
Waaroor gaan die argument?	144
Wat van jou ander besittings?	145
Finansiële oorwegings as jy huur	145
Finansiële oorwegings as jy koop	147
Waarom koop mens 'n eie woning?	148
Watter nie-finansiële voordele hou huiseienaarskap in?	149
Gevolgtrekking	150
Slaggat 2: Wanpersepsie oor 'n belegging in 'n lewenspolis	150
Loopbaanbeplanning	151
Kredietbeplanning	151
Beleggingsbeplanning	152
Aftredebeplanning	153

Beskermingsbeplanning	153
Boedelbeplanning	153
Gevolgtrekking	153
Slagkat 3: Onderskat negatiewe invloed van inflasie	155
Die inflasietempo	156
Toekomstige inflasiekoers	156
Slagkat 4: Dra nie kennis van beleggingsbeginsels nie	156
Slagkat 5: Is nie op hoogte van beleggingskriteria nie	157
Nóg slaggate	158
 6.2 INKOMSTEBELASTINGSLAGGATE EN HOE OM DIT TE VERMY	 160
 6.3 BOEDELBEPLANNINGSLAGGATE EN HOE OM DIT TE VERMY	 163
Slagkat 1: Geen boedelbeplanning nie (jou testament)	164
Wat is 'n testament?	164
Wie mag 'n testament hê?	164
Wie mag dit opstel?	164
Dit moet aan sekere wetsvereistes voldoen	165
Wat is 'n kodisil?	165
Tipes testamente	165
Die opskrif	165
Kanselleer vorige testamente	165
Erfgename/begunstigdes	166
Stel 'n eksekuteur aan	166
Wat is die mag van assumpsie?	166
Stel die eksekuteur vry van sekerheidstelling	166
Trusts en 'n administrateur	167
Lys jou bates en laste	167
Gelyktydige dood	167
Voog vir minderjarige kinders	167
Onderhoud van afhanklikes	167
Erfporsies en toekomstige huwelike	167
Sterf sonder 'n geldige testament	168
Verskeie afskrifte	168

Slaggat 2: Nie voldoende boedelbeplanning nie	168
Wanneer moet ek 'n trust stig?	168
Wat is 'n trust?	169
Testamentêre trust	171
Trust <i>inter vivos</i>	171
Watter trust?	171
'n Buitelandse trust	172
Slaggat 3: Geen vermindering van die oordragkoste van jou boedel nie	173
Beskerm en bewaar jou boedel	173
Toelaatbare aftrekkings	174
Skat boedelaanspreeklikheid	174
Skat ander boedelkoste	175
Ontleed likiditeit van bates	176
Koste by die oordrag van bates	176
'n Skenking	177
'n Verkooptransaksie	177
'n Trust	177
Slaggat 4: Onvoldoende likiede bates (fondse) om boedeloordrag te bewerkstellig	178
Slaggat 5: Hou aan om boedel te vergroot sonder deurlopende boedelbeplanning	178
 6.4 AFTREDEBEPLANNINGSLAGGATE EN HOE OM DIT TE VERMY	179
Watter jongmense nodig persoonlike finansiële opvoeding? ...	181
Watter persoonlike finansiële kennis en opvoeding het jongmense dan nodig?	181
Wat is die beste lewensvaardigheid en belegging vir aftrede?	183
 7 EK EN MY HUWELIKSMAAT	185
7.1 MY HUWELIKSVORWAARDEKONTRAK (HVK)	185
Hoe om jou huweliksvoorwaardekontrak op te stel	185
Hoe belangrik is my HVK?	186
Waar ontstaan die probleem?	187

Wat is die probleem?	187
Kontraktebreuk is hier wettig	188
Die kerk is kragteloos	189
Die doel van 'n HVK	189
Wie moet dit opstel?	189
Tipes huweliksgoederebedelings	189
Jou ouers kan alles verloor as jy skei	191
7.2 EGSKEIDING	195
8 INSOLVENSIE	197
9 EMIGRASIE	199
9.1 KAN EK BEKOSTIG OM TE EMIGREER?	201
9.2 NA WATTER LAND MOET EK EMIGREER?	202
9.3 WATTER EN HOVEEL BATES/KAPITAAL KAN UITGENEEM WORD?	202
9.4 WAT GEBEUR MET DIE BATES WAT AGTERBLY?	203
9.5 KAN EK INKOMSTE UIT AGTERGEBLEWE BATES OORDRA NA DIE BUITELAND?	203
9.6 MOET EK MY SUID-AFRIKAANSE BATES IN 'N TRUST PLAAS?	204
9.7 WAT KOS DIT OM TE EMIGREER?	204
9.8 WAT IS DIE BELANGRIKSTE OORWEGINGS RAKENDE SUID-AFRIKA?	204
9.9 WAT IS DIE BELANGRIKSTE BUITELANDSE OORWEGINGS?	205
9.10 WAT VAN DIE WISSELKOERS EN DIE WAARDE VAN DIE RAND?	205
9.11 HOE GAAN EK TE WERK AS EK WIL EMIGREER?	205
BRONNELYS	206

VOORWOORD

In hierdie boek poog ek om in eenvoudige taal objektiewe en onafhanklike persoonlike finansiële advies, oftewel inligting, oor die belegging van 'n pakket te verskaf.

DIE BOEK SAL U HELP OM 'N MEER INGELIGTE BELEGGINGSBESLUIT TE NEEM

Talle besluite rondom die belegging van 'n pakket word kortliks bespreek en u word gewys op die uniekheid van elke besluit vanweë u persoonlike finansiële situasie. Die belegger moet kennis dra van sy/haar risikoprofiel, finansiële risiko's, finansiële behoeftes en persoonlike finansiële doelwitte.

Net so is dit belangrik om te weet dat 'n pakket belê moet word met beleggings-, inkomstebelasting-, boedel- en aftreebeplanning in gedagte. Daar is talle slaggate waarop die potensiele belegger moet let.

U word gewys op die beleggingsverwarring wat onder meer deur 'media-makelaars' geskep word en op metodes om makelaars te evalueer.

Verder word riglyne verskaf oor die belegging van 'n pakket vir diegene wat

- by dieselfde werkgewer bly en 'n fonds moet kies (pensioen-, voorsorg-, vastevoordeel- of vastebydraefonds)
- na 'n nuwe werkgewer gaan
- 'n eie besigheid wil begin of koop
- die pakket vir aftrede moet belê en moet kies tussen al die verskillende beleggingsopsies
- hulle geld in die buiteland wil belê

Beleggers word verder gewys op beleggersbeskerming wat bestaan asook die belegging van 'n pakket met 'n spesifieke huweliksgoederebedeling (HVK), skei, insolvensie, en emigrasie in gedagte.


NADAT U HIERDIE BOEK GELEES HET, BEHOORT U DIE BELEGGING VAN U PAKKET MEER IN BESONDERHEDE TE BEGRYP

Ek hoop dat die lees van hierdie boek vir u 'n positiewe ervaring sal wees.

NICO SWART

1 EK EN MY PAKKET – WAT NOU?

1.1 WAT BELEGGERS NIE MEER WIL HOOR NIE



‘Teken net daar langs die kruisie onder aan die bladsy,’ sê die makelaar.

‘Ek/ons sal graag eers so ‘n bietjie daarvoor wil dink en dan na jou toe terugkom,’ antwoord jy.

‘Nee, teken sommer nou dan is dit óók klaar. Ons kan altyd later sekere veranderinge aanbring,’ is die makelaar se volgende antwoord.

Jou keel trek ietwat toe en jy kyk verleë rond, want jy weet nou nie eintlik mooi wat om volgende te doen nie.

Die makelaar stoot eenvoudig die aansoekvorm nóg nader en sê: ‘U

WEET, EK IS NIE WERKLIK AAN ‘N SPESIFIEKE VERSEKERINGSMAATSKAPPY OF FINANSIËLE INSTELLING GEKOPPEL NIE EN KAN BASIES ENIGE FINANSIËLE PRODUK VERKOOP.’

Daarna teken jy maar teësinning die vorm en gee die swart pen terug.

Kort daarna verlaat die makelaar ewe vriendelik die vertrek óf jy verlaat die makelaar se kantoor – baie onseker.

SODRA JY TOT JOU SINNE KOM, PAK ‘N GEVOEL VAN MAGTELOOSHEID EN VREES JOU BEET. Sal jy jou dade kan bekostig en was dit die korrekte belegging by die regte plek? Al hoe meer vrae ontstaan in jou gemoed en jy kry sommer gou-gou ‘buyer’s blues’.

Vir die meeste van ons is bogenoemde niks nuuts nie. Ons was al daar!

1.2 WAT WIL BELEGGERS HOOR EN SIEN?

Beleggers soek 'n makelaar wat

- oor die nodige kennis, opleiding en kwalifikasies beskik
- met integriteit optree
- vertroue inboesem
- meer doen as wat van hom/haar verwag word
- potensiële beleggers help om 'n ingeligte beleggingsbesluit te neem
- voldoende gehaltetyd aan hulle bestee
- altyd te goeder trou optree
- hulle die nodige tyd gee om 'n beleggingsbesluit te neem
- nie druk op hulle plaas om 'n transaksie te beklank nie
- nie net kommissie najaag nie, maar bereid is om langtermynverbintenisse met hulle aan te gaan
- besef dat daar met ander mense se lewens gewerk word, nie net met hulle geld nie
- finansiële produkte ken
- die totale beleggingsveld ken
- weet hoe 'n bepaalde beleggingsbesluit ook inkomstebelasting-, boedel- en aftredebeplanning beïnvloed
- op hoogte is met die breë veld van persoonlike finansiële bestuur

Ja, die belegger se grootste vraag en probleem is:

Wie kan jou help om jou geld te belê? Oftewel

Wie kan my help om my pakket te belê?

O ja, jy het 'n vennoot nodig wat jou kan en wil help.

Hierdie boek sal jou vennoot wees.

1.3 ONSEKERE TYE VIR PAKKETTE

WAAROM DIE ONSEKERHEID?

Potensiële beleggers is baie onseker oor hulle finansiële toekoms vanweë onder meer die volgende:

- Hulle vrees dat hulle aftreevoorsiening ontoereikend is te midde van 'n toenemende lewensverwagting van ongeveer 80 jaar.
- Die regering hef toenemend belasting op aftreegeld en aftreefondse.
- Die staat en werkgewers plaas toenemend druk op werknemers om self verantwoordelikheid vir hul aftrede en aftreegeld te aanvaar.
- Daar word druk uitgeoefen op werknemers om hulle aftreegeld na voor-sorgfondse te skuif. Dit is veral tot groot voordeel van werkgewers, omdat werknemers dan self die risiko daaraan verbonde moet dra.
- Bepaaalde veranderinge in die versekeringsbedryf het versekeringsmaat-skappye verander in finansiëledienste-maatskappye met beleggings oor die hele beleggingsveld.
- Finansiële produkte verander teen so 'n tempo dat die publiek of makelaars nie kan bybly nie.
- Die verantwoordelikheid van makelaars rondom finansiële advies in hierdie inligtingseeu het seker tienvoudig toegeneem.
- Die media, en veral 'media-makelaars', manipuleer die persepsies van die dikwels oningeligte beleggerspubliek na willekeur.
- Die waarde van die rand het oor die afgelope tien jaar met ongeveer 100% gedaal teenoor die Amerikaanse dollar.
- Beleggers is meer ingelig as voorheen en besef nou eers werklik dat daar talle faktore is wat hulle finansiële toekoms en welvaart beïnvloed.

GROOTSKAALSE VERWARRING

Nog nooit voorheen in die geskiedenis was Suid-Afrikaanse beleggers so verward nie. Hulle weet nie watter makelaar om te gebruik nie, in watter produkte om te belê, en of hulle eerder met 'n buitelandse beleggingsportefeulje moet begin nie.

Of dit nou vóór of ná 'n nasionale verkiesing is, die politieke, ekonomiese en maatskaplike werklikhede sal altyd onsekerheid vir Suid-Afrikaanse beleggers inhou. Wat wel seker is, is die toenemende eise om geld te skuif vanaf diegene wat 'het' na diegene wat 'nie het nie'. Hierdie eise skep alles behalwe 'n gunstige klimaat vir plaaslike en buitelandse beleggers.

Met die gedeeltelike verslapping van valutabeheer in Suid-Afrika staan Jan Publiek voor 'n moeilike besluit as dit kom by die belegging van die een of

ander pakket. Nie alleen is daar ongeveer 220 Suid-Afrikaanse effekte-trusts (April 1999) om uit te kies nie, maar meer as 35 000 wêreldwyd. Daar bestaan sóveel gekoppelde produkte wat aanloklike beleggingsgeleenthede bied en wat deurlopend aangepas word by die publiek se veranderende behoeftes.

Net so is daar 'n klemverskuiwing van die makelaar (wat jou belegging neem om dit te belê) na die fondsbestuurder (wat dit in Suid-Afrika moet bestuur of wat 'n buitelandse fondsbestuurder(s) namens die beleggers moet kies). Van die oomblik dat die belegging uit die belegger se hande is, bekommer veral die konserwatiewe (of ouer) belegger hom/haar oor die veiligheid van die kapitaal.

Onsekerheid is aan die orde van die dag soos nog nooit tevore nie. Beleggers sien die riskantheid van hulle Suid-Afrikaanse beleggings in globale terme. Namate ons finansiële instellings al hoe meer in die buiteland belê, wonder die publiek of hulle nou eintlik hulle risiko versprei en of hulle hulself aan meer risiko blootstel. Geen wonder nie, wie weet nou eintlik hoe dit met beleggings en hulle bestuur gaan wat so ver uit die oog is.

Finansiële instellings het elk 'n buitelandse fondsbestuurder(s) aangestel gegrond op eie navorsing met hoofsaaklik twee kriteria voor oë:

- fondsbestuurders met min of meer dieselfde risikobeleid as die finansiële instelling as dit kom by beleggings, en
- fondsbestuurder(s) wat by die kultuur van die finansiële instelling pas.

Vir ons as beleggers en potensiële beleggers is dit onmoontlik om die kredietwaardigheid van die buitelandse fondsbestuurder(s) na te gaan. Ons belê byvoorbeeld by A omdat ons van 'n bepaalde produk hou. Daarna belê 'n buitelandse fondsbestuurder(s) ons belegging namens A en is die belegging uit A se 'hande'. Presies dieselfde gebeur by alle ander finansiële instellings of makelaars.

Talle makelaars is net so in die war. Ewe skielik moet hulle in die buiteland meeding sonder die nodige kennis, kontakte en infrastruktuur. Hulle benodig opleiding en kan nie meer die navrae van die publiek oortuigend beantwoord nie. Groot opleidingsbehoefte het sodoende ontstaan.

Die publiek is so verward dat hulle talle makelaars raadpleeg. Die navrae wat mens ontvang beklemtoon die feit dat potensiële beleggers van pakkette met 5–15 verskillende makelaars se beleggersvoorstelle sit en nie weet watter een (of 'n kombinasie van voorstelle) om te aanvaar nie.

WAT IS DIE OPLOSSING?

Dit het tyd en noodsaaklik geword om 'n onafhanklike persoon te kry om te help met 'n objektiewe beoordeling van beleggingsvoorstelle. Moenie 'n onafhanklike persoon met 'n makelaar verwar wat hom-/haarself as onafhanklik beskou nie. Geen makelaar is onafhanklik nie. Kry 'n persoon wie se inkomstebron nie die verkryging van kommissie uit beleggings is nie, maar wat wel 'n kenner is en as u beleggingsvennoot kan optree. Slegs so 'n persoon kan volkome onafhanklike persoonlike finansiële advies rakende beleggings verskaf, of baie na aan onafhanklik optree.

Laat 'n buitepersoon (buite die makelaarsberoep) met die nodige kundigheid jou pakket en die talle makelaarsaanbiedinge onafhanklik evalueer en met voorstelle kom. Daarna kan die pakket belê word.

Onpartydige beleggingsadvies is jou oplossing.

1.4 WAT BETEKEN DIE WOORD 'PAKKET'?

In die nuwe Suid-Afrika is die begrip pakket niks nuuts nie. Trouens, die vraag is net wanneer daar vir ons so 'n pakket aangebied gaan word en hoedanig dit ons gaan vergoed vir die verlies aan diensjare en gevolglik aftreevoordele. Tans staan talle Suid-Afkaners juis nou voor so 'n keuse en word hulle gekonfronteer met die groot aantal moeilike besluite wat daarmee gepaard gaan. Ongelukkig word daar weinig, indien enige, hulp in die vorm van tydige finansiële advies aan diesulkes verskaf.

'n Pakket word onder meer vanweë die volgende aangebied:

- die ontbinding van die werkgewer se pensioen- of voorsorgfonds
- vrywillige diensverlating (bedanking) deur 'n werknemer
- verpligte diensverlating (afdanking)
- personeelaflegging deur 'n werkgewer
- aftrede

'N PAKKET BEHEL'S 'N SKEIDINGSPAKKET OF 'N AFTREEPAKKET. Let daarop dat enige betreklike groot enkelbedrag op dieselfde wyse as 'n pakket belê word. Dieselfde beleggingsbeginsels, -kriteria en sekere beleggingsalternatiewe sal gevolglik ook vir die belegging van die volgende enkelbedrae geld en gebruik kan word:

- polisse wat verkoop word

- 'n polis wat uitbetaal word
- die eenderde-enkelbedrag by 'n annuïteit wat verval
- erfposies
- groepvoordele wat ontvang word by die afsterwe van 'n gade
- geld wat ontvang word wanneer twee getroude persone skei
- wanneer enige belegging herbelê moet word
- wanneer vaste (onroerende) of roerende eiendom te gelde gemaak word

1.5 HOE BELANGRIK IS JOU PAKKET?

JOU GELD, OFTEWEL JOU BESITTINGS, IS DIE SOMTOTAAL VAN JOU LEWE EN ENERGIE

In die geval van jou pakket is die geldbedrag die somtotaal van jou lewe tot op daardie tydstop – goed of sleg, met ander woorde 'n klein óf groot bedrag – dit is wat jy het en daarvoor moet jy nou bepaalde besluite neem.

Die beleggingsbesluit of aanwending van jou pakket is lewensbelangrik, want dit bepaal grootliks die

- volgende aantal jare van jou lewe
- res van jou lewe

Ja, dit is veel belangriker as wat jy ooit kan dink. Vir ouer persone is dit 'n besluit oor hulle totale lewe. 'n Verkeerde besluit of belegging(s) kan beteken dat die belegger se aftreejare te lank raak vir die finansiële bronne wat daarvoor voorsiening moet maak. **Moenie dat jou aftreejare 'n wedloop tussen inflasie en die dood word nie – 'n wedloop wat inflasie in 94% van afgetredenes se lewe wen. Ja, inflasie verteer hulle beleggings sommer lank voor hulle dood. Jy moet besluit oor jou lewe – stoot gerus maar die aansoekvorm terug sonder dat jy dit blindelings geteken het.**

Wanneer 'n betreklik jong persoon 'n pakket ontvang, behels die beleggingsbesluit meer 'n loopbaanbesluit of 'n besluit rakende 'n eie besigheid. Vir diegene van 55 jaar en ouer behels die besluite rondom hulle pakket besluite met die oog op aftrede. Aftredebeplanning speel gevolglik 'n groter rol by ouer persone as by diegene wat nog aan 'n loopbaan elders moet gaan werk. Natuurlik geskied laasgenoemde ook met aftreevoorsiening in gedagte – dieselfde geld waar 'n nuwe eie besigheid begin of gekoop word. Onthou egter dat die pakket reeds bestaande voorsiening vir aftrede verteenwoordig.

DIE PAKKET IS AFTREEVOORSIENING EN HIERDIE DOELWIT MOET TE ALLE TYE NAGESTREEF WORD

Hier word geïmpliseer dat daardie buitelandse reis of nuwe motor nie daarmee gekoop moet word nie. Die pakket is bedoel vir aftreevoorsiening en hierdie langtermyn doelwit moet te alle tye nagestreef word. Tensy die individu reeds oor voldoende aftreevoorsiening beskik, behoort hierdie pakket op geen ander wyse aangewend te word nie. Die individu wat nog betreklik jonk is, kan wel weer van meet af voorsiening vir aftrede maak. Hoe nader 'n individu egter aan aftrede is, hoe skraler word dié moontlikheid en dit kan moontlik selfs nie eens meer bestaan nie. Diesulkes behoort ekstra versigtig met 'n pakket te werk te gaan ten einde die kapitale waarde daarvan so lank moontlik te bewaar.

1.6 MOET EK MY AFTREEPAKKET VAT?

Dikwels het individue 'n keuse om 'n pakket te vat al dan nie. Al is dit geen maklike taak om riglyne te verskaf wat deur almal gebruik kan word nie, is dit noodsaaklik om enkele feite en gedagtes aan lesers te verskaf om hulle in staat te stel om meer ingeligte besluite te kan neem.

MOET ALMAL DADELIK DIE PAKKET VAT?

Die antwoord is baie beslis nee! Net soos die finansiële situasies van individue grootliks verskil, net so sal bykans al hulle persoonlike finansiële besluite verskil – al gaan dit oor dieselfde tipe besluit. Moet nooit toelaat dat enigiemand u hieroor verwar nie. Individue wat geen toekoms in ons land sien nie, sal noodwendig die pakket wil vat en dit self aanwend. So 'n besluit is meestal polities of emosioneel geïnspireerd en het niks te make met diegene wat dit nie oorweeg om die land te verlaat nie. Talle Suid-Afrikaners sien nog minder 'n toekoms in die buiteland en het geen ander keuse as om optimale nut van hulle besittings in Suid-Afrika te maak nie.

MOET EK MY PAKKET VYF JAAR VOOR AFTREDE VAT?

Die persoon wat 'n eie besigheid wil begin en 'n groot deel van die pakket daarvoor wil aanwend, kan voel dat die besigheid meer aftreevoordele kan genereer (indien alles vlot verloop) as wat die fonds sou kon doen. So 'n persoon kan ook die pakket los (die geld in die fonds laat) of 'n makelaar aanstel om dit namens

hulle te bestuur. Maar is dit wys om geld uit 'n fonds te neem binne die laaste vyf jaar voor aftrede? Individue moet onthou dat die bedrag in die fonds meer as verdubbel oor die laaste vyf jaar, hoofsaaklik as gevolg van die invloed van saamgestelde rente. Kom ons kyk na 'n voorbeeld waar twee werkers R100 per maand belê vanaf ouderdom 40 jaar tot en met aftrede. Die groeikoers is 15% per jaar. Die een tree af op 60 en die ander op 65.

In die tabel hier onder word die termyn, bedrag, rentekoers en slotwaarde aangedui:

A:	20 JAAR	R100 PER MAAND	15%	R149 723,95
B:	25 JAAR	R100 PER MAAND	15%	R324 523,96

B kry dus meer as dubbeld soveel omdat hierdie persoon bereid was om vyf jaar langer te werk – hoofsaaklik die gevolg van saamgestelde rente.

'n Persoon wat byvoorbeeld drie jaar voor aftrede 'n pakket neem, sal onder meer die volgende voordele verloor:

- drie jaar se salaris
- drie jaar se groei in die huidige fonds
- drie jaar se werkgewerbydraes
- drie jaar se bevorderingsmoontlikhede
- salarisaanpassings
- uitbetaling van opgehoopde verlof

HOE BEÏNVLOED NUWE WETGEWING MY?

Of jy nou jou pakket neem al dan nie, veranderde wetgewing gaan jou in elk geval beïnvloed. Daar word verwag dat die bedrag van R120 000 in die belastingvrye enkelbedragberekening verlaag kan word na R50 000. Net so word verwag dat die enkelbedrag toenemend belas gaan word, en dit sal ons vooruit-skatting en berekenings al hoe meer bemoeilik. Hierdie aspekte moet oorweeg word teenoor wat die individu tot en met aftrede gaan of kan verloor (soos reeds genoem), asook die kapitaalgroei op beleggings indien die pakket wel geneem word.

WAT VAN DIE OPBRENGS IN DIE FONDS?

In ons land lê fondse uit beleggings hoofsaaklik by pensioen- en voorsorg-

fondse, versekeringsmaatskappye en deponemende finansiële instellings (banke en bouverenigings). Toenemende druk sal op hierdie fondse uitgeoefen word om in die nimmereindigende behoeftes van 'n nuwe Suid-Afrika en sy heropbouprogramme te voorsien. Dit is net logies dat waar hierdie fondse elders aangewend word, fondse se uiteindelijke opbrengs in die toekoms aansienlik sal verlaag. Presies wanneer sal net die tyd ons leer. Vroeëre polisse se illustratiewe opbrengste was 12% en 15% – tans is dit slegs 9% en 12%. In die toekoms sal dit nog verder daal. Dieselfde sal met opbrengste in ander fondse gebeur. Daarom is riskante beleggings met hoë kapitaalgroei (30%–60%) 'n móét.

WAT VAN TOEKOMSTIGE PAKKETTE?

Daar word algemeen aangeneem dat fondse nie meer baie jare lank in staat sal wees om pakkette aan te bied nie, hoofsaaklik omdat die vlak van fondse in die fondse te laag sal wees. Hierdie is natuurlik een van die vernaamste redes waarom fondsleder dan juis so gou moontlik hulle hande op hulle eie geld wil sit – terwyl dit nog beskikbaar is, oftewel terwyl daar nog geld in die fondse is. Die besluit om 'n pakket te vat al dan nie, is dus geen maklike taak nie en daar is geen absolute korrekte of verkeerde antwoorde nie.

WAARHEEN MET MY PAKKET?

Dit is net so belangrik om te weet wat om met 'n pakket te doen as wat dit is om te weet of 'n pakket gevat moet word al dan nie. Die individu of fondslid se persoonlike situasie en doelwitte sal in beide gevalle van deurslaggewende belang wees. Verskillende beleggingsinstrumente sal verskillende belastingimplikasies hê. Die Belastinggaarder verwag van individue om hul pakkette vir doeleindes van aftreevoorsiening aan te wend. Die pakket moet óf na 'n nuwe werkgewer se aftreefonds gaan, óf na 'n annuïteit of bewaringsfonds, anders straf die wet jou deur middel van belasting. Of die individu na 'n nuwe werkgewer gaan, 'n eie besigheid wil begin of gaan aftree, sal grootliks bepaal hoe die pakket aangewend gaan word (soos ons later sal sien).

2 EK EN MY MAKELAAR

2.1 'MEDIA-MAKELAARS' VERWAR MY, WAT MOET EK DOEN?

Enkele mense in die media en makelaars met persoonlike belange in publikasies oor persoonlike finansies verwar die Suid-Afrikaanse publiek. Dié mense skep 'n groot wanindruk by die beleggerspubliek oor sake van persoonlike finansiële belang. Dit is veral enkele beleggings en beleggingsopbrengste (1% hoër of laer) wat totaal en al uit verband geruk word deur sommige mense wat vir hul brood en botter artikels moet skryf – asook diegene wat hul private besigheid deur middel van vrees en massapsigose wil bemark.

Eiebelang het sodanig op die voorgrond getree dat die belange van die publiek nie meer op hul agenda voorkom nie.

PASOP VIR GLANSBROSJURES OF GLANSWOORDE

Glanswoorde, gesegdes, *golden rules*, *last warnings*, *ultimate wealth*, *golden opportunities*, en *golden schemes* is daarop ingestel om die publiek sielkundig na hul asem te laat snak, net soos enige skema wat met behulp van glansbrosjures bemark word.

Makelaars wil die publiek in die media laat verstaan dat hulle eintlik nog net die een belegging kort – daarna is hulle daar en het hulle 'gearriveer'.

Die media-makelaar wat genoeg mense op dié manier gevang het, is eintlik al persoon wat met sy miljoene kommissie 'gearriveer' het.

DIE BELEGGINGSPUBLIEK KORT INLIGTING

Dit het tyd geword dat die publiek hulle laat geld en objektiewe persoonlike finansiële inligting eis sodat hulle ingeligte besluite kan neem en self verantwoordelikheid vir hul persoonlike finansiële sake kan aanvaar.



Sekere raadgewers vergelyk 'n woning met die opbrengs wat effektetrusts oor 'n tydperk van twintig jaar kan verdien. 'n Mens wonder waar hierdie mense vir dié tydperk sou woon – in effektetrusts?

Selfs tweede eiendomme! Hier konsentreer hulle op die verkoopprijs van die tweede eiendom na 'n bepaalde tydperk. Wat van al jou aftrekkings vir belasting, die feit dat dit 'n sakegeleentheid is of die finansiële dissipline wat dit bewerkstellig het? Jou opbrengs word juis verhoog in jou maandelikse begroting omdat jy nou baie meer aftrekkings vir belasting het.

Ja, die publiek hoef nie elke week 'n nuwe belegging te maak wat hulle bestaande beleggings vervang of verander nie.

SUIWER FINANSIËLE BEGINSELS IS DIE SLEUTELWOORDE

Die lokomotief wat jou persoonlike finansiële sake trek, is die ekonomiese en maatskaplike feite van ons land, asook finansiële beginsels, nie glanswoorde nie.

Dit gaan ook nie oor wat die rykste mense op aarde gedoen het nie – dit is mooi stories en drome. Kom ons hou ons oë op ons eie persoonlike finansiële situasie wat die beginpunt is, gegrond op ons eie finansiële bronne – wat alles deur middel van 'n huishoudelike begroting moet geskied. Daarna belê (bou) jy vir welvaart voor en ná aftrede.

Ja, doelgerigte persoonlike finansiële beplanning is die antwoord – nie massabeplanning vir eie gewin wat gegrond is op glanswoorde en vrees nie.

Jy kan finansiële onafhanklikheid ná aftrede bereik al sou jy 'n ander finansiële pad stap as wat spesifieke media-makelaars (vir eie gewin) deur middel van glanswoorde propageer.

2.2 HOE KIES EK MY MAKELAAR?

Natuurlik verwag jy

- om jou beleggingsdoelwitte te bereik
- om op die koop toe gemoedsrus te hê
- dat die makelaar oor die nodige kennis, kwalifikasies, hulpbronne (rekenaarstelsel, navorsingspan) moet beskik
- deursigtige advies
- redelike koste
- om deel te wees van die uiteindelijke beleggingsbesluit



- proaktiewe beleggingsbeplanning
- beleggingstrategieë gegrond op sowel jou risikoprofiel as jou verwagte opbrengs
- dat jōu belange gedien sal word
- volgehoue en toegewyde advies en naverkoopdiens vir die duur (leeftyd) van die belegging

WAT VERWAG JY VAN JOU MAKELAAR?

As jy van 'n makelaar se tyd in beslag neem en daarvoor betaal (iets wat heeltemal in orde is en voortspruit uit 'n goeie opvoeding) kan jy baie van die makelaar verwag. Sou jy slegs advies inwin, sal jy minder verwag as wanneer jy 'n belegging maak waarna bepaalde naverkoopdiens behoort te volg. As jy kwartaalliks 'n opsomming of verslag van die makelaar verwag, moet jy dit versoek en seker maak dat jy dit kry. Maak seker dat jy wel diens van die makelaar kry vir die fooi (vir slegs advies) of fooi en kommissie (as jy boonop geld belê).

As jy niks betaal nie, moet en is jy beslis nie daarop geregtig om veel te verwag nie. Net so moet jy nie veel tyd en advies verwag vir R20 of R50 nie. Tallense wil slegs een keer 'n geringe fooi betaal, waarna hulle verwag om vyf tot tien keer daarna nog steeds die makelaar se tyd en kennis te kan gebruik.

Onthou, die makelaar se tyd en geld is net soveel werd as jou tyd en jou geld. Moenie bloot die makelaar se tyd en kennis steel nie.

WAT VERWAG JOU MAKELAAR VAN JOU?

Natuurlik verwag makelaars om geld by jou te kry. Dit is die aard van so 'n beroep en daar is niks mee verkeerd nie, solank die geld verdien word.

MOENIE TOELAAT DAT 'N MAKELAAR SOMMER
JOU GELD VAT NIE – DIT MOET VERDIEN WORD

'n Makelaar verwag dat die belegger dit ernstig sal bedoel en nie net rondbeveeg om vinnig 10–15 kwotasies (beleggingsopsies) by verskillende makelaars te kry nie.

Wys ook dat jy dit ernstig bedoel sodra jy weet wat jy wil doen en veral nadat jy reeds op 'n bepaalde makelaar besluit het. So 'n makelaar verwag ook van jou as kliënt 'n bepaalde langtermynverhouding gebaseer op eerlikheid, openlikheid en goeie kommunikasie.

Lig jou makelaar in oor enige veranderinge in jou finansiële situasie sodat julle die invloed daarvan op jou finansiële planne kan bespreek. Hier dink mens veral aan veranderinge in jou inkomste, uitgawes, bates, laste, gesin- en familiesamestelling, en beoogde lewenstandaard ná aftrede. Laat jou makelaar toe om 'n integrale deel van jou lewe te word.

ONTHOU, MAKELAARS RAAK OOK GEFRUSTREERD OOR
BELEGGERS WAT DEURGAANS, HARDKOPPIG EN STRYDIG MET
GOEIE ADVIES, HULLE EIE KOP VOLG. IS DIT DIE MOEITE WERD
VIR DIE MAKELAAR OM JOU AS KLIËNT TE HÊ?

FOUTIEWE PERSEPSIES

Voordat enkele potensiële finansiële adviseurs kortliks in hierdie bespreking onder die loop geneem word, moet ons eers na 'n paar aannames kyk wat in die gemoed van die beleggerspubliek bestaan. Die man op straat voel dat alle 'polissmouse' net daarop uit is om vinnig en maklik geld uit hulle te maak sonder om die poliseienaar behoorlik in te lig of 'n naverkoopdiens te lewer. Die begrip 'finansiële adviseur' word deur sommige individue aan die begrip 'polissmous' gekoppel, deur ander aan 'makelaars' en deur ander aan 'aandelemakelaars'. Sommiges dink verkeerdelik dat regsadvies slegs kom by trou, skei, koop- en verkoopkontrakte. Net so dink ander dat belastingsake ter sprake kom by die opstel van finansiële jaarstate (die inkomstestaat en die balansstaat). Ander laat mense in die bedryf hard werk (baie advies verskaf en tyd verspil), waarna 'n polis by 'n familielid uitgeneem of 'n belegging by hom/haar gemaak word. Ongelukkig kry die individu nie altyd (eintlik selde of ooit) waarvoor daar betaal word nie – so, pasop!

Die keuse van 'n finansiële adviseur word verder bemoeilik deur teenstrydige finansiële advies, advertensies in die media, individue se houding teenoor risiko, hul eie finansiële posisie, asook die politieke en ekonomiese situasie in 'n land.

Die media asook enkele kenners in die land maak 'n mens veral bekommerd oor die langtermyngevolge van sekere beleggings. Volgens koerante en tydskrifte sal die individu omtrent elke week sy beleggings moet oproep en die meeste van sy persoonlike finansiële planne moet wysig. Die korttermynaard van dié advies hou die publiek aan die lees en aan die wonder. Sekere kenners het hul eie besighede gevestig en is byvoorbeeld oorhoops met effektrusters of aandele. Hulle praat, leef en eet dit en wil alle potensiële beleggings in dié rigting kanaliseer. Alle ander tipe beleggings is vir só 'n 'kenner' taboe en die publiek word grootliks mislei.

Potensiële beleggers behoort ingelig te word dat daar vir verskillende tipes beleggingsinstrumente plek is in 'n beleggingsportefeulje. Verskillende

behoefte oor verskillende termynne word deur verskillende tipes beleggings gedek. Só is behoeftes van individue byvoorbeeld toenemend (lewenskoste), afnemend (skuld wat gedolg word), konstant, permanent, tydelik of onvoorspelbaar. Dit is gevolglik net logies dat verskillende tipes beleggings deur die individu gemaak behoort te word. Verder is dit ook waar dat verreweg die meeste behoeftes en risiko's deur middel van versekeringsprodukte gedek kan word. Sou ons dus nie van 'polissmouse' hou nie, moet ons 'n manier vind (kriteria daarstel) om 'n onderskeid te maak tussen die goeies en die 'ander'.

Die doel van hierdie bespreking is juis om die beleggerspubliek te help met die keuse van 'n finansiële adviseur, veral as dit by die belegging van 'n pakket kom.

Die doel is nie om enige tipe makelaar of groep persone te na te kom nie. Net so word daar aanvaar dat daar binne enige tipe of groep 'n spesialis op die gebied van persoonlike finansiële bestuur kan wees.

TIPES MAKELAARS

Tradisioneel is makelaars hoofsaaklik in vier groepe ingedeel: versekerings-agente, bankmakelaars, onafhanklike makelaars, en aandelemakelaars.

Daar kan onderskei word tussen finansiële adviseurs binne (werknemers van 'n versekeringsmaatskappy) en buite (individue wat vir hulself of 'n finansiële instelling werk) 'n versekeringsmaatskappy.

Versekeringsprodukte word deur middel van die volgende groepe of vlakke werknemers namens 'n versekeringsmaatskappy bemark:

- verteenwoordigers
- versekeringsadviseurs
- senior versekeringsadviseurs
- finansiële adviseurs
- senior finansiële adviseurs

Die nuwe neiging in die mark is dat adviseurs gelisensieer word om sekere produkte te verkoop en markte te bedien. Die onus rus gevolglik op die verbruiker om vas te stel watter produkte wel deur 'n adviseur verkoop kan word. Jy bepaal dus self die mate van lisensiering en kwalifikasie van die adviseur.

Buite 'n versekeringsmaatskappy word die onafhanklike makelaar en die bankmakelaar aangetref. Hierdie makelaars kan op enige van die genoemde

vyf vlakke wees (wat binne voorkom) wat betref hul ervaring, kennis, opvoedings- en opleidingsvlak en gevolglik hulle vermoë om doeltreffende persoonlike finansiële advies te kan en wil verskaf.

Dit behoort reeds duidelik te wees dat die begrip 'makelaar' 'n baie wye en relatiewe begrip is.

Versekeringsmaatskappye se vyf groepe of klasse bemarkers of adviseurs

Die beste advies kan hier verskaf word deur 'n ILPA-genoot, met ander woorde 'n bemarker wat die professionele kwalifikasie van die Instituut vir Lewens- en Pensioenadviseurs verwerf het. Van die ±60000 bemarkers in Suid-Afrika beskik slegs ongeveer 1500 oor die ILPA-kwalifikasie. Twee eksamens word afgelê en die slaagpersentasie is baie laag. Ongeveer 17–30% van alle kandidate slaag die toelatingseksamen en hiervan slaag slegs 19% die finale eksamen. ILPA-genote doen besigheid volgens 'n streng etiese kode om in belang van kliënte op te tree. Die professionele kwalifikasie word onderskryf deur die Luyt Sentrum vir Versekeringsreg aan die UOVS. Genote mag 'n professionele fooi hef vir dienste of advies gelever en is derhalwe regsanspreeklik vir sodanige advies. Hierdie genote kan advies oor die breë spektrum van persoonlike finansiële beplanning verskaf en is by verre die beste keuse wanneer dit kom by die koop van versekeringsprodukte. Genote kan veral die langtermynimplikasies van beleggings aan beleggers verduidelik en behoort gevolglik beter advies te kan verskaf as 'n bankmakelaar en 'n onafhanklike makelaar sonder dié kwalifikasie of sommer net 'n familielid wat net drie maande in die bedryf is.

Daar is drie vlakke van lidmaatskap tot ILPA:

- assosiaat
- gewone lid
- genoot

Laat ons nie in die toekoms weer die 'polissmouse' in die versekeringsbedryf blameer as ons Jan Rap en sy maat gekies het om ons geld vir ons te belê nie!

Die bankmakelaar

Die bankmakelaar kan namens alle versekeringsmaatskappye optree, maar dit gebeur dikwels dat hy of sy deur die bankgroep waarvoor hy werk aangespoor

word om die groep se produkte aan te bied (bv Standard Bank en Liberty; Nedbank en Ou Mutual; en Absa en Sanlam).

'n Bankmakelaar beskik oor 'n wyer kennis van verskillende maatskappye se produkte en behoort dus 'n beter aanbeveling te kan maak as byvoorbeeld slegs 'n versekeringsverteenwoordiger. Maar dit lê voor die hand dat dit moeilik is om alle beskikbare produkte werklik goed te ken.

Die bankmakelaar se inkomste word gewoonlik net uit kommissie verdien, maar hy moet nog 'n deel daarvan aan die bank betaal. Net so gebeur dit dikwels dat die bankmakelaar verplaas word en hy/sy dus nie op die lang termyn naverkoopdiens kan verskaf nie. Die bankmakelaar wat in sy plek aangestel word, is veronderstel om die naverkoopdiens te verskaf, terwyl hy/sy nooit kommissie daarvoor ontvang het nie omdat iemand anders aanvanklik die polis verkoop het. (Dit gebeur ook by ander makelaars.)

Bankmakelaars het in die meeste gevalle slegs 'n basiese kennis en gaan na 'n bank omdat besigheid vir hul gegee word en hulle self niks hoef te genereer nie. Hierdie besigheid kry hulle by die bankbestuurder wat 'n persentasie kommissie vir só 'n verwysing vra. Gevolglik sal die produk wat die meeste kommissie lewer moontlik bemark word, net soos by ander makelaars.

Sulke makelaars stel dikwels voor dat uittree-annuïteite op 'n vervroegde uitkeerderdatum geneem word en vervang word met spaarplanne – tot nadeel van die kliënt. Net so stel hulle dikwels voor dat polisse afgekoop word om skuld te delg en nuwe polisse word dan bemark teen 'n hoër koste. Dikwels is kliënte onversekerbaar en lewensdekking byvoorbeeld onverkrygbaar of baie duur. 'n Testament word meestal ook sommer 'gratis' opgestel. Die instelling sal dan later duisende rande in die vorm van 'n eksekuteursfooï ontvang, omdat hulle ook as eksekuteur van die boedel optree.

Die onafhanklike makelaar

In sy eie onderneming het die makelaar toegang tot die finansiële mark in sy geheel en doen hy baie moeite om die regte produkte te kies en goeie diens vir klante te gee om die sukses van sy onderneming te verseker. Hy word ook nie deur 'n bepaalde instelling gedruk om net dié se produkte te verkoop nie, hoewel dit natuurlik kan gebeur dat produkte met hoër kommissie aanbeveel word.

Hierteenoor bied die onafhanklike makelaar ook advies oor boedel- en

belasting sake en kan hy help om 'n omvattende finansiële plan saam te stel. Hy verdien ook kommissie op die produkte wat hy verkoop, of konsultasiegeld as net advies gegee word.

Daar word aanbeveel dat 'n onafhanklike makelaar oor bewese ervaring/kennis of 'n ILPA-kwalifikasie moet beskik. Of 'n enkele individu oor alle kennis oor die breë spektrum kan beskik is egter te betwyfel, veral wanneer die onafhanklike makelaar alleen in besigheid is. Om oor die hele spektrum advies te kan gee benodig enige makelaar 'n navorsingspan – vandaar die begrip 'full service broker'.

Die aandelemakelaar

Die volgende stappe kan nuttig wees by die keuse van 'n aandelemakelaar:

- Reël vir 'n persoonlike ontmoeting met lede van die makelaarsfirma.
- Probeer om 'n paar makelaars beter te leer ken.
- Luister na wat ander beleggers van spesifieke makelaars te sê het.
- Vra jou bankbestuurder om 'n bekwame makelaar aan te beveel.
- Vind uit hoe lank 'n bepaalde makelaarsfirma reeds transaksies op die Beurs doen – 'n goeie rekord met voldoende jare ervaring is 'n pluspunt.
- Vind uit of hulle navorsingspan 'n kenner op elk van die volgende gebiede insluit: die ekonomie, belastingaspekte, die gebied van die rekenaar, statistiese ontleding en sielkundige aspekte (optrede van mense – vrees en heb-sug).
- Vind uit of die makelaar goeie kliënteverhoudinge handhaaf.
- Kyk of die makelaar ook in die klein belegger belangstel – nie net institusionele beleggers (pensioenfondse, versekeringsmaatskappye, ens) nie.
- Maak seker dat die makelaar die nodige beleggingsdienste wat jy verlang kan of wil bied.
- Vind uit of die makelaar eers 'n kontantdeposito vereis wat vir 'n paar jaar gehou word (tot tyd en wyl jy die kliënt beter ken – veral sy kredietwaardigheid).
- Raadpleeg 'n hele aantal vriende, beleggers en makelaars voordat jy op 'n bepaalde makelaar besluit.
- Die makelaar moet die makelaarseksamen(s) afgelê het.
- Die onderneming moet toegang tot groot buitelandse instansies en markte hê.
- Die onderneming moet oor 'n doeltreffende administratiewe afdeling beskik.

- Raadpleeg advertensies van makelaars ten einde vas te stel watter dienste hulle aanbied en in watter markte hulle spesialiseer.

Besluit verder oor die tipe rekening wat jy by 'n aandelemakelaar wil hê. Jy kan óf self jou aandeelportefeulje bestuur óf 'n makelaar die reg gee om dit namens jou te doen. Wanneer jy jou eie portefeulje bestuur, kan jy ingevolge 'n direkte ooreenkoms met die makelaar laasgenoemde instruksies gee om aandeel namens jou te koop of verkoop. Ingevolge 'n indirekte ooreenkoms kan 'n makelaar as tussenganger tussen jou en 'n bank optree.

Ingevolge 'n nie-diskresionêre ooreenkoms bestuur en administreer die makelaar jou portefeulje, maar jy behou die reg om te besluit watter aandeel gekoop en verkoop moet word. By 'n diskresionêre ooreenkoms bestuur die makelaar jou aandeel en neem self alle koop- en verkoopbesluite.

'n Prokureur

Natuurlik behoort jy 'n prokureur oor jou regsake te raadpleeg, insluitend jou testament en moontlike trusts. Jou prokureur met wie jy reeds lank sake doen en 'n betreklik goeie verhouding het, kan jou beslis goeie advies gee. Moet egter nie 'n prokureur noodwendig met 'n finansiële adviseur verwar nie, al kan hulle ook een en dieselfde wees.

'n Rekenmeester

Dieselfde argumente as by 'n prokureur geld hier. Vanweë hul kwalifikasie behoort rekenmeesters puik belastingadvies te kan verskaf, asook advies rondom die verskillende besigheidsvorme (eenmansaak, vennootskap, beslote korporasie, maatskappy, ens). Onthou egter dat rekenmeesters veral werk met rekeningkundige beginsels en nie met jou entrepreneurskap, finansiële doelwitte en uitdagings nie. Nogtans kan sowel 'n prokureur as 'n rekenmeester wat jou kriteria vir die keuse van 'n makelaar slaag (word later bespreek), gebruik word om jou pakket te belê.

Pensioenfonds-, voorsorgfonds- of personeelbeampte

Een van die grootste onetiese siektes van ons tyd is die verskynsel dat sodanige persone kommissie verdien deur as tussengangers tussen makelaars en beleg-

gers op te tree. Natuurlik weet die onskuldige belegger nie daarvan nie. Ek het reeds etlike honderde klagtes en navrae in dié verband ontvang. Sodra diegene (beleggers) wat 'n pakket ontvang hulle inligting en syfers omtrent hul aftreevoordele van dié beamptes ontvang, gebeur onder meer die volgende:

- 'n Visitekaartjie van die beampte se eie makelaar (waarmee die kommissie vir elke pakketbelegging gedeel word) word in die potensiele belegger se hand gestop.
- Die beampte prys die makelaar.
- Alle ander makelaars en hul produkte word beledig.
- Praktiese gevalle met fiktiewe syfers word kamtig aangehaal om beleggings by ander makelaars te ontmoedig.
- Die beampte laat sy makelaar klink na die einde van die potensiele belegger se finansiële probleme rakende die belegging van die pakket.

'n Mens kan maar net dink wat 'n kommissie so 'n beampte moet ontvang. Met ander woorde, elke jaar as pakkette gegee word, ontvang die beampte ook 'n pakket van sy/haar eie makelaar vir verwysings wat tot beleggings gelei het.

Natuurlik oortree slegs enkele beamptes soos genoem. Wees egter op jou hoede vir 'n beampte met 'n visitekaartjie. Al gebruik jy die kaartjie, volg weereens en steeds die keuse-kriteria wat later bespreek word. Natuurlik beteken die visitekaartjie ook nie noodwendig toekomstige kommissie nie, want miskien word dit goed bedoel of ken jy geen makelaar nie – sorg maar net dat jy die kriteria volg.

'n Beleggingsbestuurdosent (geld ook vir 'n aandelemakelaar)

Sou 'n mens die vak Persoonlike Finansiële Bestuur in die sowat 30 verskillende vakke opdeel waaruit dit bestaan, dan sou aandeel hoogstens een van die 30 vakke uitmaak. Dink nou vir jouself wat slegs 'n blote kennis van aandeel nou vir al jou finansiële behoeftes (anders as aandeel) kan beteken. Natuurlik sal daar altyd ook diegene wees wat sowel kennis van aandeel as ander vakke op die gebied van persoonlike geldsake hê. Aandeel speel wel 'n groot rol tydens beleggings in finansiële bates as deel van beleggingsbeplanning. Beleggingsbeplanning vorm weer een van die talle beplanningsareas in die wye veld van persoonlike finansiële bestuur (Vir meer inligting raadpleeg: NJ Swart 1996, *Personal Financial Management*, Kaapstad: Juta.)

Onthou, aandele is tans 'n glanswoord ('buzz word') in Suid-Afrika. Jy het dit nie noodwendig nodig nie. Vir kapitaalgroei en indien daar reeds in al jou ander finansiële behoeftes voorsien is, behoort jy egter (gegewe jou ouderdom) direk daarin te belê.

Joernaliste

Baie min joernaliste het opleiding in die beroep waaroor hulle weekliks/daaglik 'n mening gee. 'n Joernalis rapporteer hoofsaaklik oor iets wat gebeur het en plaas dit nie altyd in die 'prentjie' wat vir jou verstaanbaar is of by jou spesifieke behoeftes pas nie. Nogtans bied hulle 'n waardevolle diens om inligting uit die bedryf aan ons te verskaf.

Trustmaatskappye

Vir diegene met groter boedels wat hul pakket moet belê te midde van omvattende boedelbeplanning kan 'n besoek aan 'n trustmaatskappy net die antwoord wees. Waar trusts en maatskappye (ens) byvoorbeeld opgerig moet word en by 'n testament moet inskakel, kan 'n trustmaatskappy geraadpleeg word.

Onthou, bogenoemde kenmerke, optredes en opmerkings is slegs riglyne om te onthou en geensins 'n veralgemening wat betrekking het op alle persone in 'n groep makelaars nie.

JOU BELEGGINGSVERHOUDING MET JOU MAKELAAR

Uiteindelik gaan jy 'n bepaalde verhouding met jou makelaar hê wat hopelik oor baie jare gaan strek. Hierdie langtermynverhouding wat gebaseer is op die belegging van jou pakket is ook nie perdekoop nie. Kies dus 'n makelaar met wie jy só 'n finansiële verhouding sal wil hê.

'N TRANSAKSIE HET 'N VERGOEDINGSDOELWIT
'N VERHOUDING HET 'N LANGTERMYNDOELWIT

SAL DIE MAKELAAR JUL BELEGGINGSVERHOUDING GOED BESTUUR?

Met ander woorde, kan jy die makelaar oor die lang termyn vertrou met jou finansiële behoeftes, doelwitte, tyd en geld? Daar moet volgehou word met

toepaslike beleggings en nie slegs met goeie beleggings nie. Die bestuursproses behels onder meer die volgende:

- volgehoue begrip en respek vir jou finansiële situasie
- die verskaffing van deurlopende finansiële advies wat in lyn is met jou finansiële doelwitte
- deurlopende opvolging en kontrole van jou beleggingsportefeulje
- volgehoue kommunikasie (telefonies en skriftelik)
- die onmiddellike rapportering van geleenthede en bedreigings rondom jou belegging(s)
- die bestuur van ander aspekte as slegs jou rekening
- begrip omtrent jou risikoprofiel, tydshorison van beleggings en verwagte opbrengs(beleggingsprestasie)

KRITERIA VIR DIE EVALUERING VAN MAKELAARS

Die kriteria vir die kies van 'n makelaar kan hoofsaaklik in drie groepe verdeel word:

- akademiese, professionele en opleidingskwalifikasies
- die spesifieke onderneming
- die persoon (makelaar) wat voor jou sit

Akadiese, professionele en opleidingskwalifikasies

Teoreties moet jy kyk na publikasies (positief/negatief) omtrent die makelaar asook deur die makelaar. Is daar sprake van mediabetrokkenheid en geniet die persoon om die een of ander rede openbare aansien? Vra die makelaar om sy/haar CV (curriculum vitae) op die gebied van persoonlike geldsake. Volg persoonlike verwysings deur die makelaar asook bestaande en potensiële kliënte op. Kyk na die redes wat tevrede sowel as ontevrede kliënte verskaf. Beskik die makelaar oënskynlik oor voldoende kennis en/of toepaslike professionele kwalifikasies? Presteer die makelaar en kan prestasies bewys word (bv toekennings)?

Die spesifieke onderneming

Stel ondersoek in na die makelaar se onderneming (hetsy as werknemer of werkgever). Hoe lyk die geskiedenis daarvan (positief/negatief)? Is die media tevrede daarmee? Onthou egter dat 'media-makelaars' noodwendig ander

ondernemings in 'n swak lig sal wil stel vanweë die finansiële voordeel wat dit vir hulle inhou. Beskik die onderneming oor ander makelaars sowel as 'n bekwame navorsingspan?

Die persoon (makelaar) wat voor jou sit

Hier moet jy kyk na hoe die onderhandeling met die makelaar vlot. Vind jy aan-
klank by dit wat die makelaar sê? Stel die makelaar belang in 'n langtermyn-
verhouding of klink dit slegs na vinnige kommissie? Probeer om die mate van
integriteit te bepaal. Pasop vir 'n 'give me all your money'-houding. Het die
makelaar empatie met jou finansiële probleem en/of behoefte? Stap dadelik
weg van 'n makelaar wat dadelik alle ander makelaars asook hul beleg-
gingsvoorstelle kritiseer. Onthou, jou beleggingsdoelwitte kan op verskillende
wyses bereik word. Wees gewaarsku teen 'n makelaar (enige een) wat summier
al jou polisse wil oproep om dié geld bo en behalwe jou pakket vir jou te belê
(of word dit vir die makelaar belê?). Dieselfde geld vir 'n makelaar wat slegs
glo in buitelandse beleggings of slegs in aandele. Is dié persoon 'n sukkelaar?
Watter tipe kliënte word gewoonlik bedien? Is die finansiële of beleg-
gingsvoorstelle duidelik genoeg dat jy dit verstaan? Talle is onduidelik en
hoogs onverstaanbaar. Pasop vir 'n makelaar wat slegs in opbrengs glo en nie
kyk dat die finansiële produk by jou beleggingsbehoefte(s) en -doelwitte pas
nie. Watter naverkoopdiens word verskaf? Het die makelaar 'n opvolger of kan
julle langtermynverhouding sommer skielik beeindig word?

EK WIL GELD BELÊ, WAAR BEGIN EK?

STAP 1: Maak tyd om adviseurs/makelaars te evalueer.

STAP 2: Kies een of meer.

STAP 3: Kry beleggingsvoorstelle.

STAP 4: Vergelyk die voorstelle.

STAP 5: Aanvaar een of meer as jy tevrede voel.

STAP 6: Voel jy bekommerd of onseker oor die voorstelle?

STAP 7: Gee dan die voorstelle vir 'n onafhanklike finansiële kenner/finansiële
spesialis (let wel, nie 'n onafhanklike makelaar nie – jy kom nou net van een of
meer af).

Onthou, verduidelik weereens jou persoonlike finansiële situasie aan die ander



makelaars (finansiële dokters). Betaal ook die spesialis vir die finansiële advies.

Die keuse van 'n adviseur(s) of makelaar(s) sal altyd jou as persoon se eie keuse bly, maar is 'n keuse met verreikende finansiële implikasies vir jou toekoms. 'n Verkeerde beleggingsbesluit kan 'n mens oor 'n tydperk van 30 of 40 jaar miljoene rande kos. Net so kan 'n laer bedrag aan kommissie oor dieselfde tydperk jou derduisende rande spaar. Sulke opbrengste of besparings kan op

die ou end maklik net soveel bydra as 'n bykomende uitkeerpolis.

Die regte of verkeerde adviseur(s) of makelaar(s) kan jou lewe en finansiële toekoms vir altyd positief of negatief beïnvloed.

KIES 'N MAKELAAR WAT 'N LANGTERMYNOPLOSSING VIR JOU FINANSIËLE BEHOEFTES EN DOELWITTE BIED

'n Makelaar behoort 'n finansiële dokter te wees. Net soos mense met gesondheidsprobleme 'n dokter raadpleeg, net so raadpleeg mense met finansiële probleme (hetsy vir 'n testament, belegging, 'n lening, belasting, ens) die een of ander finansiële adviseur. Vir doeleindes van hierdie bespreking word die term makelaar vir een of meer van die volgende klasse persone gebruik, afhangende van die doel van die advies:

- prokureur
- bankamptenaar (bestuurder, adviseur)
- beleggingsadviseur
- rekenmeester
- versekeringsmakelaar (vanaf verteenwoordiger tot senior finansiële adviseur)
- beampte van trustmaatskappy
- aandelemakelaar

- korttermynversekeraar
- eiendomsagent
- onafhanklike makelaar
- portefeuljebestuurder
- aktuaris
- fondsbestuurder (plaaslik en internasionaal)

Nie elke persoon wat die een of ander vorm van inligting (advies) aan jou verskaf moet as 'n makelaar beskou word nie – dink hier veral aan jou werkgewer se personeelbeampte en pensioen-/voorsorgfondsbestuurder wat 'slegs' syfers omtrent aftreevoordele deurgee as dit kom by jou pakket.

2.3 KAN EK MY EIE MAKELAAR WEES?

Baie mense wil graag self alle besluite rondom hulle persoonlike geldsake neem en self hulle pakket(te) belê. Kom ons kyk of jy dit self kan doen. Voltooi sommer self die volgende tabel deur 'n sirkel om die puntetoekenning te trek (met 'n potlood) vir elke kriterium aan die linkerkant.


KRITERIUM A	PUNT			
	Laag	Medium	Hoog	
Kennis (beleggings)	1	2 3 4	5	
Opleiding	1	2 3 4	5	
Ervaring	1	2 3 4	5	
Tyd (inligting, navorsing)	1	2 3 4	5	
Bestuursvermoë	1	2 3 4	5	

Tel nou jou punte bymekaar:

- **20–25:** Jy sal beslis jou eie geldsake kan hanteer.
- **15–19:** Jy kan die meeste van die besluite neem maar het wel die hulp van 'n adviseur(s)/makelaar(s) nodig.
- **1–14:** Jy kan geensins jou eie finansiële besluite neem nie en benodig 'n adviseur(s)/makelaar(s).

Bogenoemde is slegs breë riglyne om jou te laat dink oor die mate waartoe jy hulp in die vorm van finansiële advies benodig.

Of 'n mens nou besluit om self makelaar te speel al dan nie, dit is baie belang-



rik om soveel moontlik van die volgende bronne van finansiële inligting te raadpleeg:

- wetenskaplike boeke oor persoonlike geldsake
- akademiese boeke oor persoonlike finansiële bestuur (dit dek die totale veld van persoonlike geldsake oftewel persoonlike finansiële beplanning, en is die enigste boeke wat struktuur aan persoonlike finansiële beplanning verskaf wat nie elke jaar verander moet word nie, omdat dit suiwer finansiële beginsels oordra wat oor die jare

getoets is en nie poog om jaarliks bepaalde produkte aan lesers te verkoop nie)

- finansiële artikels in tydskrifte en koerante (maak seker dat jy die inhoud in perspektief kan plaas en moenie elke week besluit om jou belegging(s) te wysig nie)
- makelaars
- banke
- versekeringsmaatskappye
- die Internet
- verskaffers van elektroniese finansiële inligting (Reuters, Intelligent Network, Dow Jones Telerate Southern Africa, McGregor Information Services)
- Suid-Afrikaanse Reserwebank
- Statistieke Suid-Afrika
- Internasionale Monetêre Fonds
- Buro vir Ekonomiese Navorsing by die Universiteit van Stellenbosch
- Buro vir Finansiële Analise by die Universiteit van Pretoria
- Buro vir Marknavorsing by die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa)

2.4 WAT KOS DIT OM 'N PAKKET TE BELÊ?

Die begrip kommissie is aan almal van ons bekend omdat ons reeds op die een of ander stadium 'n polis uitgeneem het (of agentekommissie betaal het).

Makelaars vra tradisioneel óf net kommissie óf 'n fooi of beide. Vanweë die bestuur wat met die belegging oor die lang termyn gepaard gaan, word daar ook 'n bestuursfooi gehef.

- Wanneer 'n belegging in 'n enkele finansiële produk (bv 'n uitkeerpolis, 'n uittree-annuïteit, 'n enkelbedrag-uitkeerpolis, 'n vrywillige annuïteit) gemaak word, beloop die koste van die belegging gemiddeld 1,75% van die beleggingsbedrag.
- Indien 'n belegging by 'n aandelemakelaar gemaak word, kan die makelaarskoste verskil afhange van die toekomstige dienslewering wat daarmee gepaard gaan. Nogtans is die volgende koste-items betrokke by die koop/verkoop van aandele:

Koop: X aantal aandele @ x sent elk

plus: makelaarskoste @ 1,5% van beleggingsbedrag

plus: bemarkbaresekuriteite-belasting (MST) @ 0,5%

Verkoop: slegs makelaarskoste (geen bemarkbaresekuriteite-belasting (MST) nie)

- By effeketrusts is die beleggingskoste soos volg:
 - *Aanvanklike fooi*: Aanvanklike gelde van tot 0,25% op fondse sal deur die effeketrust-bestuursmaatskappy gevorder word. Verpligte gelde van MST (bemarkbaresekuriteite-belasting) teen 0,25%, makelaarsfooi en BTW teen 14% sal ook in die pryse van effeketrusts ingesluit word.
 - *Jaarlikse bestuursfooi*: 'n Jaarlikse bestuursfooi, soos deur die trustakte bepaal, sal verhaal word. Dit sal van inkomste afgetrek word voor dit verklaar en uitgekeer word. Die koste is dus onderhandelbaar.

Wees gewaarsku: Dit kan duur wees om 'n bepaalde effeketrust-belegging na 'n ander fonds oor te skakel. Die tydsberekening is hier van groot belang, omdat verliese mag voorkom. Die omskakeling behels eerstens die verkoop van die eenhede in die ou fonds en tweedens die koop van eenhede in 'n nuwe fonds. Die nuwe koste sal tussen nul en een persent beloop indien die omskakeling by dieselfde makelaar geskied. Die werklike koste sal bepaal word deur die verskil in markwaarde van die aanvanklike belegging (koop) en die uiteindelijke markwaarde tydens die verkoop.

Die koste van 'n belegging in 'n effektrustgekoopde produk bestaan uit die volgende koste-elemente:

- aanvanklike koste (administrasiekoste – 5% tot 7%): Dit sluit in jaarlikse bestuursfooie (1% vir effektrustmaatskappy plus 0,5% tot 1% bestuursfooie vir gekoppeldeproduk-maatskappy plus BTW)
- natuurlik sal die totale koste afhang van die bedrag wat belê word, die produk waaraan die effektrust gekoppel word en makelaarskommissie
- makelaarsfooie (behalwe aanvanklike fooie wat reeds ingesluit is by die koste, ontvang makelaars 'n verdere 0,5% per jaar)
- statutêre of verpligte koste (0,75%–0,25% bemarkbaresekuriteite-belasting (MST) plus 'n 0,5% makelaarsfooie)

Waar daar in vaste eiendom belê word, is die aanvanklike koste veral dié rondom hereregte, oordragskoste, tussentydse rente, okkupasiehuur, die leegstaan van die eiendom en agentekommissie.

Die koste van 'n pakketbelegging in 'n pakketproduk ('n beleggingsproduk waarin jy basies alle tipe finansiële produkte aantref en waarby jy voortdurend tussen produkte kan oorskakel teen basies geen koste nie) lyk onder meer soos volg:

5% van die beleggingsbedrag (bestaande uit 2,5% kommissie en 2,5% administrasiekoste). Hierdie kommissie is onderhandelbaar – onthou dit! Hierdie 5% sluit nie die bestuursfooie in nie.

Gestel jy belê R500 000 in so 'n pakket-produk, dan kan die koste (April 1999) soos volg daar uitsien:

AANVANKLIKE FOOIE

ENKELBELEGGING (R500 000)

	Bedrag (%) BTW uitgesluit	Bedrag (%) BTW ingesluit
Finansiële adviseur	R12 500 (2,50%)	R14 250 (2,85%)
Administrasie	R 5 500 (1,10%)	R 6 270 (1,25%)
TOTAAL	R18 000 (3,60%)	R20 520 (4,10%)

HERHALENDE BELEGGING (bv maandeliks)

Finansiële adviseur			(%) BTW uitgesluit 0,00%	(%) BTW ingesluit 0,00%
	Van	Tot	(%) BTW uitgesluit	(%) BTW ingesluit
Administrasie	R0,00 R2 500	R2 500 Plus	2,50% 1,50%	2,85% 1,71%

JAARLIKSE FOOIE

	% pj maandeliks betaalbaar (BTW uitgesluit)	% pj maandeliks betaalbaar (BTW ingesluit)
Finansiële adviseur: diensfooi	0,50%	0,57%

			% pj maandeliks betaalbaar (BTW uitgesluit)	% pj maandeliks betaalbaar (BTW ingesluit)
Administrasie	R0,00	R2 500 000	0,50%	0,57%
Diensfooi	R2 500 000	R5 000 000	0,40%	0,46%
	R5 000 000	Plus	0,30%	0,34%

NOTA: Jaarlikse fooie sal verhaal word as 'n persentasie van die beleggingsfondse.

Dit behoort duidelik uit die volgende tabelle te blyk dat die koste van jou belegging afneem namate die beleggingsbedrag toeneem.

Aanvanklike fooi op enkelbelegging	Koers (BTW uitgesluit)
Op die eerste R100 000	1,75%
Op die volgende R100 000	1,25%
Op die volgende R100 000	1,00%
Op die volgende R200 000	0,75%
Op die volgende R500 000	0,50%
Op die volgende R4 miljoen	0,25%
R5 000 000 en meer	0,00%

Aanvanklike fooi op herhalende belegging	Koers (BTW uitgesluit)
R0 – R2 500	2,50%
R2 500 en meer	1,50%

Jaarlikse administrasiediens- fooi	Koers (BTW uitgesluit)
R0 – R2 500 000	0,50%
R2 500 000 – R5 000 000	0,40%
R5 000 000 en meer	0,30%

- *Aanvanklike finansiële adviseursfooi:* Onderhandelbaar tussen 0% en 5%.
- *Jaarlikse administrasiediensfooi van finansiële adviseur:* Onderhandelbaar tussen 0% en 1%.
- *Jaarlikse administrasiediensfooi:* Sal maandeliks volgens die glyskaal van die belegger se plan verhaal word.

OORSKAKELINGSFOOIE

- Binne dieselfde bestuursmaatskappy: Geen fooie, behalwe verpligte koste, word op oorskakelings tussen beleggingsfondse gehef wat deur dieselfde bestuursmaatskappy bestuur word nie.
- Tussen verskillende bestuursmaatskappye: Verpligte koste en 'n heffing van 0,25% op oorskakelings tussen fondse wat deur verskillende bestuursmaatskappye bestuur word.

BELEGGINGSBESONDERHEDE

Kleinste beleggingsbedrae:

- Enkelbelegging R25 000
- Herhalende belegging R500 per betaling
- Ad hoc-belegging van R5 000

Effektetrustkeuse: 'n Maksimum van tien fondse mag gekies word.

Pasop dat jy nie deur 'n makelaar gevra word om nou 'n bedrag te betaal vir diens wat oor die volgende tien jaar (hopelik of glad nie) gelewer gaan word nie!

3 MY FINANSIËLE RISIKO'S, BEHOEFTE EN DOELWITTE

3.1 WAT IS MY RISIKO'S?

Jou pakket moet belê word sonder om die bestaande risiko's wat elke huishouding bedreig, te vergeet. Daar moet gevolglik steeds voorsiening gemaak word vir sodanige huishoudelike en individuele risiko's. Hou bestaande voorsienings in stand en maak, indien finansiëel moontlik, seker dat voorsiening getref word vir alle risiko's. Daar is onder meer die volgende risiko's (en moontlike voorsiening):

- verlies aan inkomste as gevolg van
 - dood ('n lewenspolis, groepversekering)
 - siekte (mediese versekering)
 - ongeskiktheid (ongeskiktheidsversekering)
- verlies aan eiendom
 - dood/brand (huis self, huisverband – korttermynversekering, lewenspolis)
 - motor (korttermynversekering)
 - huisinhoud (korttermynversekering)
- persoonlike aanspreeklikheid as gevolg van
 - huiseienaarskap (steek jou buurman se oog uit met jou visstok – korttermynversekering)
 - motoreienaarskap (beseer 'n voetganger met jou motor – korttermynversekering)

- wanpraktyke (skuldig aan iets wat as 'n wanpraktyk deur die wet beskou word – versekering wat regaanspreeklikheid dek)
- besigheidsrisiko's (besigheidsversekering word onder afdeling 4.3 bespreek)
- boedelbelasting (lewenspolis of trust met skenkings en lenings – sien afdeling 6.3)
- boedeladministrasiekoste (enige belegging)
- aftrede (langtermynbeleggings met kapitaalgroei)
- boedelbeplanning (sien afdeling 6.3)
- te veel skuld vanweë begeertes (gebruik skuld vir behoeftes en om bates met kapitaalgroei te bekom)
- inflasie (beleggings met kapitaalgroei; pas ook polisse aan vir inflasie)
- inkomstebelasting (pas belastingvermyding toe indien moontlik)
- voortdurend veranderende wetgewing (wees ingelig en raadpleeg 'n make-laar wat op hoogte van sake is)
- rentekoersrisiko (rentekoerse kan daal terwyl jy van 'n rente-inkomste af-hanklik is vir jou voortbestaan – belê bv vir 'n tweejaar- vaste termyn)
- markrisiko (buitelandse markte kan verander en plaaslike aandeel- en effek-tetrustpryse laat daal)
- besigheidsrisiko (die bedryf waarin jy belê het is bv baie gevoelig vir 'n resessie)
- finansiële risiko (jy finansier bv jou besigheid met 95% skuld – jou rentekoste is hoog en gevolglik is jou paaient baie hoog)
- valutarisiko (beleggers wat internasionaal belê is hieraan blootgestel asook persone wat in- of uitvoer)
- landrisiko (bv beleggings in polities onstabiele lande)
- gesondheidsrisiko (doen gesondheidsbeplanning as voorvereiste vir aftrede-beplanning)

SELFVERSEKERING IS GEVAARLIK

Die maandelikse premies van korttermynversekering word reeds as deel van die huishoudelike begroting beskou. Dit beteken hoegenaamd nie dat die algemene publiek die betaling daarvan gelate moet aanvaar nie – of doen ons dit? Dit is ontstellend om te sien hoe premies jaarliks verhoog word, of daar geeis word of nie.

Verder is dit onaanvaarbaar dat individue boonop jaarliks die dekking wat hulle ingevolge korttermynversekering het, moet verhoog. Doen hulle dit nie,

is hulle ondervarseker, en sal hulle in die geval van 'n eis slegs op 'n gedeelte van die eis geregtig wees. Laasgenoemde word die awery-beginsel genoem. Net so word individue (polishouers) se maandelikse premies verhoog sodra hulle 'n eis instel.

ONS HET NET KOSTE

Voordat 'n motor verseker kan word, moet die enjinnommer (byvoorbeeld) eers op al die ruite aangebring word, en 'n alarm en/of ratslot geïnstalleer word. 'n Huis moet van diefstaling, 'n hond of twee, 'n alarmstelsel gekoppel aan 'n reaksie-eenheid, veiligheidshekke en omheinings voorsien word.

Al dié voorskrifte kos die publiek baie geld voordat 'n aansoek om korttermynversekering, en later 'n moontlike eis vir skade, suksesvol ingedien kan word. Waarom so baie aan korttermynversekering bestee terwyl daar geen opbrengs daarop verkry word nie? Dié geld kan tog eerder in effektetrusts belê word of in 'n spaarrekening bly?

Sulke vrae word deesdae deur talle individue geopper in die hoop dat iemand hulle sal kan help.

Talle individue het korttermynversekering met 'n maandelikse premie van R300 of meer. Dié versekering dek die individu teen die nadelige gevolge van risiko's soos 'n brand, diefstal of 'n motorongeluk.

WAT IS 'N NOODFONDS?

'n Noodfonds behels die belegging van geld in 'n fonds sodat die geakkumuleerde bedrag beskikbaar sal wees in geval van 'n risiko-situasie. Die eienaar van die noodfonds moet op 'n gedissiplineerde wyse elke maand 'n premie in die fonds plaas. Hy of sy het die volle beheer oor die aanwending van die fonds. Die doel van dié fonds is om self voorsiening vir toekomstige skade te tref.

Aannames vir 'n suksesvolle noodfonds:

- 'n Finansiële ramp soos motordiefstal, 'n motorongeluk of die afbrand van 'n gebou sal my nooit tref nie.
- As so 'n ramp wel plaasvind, sal die fonds groot genoeg wees om die skade daaraan verbonde te delg.
- Daar sal nie meer as een ramp kort na mekaar plaasvind nie.
- Geen ramp sal byvoorbeeld binne die eerste tien jaar plaasvind nie, en die fonds sal tyd kry om te groei (vanweë die beginsel van saamgestelde rente).

- Baie klein eise word self betaal sonder om aan die geld in die fonds te raak.

WAAROM 'N NOODFONDS SKEP?

Weens verskeie redes wil individue hul huis, meubels (huisinhoud) en motor self verseker deur die skepping van 'n noodfonds:

- Geen opbrengs word op die versekeringspremie verkry nie.
- Geld word weggegooi.
- Ekonomiese druk.
- 'n Huishoudelike begroting wat nie klop nie.
- 'n Oortrokke bankrekening.
- Te hoë premies.
- Individue eis nooit.
- Sodra geëis word, styg die premie.
- Werkloosheid.
- Die premie dek alle meubels (elke bed en kas) terwyl diene slegs die TV, video-opnemer, ander tegniese toerusting, wapens en juweliersware steel.
- Premies styg met 15% per jaar.

SOORTE NOODFONDSE

- Individue kan eerstens al hul korttermynversekering staak en die premies in 'n noodfonds (spaarrekening) plaas.
- Tweedens kan gedeeltelike selfversekering plaasvind waar byvoorbeeld brandversekering vir die woonhuis en/of beperkte motorversekering aan die korttermynversekeraar oorgelaat word. In die geval van beperkte motorversekering beteken dit dat daar slegs versekering uitgeneem word vir skade aan iemand anders se motor.
- Derdens is dit moontlik om saam met vriende of familie 'n gemeenskaplike fonds te stig. Gesamentlike premies verhoog die bedrag in die fonds jaarliks tesame met die beginsel van saamgestelde rente. Daar moet egter skriftelik ooreengekom word oor die spesifieke voorwaardes van uitbetaling van eise. Dit is raadsaam om hier die hulp van 'n prokureur in te roep.

NADELE VAN 'N NOODFONDS

Die nadele van 'n noodfonds is talryk:

- Belasting moet op rente betaal word.
- Inflasie verminder die waarde van die noodfonds (afhangende van die tipe belegging).
- Die nabelaste rente in die noodfonds is te min om die noodfonds vinnig genoeg te laat groei.
- As 'n brand die woonhuis binne die eerste jaar verwoes, kan die individu gesekwestreer word met selfs nog 'n verband om te betaal.
- Dit neem byna 'n dekade van spaar om selfs net die gemiddelde huishouding se meubels te vervang.
- 'n Individue kan 'n weeldemotor stamp, waarna hy al sy besittings kan verloor.
- Twee of drie ongelukke (risikosituasies) kan in dieselfde jaar voorkom.
- Dit neem 'n leeftyd van spaar om 'n afgebrande huis te vervang (sou dit gepaard gaan met verskeie motorongelukke en diefstalle, sal die individue baie arm sterf en niks vir erfename agterlaat nie).
- Besittings wat oor dertig of veertig jaar bymekaargemaak is, kan enige oomblik verloor word.
- Dit veroorsaak stres en 'n huishouding kan geensins met gemoedsrus gaan vakansie hou nie.
- Die risiko van so 'n noodfonds is hoër as die riskantste aandeel.
- Geen noodfonds kan byvoorbeeld vir diefstal naby plakkerkampe vergoed nie, wat nog van 'n huisbrand of 'n motorongeluk wat daarmee saam gaan.
- Die maandelikse inbetalings in die noodfonds moet jaarliks met die inflasiekoers verhoog word.
- Die noodfonds moet in enige stadium (selfs na een dag) groot genoeg wees om die verlies van die individue se huis, sy meubels en sy motor te kan dek.
- Politieke onrus is vandag 'n groter realiteit as ooit tevore en het al groot skade aan individuele eiendom veroorsaak.
- Vriende of familie kan sterf wat menslike verhoudings rondom die geld in die noodfonds kan bedreig.
- Dit is moontlik dat lede van 'n noodfonds gesekwestreer kan word.
- Individue kan skei met die gevolg dat een van die egliede kan eis om geld uit die noodfonds te onttrek. Net so kan die ander eglied weier om verder betalings aan die fonds te maak omdat hy of sy nie verder die ander eglied se bates wil verseker nie.
- Waar individue ook sake-eiendom het om te verseker is dit nog meer riskant

vanweë die groter waarskynlikheid van byvoorbeeld die afbrand van sulke geboue.

- Om self te verseker is net so riskant as om die premies van jou mediese fonds self of saam met 'n paar vriende of familieleden in 'n noodfonds vir mediese uitgawes te belê.

SAMEVATTING

Die skepping van 'n noodfonds is hopeloos te riskant. Om al jou besittings te waag ten einde premies te bespaar is swak en gevaarlike persoonlike finansiële bestuur. Selfversekering deur middel van 'n noodfonds mag nooit plaasvind nie.

3.2 WAT IS MY FINANSIËLE BEHOEFTE?

Uit die vorige bespreking kan daar reeds finansiële behoeftes as gevolg van bepaalde risiko's bepaal word. Nadat bepaal is hoe groot 'n bepaalde risiko is, moet daar bepaal word hoe dikwels die risiko kan voorkom. Namate risiko's toe- en afneem, neem die finansiële behoeftes ook toe en af. Verder word finansiële behoeftes bepaal deur jou toekomstige doelwitte, soos ons in die volgende afdeling (3.3) sal sien.

Daar is verskillende tipes finansiële behoeftes, elk met eie kenmerke. Hierdie kenmerke bepaal grootliks die tipe finansiële produk (oftewel belegging) wat aangeskaf moet word (waarin belê moet word) ten einde die spesifieke behoefte te bevredig. Dit is ook moontlik om 'n kombinasie van finansiële behoeftes met 'n enkele produk te bevredig.

Finansiële behoeftes bestaan hoofsaaklik uit inkomste- en kapitaalbehoefte. Inkomstebehoefte ontstaan/bestaan tydens jou lewe asook in gevalle van werkloosheid, ongeskiktheid en siekte. Kapitaalbehoefte ontstaan/bestaan meestal na jou dood in die vorm van verbandskuld, boedelbelasting en boedeladministrasie. Behoeftes sluit onder meer die volgende tipes in:

- tydelik (drie maande, twee jaar)
- permanent (boedelbelasting)
- toekomstig (skuld na jou dood)
- toenemend (aftredevoorsiening moet inflasie klop)
- afnemend (huisverband wat afneem)
- konstant (kos, klere)



Let veral op finansiële behoeftes wat tydens dood, ongeskiktheid en aftrede kan bestaan. Kyk veral hoe die voorsiening(s) vir behoeftes gekombineer kan word – die makelaar kan hier help. Onthou dat u kennis van u eie finansiële situasie die makelaar sal help om u te help.

3.3 MY PERSOONLIKE FINANSIËLE DOELWITTE

STAP 1

Voordat doelwitte bepaal kan word, met ander woorde waar jy wil heengaan (punt B), moet jy eers presies weet waar jy is (punt A – oftewel jou finansiële

situasie). 'n Voorvereiste vir enige belegging (veral jou pakket) is kennis omtrent onder meer die volgende:


- gesinsbesonderhede soos name
- ouderdomme
- huwelikstaat
- huweliksgoederebedeling
- finansiële state
- vaste bates
- roerende bates
- kontant
- ander beleggings soos polisse (kry 'n opsomming by alle instellings waar jy polisse het)
- dood- en ongeskiktheidsvoordele
- pensioenvoordele
- groepvoordele
- verwagte erfporsies
- huidige en potensiële bronne van inkomste

Maak seker dat jy kennis dra van jou risikoprofiel (die hoeveelheid risiko wat jy bereid is om te aanvaar en vir watter opbrengs op watter tipe belegging). Jou politieke en ekonomiese siening van die land is ook belangrik.

In hoofstuk 5 word beleggingstrategieë op verskillende ouderdomme oor die lewensiklus van die mens bespreek. Soos jy sal sien, belê jonger persone meer riskant en ouer persone al hoe minder riskant.

Min risiko (belê nie-riskant)		
Ouderdom	60 plus	Gemiddelde risiko
	50-60	
	40-50	
	30-40	
	20-30	
Baie risiko (belê baie riskant)		

Net soos ons beleggingsprodukte as riskant en nie-riskant kan groepeer, net so behoort ons ook binne 'n bepaalde produk ons risiko te versprei. Kom ons neem effeketrusts as voorbeeld.



Ons kan byvoorbeeld in 'n gekoppelde produk belê en ons risiko verder versprei deur ons belegging in drie dele te belê, naamlik konserwatief (50%); hoë risiko (25%); en buitelands (25%). Rentekoers-, ekonomiese en politieke veranderinge sal ons belegging dan minder negatief kan beïnvloed omdat ons risiko versprei is. Ons het dus nie ons totale belegging in hoërisiko-aandele belê nie. Sou die beurs val, is 75% van ons belegging betreklik goed daarteen beskerm. Laer risiko sal meestal ook 'n laer opbrengs beteken.

STAP 2

Nou moet jou huidige finansiële situasie met jou geïdentifiseerde finansiële behoeftes vergelyk word. Daardie finansiële behoeftes waarin jy nog nie voorsien het vir die kort, medium en lang termyn nie, word nou jou kort-, medium- en langtermyn doelwitte.

Jy kan byvoorbeeld die volgende finansiële behoeftes identifiseer:

- kinders – studiekoste en skuld
- oortrokke bankrekening
- kredietkaartskuld
- baie groot Edgars-, Woolworths- en ander rekeninge
- korttermynlening by familielid
- 'n knie-operasie wat reeds lank uitgestel word
- motorskuld
- 'n huisverband

- onvoldoende lewensonderhoud
- onvoldoende aftreevoorsiening

STAP 3

Bepaal jou eie kort-, medium- en langtermyn doelwitte.

Onthou, ons praat nou hier van doelwitte tydens die belegging van jou pakket. Jy sal opmerk dat onmiddellike doelwitte die stel en verwesenliking van kort-, medium- en langtermyn doelwitte voorafgaan.

Onmiddellike doelwitte
Vereffen alle skuld • studieskuld • oortrokke bankrekening • kredietkaart • klere- en ander rekeninge • lening – familielid • motor • huisverband
Korttermyn doelwitte
• Studiefonds vir kinders • Begin 'n nuwe loopbaan om lewensonderhoud aan te vul • Open 'n Suid-Afrikaanse buitelandse bankrekening vir elke kind
Mediumtermyn doelwitte
• Skep 'n belegging vir elke kind vir deposito op eie huis • Begin 'n beleggingsportefeulje vir elke kind • Koop 'n tweede eiendom uit tweede loopbaan • Stig 'n trust vir elke kind • Gaan vir knie-operasie gedurende volgende loopbaan
Langtermyn doelwitte
• Vul aftreevoorsiening (jou pakket) aan • Tree af op ouderdom 60 (of 55) • Reis twee maande van die jaar • Koop 'n vakansie-eiendom

Bepaal jou eie kort-, medium- en langtermyn doelwitte.

STAP 4

Nou moet daar bepaalde beleggings gemaak word ten einde laasgenoemde doelwitte te bereik. Raadpleeg gevolglik nou die instelling en makelaar en implementeer jou eie unieke plan van aksie om jou doelwitte te bereik.

Skuld, lenings en rekenings word gevolglik eerste met jou pakketgeld betaal, terwyl die res van die pakket byvoorbeeld in 'n gestruktureerde fonds belê word. Sekere verdere beleggings word gevolglik vanuit jou volgende loopbaaninkomste gemaak, onder meer:

- Belê geld vir elke kind in 'n Suid-Afrikaanse buitelandse bankrekening.
- Belê in effeketrusts vir elke kind se huisdeposito.

Let daarop dat daar nie vir almal 'n volgende loopbaan is nie, met die gevolg dat die pakket vir basies alle doelwitte aangewend en belê moet word. Net so sal baie min persone wat 'n pakket ontvang byvoorbeeld nog doelwitte vir en van hul kinders sal kan help bereik. Die bereiking van eie langtermyn doelwitte (hoofsaaklik rondom finansiële onafhanklikheid ná aftrede) sal egter van sowel die grootte van die pakket as die doeltreffende belegging daarvan afhang.

4 HOE OM JOU PAKKET TE BELÊ

Dit is altyd baie maklik om aan ander raad te gee oor hul fondse, maar nooit maklik om jou eie fondse te belê nie – veral as die bedrag onder bespreking betreklik groot is.

Duisende makelaars het nog nooit R10 000 van hul eie geld belê nie – sou hulle voor so 'n besluit staan, wonder 'n mens hoeveel weke of maande hulle sou moes wakker lê om daaroor te besluit ...

Is dit nie tragies nie dat soveel beleggers hulle swaarverdiende geld (pakket) vir hul nefie/niggie/broerskind/susterskind gee om te belê, ongeag die feit dat laasgenoemde maar drie weke of maande as 'makelaar' optree ...

Dit is nie nou die tyd om oor jou familielid se kommissie bekommerd te wees nie – raak eerder bewus van en bekommerd oor jou eie finansiële toekoms.

Die doel van hierdie bespreking is om te wys op die talle faktore wat in ag geneem moet word voordat 'n pakket belê, herbelê of aangewend word. Vanweë die unieke samestelling van elke huishouding se bate-, laste- en gesinsamestelling asook behoeftes, risiko's en doelwitte, kan daar slegs breë riglyne verskaf word.

In die bespreking wat volg gaan ek veral na die volgende vyf situasies kyk, naamlik waar 'n belegger 'n pakket

- belê by dieselfde werkgewer se ou/nuwe aftreefonds
- oordra na die aftreefonds (pensioen- of voorsorgfonds) van 'n nuwe werkgewer
- wil aanwend om 'n nuwe besigheid te begin ('n nuwe een van meet af of waar een gekoop gaan word)
- moet belê vir aftrede
- 'n deel (of alles) in die buiteland wil belê

Die kies van 'n bepaalde belegging is egter nooit maklik nie, omdat die individu bewus raak van die langtermynimplikasies van hierdie baie belangrike besluit. Nadat die individuele en huishoudelike finansiële situasie geëvalueer, behoeftes geïdentifiseer, doelwitte vir die kort, medium en lang termyn bepaal en prioriteite daaraan toegeken is, behoort daar meer duidelikheid te bestaan oor watter beleggingsalternatief(we) gekies behoort te word. Verskillende huishoudings sal noodwendig hulle geld op verskillende wyses aanwend of belê.

4.1 EK BLY BY MY WERKGEWER – WATTER FONDS MOET EK KIES (PENSIOEN- OF VOORSORGFONDS, VASTEVOORDEEL- OF VASTEBYDRAEFONDS)?

Talle werkgewers het in die laaste paar jaar oorgeskakel van 'n vastevoordeel ('defined benefit fund') na 'n vastebydraefonds ('defined contribution fund'). Dit is egter belangrik om te weet dat 'n vastebydraefonds óf 'n vastebydraepensioenfonds óf 'n vastebydrae-voorsorgfonds kan wees. Elk van hierdie fondse is verskillend met betrekking tot die hantering van bydraes en die belasbaarheid van sowel bydraes as enkelbedrae.

Natuurlik bestaan daar groot onsekerheid sodra jy moet kies om na 'n voorsorgfonds oor te skakel al dan nie. In die bespreking wat volg kyk ons vervolgens na

- verskille tussen 'n vastevoordeel- en 'n vastebydraefonds
- ooreenkomste tussen 'n pensioen- en 'n voorsorgfonds
- verskille tussen 'n pensioen- en 'n voorsorgfonds
- die oordrag van sowel die belasbare as die nie-belasbare deel van jou pensioenfondsvoordele na 'n vastebydrae-voorsorgfonds of 'n vastebydraepensioenfonds
- die oordrag van die belasbare deel van jou pensioenfondsvoordele na 'n lewensannuïteit
- watter portefeulje om te kies (ná die fondskeuse)
- die belangrikste faktore om in ag te neem tydens jou keuse
- 'n bewaringsfonds

Dit is belangrik om die voor- en nadele (oftewel geskiktheid) van elke tipe fonds noukeurig te oorweeg voordat jy 'n besluit neem ('n fonds kies). Die alge-



meenste verskille tussen 'n vastevoordeelfonds en 'n vastebydraefonds (nie tussen 'n pensioen- en 'n voorsorgfonds nie) is soos volg:

Vastevoordeelfonds

1 Bydraes

Lede se bydraes is 'n vaste persentasie van besoldiging van uittredingsfunderingsdiens. Werkgewer se bydrae wissel na gelang van aktuariële advies.

Werkgewer se bydrae dek koste asook dood- en ongesiktheidsvoordele.

Werkgewer is verantwoordelik vir die lede se voordele. Werkgewer se bydrae is hoër vir ouer lede as vir jonger lede.

Vastebydraefonds

1 Bydraes

Werknemer en werkgewer se bydraes is 'n vaste persentasie van besoldiging van uittredingsfunderingsdiens. Werkgewer se bydra dek die koste asook dood- en ongesiktheidsvoordele.

2 Aftreevoordele

Voordele word belowe en gedefinieer volgens 'n formule gebaseer op die lid se jare diens en gemiddelde finale salaris.

Maandelikse pensioen: 2,22% van gemiddelde finale salaris x jare diens ÷ 12

Lidmaatskapsjare plus pensioensalaris bepaal dus aftreevoordele.

Beleggingsprestasië het nie so 'n groot invloed op aftreevoordele nie. Werkgewer moet die verskil in betaal ten einde die beloofde aftreevoordele te betaal.

Beleggingsrisiko berus gevolglik by die werkgewer.

Kom ons kyk na 'n vergelyking tussen 'n pensioen- en 'n voorsorgfonds:

Pensioenfonds

Ooreenkomste

1 Lidmaatskap vereis 'n werknemer-werkgewerverhouding

2 Aftreevoordele

Voordele word nie volgens 'n formule gegrond op diensjare of salaris bereken nie.

Voordele-pensioenfonds: By aftrede word die totale bydraes van die lid en die werkgewer plus die beleggings-opbrengs gebruik om 'n annuïteit van 'n versekeraar te koop. Lid ontvang 'n maandelikse pensioen.

Voordele-voorsorgfonds: By aftrede word die totale bydraes van die lid en die werkgewer plus die beleggings-opbrengs as 'n enkelbedrag aan die lid uitbetaal. Baie soortgelyk aan 'n spaarrekening.

Totale bydraes plus beleggingsprestasië bepaal aftreevoordele.

Beleggingsprestasië het 'n direkte invloed op aftreevoordele. As voordele geneem word tydens 'n ekonomiese oplewing, of as die beurs sterk is (bulmark), kan die lid hoër aftreevoordele ontvang. Indien die lid tydens 'n ekonomiese afswaai aftree, of as die beurs daal ('n beermark), kan die lid laer aftreevoordele ontvang.

Beleggingsrisiko berus gevolglik by die werknemer/lid.

Voorsorgfonds

1 Lidmaatskap vereis 'n werknemer-werkgewerverhouding

- 2 Voordele kan nie sedeer word nie
- 3 By insolvensie word voordele dieselfde hanteer as by voorsorgfonds (sien hoofstuk 8)
- 4 Vorm 'n belangrike deel van aftreevoorsiening
- 5 Boedelbelasting is betaalbaar op die enkelbedrag ná lid se dood
- 6 In die geval van egskеiding word voordele dieselfde hanteer (sien afdeling 7.2)
- 7 Pensioenvoordele vorm nie deel van 'n boedel vir boedelbelasting-doeleindes nie
- 8 Lewens- en ongeskiktheidsvoordele word teen lae koste ingesluit by lidmaatskap
- 9 Lede word nie teen hulself beskerm nie en kan die enkelbedrag ná die ontvangs daarvan wanaanwend
- 10 Boedelbelasting word op groepvoordele betaal omdat dit deel van 'n lid se boedel vorm
- 11 Lewensdekking word dmv groepvoordele verskaf
- 12 Dit is baie duur om by die fonds te leen vanweë rentekoste, verlies aan kapitaalgroei en die belasbaarheid van terugbetalings aan die fonds

Pensioenfonds

Verskille

- 1 Aftreevoordele is gebaseer op

- 2 Voordele kan nie sedeer word nie
- 3 By insolvensie word voordele dieselfde hanteer as by pensioenfonds (sien hoofstuk 8)
- 4 Vorm 'n belangrike deel van aftreevoorsiening
- 5 Boedelbelasting is betaalbaar op die enkelbedrag ná lid se dood
- 6 In die geval van egskеiding word voordele dieselfde hanteer (sien afdeling 7.2)
- 7 Pensioenvoordele vorm nie deel van 'n boedel vir boedelbelasting-doeleindes nie
- 8 Lewens- en ongeskiktheidsvoordele word teen lae koste ingesluit by lidmaatskap
- 9 Lede word nie teen hulself beskerm nie en kan die enkelbedrag ná die ontvangs daarvan wanaanwend
- 10 Boedelbelasting word op groepvoordele betaal omdat dit deel van 'n lid se boedel vorm
- 11 Lewensdekking word dmv groepvoordele verskaf
- 12 Dit is baie duur om by die fonds te leen vanweë rentekoste, verlies aan kapitaalgroei en die belasbaarheid van terugbetalings aan die fonds

Voorsorgfonds

- 1 Aftreevoordele is gebaseer op die

sowel finale salaris as lidmaatskapsjare

2 Werkgewer dra die risiko

3 Bevoordeel ouer fondslede

4 Lede kry nie hul bydra tot die fonds terug nie

5 By aftrede ontvang die lid een derde van die aftreevoordele as 'n enkelbedrag

6 Die verhouding tussen die enkelbedrag (een derde) en die pensioen (twee derdes) is vas

7 Administrasiekoste is hoër agv meer aktuariële berekeninge (salarisaanpassings, diensjare, hoogste salaris per periode)

8 Ten einde doeltreffend te kan wees benodig die fonds 'n groot aantal lede

9 Ideaal vir groot organisasies en besighede

10 Die grootte van die fonds word deur die ouderdom van werknemers, hul salarisse en lidmaatskapsjare bepaal

11 Ideaal vir oorblywende lede waar die personeelomset hoog is

12 Maandelikse bydraes is belastingaftrekbaar (grootste van R1 750 of 7,5% van besoldiging van uittretingsfunderingsdiens)

13 Enkelbedrag is belastingaftrekbaar tot op R120 000 of R4 500 x die aantal diensjare (die grootste van die twee bedrae)

totale bydra van die lid tot die fonds plus groei

2 Werknemer dra die risiko

3 Bevoordeel jonger fondslede

4 Lede kry hul bydra tot die fonds terug

5 By aftrede kan die lid 100% van die totale aftreevoordeel as 'n enkelbedrag neem

6 Lid kies tussen slegs 'n enkelbedrag, slegs 'n pensioen, of 'n enkelbedrag en 'n pensioen

7 Laer administrasiekoste vanweë minder aktuariële berekeninge (geen berekeninge vir salarisaanpassings, diensjare, hoogste salaris per periode)

8 Die fonds benodig slegs 'n beperkte aantal lede

9 Klein of nuwe organisasies en besighede kan die fonds gebruik

10 Die grootte van die fonds word deur lede se maandelikse bydraes bepaal

11 Die personeelomset beïnvloed nie die oorblywende lede se voordele nie

12 Maandelikse bydraes is nie belastingaftrekbaar nie

13 Enkelbedrag is belastingaftrekbaar tot op R120 000 of R4 500 x die aantal diensjare (die grootste van die twee bedrae)

14 Waar diensjare teruggekoop is, is agterstallige bydraes belasting-aftrekbaar tot R1 800 per jaar per persoon

15 Geen buigsame aftrede- en boedelbeplanning is moontlik nie

16 Diensjare kan teruggekoop word

17 'n Getroude individu sal beter vaar omdat daar afhanklikes is wat 'n maandelikse pensioen ná die lid se dood benodig

18 Hoe jonger die vrou van 'n man wat lid van 'n pensioenfonds is, hoe voordeliger

19 Waar die jaarlikse salarisstygings hoog is, is die vastevoordele-fonds beter omdat voordele op grond van die finale salaris bereken word. (Staats- en semistaatsdepartemente se voordele is problematies vanweë die afwesigheid van enige reële salarisverhogings – behalwe wanneer inflasie laer as die verhogingskoers is oor baie jare)

20 Die primêre doel van 'n pensioenfonds is om 'n pensioen by aftrede te verskaf

21 Dit staan die trustees vry om aftreevoordele ná aftrede te verhoog, gegrond op die prestasie van die versekeraars

22 In die geval van die dood van 'n lid ná aftrede, word 'n pensioen aan

14 Nie van toepassing nie

15 Vanweë eie beheer van voordele is baie buigsame aftree- en boedelbeplanning moontlik

16 Diensjare kan nie teruggekoop word nie

17 'n Ongetroude individu sal beter vaar omdat daar nie afhanklikes is wat 'n maandelikse pensioen ná die lid se dood benodig nie

18 Vrou se ouderdom is slegs relevant waar pensioen in plaas van enkelbedrag geneem word en die man gou sterf na aftrede

19 Met relatief lae reële salarisverhogings (of geen) is die vastebydraefonds beter omdat voordele nie op grond van finale salaris bereken word nie. (Veral geskik by staats- en semistaatsdepartemente, natuurlik ook in die privaatsektor)

20 Die primêre doel van 'n voorsorgfonds is om 'n enkelbedrag by aftrede te verskaf

21 Nadat die lid die enkelbedrag ontvang het, het die lid niks meer met die fonds te make nie

22 Geen lid ontvang doodsvoordele indien hy/sy sterf ná aftrede nie, om-

die gade/kinders betaal.
Pensioenverhogings word ook aan
die gade/kinders uitbetaal

23 Indien jy reeds 'n pensioen
ontvang, sal jy baie moeilik kwali-
fiseer vir 'n verdere staatspensioen

24 Bydraes tot die fonds word uit
voorbelaste geld betaal en ver-
minder sodoende jou belasbare
inkomste

25 Pensioen word belas teen die
PAYE/SITE-koers. Belasting word
gevolglik teen jou marginale koers
afgetrek (sien die verdere bespre-
king van 'n vrywillige annuïteit
hierna)

26 Behalwe die belastingvrye ge-
deelte van die enkelbedrag (grootste
van R120 000 of R4 500 x jare lid-
maatskap) word die res van die
enkelbedrag teen jou gemiddelde
koers belas

27 By dood is die belastingvrye
gedeelte van die enkelbedrag die
grootste van R60 000 of twee keer
jou jaarlikse salaris (maksimum
R120 000). Daarna word belasting
teen jou gemiddelde koers bereken

28 Sou jy die fonds vóór aftrede
verlaat, is die eerste R1 800 van jou
voordele belastingvry. Die balans
word teen jou gemiddelde koers
belas.

dat die lid reeds die fonds verlaat het.
Doodsvoordele sal afhang van reë-
lings wat die lid met die versekeraar
getref het

23 Waar voordele in die vorm van 'n
enkelbedrag geneem is, is dit tans
nog moontlik om vir 'n staatspensioen
te kwalifiseer

24 Bydraes tot die fonds word
ingevolge 'n salarisprysgawebasis
betaal

25 Sou jy 'n pensioen in die vorm van
'n vrywillige annuïteit met jou na-
belaste enkelbedrag koop, word die
pensioen slegs gedeeltelik belas

26 Soos langsaan. Jou belasting-
vrye gedeelte word verder verhoog
deur jou bydraes wat nie voorheen
belastingaftrekbaar was nie. 'n
Minimum van R24 000 is belasting-
vry

27 Soos langsaan. Jou belasting-
vrye gedeelte word verder verhoog
deur jou bydraes wat nie voorheen
belastingaftrekbaar was nie

28 Sou jy die fonds vóór aftrede
verlaat, is die grootste van R1 800 of
jou bydraes belastingvry. Die balans
word teen jou gemiddelde koers be-
las.

DIE OORDRA VAN SOWEL DIE BELASBARE AS DIE NIE-BELASBARE GEDEELTE VAN JOU PENSIOENVOORDELE NA 'N VOORSORGFONDS OF 'N PENSIOENFONDS

Dit staan jou vry om die twee bedrae geld wat jy gaan ontvang na een van die genoemde fondse oor te dra. Die gevolg daarvan sal natuurlik wees dat jy onmiddellik belas sal word op die een bedrag wat belasbaar is. Hiervolgens stel jy dus nie die betaling van belasting uit tot op 'n latere stadium nie. Ongelukkig maak jy ook nie gebruik van die belastingverligting indien jy die nie-belasbare geld eerder in 'n vrywillige annuïteit sou plaas nie.

DIE OORDRA VAN DIE BELASBARE GEDEELTE VAN JOU PENSIOENVOORDELE NA 'N VRYWILLIGE ANNUÏTEIT

'n Vrywillige annuïteit moet nie met 'n uittree-annuïteit verwar word nie. In die geval van 'n vrywillige annuïteit word 'n enkelbedrag gebruik om 'n annuïteit by 'n versekeraar te koop. Natuurlik kan 'n annuïteit van jou keuse gebruik word en dit is selfs moontlik om die enkelbedrag na 'n bestaande uittree-annuïteit oor te dra. Let daarop dat die vrywillige annuïteit ook aan ander produkte gekoppel kan word, soos 'n uitkeerpolis of effekterusts. Die bepaalde versekeringsmakelaar wat jy gaan raadpleeg sal jou hiermee kan help. Die pensioen wat jy sal ontvang sal (in die geval van 'n vrywillige annuïteit) slegs gedeeltelik belas word. Jou pensioen se rentegedeelte sal belas word terwyl die kapitale gedeelte belastingvry sal bly.

VRYWILLIGE VERSUS VERPLIGTE ANNUÏTEIT

Sodra die koop van 'n annuïteit regtens verpligtend is, word dit 'n verpligte annuïteit genoem. Die presiese voorbeeld is waar jy regtens verplig word om die twee derdes wat jy van 'n uittree-annuïteit ontvang, moet gebruik om 'n verpligte annuïteit te koop (óf 'n tradisionele óf 'n lewende annuïteit).

DIE OORDRA VAN DIE BELASBARE GEDEELTE VAN JOU PENSIOENVOORDELE NA 'N UITTREE-ANNUÏTEIT

Soos reeds genoem, kan die enkelbedrag na 'n bestaande annuïteit oorgeplaas word. Ek stel egter voor dat die enkelbedrag in 'n nuwe annuïteit belê word, veral waar die eenderde-enkelbedrag van 'n bestaande annuïteit reeds R120 000

beloop. Die nuwe annuïteit is gevolglik 'n vrywillige annuïteit, omdat 'n enkelbedrag daarin belê word. (Ons kyk na die funksionering van uittree-annuïteite in afdeling 4.4.)

WATTER PORTEFEULJE OM TE KIES (NÁ DIE FONDSKEUSE)

Nadat jy besluit het oor die spesifieke fonds waarin jou geld moet bly (bv pensioenfonds) of waarheen dit moet gaan (vastebydrae-pensioenfonds of vastebydrae-voorsorgfonds en/of vrywillige annuïteit), is die tweede besluit dié rakende die spesifieke portefeulje. Jy kan onder meer uit die volgende beleggingsportefeuljes kies: 'n stabielebonus-portefeulje, 'n markgekoppelde portefeulje, 'n gebalanseerde portefeulje, en 'n effektrustgegekoppelde portefeulje.

- *'n Stabielebonus-portefeulje:* Dit is geskik vir die meer konserwatiewe belegger (bv 55 jaar en ouer) wat kapitaal wil beskerm en jaarliks 'n bonus wil ontvang. Bonusse bestaan uit inkomste wat in goeie jare opgebou word om in swak jare te voorsien. Stabiele bonusse word sodoende voorsien.
- *'n Markgekoppelde portefeulje:* Veral geskik vir diegene wat van meer risiko in 'n groeiportefeulje hou (jonger persone). Geen waarborge word verskaf nie en jou opbrengs is direk gekoppel aan die onderliggende bates in die huidige marktoestand of ekonomiese siklus. Sowel 'n positiewe as 'n negatiewe opbrengs is gevolglik moontlik, afhangende van die voorgenoemde.
- *'n Gebalanseerde portefeulje:* Die belegging bestaan uit sowel groeibates as vaste rentendraende beleggings. Diegene wat 'n ietwat gemiddelde risiko verkies met 'n gemiddelde opbrengs sal hierin belê (bv 40–55 jaar).
- *'n Effektrustportefeulje:* Hierin kan jy belê met die oog op kapitaalgroei in goeie marktoestande. 'n Gebalanseerde portefeulje is gevolglik moontlik. Net soos by aandele sal jy in goeie marktoestande moet aftree, anders kan jou opbrengs negatief wees.

Let onder meer op die volgende met betrekking tot jou keuse van 'n spesifieke portefeulje:

- jou risikoprofiel
- jou ouderdom en gesondheidstoestand
- die moontlikheid van dood of vervroegde aftrede in 'n swak mark of ekonomie met lae opbrengste en kapitaalgroei
- of jy heelwat kapitaalgroei kort en bereid is om daarvoor te waag deur meer riskant te belê (maw jy het te min huidige voorsiening vir aftrede)

DIE BELANGRIKSTE FAKTORE OM IN AG TE NEEM

Kennis van die eienskappe van elke fonds is 'n voorvereiste vir die maak van 'n ingeligte besluit. Belangrike faktore om in ag te neem is onder meer:

- Wil jy jou aftreegeld self beheer ná aftrede deur byvoorbeeld die totale enkelbedrag van 'n voorsorgfonds te kry?
- As jy baie sieklik is, kan jou gesondheid jou dwing om die geld dalk in 'n pensioenfonds te laat of 'n gewaarborgde lyfrente te kies.
- Gaan jy ná aftrede baie hoë inkomste uit ander bronne ontvang, kan jy eerder jou geld uit 'n voorsorgfonds ontvang sodat jy dit uitsluitlik vir kapitaalgroei kan belê (en nie 'n pensioen ontvang wat net jou belastingaanspreeklikheid gaan verhoog en jou kapitaal gaan verteer nie).
- Sou jy inkomste benodig vanweë byvoorbeeld te min huidige aftreevoorsiening (geen ander inkomstebronne nie), moet jy sorg dat jy 'n pensioen ontvang ná aftrede.
- 'n Jonger persoon wat gaan bedank sal hoër voordele van 'n voorsorgfonds ontvang.
- Dit hang af of jy self jou geld wil belê en die risiko wil dra al dan nie.
- Die belasbaarheid van voordele moet in gedagte gehou word.
- Word die oordrag van een fonds na die ander belas al dan nie?
- Jou eie persoonlike finansiële situasie moet jou lei in die neem van die besluit wat vir jǃu die voordeligste sal wees.
- As jy by 'n pensioenfonds byvoorbeeld 'n groter enkelbedrag (maksimum een derde) sou neem, sal jou maandelikse pensioen 'n kleiner bedrag wees.
- Jou enkelbedrag (100%) wat jy van 'n voorsorgfonds kan neem, is uitsluitlik vir aftreevoorsiening en nie geld wat bestee en mee gemors kan word nie – belê dit gevolglik slegs vir aftrede.
- In die geval van 'n voorsorgfonds waarborg jou werkgever nie meer jou aftreevoordele nie.

PLAAS JOU GELD IN 'N BEWARINGSFONDS

Fondse vanuit 'n werkgever se pensioen- of voorsorgfonds kan natuurlik ook in 'n bewaringsfonds geplaas word. Hierdie geld kan in die bewaringsfonds gelaat word, soos volg:

- tydelik (om dit later na 'n ander werkgever se aftreefonds oor te plaas)
- permanent (met die oog op aftrede en daarna)

Meer hieroor in afdeling 4.2.

'N BEGUNSTIGDENOMINASIE-VORM

Onthou dat jy vir jou werkgever 'n vorm moet voltooi rakende die nominering van een of meer begunstigde(s) vir jou aftreevoordele.

JOU TESTAMENT

Verwys in jou testament na die inhoud van jou begunstigdenominasie-vorm – sorg dat die twee ooreenstem (vorm en testament).

4.2 EK GAAN BY 'N NUWE WERKGEWER WERK

Daar is 'n hele paar aspekte wat vermelding verdien as jy by 'n nuwe werkgever gaan aansluit. Daar moet veral aandag aan die volgende vrae gegee word:

- Wil jy jou pakket in die nuwe werkgever se aftreefonds belê?
- Gaan jy liever 'n annuïteit kies?
- Is jy nog onseker oor waar jy jou pakket moet belê?
- Wat van 'n bewaringsfonds?



JOU NUWE WERKGEWER SE AFTREEFONDS

Indien jou nuwe werkgewer oor 'n aftreefonds beskik, sal jy die geld uit die vorige fonds na 'n bewaringsfonds moet kanaliseer. Onthou om seker te maak dat jy weet wat die verskillende voor- en nadele van vastevoordeel-, vastebydrae-, pensioen- en voorsorgfondse is (soos in afdeling 4.1 bespreek). Kyk of jou finansiële behoeftes en doelwitte by die eienskap van die fonds sal pas.

'N ANNUÏTEIT

Ons het reeds 'n annuïteit in afdeling 4.1 bespreek. Maak verder seker dat jy die kommissiekoste in die geval van 'n annuïteitbelegging begryp. Weet ook dat jy nooit al jou voordele by 'n tradisionele annuïteit sal terugkry nie. As jy enigsins onseker is oor wat om met jou pakket te doen en jy het tyd nodig om daaroor te besluit, kan jy jou geld óf tydelik óf permanent in 'n bewaringsfonds plaas.

'N BEWARINGSFONDS

'n Bewaringsfonds is 'n tipe aftreefonds wat 'n persoon se aftreevoordele uit 'n pensioen- of voorsorgfonds in bewaring hou. Bewaringsfondse word by versekeringsmaatskappye aangetref.

Terwyl die persoon in die geval van 'n enkelbedrag-annuïteit nie aan die voordele in die fonds mag raak tot en met die ouderdom van 55 jaar nie, is dit nie die geval by 'n bewaringsfonds nie. Toegang tot die voordele is gevolglik 'n belangrike kriterium wat deeglik oorweeg moet word voordat jy 'n besluit neem.

Geld kan slegs een keer voor aftrede – wat op ouderdom 55 gestel word – onttrek word. Natuurlik is dit moontlik om die totale bedrag in die fonds te trek by hierdie eenmalige trekking. Wees gewaarsku dat jy jouself moet dissiplineer en voorkom dat jy hierdie aftreevoorsiening sommer net bestee. Hierdie toeganklikheid kan gevolglik ook 'n nadeel wees vir ongedissiplineerde mense.

Die aftree-ouderdom word vir doeleindes van bewaringsfondse omskryf as die uittrede by 'n toekomstige werkgewer wat nie voor die ouderdom van 55 jaar en nie na die ouderdom van 70 jaar mag plaasvind nie. Net so mag 'n werklose wat geld in die fonds plaas ook nie uit die fonds tree vóór ouderdom 55 en ná ouderdom 70 nie.

Die oordrag van 'n aftreepakket van 'n pensioen- of voorsorgfonds na 'n bewaringsfonds (beide tipes) geskied belastingvry. Indien die oordrag van 'n

pensioenfonds na 'n bewaringsvoorsorgfonds (in plaas van 'n bewaringspensioenfonds) plaasvind, is daar wél belastingimplikasies.

'n Voordeel van 'n bewaringsfonds is dat die jare lidmaatskap van die werknemer aan die werkgever se fonds oorgedra kan word na die bewaringsfonds. Die jare lidmaatskap word steeds in ag geneem by die berekening van die belastingvrye enkelbedrag.

Onthou deurgaans die belangrikheid van die buigsaamheid (beheer) en verskuifbaarheid van die belegging as beleggingskriteria. Vir 'n persoon sonder geldelike dissipline moet die pakket eerder na 'n enkelbedrag-annuïteit verskuif word vir doeleindes van selfbeskerming, oftewel die beskerming van aftreevoordele (al is kommissie op dié belegging betaalbaar).

4.3 EK GAAN MY EIE BESIGHEID BEGIN OF KOOP (OOK 'N KONSESSIE)

Pakketgeld kan hier gebruik word om óf 'n bestaande besigheid te koop, óf 'n nuwe besigheid te begin.

DIE KOOP VAN 'N BESTAANDE BESIGHEID

Waar 'n bestaande besigheid gekoop word, moet 'n geëksperteerde rekenmeester gebruik word om die finansiële state te ontleed, indien daar so iets bestaan. 'n Konsultant met kennis oor die spesifieke besigheid wat oorweeg word moet gebruik word om 'n lewensvatbaarheidstudie te onderneem. 'n Potensiële belegger (koper) moet veral let op moontlike slaggate indien daar byvoorbeeld nie finansiële state bestaan nie, of slegs swak state wat nie veel sê nie. Moet niks op sigwaarde aanvaar nie! Die volgende dokumente en gegewens kan die belegger goed gebruik:

Bankstate, depositostrokies, tjekboekteenblaaië en debiet- of aftrekorders

Die banksaldo van 'n onderneming op sigself dui nie noodwendig op gunstige of ongunstige sakebedrywighede nie, omdat private inbetalings, asook onttrekkings vir persoonlike gebruik, uit die besigheid se bankrekening gedoen kan word. Depositostrokies en/of afskrifte van bankstate kan van die bank verkry word indien die eienaar nie meer daaroor beskik nie. Tjekboekteenblaaië of afskrifte van tjeks wat teen die onderneming getrek is, kan gebruik word om uitgawes in die kasboek te help bereken. Die bank sal, met sy kliënt se verlof, besonderhede verskaf van debiet- of aftrekorders.

Belastingopgawes

Die verkoper se jaarlikse opgawe sal ook nie noodwendig 'n aanduiding van die onderneming se belasbare inkomste wees nie, omdat inkomste uit ander bronne (bv sy vrou) ook hierby ingesluit kan wees. Daar kan ook meer uitgawes aangetoon en afgetrek word (as besigheidsuitgawes) as wat werklik aangegaan is. Heel dikwels is hierdie uitgawes vir persoonlike doeleindes aangegaan.

BTW

Hierdie belasting is tweemaandeliks betaalbaar en word bereken op die bruto omset van die vorige twee maande. Opgawes is van die Belastinggaarder verkrygbaar, sou die eienaar nie daarvoor beskik nie, en kan gebruik word om die bruto verkope (omset) van die onderneming te bepaal. Daar kan aanvaar word dat die werklike verkope nie laer sal wees as wat die betaalde belasting aandui nie, eerder hoër. Onthou ook dat verkoopbelasting tot September 1991 betaalbaar was.

Rekening: veral telefoon, elektrisiteit en water, en huurgeld

Elkeen van dié rekeninge sal ook iets van die besigheid vertel, en afskrifte behoort maklik by die betrokke instansies verkry te kan word.

Eiendomsbelasting

Indien die gebou waarin die besigheid geleë is deur die eienaar daarvan besit word, word huurgeld deur erfbelasting vervang. Die bedrag betaalbaar kan van die plaaslike munisipaliteit bekom word.

Salaris- en loonaftrekkings

Afskrifte van weeklikse of maandelikse aftrekkings van salarisse of lone vir belasting, werkloosheidsversekering, ens, kan van die Inkomstebelastingkantoor bekom word.

Leweransiers

Leweransiers kan geskakel word om inligting oor onder meer die volgende te bekom: die gemiddelde jaarlikse of maandelikse aankope; uitstaande

paaïemente (bedrae), en veral die onderneming se beeld en kredietwaardigheid. Onthou dat aankope dikwels ook vir private doeleindes kan wees.

Voorraadopnames

'n Voorraadopname sal aan die potensiële belegger toon hoeveel voorraad daar in die onderneming is. Die eienaar se kode wat die kosprys van produkte bepaal, kan vergelyk word met die leweransiers se kosprys om die winsgrens te help bepaal. Daar moet verder gelet word op moontlike beskadigde of verouderde voorraad, asook dié wat moontlik gebêre-koop word. Die kernvoorraad moet ook bepaal word.

Debiteure

'n Lys met name van alle debiteure moet van die eienaar bekom word. 'n Groot aantal debiteure wat hul verpligtinge betyds nakom, verhoog die waarde van die onderneming. Debiteure moet geskakel word ten einde hul skuldbedrae met dié op die lys te vergelyk, asook om die kredietbeleid met hulle te bespreek. Dieselfde geld vir krediteure.

Kennis van die mark

Daar moet ondersoek ingestel word na die onderneming se ligging, produkte, pryse, dienslewering en promosiebeleid en hierdie aspekte moet met dié van mededingers vergelyk word.

Personeel

Onderhoude moet met alle werknemers oor onder meer die volgende onderwerpe gevoer word: verkope, produkte, produkpryse, mededingers, kliënte, beeld van die onderneming, verhouding met eienaar, salarisse en lone, opleidingstandaard en ervaring, voorstelle vir veranderinge, algemene werktevredenheid en moontlike bedankings.

Personeeladministrasie en -bestuur

Sommige eienaars van klein besighede hou geen aantekeninge van hul werknemers se kwalifikasies, vorige ervaring, dienstydpark en selfs salarisverhogings

nie – met voorspelbare gevolge. Net so dui die afwesigheid van volledige finansiële state op swak bestuur, wat moontlik die rede kan wees waarom 'n besigheid nie so goed vaar nie. 'n Slim potensiële koper kan daarin 'n geleentheid sien.

Die bepaling van goeie trou

Goeie trou verwys onder meer na die waarde van 'n onderneming vanweë die aantal jare wat dit 'n diens lewer en die feit dat 'n bepaalde eienaar of bestuurder aan die hoof daarvan staan. Moenie te veel vir goeie trou betaal nie, omdat dit dikwels die onderneming saam met die vorige eienaar verlaat, veral as die belegger nie oor voldoende kapitaal beskik om die bestaande standarde te handhaaf nie.

Swak voorkoms

Die voorkoms van die onderneming kan die rede wees waarom mense nie daar koop nie. 'n Nuwe kleur verf, opknappingswerk aan die gebou en 'n ander winkeluitleg kan dit totaal verander. As die gebou aan iemand anders behoort, moet 'n mens natuurlik nie te veel geld daaraan bestee nie.

Huurkontrak

Die voornemende koper moet vooraf vasstel of die huurkontrak (indien die gebou gehuur word) oordraagbaar sal wees. Indien nie moet 'n ander gebou met 'n gunstige ligging gesoek word. Die huurkontrak moet andersins noukeurig bestudeer word ten einde te bepaal wat die huurder se regte en verpligtinge is, asook presies wat gehuur word.

Werklike rede vir verkoop

Dit is moeilik om die werklike rede vir verkoop te bepaal. 'n Siektetoestand, verhuising of gesinsprobleme word gewoonlik as redes geopper. 'n Goeie finansiële ontleding verskaf gewoonlik die antwoord.

Verkoopprys

'n Lae verkoopprys dui nie noodwendig op 'n winsgewende beleggingsgeleentheid nie: dikwels op die teenoorgestelde. Net so min kan 'n hoë ver-

koopprys 'n winsgewende belegging waarborg. Kry 'n konsultant om 'n realistiese koopprys te bepaal.

DIE KOOP VAN 'N KONSESSIE ('FRANCHISE')

In Suid-Afrika neem kleinsakeondernemings daaglik toe. 'n Rede daarvoor is die talle konsessiegeleenthede.

Kleinsakeondernemings in die VSA was tussen 1980 en 1987 verantwoordelik vir 66% van all nuwe werkgeleenthede. Dieselfde gebeur in lande soos Japan (80%), Switzerland, Italië, Hongkong, Korea en Taiwan (60%).

Alles dui daarop dat konsessies ('franchises') aansienlike groei in Suid-Afrika gaan toon.

Wat is 'n konsessie?

FASA (Franchise Association of South Africa) omskryf 'n konsessie of agentskap as 'n magtiging wat 'n konsessiegewer aan 'n begunstigde of konsessiehouer (agentskapbedrywer) gee om 'n volledige sakepakket te gebruik. Dié pakket verskaf die nodige elemente om selfs 'n onkundige persoon te help om die onderneming te vestig en winsgewend te bestuur.

Iemand wat volgens die konsessiegewer kwalifiseer as 'n konsessiehouer neem/koop 'n konsessie van die konsessiegewer. 'n Konsessiehouer is 'n entrepreneur wat sy eie kleinsakeonderneming bekom.

Aftreepakkette moet nie sonder meer blindelings in 'n konsessie belê word nie. Doen eers mooi die nodige huiswerk.

Voordele

'n Goeie naam is 'n groot voordeel. Bestuursbystand en voortgesette opleiding word verskaf. 'n Goeie wins kan behaal word. Ondervinding word deur die konsessiegewer oorgedra en finansiering word betreklik maklik vir 'n nuwe besigheid bekom.

Nadele

Heffings word deur die konsessiegewer gevra. Die konsessiehouer verloor sy onafhanklikheid. Al die verkooppunte lyk eenders.



DIE BEGIN VAN 'N NUWE BESIGHEID

Daar bestaan duisende besigheidsgleenthede. As jy 'n entrepreneur wil word, moet jy eerstens 'n besigheidsgleentheid kan raaksien. Natuurlik moet 'n mens die risiko opweeg teenoor dit wat jy kan bekom, naamlik opbrengs, sowel as teenoor dit wat jy kan verloor, oftewel jou besittings (of 'n gedeelte daarvan) en jou gesondheid (moontlik 'n beroerte of jou lewe). Dit is egter baie belangrik dat 'n mens boonop na jou persoonlike sterkpunte (dit wat jy vanuit jou CV kan kry of oor jouself sou wou sê) moet kyk ten einde te bepaal wat jy nou eintlik sal wil doen en hopelik goed sal kan doen. Neem egter die tyd wat die besigheid in beslag sal neem in oorweging met betrekking tot jou gesinslewe en algehele lewensgehalte.

Onthou weereens: op 'n betreklik hoë ouderdom mag jy nie al jou besittings blindelings waag of daarmee dobbel nie.

Soek 'n diens of 'n produk wat nog nie bestaan nie maar wat mense se lewens makliker sal maak. Doen iets beter, goedkoper of gouer. Ja, daar is te veel geleenthede (idees wat kan werk as toekomstige besighede) om op te noem. Voorbeelde van laasgenoemde is onder meer:



- Ontwikkel 'n nuwe speletjie wat ontspanning en gesondheid bevorder.
- Lewer 'n diens deur leë kamers in woonhuise vir mense te verhuur.
- Pas op groot skaal huise op (40-50) gedurende vakansies.
- Soek werk vir ander mense.
- Leer ouers se kinders tuis hoe om bepaalde vaardighede te bemeester.
- Bemark gesondheidsprodukte.
- Doen onderhoud aan woonhuise.
- Vervoer klein goedere vinnig tussen stede.
- Help mense om vakansies te beplan.

- Neem mense op toere (Wildtuin, Tuinroete, Kalahari).
- Leer mense lewensvaardighede.
- Maak iets vir die vlooiemark.
- Verkoop iets op die vlooiemark.
- Begin 'n kleuterskool.

Sekere idees sal nie binne jou bereik skyn te wees nie, vanweë onder meer 'n gebrek aan kennis, fondse, vaardighede en finansiering. Gaan sit en beplan tot-dit hulle wel binne jou vermoë val of kies dié waarvoor jy reeds kans sien.

Jy werk dus van 'n idee na 'n besigheidsgeleentheid en daarna stel jy 'n besigheidsplan op.

Watter besigheidsvorm moet ek kies?

Nadat jy jou besigheid vir belastingdoeleindes geregistreer het, moet jy ook die naam van jou besigheid registreer. Daarna moet jy die besigheid in die vorm van 'n eenmansaak, 'n vennootskap, 'n beslote korporasie of 'n maatskappy bedryf.

As jy alleen in die besigheid is, moet jy dit as 'n eenmansaak of as 'n beslote korporasie bedryf. As julle twee of drie is, kan julle 'n vennootskap of 'n beslote korporasie vorm. Ek beveel 'n beslote korporasie as besigheidsvorm vir jongmense aan.

- *'n Eenmansaak:* Dié besigheid het net een eienaar wat alleen in die winste, risiko's en verliese deel. Die alleeneienaar kan nooit sy inkomste skei van dié van die eenmansaak nie.
- *'n Vennootskap:* Twee tot twintig persone kan 'n vennootskap vorm. Net soos 'n eenmansaak, bestaan 'n vennootskap ook nie afsonderlik van die vennote as dit kom by verantwoordelikheid vir die skuld van die vennootskap nie.
- *'n Beslote korporasie:* Een tot tien persone kan 'n beslote korporasie (BK) vorm. Lede van die BK is beperk aanspreeklik (in 'n mate) vir die skuld van die BK, met ander woorde lede se persoonlike bates word beskerm. Dit is beslis die mees geskikte vorm vir jongmense om 'n eie besigheid te begin. Daar is talle belastingvoordele.
- *'n Privaatmaatskappy:* Een tot vyftig persone kan so 'n maatskappy vorm. Net soos 'n BK is 'n maatskappy 'n regspersoon wat onafhanklik van sy lede bestaan. Dit is baie meer ingewikkeld om te stig as 'n BK en is onderworpe

aan baie meer wetsvereistes. Behalwe vir doeleindes van boedelbeplanning, is 'n BK die mees geskikte besigheidsvorm om te kies.

Stel eers 'n besigheidsplan op

'n Besigheidsplan of sakeplan sit al jou besigheid se aktiwiteite en aspekte uiteen. 'n Besigheidsplan dui aan wat, hoe, wanneer en waarom die entrepreneur dit wil doen wat die besigheid veronderstel is om te doen. Die voordele wat 'n besigheidsplan vir die entrepreneur inhou, is onder meer die volgende:

- Dit dwing die entrepreneur om objektief na die besigheid te kyk.
- Navorsing word oor talle aspekte van die te stigte besigheid gedoen.
- Besigheidsplanne word nie slegs neergeskryf nie, maar ook in finansiële terme uitgedruk.
- Die plan kan aan die verskaffers van fondse (banke, sakepersone) voorgelê word ten einde fondse te bekom vir die finansiering van besigheidsaktiwiteite.
- Die entrepreneur word gedwing om sy/haar bestuursvermoëns en hulpbronne (bates, personeel) te evalueer.
- Risiko's, geleenthede, bedreigings, sterk- en swakpunte word geïdentifiseer.

'n Besigheidsplan kan onder meer die volgende bevat:

- 'n Buiteblad met die naam van die onderneming, eienaar se besonderhede en besigheidseembleem, asook 'n inhoudsopgawe waarin die struktuur van die besigheidsplan aangedui word.
- Beskryf die rede waarom die tipe onderneming gekies is. Dui die lewensvatbaarheidstudie ('n studie wat vooraf gedoen is om die kanse van die onderneming om te slaag, te bepaal) met die ondernemingsdoelwitte aan.
- Beskryf die onderneming met verwysing na die produk/diens, die mark (diegene wat die produk/diens gaan gebruik) en ligging.
- Verskaf 'n bemarkingsplan (verkoopplan) vir die besigheid se produk/diens.
- Stel 'n finansiële plan op (uitgawes, inkomste, kapitaalbehoefte, inkomste- en balansstaat, gelykbreekpunt, eie fondse) wat die finansiële aktiwiteite en administrasie aandui.
- 'n Personeelplan (aantal werknemers, posvereistes) word verder vereis.
- Wys deur die nodige feite en motiverings in 'n samevatting waarom die onderneming en die aansoek om fondse (finansiering) sal slaag.

Sakeversekering

Beskerm jouself en jou belegging!

Wanneer 'n besigheid gekoop of begin word, moet die belegger sakeversekering (beskerming) uitneem in die vorm van 'n lewenspolis.

Beskermingsbeplanning is nie slegs vir diegene wat vir 'n werkgewer werk nie, maar ook vir dié wat vir hulself werk. Mense wat op die een of ander manier by 'n onderneming betrokke is, behoort hulle teen alle moontlike sake-
risiko's te beskerm. As die onderneming (om watter rede ook al) gesluit moet word, kan dit ernstige finansiële implikasies vir die lid (BK), vennoot of aandeelhouer (MPY) inhou.

Versekering is dan ook dié metode om individue teen sakerisiko's te beskerm.

Koop-en-verkoopoooreenkomste

Die doel van dié soort ooreenkoms is

- om die kontinuïteit van die onderneming te verseker
- om reserwes vir onvoorsiene gebeure op te bou

Ingevolge dié soort polis gaan al die vennote en aandeelhouers van die onderneming 'n koop-en-verkoopoooreenkoms aan. Dié ooreenkoms verplig hulle om in die geval van dood hul aandeel aan die oorblywende vennote of aandeelhouers te verkoop. Net so word die oorblywende vennote of aandeelhouers verplig om die oorledene se aandele te koop.

'n Metode vir die waardering van die oorledene se aandeel word ook gestipuleer in die ooreenkoms.

'n Lewenspolis op byvoorbeeld die lewens van alle vennote, direkteure of aandeelhouers (groot) sou die oplossing wees. Sodoende sal 'n kontantreserwe opgebou word waarmee die oorblywendes (wat dié polis op die oorledene se lewe uitneem) die oorledene se aandeel kan koop.

Vennootskapsversekering

Die hoofdoel van dié soort versekering is om in die geval van dood van 'n vennoot voldoende kontant aan die ander vennote te voorsien om die oorledene se aandeel in die vennootskap te kan koop.

Die oorledene se boedel moet dus vergoed word vir sy deel van die ven-

nootskap se bates. Vennote wil graag keer dat die oorledene se deel in verkeerde hande beland wat hulle nie in die vennootskap wil hê nie (vir watter redes ook al).

Gesamentlike lewenspolis

Dié polis word uitgeneem op die lewens van twee vennote (selde meer as twee). Die koste hieraan verbonde is laer as wat dit sou wees vir twee individuele lewenspolisse. Die polis betaal uit en eindig dus by die dood van die eerste van die twee vennote. 'n Nuwe polis moet daarna uitgeneem word.

Individuele lewenspolis

'n Vennoot kan 'n polis op die ander vennote se lewens uitneem. Die ooreenkoms tussen die vennote sal dan lui dat dié polis gebruik moet word om die oorledene se aandeel in die vennootskap te koop. Die oorblywende vennote sal egter die premies van die lewenspolis moet betaal. Sodoende word die polisopbrengs as kapitaal beskou en hoef hulle nie inkomstebelasting daarop te betaal nie. Dié premies is natuurlik nie aftrekbaar vir doeleindes van inkomstebelasting nie.

Eiendomsbeperkte maatskappy-versekering

'n Maatskappy is 'n regspersoon, en bestaan afsonderlik van sy aandeelhouers. 'n Eiendomsbeperkte maatskappy kan selfs oor net een aandeelhouer beskik.

Konflik kan om die volgende redes ontstaan tussen die oorblywende aandeelhouers en die erfgename:

- Die aandeelhouers wil toekomstige groei bewerkstellig, terwyl die erfgename onmiddellik 'n inkomste verlang.
- Vir die aandeelhouers is salarisse van primêre belang en dividende sekondêr, terwyl die erfgename hoë dividende verlang.
- Die erfgenaam mag die aandele aan 'n vreemdeling, selfs 'n mededinger, verkoop.

Konflik, agterdog en selfs hofsake kan dus volg.

Die enigste moontlike oplossing om al die negatiewe gevolge te voorkom, mag wees om die oorledene se aandele te koop deur 'n koop-en-verkoop-ooreenkoms, ondersteun deur 'n lewensversekeringspolis.

Beslote korporasies

'n Beslote korporasie (BK) is 'n regspersoon wat onafhanklik van sy lede bestaan. Die BK kan versekeringspolisse uitneem op die lewens van sy lede met 'n belang in die korporasie, om later met 'n lid se ongeskiktheid of afsterwe sy belang te koop.

Professionele ingelyfde maatskappye

Die aandeelhouders van 'n professionele ingelyfde maatskappy mag ook versekeringspolisse uitneem op dieselfde grondslag as aandeelhouders van 'n eiendomsbeperkte maatskappy.

Polisse op die lewens van werknemers

Sleutelpersoonversekering

'n Onderneming het dikwels een of meer mense in diens wat 'n groot bydrae lewer tot winsgewendheid. Die werkgever kan hom egter beskerm teen verliese deur sleutelpersoonversekering op die betrokke se lewe uit te neem.

Versekering om 'n spesifieke las te dek

- om 'n oortrokke rekening te verseker
- om 'n persoonlike waarborg te dek
- om 'n aandeelhouer se leningsrekening te dek
- om 'n verbandlening te dek
- om 'n kontantreserwe te voorsien

Dit is belangrik om kennis van die verskillende sakeversekeringspolisse asook die behoefte waarin hulle kan voorsien, te dra.

4.4 EK MOET MY PAKKET BELÊ VIR AFTREDE – WATTER BELEGGINGSALTERNATIEWE KAN EK GEBRUIK?

BELÊ JY VIR AFTREDE, IS JOU PRIMÊRE DOELWIT
FINANSIËLE ONAFHANKLIKHEID NÂ AFTREDE

ONTHOU OOK JOU EIE PERSOONLIKE FINANSIËLE
BEHOEFTE EN DOELWITTE, MAW JOU LEWENSTYL EN
LEWENSTANDAARD

Tydens die bespreking van 'n pakketbelegging vir aftrede is dit geensins moontlik om breedvoerig aandag te skenk aan al die moontlike finansiële situasies waarin jy as belegger jou kan bevind nie. Hier word veral gedink aan:

- ouderdom
- gesinsamestelling
- finansiële behoeftes en doelwitte
- die magdom finansiële produkte en ander beleggings waarmee dieselfde aftreedoelwitte bereik kan word
- verskillende boedel- en inkomstebelastingdoelwitte
- die moontlikheid van buitelandse beleggings (sien afdeling 4.5) vir randverskansing
- emigrasie
- toekoms- en loopbaanbeplanning vir kinders
- die tempo waarteen beleggingsprodukte verander
- veranderings in sowel plaaslike rentekoerse as die wisselkoers

Dit behoort reeds duidelik te blyk dat daar slegs breë riglyne verskaf kan word omdat dit hier gaan oor die belegging van pakkette (of ander enkelbedrae) deur die breë Suid-Afrikaanse beleggerspubliek. Elke potensiele en voornemende belegger moet self bepaal waar hy of sy staan met betrekking tot al die stappe en aksies wat sal lei tot die uiteindelijke belegging van die pakket vir aftrede. Net so sal sekere beleggers meer in bepaalde produkte glo as ander, terwyl die eiendomsmagnaat nog steeds in eiendom sal belê en die multi-miljoenêr-sake-man in bepaalde sakebelange. Dit is ook nie verkeerd nie en maak die lewe nog interessanter.

Die belegging van die pakket moet nie as die einde van jou lewe beskou word nie, maar as 'n geleentheid of avontuur waartydens jy hopelik baie kennis gaan opdoen. Verder behels die belegging 'n proses van opeenvolgende besluite wat tot finansiële gemoedsrus moet lei.

Hierdie bespreking moet natuurlik verder saamgelees word met van die ander hoofstukke in hierdie boek en moenie in isolasie gesien word nie. Die rede is hoofsaaklik dat 'n mens nie weer alle relevante sake hier kan bespreek nie. Daar sal kortliks hier en daar na enkele begrippe in ander hoofstukke verwys word, sodat daar tog ook meer perspektief aan hierdie bespreking gegee kan word. Niemand kan dus slegs hierdie hoofstuk lees en op grond daarvan die finale en korrekte beleggingsbesluit neem nie.


HIERDIE PAKKET IS DIKWELS DIE SOMTOTAAL VAN JOU
FINANSIËLE LEWE – BELË DIT MET DIE RES VAN JOU LEWE
VOOR OË

DINK VERAL AAN DIE VOLGENDE ...

Jou inkomstegaping ná aftrede (pensioenaanvulling)

Die inkomste wat die meeste mense ná aftrede uit hul pensioenvoorsiening ontvang, is aansienlik laer as wat hulle gedurende hul werksjare in die vorm van 'n salaris verdien het. Daar ontstaan gevolglik 'n inkomstegaping wat deur middel van addisionele voorsiening vir aftrede gevul moet word. Sodoende kan dieselfde lewenstandaard as vóór aftrede gehandhaaf word. Figuur 4.1 gee jou 'n aanduiding van die inkomstegaping wat jy self moet vul, tensy jy met 'n baie laer lewenstandaard tevrede sal wees. Jou beleggings moet dus sodanig gemaak word dat jou netto inkomste ná aftrede gelyk is aan jou netto inkomste vóór aftrede.

Figuur 4.1 Inkomstegaping ná aftrede (Swart 1996:580)



Tabel 4.1 gee 'n aanduiding van die nodige persentasie addisionele voorsiening wat jy moet maak om dieselfde lewenstandaard (dieselfde inkomste) ná aftrede te kan handhaaf.

Tabel 4.1 Persentasie benodigde addisionele aftreevoorsiening (Swart 1996: 582, 583)

Jare tot aftrede	Persentasie van huidige inkomste benodig om voorsiening aan te vul									
	8,0%	9,0%	10,0%	11,0%	12,0%	13,0%	14,0%	15,0%	16,0%	
10	13,63	15,58	17,45	19,50	21,46	23,41	25,37	27,33	29,29	
11	15,41	17,32	19,49	21,67	23,84	26,01	28,19	30,38	32,53	
12	16,69	19,08	21,48	23,87	26,26	28,66	31,05	33,44	35,84	
13	18,26	20,88	23,50	26,11	28,73	31,35	33,96	36,58	39,20	
14	19,86	22,71	25,55	28,40	31,24	34,09	36,93	39,78	42,62	
15	21,49	24,57	27,65	30,72	33,80	36,88	39,93	43,03	46,11	
16	23,15	26,46	29,78	33,09	36,40	39,72	43,03	46,34	49,65	
17	24,84	28,23	31,94	35,50	39,05	42,61	46,16	49,71	53,27	
18	26,55	30,35	34,15	37,95	41,75	45,55	49,35	53,14	56,94	
19	28,30	32,35	36,40	40,45	44,50	48,54	52,59	56,64	60,69	
20	30,08	34,39	38,69	42,99	47,29	51,59	55,89	60,20	64,50	
21	31,90	36,46	41,02	45,58	50,14	54,70	59,26	63,82	68,38	
22	33,74	38,56	43,39	48,21	53,03	57,86	62,68	67,51	72,33	
23	35,62	40,71	45,80	50,89	55,98	61,08	66,17	71,26	76,35	
24	37,53	42,89	48,26	53,62	58,99	64,35	69,72	75,08	80,45	
25	39,48	45,12	50,76	56,40	62,05	67,69	73,33	78,97	84,61	

Jy sal ná 20 jaar fondslidmaatskap (pensioen- of voorsorgfonds) met ongeveer 40% van jou finale salaris aftree. Sou jy met 90% daarvan wil aftree, is jou inkomstegaping dus 50% (90-40). Sou jy dus nog 16 jaar oorhê vóór jou beplande aftrede, moet jy (sien die tabel) 16% (teenoor 49,65 – ±50%) van jou huidige salaris addisioneel belê vir aftrede.

BELÊ EERSTENS VIR JOU LEWENSONDERHOUD

Jou pakket moet dus só belê word (vóór enige ander oorweging of besluit) dat jy jou inkomstegaping kan vul met addisionele maandelikse inkomste.

Jy kan jou inkomstegaping bepaal deur 'n tabel vir periodes van 5, 10, 15, 20, 25, 30, 35 en 40 jaar op te trek. In die tabel moet jy veral twee jaarlikse syfers bepaal, naamlik jou

- nabelaste jaarlikse lewenskoste
- nabelaste jaarlikse pensioeninkomste

Deur jou pensioeninkomste van jou lewenskoste af te trek kan jy jou inkomstegaping/inkomste-oorskot per jaar bepaal. Nou sal jy kan sien in watter mate jy jou pakketbelegging vir inkomste of vir kapitaalgroei moet aanwend.

Inflasie gaan jou pensioen/kapitaal verteer

Jy moet onthou dat stygende lewenskoste 'n werklikheid is en die invloed daarvan op sowel jou inkomste as jou kapitaal gevoel kan word. Jaarlikse stygings (eintlik slegs aanpassings) in pensioeninkomste is deurgaans laer as die werklike inflasiekoers met die gevolg dat jou pensioen elke jaar minder werd word. Jou lewenstandaard daal gevolglik jaar na jaar.

BELÊ SODAT JOU MAANDELIKSE INKOMSTE (PENSIOEN)
MET MEER STYG AS DIE INFLASIEKOERS (STYGING IN
LEWENSKOSTE)

Beskerm en vermeerder jou kapitaal

Jou kapitaal moet beskerm en vermeerder word ten einde jou algemene welvaart te verhoog. Net so kan jou maandelikse pensioen dan ook makliker of met meer verhoog word uit hierdie verhoogde kapitaalbronne. Namate jou kapitaalgroei, kan jou lewenstandaard verhoog word en jy toenemend (in lyn met jou kapitaalgroei) 'n gemakliker lewenstyl aanleer. Meer luukshede kan sodoende aangeskaf en/of benut word (duurder vakansies, reise, oorsese reise, ens).

BELÊ DUS VIR KAPITAALGROEI

Onthou om self jou behoeftes en inkomstegaping te help bepaal ten einde die betaling van onnodige kommissie (vanweë die makelaar se subjektiewe betrokkenheid) te voorkom.

Speel klaar met sekere skuld

Daar bestaan hoofsaaklik twee tipes skuld, naamlik die wat in die normale gang van ons lewe gebruik word en die wat gebruik word om bates te bekom (bv 'n woning) of 'n besigheid te finansier. Waar skuld gebruik word om 'n inkomste mee te verdien, is dit nie raadsaam om die skuld met jou pakket af te los nie (tensy jy ernstige kontantvloeiprobleme ondervind), omdat die rente op die skuld belastingaftrekbaar is. Die gevolg is dat laasgenoemde aftrekbaarheid die opbrengs op jou eie kapitaal wat jy gebruik het, verhoog.



Net so is dit nie wys om slegs jou eie geld in só 'n besigheid te steek sonder om van skuld (geleende of vreemde kapitaal) gebruik te maak nie. Jy moet juis nie al jou eie geld op dié manier waag nie. Belê eerder 'n deel daarvan vir kapitaal groei in geval jou besigheid misluk en jy op die kapitaal moet terugval vir 'n voortbestaan.

Dit is wel wys om jou korttermynskuld (gewone rekeninge) te betaal asook jou huisverband indien jy nie meer 'n subsidie op 'n deel daarvan ontvang nie. Ontvang jy byvoorbeeld nog 'n subsidie tot op R75 000, kan jy alle skuld bó dié bedrag aflos omdat die maandelikse paaie ment bo R75 000 nie deur 'n werkge wer gesubsidieer word nie.

BETAAL ALLE SKULD SONDER SUBSIDIE- EN BELASTINGVOORDELE

Deur 'n deel van jou pakket in jou huisverband (sonder subsidie) te belê, ont vang jy 'n belastingvrye opbrengskoers wat gelyk is aan jou verbandrentekoers (die rentekoers wat jy betaal op jou verbandlening).

Die meeste mense wat 'n woonhuis besit, het die koop gefinansier met 'n ver band wat by wyse van maandelikse paaie mente oor 'n tydperk van minstens twintig jaar afbetaal word ('n tydperk van dertig jaar word ook toegestaan).

Wat talle mense nie besef nie, is dat hulle in hierdie twintig jaar (of langer) tot meer as vier keer die aanvanklike leningsbedrag aan die verbandhouer terugbetaal. Dit duur langer as sestien jaar (van die twintigjaartermyn) om maar die helfte van die aanvanklike leningsbedrag terug te betaal.

Dis dus vanselfsprekend dat baie min beleggings dieselfde voordele as 'n verbandafbetaling kan lewer, veral in tye van hoë rentekoerse. Die huiseienaar (verbandgewer) kan deur sy maandelikse premie met 10 persent te verhoog, die terugbetalingstermyn van twintig jaar met bykans die helfte verminder. Jy kan 'n hoë opbrengs verdien deur 'n enkelbedrag op die verband af te betaal.

Gestel iemand koop 'n woonhuis en finansier dit deels met 'n verband van R100 000 wat oor 'n tydperk van twintig jaar teen 'n rentekoers van 15,5 persent betaal moet word. Die maandelikse paaient beloop R1 353,88. Die koper moet dus 240 paaiente van R1 353,88 elk aan die verbandhouer terugbetaal.

Maar kom ons kyk wat gebeur indien die maandelikse premie met net 10 persent (oftewel R135,39) verhoog word. Die nuwe paaient is nou R1 489,27 per maand. Die nuwe verbandtermyn verkort tot ongeveer dertien jaar of 156 maande. 'n Besparing van R113 726 ($R1\,353,88 \times 84$ maande) word gevolglik verkry deur hierdie verhoging. Die addisionele inbetaling van R21120 ($R135,39 \times 156$ maande) moet natuurlik van die R113 726 afgetrek word, wat 'n netto besparing van R92 605 beteken.

Aan die einde van die dertiende jaar kan 'n tweede, heelwat kleiner eiendom (woning) aangeskaf word – moontlik met die oog op aftrede. Die 'besparing' (dit wat die huiseienaar in elk geval oor twintig jaar sou betaal) kan aangewend word om so 'n eiendom te finansier en 'n huurder kan dié verband help betaal.

Gestel aan die ander kant 'n persoon beskik oor 'n bedrag van R20 000 wat belê kan word. Alhoewel korttermynskuld bykans altyd eerste afgepos moet word, sou ek steeds voorstel dat 'n afbetaling (dws 'n belegging) op die huisverband gemaak moet word:

- Die belegging se opbrengs is belastingvry, ongeag die grootte daarvan.
- Die verbandtermyn word baie korter.
- Derduisende rande word aan rente bespaar, veral as die belegging met 'n verhoogde maandelikse premie gekombineer kan word.
- Die opbrengs op die belegging is hoog, dis gewaarborg en daar is geen risiko aan verbonde nie.

Kyk ook na hierdie sommetjie: Die eienaar betaal R20 000 ekstra aan sy huisver-

band af enkele maande nadat 'n huis gekoop en dit met 'n verband van R100000 gefinansier is. Die verbandbedrag daal met R20000 tot R80000 en die verbandtermyn (teen dieselfde paalement) beloop nou slegs nege jaar (ongeveer 112 maande). Met 'n verdere 10 persent-verhoging van die paalement word die termyn tot 7,7 jaar (92 maande) verkort.

In tabel 4.2 hieronder word die opbrengs van so 'n gedeeltelike paalement-delging ook ten opsigte van belastingvoordele uiteengesit (want onthou, dis in effek 'n belastingvrye belegging). Gestel 'n persoon se marginale belastingkoers is 40% en die rentekoers op sy huisverband is 15%. Dan bied 'n belegging in sy huisverband 'n voorbelaste opbrengs van 25% per jaar. Sou verbandkoerse styg tot 18%, verdien die persoon 30% (voorbelaste) rente op sy belegging.

Tabel 4.2 Voorbelaste opbrengs op verbanddelging (Swart 1996:347)

Marginale belastingkoers	Jaarlikse rentekoers op jou verband													
	12%	13%	14%	15%	16%	17%	18%	19%	20%	21%	22%	23%	24%	
10%	13,3	14,5	15,6	16,7	17,8	18,9	20,0	21,1	22,2	23,3	24,4	25,6	26,7	
15%	14,1	15,3	16,5	17,7	18,8	20,0	21,2	22,4	23,5	24,7	25,9	27,1	28,2	
20%	15,0	16,2	17,5	18,8	20,0	21,3	22,5	23,8	25,0	26,3	27,5	28,8	30,0	
25%	16,0	17,3	18,7	20,0	21,3	22,7	24,0	25,3	26,7	28,0	29,3	30,7	32,0	
30%	17,1	18,6	20,0	21,4	22,9	24,3	25,7	27,1	28,6	30,0	31,4	32,9	34,3	
35%	18,4	20,0	21,5	23,1	24,6	26,2	27,7	29,2	30,8	32,3	33,8	35,4	36,9	
40%	20,0	21,7	23,3	25,0	26,7	28,3	30,0	31,7	33,3	35,0	36,7	38,3	40,0	
45%	21,8	23,6	25,5	27,3	29,1	30,9	32,7	34,5	36,4	38,2	40,0	41,8	43,6	
50%	24,0	26,0	28,0	30,0	32,0	34,0	36,0	38,0	40,0	42,0	44,0	46,0	48,0	
55%	26,6	28,8	31,1	33,3	35,6	37,8	40,0	42,2	44,4	46,7	48,9	51,1	53,3	

Hierdie afbetaalde gedeelte van die huisverband kan natuurlik later weer opgeroep word vir 'n noodgeval of om iets anders te finansier. So 'n stap moet baie sorgvuldig oorweeg word, want daar is ook nadele aan verbonde.

Sou 'n 'verbandbelegging', soos hierbo uiteengesit, met iets soos 'n vaste deposito vergelyk word, staan 'n mens verstom oor die verskil. Op 'n opbrengs van 16% (by die vaste deposito) moet nog belasting betaal word terwyl die waarde van die beleggingsbedrag verder daal teen die inflasiekoers. Daarby moet geld vir lang tye vas belê word om 16% te verdien, en dan kan die belegger nie daaraan raak nie. Dieselfde gebeur met 'n belegging in versekering.

Versprei jou finansiële/totale beleggingsrisiko

Die begrip diversifikasie beteken om jou risiko te versprei oor verskillende beleggings. Jy moet byvoorbeeld nie al jou geld in Krugerrande belê of alles in 'n spesifieke bedryf nie (tensy die bedryf nie veel deur ekonomiese en politieke gebeure geraak kan word nie). Jy kan byvoorbeeld diversifiseer deur jou pakket in kontant, staatseffekte, vaste eiendom en effekte-trusts (aandele) te belê.

Dit beteken nie dat jy nou te alle tye moet belê in wat ook al die laagste risiko het nie, maar dat jy moet verseker dat 'n bepaalde ekonomiese, politieke of finansiële situasie (plaaslik sowel as internasionaal) nie jou totale beleggingsportefeulje in duie kan laat stort nie. Jy kan jou beleggingsrisiko die beste versprei (diversifiseer) deur sodanig te belê dat jou beleggings op verskillende tydstippe in waarde daal en toeneem. Sodoende daal die gemiddelde risiko van al jou beleggings omdat jy nie al jou eiers in een mandjie geplaas het nie.

DIVERSIFISEER – PLAAS JOU EIERS IN MEER AS EEN MANDJIE

Die ideaal is ook om by dieselfde belegging vir 'n gegewe opbrengs die laagste risiko te kry. Net so sal ons ook vir 'n gegewe risikovlak die hoogste opbrengs wil hê.

GAAN RISIKO AAN VOLGENS JOU BELEGGINGSBEHOEFTE

As jy byvoorbeeld oor onvoldoende kapitaal beskik en vind (tesame met jou makelaar) dat jy meer riskant sal moet belê, is dit in orde. Jy het miskien tot nou toe heeltemal te konserwatief belê en nooit enige risiko aangegaan nie. Dit kan altyd op die lang duur teen jou tel omdat jy nie toegelaat het vir voldoende kapitaalgroei nie.

IS JOU LANDRISIKO TE HOOG?

As ons nog wyer kyk en al ons eiers in Suid-Afrikaanse beleggings (bates) het, kan dit dalk nodig wees om 'n gedeelte of jou hele pakket in die buiteland te belê. Sodoende sal jy jou

- internasionale risiko verlaag
- internasionale welvaart verhoog

Lees meer oor buitelandse beleggings in afdeling 4.5 (net hierna).

Maniere om inkomste aan te vul

Inkomste kan selfs uit 'n noodfonds aangevul word, byvoorbeeld 'n vaste deposito, 32-dae-kennisgewing-deposito's, geldmarkfondse en inkomstetrusts. Ten tye van hoë rentekoerse is geldmarkfondse natuurlik veel meer as 'n noodfonds. Ek verwys net na vaste deposito's en 32-dae-kennisgewing-deposito's vanweë hulle rente-inkomste, maar dit is nie 'n goeie opsie as jy jou pakket wil belê nie. Dit is wel moontlik om jou pakket tydelik in 'n geldmarkfonds te plaas (by hoë rentekoerse) waarna dit oorgeplaas kan word na inkomsteplanne, gekoppelde produkte of as deel van 'n gestruktureerde fonds.

Geldmarkfondse

GELDMARKFONDSE IS GOEIE KORTTERMYNBELEGGINGS

Suid-Afrika is heelwat agter verskeie ander lande in soverre dit kom by geldmarkfondse as beleggingsinstrumente. Die eerste geldmarkfonds is in 1971 in die VSA gestig en tien jaar later (1981) in Frankryk as teenreaksie op beperkende finansiële wetgewing. In Suid-Afrika kon die klein belegger nog nooit direk in die geldmark belê nie vanweë die grootte van die minimum bedrag (R100 000) wat belê moes word. Geldmarkfondse bied beleggers nou die geleentheid om op 'n stokvel-wyse 'n hoë opbrengs op gesamentlike beleggings te verdien.

Wat is 'n geldmarkfonds?

Dit is 'n effektetrust wat as korttermynbeleggingsinstrument dien en ten doel het om 'n lopende inkomste aan beleggers te verskaf. 'n Geldmarkfonds belê 'n groot aantal beleggers se gesamentlike beleggings in die geldmark. Die kapitaal is veilig (lae risiko) omdat daar belê word in staats- en ander openbare sekuriteite, skatkiswissels, skuldbriewe, bankdeposito's en ander toegelate geldmarkinstrumente met 'n looptyd van nie langer as 12 maande nie.

Vir watter situasies is dit veral geskik?

- individue met 'n minimum van R2 000 om te belê (wissel van instansie tot instansie)
- indien jy 'n maandelikse beleggingsinkomste verlang

- as jy op soek is na 'n risikovrye belegging
- indien jy 'n betreklik groot bedrag vir 'n kort periode wil belê
- vir diegene wat 'n noodfonds wil skep waar die belegging binne 'n dag tot hul beskikking is
- waar boedelgeld tydelik belê moet word
- waar kerke of skole deurlopende inkomste benodig
- indien algehele likiditeit verlang word
- waar trustgeld relatief hoë rente kan verdien

Wat is die minimum beleggingsbedrag?

Instellings verskil aansienlik. Die minimum aanvanklike belegging is R2000. Die minimum opvolgende belegging is R2 000 of R200 indien per debietorder belê word.

Die minimum verlangde saldo

R2 000 (net 'n sekere instelling). Dit verskil tussen instellings.

Wat is die koste?

Aanvangsheffing: 1,5% op R2 000 – R99 999

1,0% op R100 000 – R999 999

0,6% op R1 000 000 en meer

Diensgeld: 0,6% (reeds ingesluit in daaglikse gekwoteerde koers)

Geldmarkfondse versus effekte-trusts

Alhoewel sekere effekte-trusts, byvoorbeeld inkomstetrusts, inkomste bied, is die primêre doelwit van ander effekte-trusts dié van kapitaalgroei. Geldmarkfondse is gemik op die beskerming van kapitaal asook hoë inkomste. Effekte-trusts belê in die aandele van genoteerde maatskappye. Geldmarkfondse belê in geldmarkinstrumente. Die risiko van geldmarkfondse is baie laer as by effekte-trusts. By effekte-trusts is die termyn veronderstel om langer as drie jaar te wees, terwyl dit by geldmarkfondse van een dag tot 12 maande kan wees. Beide se inkomste is ten volle belasbaar. Rente word sesmaandeliks by effekte-trusts en maandeliks by geldmarkfondse betaal. Beide is baie likied.

Geldmarkfondse versus vaste deposito's

Rentekoerse wissel by geldmarkfondse en is vas vir die termyn by vaste deposito's. By geldmarkfondse kan die belegging (uitgesluit die minimum saldo) binne een dag bekom word. Vaste deposito's kan na 'n vaste termyn bekom word. Geldmarkfondse is dus meer likied. By beide is die rente/inkomste ten volle belasbaar. Rentekoerse is hoër by geldmarkfondse as by vaste deposito's. Die risiko is laer by geldmarkfondse as by vaste deposito's.

Voordele van geldmarkfondse

- Klein beleggers kan daarin belê.
- Die belegging is baie likied.
- Dit bied 'n hoër opbrengs as ander korttermynbeleggings wat 'n inkomste bied.
- Dit is meer gediversifiseerd as ander soortgelyke beleggings.
- Die mededinging wat dit veroorsaak sal beter dienslewering tot gevolg hê.
- Die belegger se kapitaal is baie veilig.
- Dit is geskik vir risikovermyders.
- Dit verskaf 'n hoë opbrengs tydens inflasionistiese toestande.
- Geen verkoopskommissie is betaalbaar nie.

Nadele van geldmarkfondse

- Geen vaste opbrengs word gewaarborg nie.
- Geen Suid-Afrikaanse geskiedenis ('track record') bestaan vir potensiële beleggers nie.
- Fondsbestuurders is nog 'onervare'.

Hoe om 'n geldmarkfonds te kies

Daar kan verwag word dat die opbrengste tussen geldmarkfondse maar betreklik min sal verskil. Gevolglik sal daar nie slegs op grond van opbrengste gekies kan word nie. Die grootte van die fonds speel 'n verdere rol. Groter fondse behoort hoër rentekoerse te betaal vanweë die laer administrasiekoste. Hoe korter die beleggingsperiode van die instrumente waarin geldmarkfondse belê, hoe veiliger is die geldmarkfondse.

'n Uittree-annuïteit kan verder gebruik word om inkomste aan te vul. Net so kan 'n deel van jou pakket (as enkelbedrag) gebruik word om 'n jaargeld (vry-

willige annuïteit) aan te koop ('n pensioen, met ander woorde). 'n Enkelbedrag word gevolglik gebruik om 'n maandelikse pensioen te koop. 'n Tweedehandse polis is 'n verdere opsie.

Moet nooit vergeet dat daar iets soos inkomsteproduserende vaste eiendom (talle tipes) bestaan waarin vir doeleindes van 'n maandelikse inkomste belê kan word nie. Natuurlik sal dit met meer sorg en dikwels eie bestuursvereistes gepaard gaan.

Vra ook jou makelaar of staatseffekte op hierdie stadium goed benut kan word as inkomsteproduserende beleggingsalternatief.

Uittree-annuïteite

Belê in 'n uittree-annuïteit en geniet die belastingvoordele wat die wet toelaat. 'n Annuïteit is 'n reeks betalings of beleggings wat in gelyke paaielemente geskied.

'n Uittree-annuïteit is 'n belastingvriendelike manier om voorsiening vir aftrede te maak. Vir elke R100 wat in 'n uittree-annuïteit belê word, word R45 (45%) weer van die belastinggaarder terugontvang. Die belegger betaal gevolglik slegs R55 vir elke belegging van R100 (mits sy marginale belastingkoers 45% is).

Indien jy reeds oor 'n goedgekeurde vierjaar- naskoolse kwalifikasie beskik, neem jy 'n PPS-annuïteit uit. Die opbrengs is hoër as by ander annuïteite vanweë die laer risiko wat lede inhou. 'n PPS-annuïteit is slegs bedoel vir professionele persone wat oor 'n vierjaar-kwalifikasie beskik en word slegs deur Sanlam aangebied/onderskryf. (PPS staan vir die Professionele Voorsieningsvereniging van Suid-Afrika/Professional Provident Society of South Africa.) 'n PPS-annuïteit is 'n gewone uittree-annuïteit en funksioneer in breë trekke dieselfde, behalwe dat ekstra belastingvrye dividende uitgekeer word vir elke aandeel wat besit word.

Tussen die ouderdom van 55 jaar en 70 jaar moet die uittree-annuïteit se opsie uitgeoefen word, met ander woorde

- Die belegger moet een derde van sy totale belegging as 'n enkelbedrag neem en dit weer belê (herbelê).
- Die oorblywende twee derdes moet gebruik word om 'n verpligte annuïteit te koop.

Die verpligte annuïteit kan óf 'n tradisionele annuïteit óf 'n moderne

lewende/buigsame annuïteit wees. 'n Tradisionele annuïteit kan op die lewe van 'n enkele individu of op albei gades (man en vrou) se lewens wees. Na die dood van die enkele individu verval alle verdere voordele. In die geval van dood by 'n gesamentlike annuïteit ontvang die langsllewende 'n inkomste tot en met sy/haar dood. In geval waar albei persone nog leef (ná uitoefening van die opsie) is daar verskillende inkomstekombinasies waaruit daar gekies kan word. Ouer persone, asook diegene wat rook, sal byvoorbeeld 'n hoër inkomste ontvang as gevolg van 'n korter lewensverwagting. Vroue, daarenteen, ontvang 'n laer inkomste vanweë hul langer lewensverwagting as dié van mans.

Die twee derdes (verpligte annuïteit) kan ook in 'n lewende/buigsame annuïteit belê word. Hiervolgens kan die belegger sy/haar vlak van inkomste self kies op grond van sy/haar huidige behoeftes, byvoorbeeld tussen 5% en 20% van die tweederde-kapitale bedrag. Hierdie keuse is ook baie gunstiger vir erfgename wat selfs ná die dood van die langsllewende (in die geval van twee persone) óf die oorblywende fondse oor 'n vyfjaarperiode kan ontvang, óf soos die oorspronklike belegger met die annuïteit kan voortgaan.


'n Enkelbedrag-uitkeerpolis

Dit is wel moontlik om 'n enkelbedrag (bv 'n gedeelte van 'n pakket) in 'n polis te belê. In die geval van 'n enkelbedrag-uitkeerpolis kan een van die volgende twee beleggingsopsies gekies word:

- Die bedrag kan vir vyf jaar belê word (sonder enige onttrekkings) waarna maandelikse kontantonttrekkings gemaak word (onttrekkings is belastingvry).



- Die bedrag kan vir vyf jaar belê word maar daar word maandelikse onttrekkings (inkomste) gemaak vir 60 maande (die maandelikse inkomste-bedrag word gelykop verdeel tussen kapitaal en inkomste – inkomste is belasbaar, kapitaal nie).



In die geval van maandelikse onttrekkings gebeur onder meer die volgende:

- Rente oor die vyfjaarperiode word by die kapitaal (beleggingsbedrag) gevoeg.
- Inkomste moet op die belegger se belastingvorm verskyn omdat dit belasbaar is.
- Sou kapitaal of inkomste eers na vyf jaar geneem word, is dit belastingvry.
- Inkomste wat na vyf jaar ontvang word hoef nie op die belegger se belastingvorm te verskyn nie.

'n Enkelbedrag-annuïteit (vrywillige annuïteit)

Sien die bespreking van uittree-annuïteite, en maak seker dat u die verskil ken tussen 'n verpligte en 'n vrywillige annuïteit. Let daarop dat die hantering van inkomste en kapitaal (by 'n vrywillige annuïteit) net soos by die tweede opsie van 'n enkelbedrag-uitkeerpolis geskied. Die inkomste word verdeel tussen inkomste en kapitaal – inkomste is belasbaar en kapitaal is belastingvry.

Tweedehandse polisse

'n Polishouer leen dikwels geld teen die polis om bepaalde behoeftes of begeertes te bevredig. Hierdie lenings is rentevry. Soms leen diegene soveel dat hulle polisse op 'n dag nie meer veel werd is nie en hulle graag daarvan ontslae wil raak om die skuld las (lening teen die polis) vry te spring. Dit is selfs moontlik dat die polis se waarde en die leningsbedrag gelyk is aan mekaar. Sodoende ontstaan 'n tweedehandse polis omdat 'n polishouer daarvan ontslae wil raak en dit wil verkoop in die beleggingsmark.

Net so is daar beleggers wat in 'n polis wil belê, maar nie bereid is om vyf jaar daarvoor te wag nie. Diegene stel dan belang om so 'n tweedehandse polis by die polishouer te koop. Die koopprys beloop meestal:

- die bruto waarde van die polis op daardie stadium
- plus 3%–7% wins vir die polishouer op die waarde van die polis

Hierdie polisse is beskikbaar vir diegene met 'n enkelbedrag of gedeelte van 'n pakket.

Voordele vir die belegger

- Die poliswaarde (afkoopwaarde) is belastingvry op enige tydstip gedurende die beleggingsperiode.
- Alle polisinkomste is belastingvry.
- Kontantbonusse is belastingvry.
- Persoonlike inkomste kan verhoog word.
- Die polistermyn kan verleng of verkort word.
- Dit is 'n veilige belegging.
- Dit is die ideale belegging vir diegene in 'n hoë belastinginterval (-skaal).

Nadele vir die belegger

- Tweedehandse polisse is nie so gereidelik beskikbaar nie (alhoewel sekere makelaars dit in 'voorraad' het).
- Die koste kan tot 7% hoog wees.

Natuurlik moet jy die koste met jou belastingbesparing vergelyk, asook talle ander voordele.

Aandele

Jy kan ook jou inkomste aanvul deur met 'n gedeelte van jou pakket 'n rekenaar en aandeleprogram te koop om met aandele te spekuleer. Hier word van tegniese ontledings (die historiese ontleding van aandelepryse) gebruik gemaak om te bepaal wanneer aandele gekoop of verkoop moet word. Dit gaan hier dus om tydsberekening. Jy sal die nodige opleiding ontvang as jy 'n program koop en in totaal sal dit jou sowat R7 000 uit die sak jaag. Daar is verskillende programme soos Sharefriend en Compushare en jy ontvang daaglikse inligting via jou rekenaarpakket oor die verwickelinge op die Johannesburgse Aandelebeurs.

Wat is aandele?

Soos 'n maatskappy groei, word sy aandele aan die publiek uitgereik. Jy belê dus geld in die maatskappy, wat só geld kry om verder uit te brei. Jy kry 'n ser-

tifikaat as bewys van hoeveel aandele jy het. Daardie aandele kan jy teen 'n wins verkoop as die prys gestyg het.

Wat is 'n effektetrust?

Dis 'n ope trust (of fonds) waarin jy eenhede kan koop en weer aan die trust kan verkoop. 'n Eenheid bestaan uit aandele en effekte (gewoonlik meer as twintig om die risiko te verminder). Effekte is geldelike bates wat die staat, staatsondersteunde instansies (soos Eskom en Iscor), groter munisipaliteite en maatskappye uitreik. 'n Mens kan ook klein bedrae (bv R50) in effektetrusts belê. Buiten kapitaalgroei ontvang jy ook dividende ('n winsaandeel) en rente. Daar was in April 1999 meer as 220 effektetrusts in Suid-Afrika en meer as 35 000 wêreldwyd.

Is aandele 'n groter waagstuk as effektetrusts?

Ja, maar aandele bied 'n groter opbrengs. Beleggings in die meeste effektetrusts is oor meer as 20 aandele versprei. Die kans dat jy geld gaan verloor, is dus baie kleiner. Verskillende effektetrusts beteken ook 'n hoër of laer risiko vir die belegger, na gelang van die maatskappy in wie se aandele die trust belê het.

Hoe kan ek in aandele belê?

Óf direk, óf indirek. 'n Direkte belegging beteken jy koop aandele wat op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer is. 'n Effektetrust is 'n indirekte belegging (maw daar word in die aandele van ander maatskappye belê). Direkte en indirekte beleggings kan deur jouself of 'n makelaar (aandele- of versekeringsmakelaar/-agent) geskied.

Waarom in aandele belê?

- Jy kan 'n relatief groot wins (bv 30% of 50%) in 'n taamlike kort tydperk maak.
- Jy kan betreklik gou jou aandele verkoop en kontant in die sak hê.
- Die meeste aandele se waarde styg oor die lang termyn sodat jy 'n hoër opbrengs as die inflasiekoers ontvang.
- Daar is 'n inkomste in die vorm van dividende.
- Tans geen belasting betaalbaar op dividende nie.
- Kapitaalgroei is ook belastingvry.

- As jy in kapitaalgroei belangstel, kan jy vra dat die dividende herbelê word. Die maatskappy hou dit dus terug en belê dit elders.
- 'n Positiewe kapitaalgroei kan op lang termyn (20–30 jaar) verkry word.
- Jy kan belê in maatskappye wat hul inkomste in buitelandse valuta verdien. Randverskansing (beskerming teen 'n daling in die waarde van die rand) is dus moontlik.
- Kapitaal kan vinnig vermeerder (maar ook verloor!) word.

Hoeveel geld het ek nodig?

As jy wil spekulêr, kan jy nou en dan 'n paar honderd rand se aandele koop. Jy kan ook maandeliks sowat R500 of R1 000 (of meer) in aandele belê. (Jy kan selfs R1 belê, maar die makelaarskoste regverdig nie sulke klein bedraggies nie.) Die beginsel van randverskansing is hier ter sprake. Aandele word so op die goedkoopste manier oor 'n lang tydperk bekom. Maar onthou dat 'n make-laar meer moeite doen met 'n belegging van R100 000 en meer, omdat dit dan moontlik is om die risiko van so 'n portefeulje te versprei.

Hoe verskil 'n belegging van spekulasie?

Dit hang af of jy dit as belegging koop of om te spekulêr.

- *'n Belegging:* Dit beteken aandele word as 'n langtermynbelegging gekoop. Die belegger hou dit vir 'n lang tydperk, byvoorbeeld 10 of 50 jaar; jy koop en verkoop nie gedurig nie. Die doel is dus langtermyn-kapitaalgroei.
- *Spekulasie:* Die aandele word gekoop en verkoop met die doel om wins te maak. 'n Spekulant belê sy geld op kort termyn en stel nie in kapitaalgroei belang nie. 'n Aandeel kan vandag gekoop en oor twee weke weer verkoop word. (Die tydperk kan korter of langer wees.) Die belegger koop 'n aandeel as hy reken dit is onderwaardeer en verkoop dit as hy dink dit is oorwaardeer, of as die prys flink gestyg het.

Kan enigiemand self daarin belê?

Ja, maar dit verg kennis, tyd (een of twee uur per dag), motivering en dissipline. Talle skoolkinders maak deesdae fluks só geld: hulle het 'n kursus gevolg, 'n rekenaar gekoop en spekulêr nou. Rekenaarprogramme met sulke kursusse is onder meer WEN Software, Progressive Systems, Richard Cluver

Investments en Equitrac CC. Die koste wissel van R1 500 tot R4000. Beursinligting word gereeld verskaf.

Moet ek 'n makelaar gebruik?

As jy nie self wil spekuleer nie, maw as jy nie self wil besluit watter aandele jy wanneer moet koop of verkoop nie, is 'n makelaar die antwoord. Kies 'n maatskappy wat sy eie navorsingspanne het en 'n volledige reeks dienste verskaf. Jy kan besluit of die maatskappy self alle beleggingsbesluite (koop/verkoop) moet neem, en of jy geraadpleeg wil word, maar laat dit lief in die kenners se hande. Onthou, jy moet hom/haar met groot bedrae geld vertrou. Dit is belangrik dat julle dieselfde oor waagstukke voel; bespreek dit dus vooraf.

Hoe vind aandeletransaksies plaas?

Aandele is voorheen op die beursvloer verhandel: dit was 'n Babelse verwarring soos almal geskreeu het. Maar sedert 1997 word van die JET-stelsel (Johannesburg Equities Trading) gebruik gemaak. Handelaars is via hul eie rekenaars aan die JET-stelsel gekoppel en doen só sake.

Is daar ekstra koste ter sprake?

Daar is koste aan die meeste beleggings verbonde, ook by aandele. Daar is geld betaalbaar by sowel die koop as verkoop van aandele. As jy koop, is makelaarskoste ter sprake (1,5% van die waarde van die transaksie, bereken volgens 'n wisselskaal – hoe meer jy koop, hoe minder is dié koste), en bemarkbare-sekuriteite-belasting (0,25%). As jy verkoop, betaal jy slegs die makelaarskoste.

Hoe reageer aandele op die ekonomie?

Dit hang af van die soort maatskappy waarin belê is. Nie alle bedrywe word ewe swaar deur 'n resessie geraak nie. Groeibedrywe (bv rekenaars) vaar goed, ondanks 'n resessie. 'n Defensiewe bedryf (bv kos en bier) word die minste deur die ekonomie beïnvloed – mense móét eet en bier sal hulle drink. Sikliese bedrywe (duursame goedere, bv motors en meubels) vaar selfs beter as die ekonomie in goeie tye. In slegte tye kom mense maar met hul ou motor en meubels klaar. Rentekoers-sensitiewe bedrywe is byvoorbeeld finansiële dienste, die bankwese en die eiendomsbedryf.

Watter beleggingsbenaderings kan ek volg?

Aandele word gekoop as hulle onderwaardeer is en verkoop as hulle oorwaardeer is. 'n Onderwaardeerde aandeel se waarde is hoër as wat mense in die mark dit waarneem. Jy koop dus dié aandeel omdat jy glo dit is meer werd as wat die eienaar (die aandeelhouer) dink. Die eienaar glo weer die aandeel is minder werd as die waarde wat jy daaraan heg en wil dit gevolglik verkoop.

Hier is (baie kortliks) twee benaderings.

- Die fundamentele benadering bestaan hoofsaaklik uit drie stappe: Eers 'n makro-ekonomiese ontleding, wat die verloop van die algemene ekonomie bepaal en verklaar. 'n Bedryfsontleding bepaal vervolgens die groei-ontlikhede binne 'n bepaalde bedryfstak (soos elektronika). Laastens word 'n ontleding van die individuele onderneming in 'n bepaalde bedryfstak gedoen.
- Die tegniese benadering ontleed die geskiedkundige beweging van aandelepryse.

Daar word na spesifieke patrone in die tendense gekyk. Só word leidrade oor die toekomstige verloop van aandelepryse gevind. Die uitgangspunt is dat die optrede van kopers/verkopers in soortgelyke marktoestande dieselfde sal wees.

Wanneer behoort ek te belê?

Kry eers inligting by die Johannesburgse Aandelebeurs, makelaars en finansiële publikasies. Jy belê nie op jou oudag al jou geld met die hoop om gou ryk te word nie. Aftreegeld/uitredingspakkette word slegs in aandele belê na voorsiening vir kort-, medium en langtermynbehoefte gemaak is. Jy leen ook nie geld om in aandele te belê nie. Aandele behoort (veral in jou middeljare) reeds deel van jou beleggingsportefeulje te wees. Begin van jongs af; belê eers in effektetrusts en daarna in aandele.

Wat is aandele se toekoms?

Net soos in die verlede sal baie kort- en langtermynbeleggers geld maak óf verloor. Al daal pryse soms, styg dit weer. Die neiging is altyd opwaarts. Jy kán baie geld maak. Maar jy kan ook baie verloor as jy aandele blindelings en sonder kundige advies koop en verkoop.

Hoe 'lees' jy dit?

Wat beteken daardie fynskrif-aandelekolomme in die koerante?

- *H*: Hoogste prys (in sent) van 'n aandeel gister
- *L*: Laagste prys gister
- *My*: Maatskappy se naam (meestal verkort)
- *Pr*: Sluitingsprys gister (pryse waarteen die laaste transaksies beklank is)
- *K*: Prys waarteen kopers wou koop, maw hoeveel sent kopers bereid was om vir daardie aandeel te betaal
- *V*: Prys waarteen verkopers wou verkoop, maw hoeveel sent verkopers bereid was om vir daardie aandeel te aanvaar
- *Do*: Dividendopbrengs
- Verdienste per aandeel: Totale netto wins van die maatskappy gedeel deur totale hoeveelheid aandele wat die maatskappy uitgereik het
- *P/V*: Prys/verdiens-te-opbrengs – dit word bereken deur die aandeel se prys te deel deur die verdienste per aandeel. Gestel die verdienste is 20c en die aandeelprys R1,20; die aandeel word gevolglik verkoop teen ses keer sy opbrengs (120c gedeel deur 20c). Die *P/V* is dus 6, wat beteken daar is ses jaar se verdienste per aandeel in die huidige aandeelprys opgesluit. (Let wel: dis 'n historiese verdienste, maw die vorige ses maande se verdienste van die maatskappy, wat gewoonlik elke ses maande verklaar word.)

As die *P/V* 20 was, was daar 20 jaar se verdienste in opgesluit. Dus: hoe hoër die *P/V*, hoe groter is die verwagting dat die betrokke aandeel nog jare (20 jaar) gaan presteer.

- $\pm$: Die dag se beweging, maw styging of daling (in die daaglikse verkoopprys)
- *Vol*: Die dag se volume (in 100e of 1 000e), maw hoeveel van die betrokke aandeel verhandel is.

En daardie 'snaakse' terme?

Hier is 'n paar terme wat ons gereeld hoor:

- *Geldmark*: mark vir korttermynfondse
- *Kapitaalmark*: mark vir langtermynfondse
- *Bankaksepkoers*: die rentekoers wat banke vir bankaksep te betaal
- *Bankaksep te*: dis 'n korttermynbeleggingsinstrument waarin individue en

maatskappye kan belê. Dit word by 'n bank gekoop wat 'n sekere rentekoers of opbrengskoers waarborg; die bedrae is baie groot; dit beloop miljoene rande)

- *Verbruikersprysindeks*: die inflasiekoers (of gemiddelde styging in pryse van verbruikersgoedere)
- *Blue chips*: dit is aandele in die sterkste maatskappye met die beste prestasierekord (SA Brouerye, Anglo American)
- *Black chips*: maatskappye onder 'swart beheer' op die Beurs (Real Africa)
- *Bulmark*: 'n koopfase waarin die aandelepryse voortdurend styg
- *Beermark*: 'n tendens van dalende aandelepryse
- *Sentiment*: die gemoedere op die Beurs in afwagting op of na afloop van sekere gebeure of afkondigings rakende byvoorbeeld rentekoerse, die Repokoers, ens
- *Goudindeks*: algehele beweging (of gemiddelde prys) van uitgesoekte goudaandele
- *Nywerheidsindeks*: algehele beweging (of gemiddelde prys) van uitgesoekte nywerheidsaandele
- *Dow Jones-nywerheidsindeks*: die nywerheidsindeks van die Amerikaanse aandelebeurs
- *Nikkei*: die algehele indeks van die Japanse aandelebeurs

Maniere om kapitaal te vermeerder

Jy wil graag 'n positiewe reële kapitaalgroei hê, met ander woorde kapitaalgroei ná inflasie en belasting (waar van toepassing). Die veld van beleggingsalternatiewe (-opsies) is baie wyd en dek harde bates (Krugerrande, Persiese tapyte), onroerende eiendom (erwe en geboue) en talle finansiële bates soos effektetrusts en aandele.

By 'n pakketbelegging moet jy veral in terme van effektetrusts en aandele dink. Effektetrusts is eintlik maar net 'n indirekte belegging in aandele, omdat jou belegging oor 20 verskillende aandele versprei is.

Aandele

Jy kan in aandele belê deur middel van 'n aandelemakelaar. As jy self nie oor die nodige kennis en tyd beskik nie, is dit die aangewese manier. Verder moet

jy die makelaar bepaalde besluitnemingsmagte (al dan nie) rakende die koop en verkoop van jou aandele gee. 'n Bank kan jou ook help met jou belegging in aandele. Kyk veral na die bespreking rakende die kies van 'n aandelemakelaar in afdeling 2.2. Maak veral van 'n vollediens-makelaar ('full service broker') gebruik (een met 'n volledige navorsingspan wat alle dienste aanbied).

Bronne van inligting vir 'n belegging in aandele is onder meer:

- die Johannesburgse Aandelebeurs
- inligting soos verskaf deur vollediens-makelaars
- die Investment Analysts Society of Southern Africa (IAS)
- finansiële publikasies (*Business Day*, *Financial Mail*, *Finance Week*, *Finansies & Tegniek*)
- verskaffers van elektroniese finansiële inligting (Reuters, Intelligent Network (I-Net), Dow Jones Telerate Southern Africa, Buro vir Finansiële Analise (BFA), McGregor Information Services)
- Suid-Afrikaanse professionele joernale (*Investment Analysts Journal*)
- Suid-Afrikaanse inligtingsbronne (Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB), Statistieke Suid-Afrika, die Internasionale Monetêre Fonds (IMF))
- ander bronne van inligting (banke, die Internet, buro's)
- inligting van binne die Beurs ('insider trading')

Onthou, jy kan op die kort termyn met aandele spekulêr of op die lang termyn (langer as vyf jaar) daarin belê. Let daarop dat versekeringsmaatskappye ook namens jou direk in aandele kan belê. Dit gaan ook met 'n waarborgskema gepaard wat jou risiko verlaag en ook vir betreklik ouer beleggers geskik is.

Effektetrusts

Effektetrusts bied hoë kapitaalgroei (hoë belastingvrye opbrengste) en kan gou te gelde gemaak word want dit is baie likied. Hierdie effektetrusts kan gebruik word as 'n deposito op 'n woonplek as jy nog nie oor een beskik nie.

Effektetrusts laat die relatief klein belegger toe om indirek op die Johannesburgse Aandelebeurs te belê. Hiervolgens word daar in die aandele van maatskappye belê – gewoonlik gelyktydig in byvoorbeeld twintig maatskappye se aandele. Daar kan maandeliks in effektetrusts belê word.

Daar bestaan drie breë kategorieë effektetrusts:

- algemene fondse
- spesialiteitsfondse

- inkomstefondse

Eersgenoemde twee het kapitaalgroei ten doel terwyl inkomstefondse 'n gereelde inkomste aan byvoorbeeld afgetrede individue verskaf. Jong individue behoort in eersgenoemde twee kategorieë te belê en geensins in inkomstefondse nie. Die risiko verskil aansienlik tussen verskillende effektetrusts en jong persone behoort met die oog op langtermynkapitaalgroei in riskante effektetrusts te belê, byvoorbeeld effektetrusts van opkomende (nuwe) maatskappye. Dit is ook moontlik om in effektetrusts met internasionale belange te belê, met ander woorde een of ander tipe internasionale fonds.

Een van die nuutste tipes effektetrusts is geldmarkfondse, wat inkomste aan beleggers verskaf en die kapitaal beskerm. Geldmarkfondse het tans die laagste risiko van alle effektetrusts.

Die koop van effektetrusts behels 'n klein aanvanklike deposito, byvoorbeeld R200 by sommige trusts. Daarna kan daar met nog kleiner maandelikse bedrae (R100) daarin belê word. Daar bestaan verskeie metodes om effektetrusts te koop:

- deur aansoekvorms van 'n makelaar of organisasie in te vul
- deur koerant- en tydskrifadvertensies in te vul
- deur middel van e-pos
- op die webbladsy op die Internet
- die skakel van tolvrye nommers om met kliëntediens te praat
- by Computicket

Effektetrusts bied hoë kapitaalgroei, veral waar die belegging langer as drie jaar gehou word – tot so lank as 30–50 jaar vir effektiewe kapitaalgroei. Net so beskerm dit die belegger teen inflasie. Dit is verder baie likied, met ander woorde die totale belegging kan binne tien dae opgeroep word sou die belegger die geld dringend vir ander behoeftes nodig.

Bronne van inligting rakende effektetrusts en hulle opbrengste/resultate oor verskillende tydperke, byvoorbeeld een, drie, vyf, tien of vyftien jaar, is onder meer die volgende:

- boeke
- koerante
- makelaars
- banke

- versekeringsmaatskappye
- die Internet

Hier volg 'n aantal Internetadresse:


- Bureau for Financial Analysis (UP) – <http://www.bfa-net.com>
- Brantom – <http://www.brantom.co.za>
- Stones – <http://www.infostones.co.za>
- Easyinfo – <http://www.investment.co.za>
- TMA – <http://www.tma.co.za>
- Guardbank – <http://www.guardbank.com>
- Norwich – <http://www.norwich.co.za>
- Plexus – <http://www.plexus.co.za>
- Ou Mutual – <http://www.oldmutual.com>
- *Business Day* – <http://www.bday.co.za>
- *Financial Mail* – <http://www.atd.co.za/fm>
- *Finance Week* – <http://africa.com/mags/finweek>
- *Business Times* – <http://www.btimes.co.za>

Dit is ook moontlik om 'n belegging in effektetrusts met 'n lewenspolis, 'n uitkeerpolis of 'n uittree-annuïteit te koppel. So 'n produk of belegging word 'n effektetrust-gekoppelde belegging genoem.


Elke persoon se siening van risiko of sy risikoprofiel ('n risiko-aanvaarder of 'n risikovermyder) sal grootliks bepaal in watter effektetrusts belê sal word. Nogtans behoort 'n jonger persoon baie meer riskant te belê as byvoorbeeld 'n middeljarige persoon.

Hier volg 'n paar kenmerke van effektetrusts asook van die verskillende effektetrusts met betrekking tot risiko, opbrengs, kapitaalgroei, inkomste, kort-, medium-, langtermynbehoefte, kennisvereiste, ouderdom en belasbaarheid.

Risiko versus opbrengs



Kapitaalgroei versus inkomste



Kort termyn versus lang termyn

Kort termyn	Geldmark Inkomste
Medium termyn	Prima effekte Spesialis
Lang termyn	Bestuurde aandele

Kennisvereistes

As jy as belegger oor betreklik min kennis van effektetrusts beskik, moet jy óf geen óf baie min betrokkenheid by die bestuur van jou effektetrustportefeulje hê. Indien jy oor meer of baie kennis beskik, kan jy aktief betrokke wees by die bestuur van jou effektetrusts.

Beleggingsopsies vir effektetrustbelegging op bepaalde ouderdomme

20-40 jaar	Jy moet in hoërisiko-effektetrusts belê, byvoorbeeld spesialisfondse
40-60 jaar	Belê in effektetrusts met 'n gemiddelde risiko, byvoorbeeld bestuurde fondse en indeksfondse
Ouer as 60 jaar	Belê in laerisiko-effektetrusts, byvoorbeeld inkomstefondse

Belasbaarheid

Daar word belasting betaal op die inkomste wat inkomstetrusts en geldmarkfondse lewer. (Vir meer inligting oor effektetrusts, raadpleeg N Older, H Lambrechts & L Still 1998, *Unit trusts handbook*, Johannesburg: Profile.)

Effektetrustgekoppelde produkte

As ons praat van effektetrustgekoppelde produkte dan verwys ons na 'n produk waarby effektetrusts gekoppel is met onder meer uittree-annuïteite, lewende annuïteite, bewaringsfondse, gewaarborgde inkomsteplanne en gewaarborgde kapitaalplanne. Dit maak dit ook moontlik vir die belegger om van een effektetrust na 'n ander oor te skakel. Net soos dit moontlik is om maandeliks in effektetrustgekoppelde produkte te belê, net so is dit moontlik om 'n pakket of enkelbedrag (of 'n gedeelte daarvan) daarin te belê.

Ons weet dat effektetrusts tans die produk in Suid-Afrika is wat deur die meeste beleggers gebruik word vir langtermynkapitaalgroei. Waar effektetrusts dan met ander produkte gekoppel word, word die voordele van beide verkry, byvoorbeeld die kapitaalgroei daarvan plus die belastingvoordele van 'n uit-tree-anuïteit.

Besighede wat effektetrustgekoppelde produkte verkoop (deur middel van 'n makelaar) staan bekend as 'produkfabrieke'. Vir doeleindes van aftrede en die belegging van 'n pakket kan daar onder meer tussen die volgende effektetrustgekoppelde produkte onderskei word:

- uittree-annuïteite (die uittree-annuïteit funksioneer net soos gewoonlik, maar is gekoppel aan 'n effektetrust)
- lewende annuïteite (sien afdeling 4.4)
- bewaringsfondse (bewaringsfonds is aan 'n effektetrust gekoppel en funksioneer soos altyd – sien afdeling 4.4)
- gewaarborgde planne ('n gedeelte van die belegging waarborg jou kapitaal/inkomste en die res word meer riskant belê)
- effektetrustomruilings (dit is goedkoper om van een effektetrust na 'n ander oor te skakel by effektetrustgekoppelde produkte as by 'n gewone effektetrustbelegging)

Voordele

- Dit is veral geskik vir 'n enkelbedrag-pakketbelegging.
- Dit beskik oor die normale effektetrustvoordele plus die voordele van ander produkte.
- Effektetrustomskakelings is goedkoper.
- Die belegger se behoeftes rakende risiko en opbrengs word beter gedien, veral in veranderende marktoestande.
- Betreklik klein bedrae kan belê word (R1 000 pm of R10 000 in 'n enkelbedrag).
- Net soos by gestruktureerde fondse (sien afdeling 4.4) kan 'n belegging stelselmatig ingefaseer word ten einde risiko te verlaag.
- Inligting rakende jou belegging is maklik bekombaar en alle aspekte rakende jou belegging (bv koste) is deursigtig.
- Jou geld word veilig in 'n trust bewaar.

- Die administrasie tydens die beleggingsproses is baie eenvoudig vir die belegger.
- 'n Rekenaarstelsel verskaf onmiddellike beleggingsinligting.

Nadele

- Dit kan nadelig wees as jy op die verkeerde tyd omskakel van een effek-tetrust na 'n ander. Jy kan byvoorbeeld teen 'n lae prys verkoop (swak mark) en teen 'n hoër prys herbelê (gevolglik verloor jy kapitaal).
- Jy kan nie vir veranderde behoeftes die effektetrustkoppeling kosteloos ongeldig maak en op 'n ander wyse (as effektetrust gekoppeld) herbelê nie.
- Keuse van die verkeerde effektetrustportefeulje kan die gemiddelde opbrengs van jou gekoppelde belegging aansienlik laat daal.
- Al word daar nie fooie vir ruilings tussen effektetrusts gevra nie, is daar nog altyd verpligte koste, wat nie altyd deur 'n makelaar genoem word nie.
- Jy kan 'n maatskappy kies waarvan die rekenaarstelsel nie op standaard is nie met die gevolg dat rampe op markte nie altyd hanteer kan word nie (bv geweldige hoë verkoopvolumes) en beleggers geld kan verloor.
- Beleggers wil nie altyd buitelandse beleggings in dieselfde produk as plaaslike beleggings hou nie.
- Gekoppeldeproduk-maatskappye vra jaarlikse bestuursfooie wat jou totale koste ietwat verhoog.
- Gekoppeldeproduk-maatskappye hoef nie jou belegging op/binne 'n gegewe tydstop (bv op aanvraag) terug te betaal nie ('n annuïteit betaal eers uit op 55 jaar).

'N EFFEKTETRUSTGEKOPPELDE BELEGGING IS BAIE
BUIGSAAM EN KOMBINEER PRODUKVOORDELE

Gestruktureerde fondse

'n Gestruktureerde fonds is hoofsaaklik daar vir die belegging van enkelbedrae, byvoorbeeld jou pakket of enige ander enkelbedrag. Dit is ook moontlik om op 'n ad hoc-grondslag beleggings daarin te maak en herhalende beleggings (meestal groter bedrae) word ook toegelaat.

Ander kenmerke en voordele van gestruktureerde fondse is onder meer soos volg: dit bied inkomsteplanne, waarborgskemas, 'n noodfonds en kapitaal-

groei-opsies. Binne hierdie fonds is daar oorskakelingsfasiliteite tussen finansiële produkte na gelang beleggersbehoefte verander teen basies geen koste nie. Die belegger (jy) sal byvoorbeeld net vanaf een instelling ingelig word omtrent die bestuur en prestasies van jou belegging(s). Buigsaamheid word sodoende aan beleggers verskaf asook opsies om byvoorbeeld in enige effeketrust te belê. Kapitaal kan gewaarborg word asook gebruik word om 'n inkomste (pensioen) mee aan te koop. Dit is verder moontlik om onttrekkings uit hierdie fondse te maak sonder enige boetes. Oorskakelings binne dieselfde bestuursmaatskappy is meestal sonder fooie. Daar is egter altyd bepaalde verpligte koste. Net so is daar bepaalde vereistes rondom die kleinste beleggingsbedrae, die termyn van sekere beleggingsopsies en die aantal effeketrusts waarin belê kan word.

Effek van omgewingsveranderinge op portefeuljesamestelling

Gestel 'n persoon se pakket van R500 000 is in 'n gestruktureerde fonds belê en soos volg:

Gestruktureerde fonds				
Inkomsteplan R50 000	Staatseffekte R50 000	Geldmarkfonds R100 000	Effektetrusts R200 000	In die buiteland R100 000

Voorbeeld 1:

Sou langtermynrentekoerse daal en 'n definitiewe afwaartse neiging volg, sou dit raadsaam wees om die fondse van die geldmarkfonds (R100 000) na die effeketrusts te skuif. Net so moet die R50 000 wat in staatseffekte belê is, geskuif word na effeketrusts. Daarna sal die portefeulje soos volg lyk:

Gestruktureerde fonds		
Inkomsteplan R50 000	Effektetrusts R350 000	In die buiteland R100 000

Natuurlik sal laasgenoemde beleggings slegs geskuif kan word indien die belegger met die bestaande inkomste vanuit die inkomsteplan, plus moontlike ander addisionele inkomste, sal kan leef. Dit sou ook moontlik wees om geld in die inkomsteplan te plaas indien 'n bepaalde rentekoers byvoorbeeld vir vyf jaar gewaarborg sou word.

Voorbeeld 2:

Sou langtermynrentekoerse styg en hierdie tendens volhou (en hoog bly), sal dit raadsaam wees om die R200 000 wat in effektetrusts belê is te skuif na geldmarkfondse en/of staatseffekte. Gestel die belegger skuif R100 000 na elk van laasgenoemde. Daarna lyk die portefeulje soos volg:

Gestruktureerde fonds			
Inkomsteplan R50 000	Staatseffekte R150 000	Geldmarkfondse R200 000	In die buiteland R100 000

U sal opmerk dat die buitelandse belegging onveranderd gehou is omdat dit gemaak is met randverskansing (beskerming teen 'n dalende rand) voor oë. Hoë of lae rentekoerse in die buiteland is nie hier die oorweging nie.

Natuurlik wil 'n mens 'n belegging wat inkomste moet verdien vir so lank moontlik teen die hoogste koers belê. Skielike stygings of dalings in rentekoerse veroorsaak dikwels dat mens geld vir te lang (as rentekoerse styg) of te kort (as rentekoerse daal) periodes vas belê. Hier dink mens veral aan vaste deposito's.

Gestel rentekoerse is baie hoog terwyl die waardes van aandele en effektetrusts baie laag en opbrengste negatief is. 'n Belegger kan nou ook sy pakketbelegging rondskuif en 'n deel daarvan (nie die in aandele en effektetrusts nie) gebruik om meer aandele en/of effektetrusts te koop. Sou hierdie waardes weer styg, sal die belegger oor baie aandele en/of effektetrusts beskik wat boonop teen 'n baie lae prys gekoop/bekom is. Die mark was gevolglik reg om goedkoop in aandele en/of effektetrusts te belê, veral waar 'n belegger te veel in inkomsteproduserende beleggings belê het. Hierdie skuif sal egter so lank moontlik uitgestel word om onder meer

- so lank moontlik hoë rentekoerse te verdien
- in aandele en/of effektetrusts te belê net voordat die pryse daarvan begin styg

'n Goeie makelaar en baie geluk sal bepaal hoe tydig of ontydig so 'n skuif plaasgevind het. Dit geld vir sowel skuiwe tydens hoë as lae rentekoerse.

Hierdie beleggingsvoorbeeld is gedoen in tye waarin die verskil tussen rentekoerse en inflasie baie groot is in Suid-Afrika. Sou die verskil tussen rentekoerse en inflasie baie klein wees, raak beleggings met kapitaalgroei (in teenstelling met inkomstebeleggings) gewilder. Dit is die geval waar 'n beleg-

ger 'n keuse het tussen inkomste en kapitaalgroei en nie slegs genoeg het (of selfs te min het) om van te leef uit 'n inkomste-oogpunt nie. Ten tye van hoë inflasie word daar meestal 'n negatiewe reële opbrengs (na inflasie en inkomstebelasting) op die meeste inkomstebeleggings verdien.

Hoe behoort jou beleggingsproduk(te) te lyk?

As mens kon, sou jy hier graag 'n eenvoudige prentjie wou skilder. Ongelukkig behels die antwoord op bogenoemde vraag talle prentjies en talle kombinasies van hierdie prentjies. Elke prentjie en die produkte wat dit verteenwoordig sou jou finansiële onafhanklik kan laat aftree.

Of jy nou van 'n enkele produk(te) of belegging(s), en/of 'n gekoppelde produk(te) en/of 'n gestruktureerde fonds gebruik maak, die ideaal sou wees dat jou pakketbelegging (ook 'n ander enkelbedrag) die volgende dienste lewer of eienskappe besit:


- 'n inkomsteplan ('n pensioen)
- 'n noodfonds (as jy vinnig fondse benodig)
- kapitaalgroei (vir langtermynwelvaart)
- bepaalde waarborge rondom jou kapitaal (waarborgskemas op 'n hoër ouderdom)
- geleentheid om teen baie lae koste (of geen koste) tussen bogenoemde opsies te kan beweeg en sodoende jou beleggingsbehoefte te dien soos dit in die toekoms kan verander

Natuurlik word hier hoofsaaklik van finansiële produkte gepraat, omdat dit tyd asook geld vat om na en van vaste eiendom (bv) te 'beweeg'.

Die beleggingsproses tydens aftredebeplanning

Diagram 4.1 gee 'n aantal stappe wat gebruik kan word om jou pakket te belê vir doeleindes van aftredebeplanning.

Diagram 4.1 Stappe tydens aftredebeplanning (Swart 1996:584)



Die eerste stap behels die daarstelling van doelwitte rakende aftrede wat onder meer die volgende kan behels:

- om dieselfde lewenstandaard as vóór aftrede te handhaaf
- die opbou van 'n buitelandse beleggingsportefeulje
- 'n jaarlikse oorsese reis
- die daarstelling van 'n aandeleportefeulje vir kinders en/of kleinkinders

Aftreedoelwitte moet in volgorde van belangrikheid geplaas word en aan bepaalde tydperke gekoppel word (bv 1, 3, 5, 10, 20 jaar).

Tydens die tweede stap moet alle huishoudelike inkomste en uitgawes bepaal word ten einde die inkomstebehoefte na aftrede te bepaal. Bepaal verder watter beleggings gebruik kan/gaan word om die inkomstetekort aan te vul.

Die derde stap behels die skepping van 'n beleggingsportefeulje gegrond op die inkomstebehoefte wat in Stap 2 bepaal is. Daar word na beleggingsdoelwitte verwys wat dieselfde is as die aftreedoelwitte van Stap 1. Die verskillende beleggingsalternatiewe (produkte, opsies) word aan die hand van 'n lys beleggingskriteria geevalueer. Die volgende beleggingskriteria kan onder meer gebruik word:

- inkomste
- kapitaalgroei
- veiligheid van die belegging (kapitaal)
- buigsamheid (binne die belegging)
- likiditeit
- belasbaarheid van inkomste/opbrengs
- gemak van bestuur (tyd)
- risiko
- opbrengs
- beleggingsbedrag benodig
- termyn van belegging
- marginale belastingkoers van belegger (belastingposisie)
- transaksiekoste (beleggingskoste – toetrede, bestuur en uitrede)
- tydsberekening (koop en verkoop van aandele vir spekulasie)
- diversiteit van belegger se portefeulje
- beheer wat belegger vereis
- kennis of bestuursvereistes (belê in 'n vakansieoord)

- beskerming teen inflasie
- belegger se doelwitte

Dit is belangrik om te bepaal of jou begroting (net jou pakket of jou pakket ingesluit) bepaalde beleggingsalternatiewe sal kan akkommodeer. Indien nie, sal jy nuwe beleggings-/aftreedomwitte moet opstel. Indien wel, gaan jy voort en belê jou geld vir aftrede deur middel van een of meer makelaars/adviseurs. Hou jou beleggings noukeurig dop asook die 'bestuur' daarvan deur die fondsbestuurder(s) en makelaar. Hersien en evalueer jou beleggings op 'n deurlopende grondslag.

4.5 BUITELANDSE BELEGGINGS: WAAROM, HOE EN WAAR?

'Don't rush in where angels fear to tread.'

Die begrip 'buitelandse beleggings' is een van die glanswoorde ('buzz words') wat ons tans in die Suid-Afrikaanse finansiële wêreld en veral die media gebruik. Of mense nou jonk, oud, arm, ryk, 'n eie besigheid het, boer of werkloos is, almal wil meer weet van buitelandse beleggings. Dit is daarom net logies dat diegene wat 'n pakket het om te belê 'n buitelandse belegging sal oorweeg. Is jou pakket net groot genoeg of nie eens groot genoeg dat jy daarvan kan leef nie, moet jy liewers nie in riskante beleggings (plaaslik of in die buiteland) belê nie. Dit beteken geensins dat 'n belegging in die buiteland altyd riskant is nie, maar wel dat die onsekerheid en verwarring rondom buitelandse beleggings nog vir baie jare groot sal wees.

DIE MEESTE SUID-AFRIKANERS WEEET NIE EENS HOE OM IN
SUID-AFRIKA TE BELÊ WAAR HULLE AL VIR 'N LEEFTYD
WOON EN WAT HULLE 'KEN' NIE – WAT NOG VAN IN DIE
BUITELAND BELÊ ...

Die deursigtigheid van buitelandse beleggings is nie so groot nie en dit is selfs vir ons moeilik om die presiese land van ons beoogde belegging op 'n wêreldkaart te kry. Die makelaar sukkel net so daarmee.

Hierdie skrywer poog om meer lig op hierdie misterieuse begrip te werp deur kortliks verduidelikings te verskaf asook moontlike slaggate uit te wys. Jy sal vind dat net voldoende inligting en kennis jou 'gemoedsrus' by die aangaan van 'n buitelandse belegging kan gee.

Wat egter duidelik is, is die feit dat Suid-Afrikaners uit die rustige staatsdiensagtergrond met 'n rustige en bekende aftrede geruk is. Ewe skielik leef ons in 'n inligtingsomgewing en ons ontvang inligting omtrent buitelandse beleggings, buitelandse testamente, buitelandse trusts, belastingskuilingslande, buitelandse inkomstebelastingstelsels, buitelandse geskenkbelasting, en buitelandse boedelbelasting. Boonop verskil al hierdie op die een of ander wyse en soms heeltemal tussen die verskillende lande in die buiteland.

IS DIT NIE GENOEG REDE OM UIT ONS FINANSIËLE SLAAP WAKKER TE WORD NIE?

Ewe skielik word die hele wêreld se beleggingsprodukte op ons voorstoep verkoop, of binne ons huise via die Internet. Binne sekondes kan ons nou beleggings aangaan asook herbeleggings maak oor kontinente, uit Suid-Afrika. Suid-Afrikaanse beleggers word gevolglik uit hul gemaksones geruk deur die besef dat die meeste van ons al ons finansiële eiers (bates) in een mandjie het (in Suid-Afrika). Boonop het ons dit in 'n geldeenheid wat al hoe minder werd word teenoor die res van die geldeenhede van die ontwikkelde lande.

ONS HET NIE 'N KEUSE NIE – ONS MOET KENNIS OPDOEN VAN BUITELANDSE BELEGGINGS EN DIT BEGIN TOEPAS

Tans word ons wakker geskud (hopelik), net om uit te vind dat ons beleggingsportefeulje geensins aan internasionale standaarde voldoen nie. Wat nog van dié Suid-Afrikaanse beleggers waarvan die portefeulje nie eens aan Suid-Afrikaanse standaarde voldoen nie of wat nie eens oor 'n plaaslike portefeulje beskik nie? Ja, party van ons staan baie ver agter in die beleggingsry. Ons sal ons beleggingsportefeuljes moet herstruktureer ten einde nie toenemend te verarm nie.

WAAROM HET ONS VALUTABEHEER?

Die Suid-Afrikaanse regering pas valutabeheer toe om te voorkom dat groot hoeveelhede kapitaal die land uitvlei vanweë onder meer

- plaaslike politieke skokke
- ekonomiese verswakking (markte)
- veranderings in wetgewing (veral rondom inkomste en boedelbelasting)

Valutabeheer kom gevolglik neer op owerheidsbeheer oor die koop en verkoop

van vreemde geldeenhede. Die inperking van die vryemarkmeganisme vind dus plaas. 'n Mens kan verstaan dat Suid-Afrikaanse beleggers ook vry wil wees om te belê waar hulle wil ten einde die regering se (deur middel van wetgewing) toenemende finansiële eise aan landsburgers rakende hul besittings die hoof te kan bied.

DIE AFSKAFFING VAN VALUTABEHEER

Sedert 1995 is daar volgehoue pogings om valutabeheer te verminder. In 1995 is die finansiële rand afgeskaf. Enkele bateruiltransaksies is ook toegelaat waarby beleggers kan baat. Sanlam en Ou Mutual het dan ook eerste daarvan gebruik gemaak. Daar word ook lopende rekening transaksies met buitelandse rekenings toegelaat. Sedertdien kan Suid-Afrikaners onder meer:

- R500 000 (1999) per persoon oor 18 jaar in die buiteland belê
- 'n Suid-Afrikaanse buitelandse bankrekening open en daarmee handel (bv in die buiteland belê) in 'n buitelandse geldeenheid/valuta wat ons verkies
- 'n buitelandsevaluta-bankrekening open
- buitelandse eiendom koop (onroerende eiendom)
- in verskillende buitelandse finansiële bates belê (bv effektetrusts, aandele, ens)

Natuurlik word daar 'n voorvereiste deur die Reserwebank gestel, naamlik dat Suid-Afrikaners eers hul belastings moet betaal voordat geld in die buiteland belê word. Meer oor dié beleggings so 'n bietjie later.

Die verwagting is dat valutabeheer stelselmatig verslap sal word met die hoop op algehele afskaffing. Eers dan sal die buiteland en buitelandse beleggers sien dat die Regering vertrou in hul eie land se beleggingsgeleenthede het. Daarna sal die gemiddelde Suid-Afrikaanse belegger (die rykes is lankal vry en uit) vir die eerste keer uit ons 'beleggingstronk' kan ontsnap.

Voordele vir beleggers as valutabeheer afgeskaf word

Ons sal kan belê in die talle buitelandse produkte met elk se unieke voordele. Die risiko om net in Suid-Afrika te belê sal toeneem omdat ons eiers dan in een mandjie, in terme van internasionale welvaart, sal wees. Deur internasionaal te belê sal ons opbrengste kan verhoog en ons landrisiko en beleggingsrisiko kan verlaag. Ons sal dus ons risiko in internasionale terme kan verlaag en internasionale diversifikasie kan toepas.

BATERUILTRANSAKSIES

Die eerste bateruiltransaksies het in 1995 plaasgevind deur middel van Sanlam se Buitelandse Fonds. Hiervolgens kon R250 000 per belegger in 'n spesiale uitkeerpolis belê word en beleggers sou die volle risiko dra van opbrengs- en wisselkoersfluktuasies. Hierdie eenmalige beleggingsgeleentheid het op 31 Desember 1995 of totdat 500 polisse verkoop is (wat ook al eerste plaasvind), verval. Net daarna het Ou Mutual 'n geleentheid aan beleggers gebied om óf R15 000 as 'n enkelbedrag óf R75 per maand in een van die volgende produkte te belê: 'n suiwer uitkeerpolis, 'n uittree-annuïteit, óf 'n uitgesteldevergoeding-skema.

Beleggers het 'n hoër opbrengs op hul geld verwag, maar die koste waarteen die bateruiling plaasgevind het, plus die bestuursfooi, het opbrengste verlaag. As ons egter die daling in die waarde van die rand in ag neem, is baie hoë opbrengste reeds op die beleggings verdien.

WAAROM IN DIE BUITELAND BELÊ?

Die redes waarom jy in die buiteland moet belê is talryk en beleggers word deur byna net soveel gebeure (as om te wil emigreer – sien emigrasie in hoofstuk 9) gemotiveer. Nogtans is daar enkele hoofredes:

- verskansing teen fluktuasies van 'n enkele geldeenheid en mark
- die duisende nuwe beleggingsgeleenthede
- kundige fondsbestuurders in die buiteland ken die buitelandse markte goed
- 'n gebalanseerde portefeulje
- jy kan jou portefeulje-opbrengs op 'n nabelaste grondslag verhoog
- beleggingsgeleenthede in opkomende buitelandse markte

Daar word veral aanbeveel dat die volgende groepe beleggers wel in die buiteland sal belê:

- alle beleggers – ongeveer 10%–20% van hul beleggings (totale besittings), afhangend van hul batesamestelling
- welgestelde persone – tot 50% van hul besittings
- diegene wat nog wil emigreer – soveel moontlik (skep solank 'n buitelandse

trust, maak bates likied, koop duur tyddeel wat later uitgeruil kan word vir buitelandse tyddeel)

- diegene met kinders wat later sal wil emigreer, in die buiteland sal wil gaan werk en/of hulle eie kinders (jou kleinkinders) daarheen sal wil stuur
- die persone met genoeg inkomste om van te leef nadat hulle 'n gedeelte van hul pakket in die buiteland belê het
- as jy dink dat jy nog 10, 20 of 30 jaar kan leef, omdat jou buitelandse belegging op daardie stadium baie goed was in randterme as jy dit terugbring na Suid-Afrika – vanweë die feit dat die rand moontlik nog vir baie jare sal daal in vergelyking met die geldeenhede van die sterk ekonomieë van ontwikkelde Eerstewêreld-lande

ONTHOU, ENERSYDS DAAL ONS RAND EN ANDERSYDS STYG DIE
WAARDE VAN EERSTEWÊRELD-LANDE SE GELDEENHEDE – 'N
DUBBELE SLAG VIR SUID-AFRIKANERS

Wat staan ons as Suid-Afrikaners nou te doen? Eerstens moet ons randverskansing toepas (teen die daling van die rand) en tweedens moet ons internasionale diversifikasie toepas. Ons kyk vervolgens na elk van laasgenoemde.

BESKERM JOUSELF TEEN DIE DALENDE RAND – RANDVERSKANSERS

Die Suid-Afrikaanse rand daal en gaan nog vir baie jare daal. Die lae produktiwiteit en hoë reële lone plaas toenemende druk op ons inflasiekoers. Sou ons alle buitelandse invloede en persepsies rakende Afrika en Suid-Afrika daarby voeg, is dit net logies dat ons finansiële kan en moet beplan met 'n dalende rand in gedagte.

DIE LANGTERMYNTENDENS VAN ONS RANDWAARDE IS
AFWAARTS OMDAT DAAR NEGATIEWE BUITELANDSE
(EN PLAASLIKE) PERSEPSIES OOR ONS LAND EN EKONOMIE
BESTAAN

Ja, ongelukkig kan buitelandse beleggers lees en vind hulle uit omtrent dit wat daaglik in ons land plaasvind. Die vernaamste werklikhede is onder meer toenemende geweld; gebrek aan wetstoepassing; korrupsie; wanbestuur; beleggers se belastinglas; en vakhondlede wat die regering na willekeur rondswaai

(die stert swaai die hond). Ons praat nie eens van die miljoene onrealistiese sosio-ekonomiese verwagtinge nie.

Kom ons kyk vervolgens na enkele metodes wat gebruik kan word om jou teen 'n dalende rand te beskerm. Jy sal self kan sien of een of meer van hierdie opsies binne die bereik van jou pakket (behoefte en doelwitte in ag geneem) is. Jou makelaar/adviseur kan jou verder hiermee help. Let daarop dat die risiko en opbrengs verbonde aan 'n valutarekening (wat in daggeld en vaste deposito's belê) laer is as die risiko en opbrengs verbonde aan 'n buitelandse belegging in aandele. Op die risiko-spektrum sien die verskillende randverskansers/buitelandse beleggings min of meer soos volg daar uit:

Lae risiko en opbrengs

	Plaaslike/buitelandsevaluta-rekening (daggeld, vaste deposito's)
	Polisse
	Gekoppelde effektrustprodukte
	'On-shore'-effektrusts
	Gestruktureerde fondse
	Gewaarborgde aandeeskemas
	Buitelandse eiendomstrusts (PUTS)
	Vaste eiendom
	Tenkhouders ('containers')
	'Off-shore'-effektrusts
	Buitelandse aandele-portefeulje

Hoë risiko en opbrengs

Behalwe vir die twee pole (uiterstes) sal die waarneming van die risiko van die verskillende tipes buitelandse beleggings verskil van belegger tot belegger. Vir randverskansing moet hierdie risiko's ongelukkig aangegaan word, of jy daarvan hou of nie.

'n Polis

Daar kan via buitelandse beleggings (bv 'n buitelandse aandele-portefeulje) tot uitree-annuïteite en uitkeerpolis bygedra word. Natuurlik is die gewone inkomstebelastingaftrekking by annuïteite van toepassing. Raadpleeg 'n makelaar vir die nuutste produkte. Jy sal ook toegelaat word om teen só 'n uitkeerpolis te leen of dit te sedeer.

Effektetrusts

Suid-Afrikaners kan tans in ongeveer 35 000 effektetrusts wêreldwyd belê. Vir doeleindes van hierdie bespreking is dit belangrik om kennis te dra van die drie breë kategorieë waaruit jy as belegger kan kies.

Eerstens kan jy in Suid-Afrikaanse effektetrusts belê wat in Suid-Afrikaanse aandele belê. Hierdie effektetrusts belê nie in buitelandse bates nie en bestaan onder meer uit die bekende algemene, spesialis- en inkomstetrusts (natuurlik ook ander groepe).

Tweedens kan jy in Suid-Afrikaanse effektetrusts belê wat in buitelandse bates (aandele) belê. Hierdie effektetrusts kan tans tot 100% van hulle bates in die buiteland belê. Hierdie Internasionale Fondse staan bekend as 'on-shore'-beleggings en voorbeelde is:

- ABSA Internasionaal
- BOE Wêreld
- Coronation Internasionale Groei
- Fedsure Wêreld
- Guardbank Wêreld
- Investec Wêreldwyd
- Ou Mutual Wêreld-aandele
- Sage Wêreld
- Sanlam Wêreld
- Southern Wêreld
- Standard Bank Internasionaal
- Syfrets Internasionaal
- Syfrets Universele Geleentheid

Daar word nie van jou as belegger verwag om enige toestemming of goedkeuring by die Reserwebank te verkry vir 'n belegging in hierdie 'on-shore'-effektetrusts nie. Die rede is hoofsaaklik omdat hierdie beleggings weer moet terugkeer na Suid-Afrika en nie deel uitmaak van die R500 000 wat jy uit die land kan verwyder (1999) en permanent in die buiteland kan belê nie. Jy as belegger kan byvoorbeeld R1 miljoen (of meer) op dié wyse in die buiteland belê deur middel van 'on-shore'-'/'off-shore'-effektetrusts.

Derdens kan jy direk in buitelandse effektetrusts belê as deel van die R500 000 wat per persoon permanent in die buiteland belê mag word. Vir hierdie tipe effektetrustbelegging moet daar goedkeuring van die Reserwebank

verkry word. 'n Belegger sal gevolglik bepaalde Reserwebankvorme moet voltooi en moet bewys kan lewer dat daar geen agterstallige belastingbetalings is nie. Sodanige effektetrustbeleggings staan bekend as 'off-shore'-beleggings omdat die geld nie weer na Suid-Afrika hoef terug te kom nie en deur die Reserwebank moet gaan.

'n 'Off-shore'-effeketrustbelegging kan byvoorbeeld deur middel van Sanlam se Dublin Fonds en Ou Mutual se Guernsey Fonds gemaak word.

Net soos alle ander beleggings is die keuse in die buiteland nie so maklik soos in die bekende Suid-Afrika nie. Navorsing toon dat beleggers wat in die buiteland wil belê veral kyk na die sekuriteit, betroubaarheid en opbrengs van 'n fonds as die belangrikste beleggingskriteria. Natuurlik moet hierdie aspekte van kardinale belang wees by die keuse van buitelandse effektetrusts. Die vraag ontstaan onwillekeurig oor wie nou eintlik hierdie kriteria vir jou as belegger aan bepaalde buitelandse effektetrusts sal kan koppel.

Dit blyk dat 'n multibestuursbenadering of 'n fonds-van-fonds-benadering hier gevolg kan word. Hiervolgens sal 'n baie betroubare buitelandse maatskappy wat 'n toppresteerder is jou belegging vir verskeie buitelandse fondsbestuurders in verskeie sektore gee om te belê en te bestuur. Hierdie fondsbestuurders word elk beskou as van die beste op hulle onderskeie gebiede.

Vir die meer versigtige belegger is indekstrusts die aangewese effektetrusts om in te belê. Die opbrengs is deurgaans goed en die risiko betreklik laag. 'n Groep verskillende indekstrusts is nog beter.

Uit 'n ontleding van buitelandse effektetrusts blyk spesialistrusts bo-aan die lys te wees. Net soos Suid-Afrikaanse spesialistrusts is die risiko hoër, maar só ook die opbrengste. 'n Spesialistrust is 'n effektetrust wat in aandele belê in 'n spesifieke bedryf, byvoorbeeld rekenaars of finansies.

Daar is talle metodes om in buitelandse effektetrusts te belê en makelaars, finansiële instellings en versekeringsmaatskappye kan van hulp wees, hetsy vir 'n 'on-shore'- of 'n 'off-shore'-belegging.

Aandele

Dit is moontlik om in die buiteland in aandele te belê deur middel van Suid-Afrikaanse aandele wat op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer is. Hierdie tipe aandele verdien hul inkomste hoofsaaklik deur middel van buitelandse besigheid. Voorbeelde hiervan is Richmond, Minorco, Charter, Sasol en

Fit. Daar kan verder in uitvoeraandele (wat hul inkomste deur middel van uitvoer verdien) belê word, byvoorbeeld goud en platinum.

'n Voordeel is onder meer die buigsaamheid van jou belegging. Jy kan sowel koop as verkoop net wanneer jy wil. Nadele behels eerstens die gebrek aan sekuriteit vir jou kapitaal en tweedens die beperking van die Suid-Afrikaanse mark op jou diversifikasie. Sowel die risiko as die opbrengs is hoog.

Net so kan jy by 'n makelaar verder direk in buitelandse aandele belê. Dit is ook moontlik om by 'n versekeringsmaatskappy in prima buitelandse aandele te belê. 'n Gedeelte van hierdie aandele kan weer gebruik word om bydraes te maak tot uittree-annuïteite, uitkeerpolis, bewaringsfondse en voorsorgfondse. Al is die bydraes tot die uittree-annuïteit deel van 'n buitelandse belegging, kan die gewone aftrekkings steeds vir doeleindes van inkomstebelasting gemaak word. Só 'n buitelandse aandelefonds vereis byvoorbeeld 'n minimum enkelbedragbelegging van R10 000 of maandelikse beleggings van R100.

Sodanige buitelandse aandelefonds hou 'n hoër risiko in as ander tipe beleggings, net soos gewone Suid-Afrikaanse aandele. Onthou egter jou doelwitte asook die opbrengs op jou belegging.

Tenkhouders

Tenkhouders ('containers') is seker een van die mees onbekende beleggingsinstrumente vir beleggers. Die verhuring van tenkhouders het reeds in die sestigjare ontstaan en is vandag een van die metodes waardeur Suid-Afrikaners in die buiteland kan belê. Maar wie moet daarin belê?

Wat is 'n tenkhouer?

'n Tenkhouer word van vlekvrystaal gemaak en word gebruik om voedsel, motors, motorfietse, drank, vloeistowwe en chemikalieë te vervoer.

Hoe werk 'n belegging in 'n tenkhouer?

'n Individue of 'n groep mense kan 'n tenkhouer koop en dit in die buiteland laat verhuur ten einde 'n inkomste te verdien. Die tenkhouer is saam met ander in 'n poel en inkomste word uit die poel verdien.

Wie kan daarin belê?

Individue wat R150 000 kan bekostig, kan daarin belê. Net so kan individue wat

R30 000 het, gesamentlik met ander individue daarin belê. Dit is gevolglik hoofsaaklik vir die welgestelde belegger en veral vir diegene wat binnekort aftree (of afgetree het) en 'n inkomste uit 'n belegging verlang.

Erken die wet so 'n belegging?

Sowel die Kommissaris van Binnelandse Inkomste as die Reserwebank (valuta-beheer) het dié soort skema goedgekeur.

Wat is die vernaamste voordele?

- Belastingbesparings
- Verskans belegging teen inflasie
- Verskans teen swak rand
- Begunstigde van so 'n boedel kan in die buiteland erf

Kan dit met ander beleggings gekombineer word?

Ja, 'n tenkhouer kan gekombineer word met

- annuïteite
- effeketrusts en
- bestuurde beleggingsrekenings

Hoe lyk die mark vir tenkhouers?

Daar is tans ongeveer 90 000 tenkhouers wêreldwyd in gebruik. Die verwagting is dat die vraag na dié soort vervoer geweldig gaan toeneem, omdat tradisionele metodes van vervoer afgeskaf word. Die ontwikkeling en opkoms van reuse multinasionale bedrywe in die VSA is grootliks vir die vraag verantwoordelik.

Hoe kan ek die koop finansier?

'n Gedeelte of die volle koopsom kan met geleende geld ('n lening) gefinansier word. Omdat die lening aangegaan word om 'n inkomste te verdien, is die rente daarop belastingaftrekbaar. Net so word die koopsom oor vyf jaar (teen 20% per jaar) in die vorm van waardevermindering afgeskryf.

Waarop betaal ek belasting?

Die belegger betaal belasting op die inkomste wat verdien word – dit vorm deel van die belegger se bruto inkomste. Sou die belegger 'n kapitaalwins maak by die verkoop van die tenkhouer, is geen belasting daarop betaalbaar nie. Daar sal wel in laasgenoemde geval (verkoop) 'n belastingterugbetaling wees van toelae wat tot op datum van verkope ontvang is. BTW is betaalbaar tydens aankope, maar dié bedrag kan binne twee maande terugontvang word (nadat dit teruggeëis is).

Hoe lyk my beleggingsbewys?

'n Belegger ontvang 'n afskrif van 'n gesertifiseerde eienaarskapsertifikaat van die Reserwebank (wat die oorspronklike kopie hou). Elke tenkhouer het drie nommers, naamlik 'n

- identiteitsnommer
- bedryfsnommer
- internasionale sertifiseringsnommer

Hoe ontvang ek my inkomste?

Inkomste word kwartaalliks agteruit betaal.

Kan ek saam met iemand koop?

Ja. Tot vier persone kan 'n tenkhouer koop. Elkeen ontvang dus 25% eienaarskap en inkomste, en koste word pro rata tussen die mede-eienaars verdeel.

Kan ek die tenkhouer verkoop?

Ja. Die agent sal dit bemark en die dokumentasie hanteer. Dit kan slegs aan 'n Suid-Afrikaanse belegger(s) verkoop word, omdat dié soort belegging slegs vir ons geskep is.

Is daar ander risiko's?

Nee. Die poel van tenkhouders dra gesamentlik die risiko. Die belegger kan nooit vir enige 'iets' rondom die bedrywighede (al dan nie) van die tenkhouer aanspreeklik gehou word nie.

Wie bestuur my belegging?

In die buiteland sal verhuringsagente uiteindelik jou belegging bestuur. In Suid-Afrika sal die belegger 'n agent (tydens die koop van die houer) aanwys, wat bepaalde ooreenkomste (namens die belegger) met die verhuringsagente aangaan. Jou agent vra 'n bestuursfooi van 5% van die bruto inkomste wat die tenkhouer verdien.

Waar koop/belê ek?

Ocean Container Investments, Seef Container Investments, Investec Bank, International Tank Containers, Multistar Container Transport en Medite Containers bemark die beleggings. Nuwe produkte word saam met finansiële instellings ontwikkel, byvoorbeeld ENB en Southern Lewens se 'Combo-Link'. Ontleed en vergelyk eers hierdie maatskappye voordat jy een kies om te belê.

Wat is my opbrengs?

Die opbrengs word bepaal deur die mate van besetting/gebruik (10%, 20%, 80%) van die tenkhouerpoel. 'n Hoë besetting (80%) sal 'n hoër opbrengs lewer. 'n Baie lae besetting (10%) kan veroorsaak dat daar geen opbrengs op jou belegging ontvang word nie.

Oor watter termyn moet ek belê?

Verkieslik moet jy vir 5 tot 10 jaar daarin belê ten einde die maksimum belastingvoordele en randverskansingsvoordele te behaal.

Watter persentasie moet ek hierin belê?

Verkieslik nie meer as 10% van jou beleggingsportefeulje nie.

ONTHOU, KIES DAARDIE RANDVERSKANSINGSPRODUK(TE)
WAT DIE BESTE BY JOU BEHOEFTE EN DOELWITTE PAS

Seiljagte

Daar kan ook in seiljagte belê word as randverskansing. Dit funksioneer soortgelyk aan tenkhouers en beleggers ontvang boonop 'n gratis week per jaar op die seiljag. MASMAS (Marine Syndicate Management Systems) is 'n voorbeeld

van so 'n seiljagbeleggingsmaatskappy. Dié beleggings is vir beleggers met dieselfde behoeftes as wat by tenkhouers geld.

Krugerrande

Krugerrande is 'n goeie randverskanser en kan in die primêre mark by die Suid-Afrikaanse Munt en in die sekondêre mark (waar verhandeling plaasvind) by banke, makelaars en die publiek gekoop word. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank koop ook Krugerrande as jy van joune ontslae wil raak. Hoe laer die waarde van die randwisselkoers, hoe hoër die waarde van jou Krugerrande.

Daar word verder in hierdie bespreking na geheime kapitaal/bates verwys. Krugerrande is 'n voorbeeld van geheime kapitaal wat weggesteek kan word. Daar is natuurlik bepaalde risiko's en koste aan verbonde, naamlik diefstal; geen kapitaalgroei of rente-inkomste oor sekere periodes nie; asook die koste om dit veilig by 'n bank te bewaar.

'n Gedeelte van jou pakket kan dus in Krugerrande belê word as die pakket groot genoeg is of jy genoeg ander inkomste en/of kapitaal het om van te leef tot lank ná aftrede. Myns insiens behoort Krugerrande egter nooit meer as 5% van jou beleggingsportefeulje uit te maak nie.

Vaste eiendom in die buiteland

Natuurlik kan jy vir dieselfde redes deur middel van 'n betroubare Suid-Afrikaanse eiendomsagentskap in oorsese eiendom (onroerende eiendom) belê. Jy kan of direk in oorsese eiendom belê en dit koop, of jy kan in eiendomstrusts belê. Net so is dit moontlik om in tyddeel te belê wat internasionaal uitruilbaar is.

Jy moet egter nie sonder meer aanvaar dat jy in die buiteland 'n beter opbrengs sal behaal op vaste eiendom nie, veral nie waar jy as individuele belegger optree nie. Sindikasie (waar jy saam met 'n groep beleggers belê) lyk na 'n beter opsie omdat 'n beter graad eiendom gekoop of eiendomsbelegging gemaak kan word vanweë die groter koopsom. 'n Sindikaatbelegging kan gevolglik ook meer die beleggingsrisiko versprei (verlaag) deur middel van diversifikasie.

Om uit Suid-Afrika te spekuleer (al word eiendom opgeknep en teen 'n wins verkoop) lyk op hierdie stadium eerder na 'n voltydse werk en klink eerder na

'n dreigende emigrasiegeval as na 'n buitelandse belegging. Iemand wat al in Pretoria gebly en 'n eiendomsbelegging in Kaapstad gemaak het, sal weet hoe beleggersfrustrasie en -magteloosheid voel en presies weet waarvan hier gepraat word – wat nog van eiendom in die buiteland?

Sou jy in die buiteland eiendom koop en die R500 000 gebruik wat permanent daar kan bly, sal jy vind dat dit slegs vir 'n deposito op 'n oorsese eiendom gebruik sal kan word (ná die omskakeling van jou geld).

Diegene wat in oorsese eiendom wil belê kan gerus die buitelandse eiendomsreus FPDSAVILLS raadpleeg. Dit is een van die wêreld se grootste drie eiendomsagentskappe en is tans ook in Suid-Afrika gevestig. Vir meer inligting skakel (021) 762-9780 of gebruik die Internet www.fpdsavills.co.za.

'n Uitvoerbesigheid

Daar is reeds aandag gegee aan die belegging van 'n pakket (of 'n gedeelte daarvan) in 'n besigheid (sien afdeling 4.3). Die ideaal sou natuurlik wees as jy hierdie opsie sou kies om in 'n uitvoerbesigheid te belê – dit te koop. 'n Uitvoerbesigheid bied jou die ideale geleentheid om wins te maak uit die voortdurende daling in die waarde van die rand. Die primêre voordeel is dat jy jou besigheidsinkomste ontvang in 'n geldeenheid wat meer werd is as die rand. Sou jy nou jou inkomste omskakel na randwaarde, kry jy baie meer.

Inligting omtrent uitvoergeleenthede (besighede) is maklik bekombaar en daar word selfs vir jou gesê watter produkte/dienste in watter lande in die buiteland benodig word. Net so kry jy inligting oor hoe om die besigheid te begin en hoe dit funksioneer as deel van 'n volledige besigheidsplan. Bronne van inligting is onder meer televisieprogramme, tydskrifte, en seminare wat in koerante geadverteer word.

'n Besigheid in die buiteland

Jy kan ook 'n besigheid in die buiteland begin of koop. As jy inkomste verdien uit 'n buitelandse besigheid wat 'n handelswins maak, is die wins nie in Suid-Afrika belasbaar nie, maar wel in die buiteland. 'n Buitelandse besigheid wat inkomste uit beleggings verdien word hierby uitgesluit en die inkomste sal in Suid-Afrika belas word.

'n Buitelandse trust

Suid-Afrikaanse trusts se langtermynvoordele word bedreig.

BOEDELBELASTING OP TRUSTS IS ONS VOORLAND

Die geweldige finansiële las wat die staat op die bates/boedels van individue geplaas het deur middel van boedelbelasting, het talle individue genoop om hulle tot trusts vir doeleindes van boedelbeplanning te wend.

Tans (1999) word ongeveer 600 tot 650 trusts per maand in Pretoria geregistreer. 'n Toekomstige probleem wat die stigters van sodanige trusts in die gesig kan staar, is die heffing van boedelbelasting op trusts.

Boedelbelasting op trusts het reeds in 1987 in die ou regering se witskrif op die tafel gelê. Daarvolgens sou trusts elke 15 tot 21 jaar belas word asof die trust te sterwe gekom het. 'n Mens kan aanvaar dat die landsbegroting (met sy gebrek aan belastingbetalers) die nuwe regering binnekort sal 'dwing' om tot dié drastiese stap oor te gaan.

Waarom?

Waarom trusts belas? Om die land se begroting te finansier en in 'n steeds groeiende bevolking se nimmereindigende behoeftes aan opvoeding, behuising, mediese dienste en regstellende optrede te voorsien.

Einde van trusts?

Is dit die einde van trusts? Nee, baie beslis nie. Trusts is tans 'n boedelbeplanningsinstrument waarvoor daar nie 'n alternatief bestaan nie. Dit is egter belangrik dat individue wat trusts wil skep (asook diegene wat dit reeds gedoen het) sal besef dat dit nie die eindpunt is nie, maar dat toekomstige beplanning opnuut gedoen sal moet word.

Implikasies

Wat is die implikasies vir trustbates? Die spesifieke batesamestelling van die trusts (bv slegs plase of geboue of slegs kontant) sal verskillende implikasies vir skenkers, inkomste- asook kapitaalbegunstigdes inhou.

Trusts sal likied genoeg moet wees om wel byvoorbeeld elke twintig jaar boedelbelasting of kapitaalgroeibelasting te kan betaal. Dit sou beteken dat skenkers met net vaste bates (min kontant-likiditeit) in die trust kontant aan die

trust sal moet skenk (of bates te gelde maak – binne of buite die trust) om dié finansiële verpligtinge te kan nakom.

Voorbeeld: Gestel 'n pa stig 'n trust vir sy tweejarige seun. Volgens huidige wetgewing is daar geen boedelbelasting ter sprake ten opsigte van die kapitaal groei van trustbates nie.

Daarenteen sal boedelbelasting op trusts beteken dat die trust (met die seun as trustbegunstigde) 62 jaar later reeds drie keer boedelbelasting sou betaal het. Sou die pa sy bates na sy seun laat vererf het, of dit aan die seun geskenk of verkoop het sonder om 'n trust te stig, sou die seun op 62-jarige ouderdom (indien hy nog leef) nog geen boedelbelasting moes betaal nie.

Hoër belasting?

Gaan die boedelbelastingkoers eers verhoog word? Die boedelbelastingkoers sal beslis verhoog word (tans 25% op 'n boedel groter as R1 miljoen). Die 25%-koers sal verhoog word, terwyl die korting van R1 miljoen verlaag sal word (bv na R500 000). Ons kan verwag dat boedelbelasting op trusts nie gehef sal word alvorens dié koers- en kortingaangepassing plaasgevind het nie.

Rentevrye lenings?

Wat van rentevrye lenings? Daar kan verwag word dat lenings nie meer in die toekoms rentevry sal kan plaasvind waar bates aan 'n trust verkoop word nie.

Sou dié vernietigende wet geïmplementeer word, sal dit verskillende finansiële implikasies vir verskillende boedels inhou.

Maar nou ja, dan maak ons maar net ander planne!

Dit blyk dat Suid-Afrikaanse beleggers nie slegs vir doeleindes van beleggingsbeplanning in die buiteland gaan belê nie, maar ook vir boedelbeplanning ten einde bates vir die nageslag te beskerm.

Hier dink ons veral aan die een of ander vorm van 'n buitelandse trust in 'n beleggings- en belastingvriendelike land.

N BUITELANDSE TRUST BIED BESKERMING

Sedert 1 Julie 1997 hou 'n buitelandse trust bepaalde voordele vir Suid-Afrikaners in. Dit is veral 'n teenvoeter vir die Katz-kommissie se vernietigende aanslag op elke individu se swaarverdiende bates.

Uit die vorige bespreking behoort dit reeds duidelik te blyk dat trusts in

Suid-Afrika in die toekoms deur die Katz-kommissie se opvolgers belas gaan word.

Wat is 'n trust?

'n Trust is 'n onafhanklike entiteit (regsliggaam) wat veral vir doeleindes van boedelbeplanning gebruik word. Die oprigter van die trust plaas bates daarin om die kapitaalgroei daarvan in sy eie boedel te beperk (te stop). Boedelbelasting word bespaar. Die oprigter (skenker) behou beheer oor die bates, maar verloor die eiendomsreg daarvan ten gunste van die trust. Inkomstebelastingvoordele word verder bekom.

Wat is 'n buitelandse trust?

'n Trust word 'n buitelandse trust genoem as dit in een van die wêreld se 'belastingvriendelike' lande ('tax havens') geregistreer is. Voorbeelde is lande soos Jersey, die Isle of Man, Guernsey, Luxemburg, Monaco, Liechtenstein, die Nassau-eilande, ens.

Voordele van 'n buitelandse trust

- 'n Buitelandse trust is 'n plaasvervanger vir die opstel van 'n buitelandse testament. In die geval van 'n testament (plaaslik en buitelandse) word die testateur se bates eintlik aan almal bekend gemaak. By 'n buitelandse trust word geen bates aan ander individue (derde partye) bekend gemaak nie. Vertroulikheid word eerste gestel.
- Jou bates word beskerm teen plaaslike wetlike en politieke verwikkelings, omdat dié bates aan 'n buitelandse trust behoort en nie direk beïnvloed word nie. Nuwe wetgewing raak dus nie jou bates in 'n buitelandse trust nie.
- Bates in dié trust is beskerm teen huidige boedelbelasting asook 'n verhoging in die koers (in 1999 25% bo R1 000 000) en/of 'n verlaging in die korting (tans R1 000 000).
- Waar buitelandse bates in 'n buitelandse trust is, kan dit maklik deur begunstigdes opgespoor word.
- Bates kan maklik verdeel word tussen kapitaalebegunstigdes.
- Internasionale belastingvoordele word bekom in dié uiters belastingvriendelike lande.

- Internasionale fondsbestuurders is in 'n ideale posisie om dié buitelandse bates te bestuur deur beleggings en herbeleggings te maak. Dié fondsbestuurders geniet meer vryheid as hul eweknieë in Suid-Afrika.
- Buitelandse trustbates geniet beskerming teen die sekwestrasie van die oprigter van die trust. Dieselfde geld vir toekomstige aanspreeklikhede.
- Inkomstebelastingvoordele word bekom in dié 'vriendelike' lande – dit is tog immers wat hulle is, want hulle beskerm diegene wat daar belê.

Diegene wat nog steeds die R500 000 na die buiteland wil neem, moet mooi dink aan die voordele wat 'n buitelandse trust bied.

Sou amnestie verleen word aan persone wat geld en bates 'onwettig' in die buiteland het, kan hulle ook van 'n buitelandse trust se verdere (toekomstige) beskerming gebruik maak.

'n Besigheidstrust

Jy kan 'n besigheidstrust oprig om onder meer:

- 'n besigheid in Suid-Afrika te begin
- 'n uitvoerbesigheid te begin
- 'n besigheid in die buiteland te koop of te begin
- buitelandse beleggings of geheime kapitaal deur middel van 'n trust te bestuur

Kyk verder na belastingskuilingslande en vra 'n kundige om te help met die besigheidstrust in 'n gemeneregland. Koppelings tussen besigheidstrusts en maatskappye hou talle voordele vir die oprigter (jy) in. Seker die vernaamste voordele is onder meer: inkomste- en boedelbelastingbesparings, die beskerming van geheime kapitaal, en al die gewone trustvoordele.

'n Beleggingstrust

Die ideale plek om 'n buitelandse beleggingstrust op te rig is in 'n belasting-vriendelike/belastingskuilingsland. Beleggings kan daarin geplaas word deur dit aan die trust te leen of te verkoop, afhangende van die aard van die belegging (bv 'n enkelbedrag of vaste eiendom). Dit is veral geskik vir diegene wat reeds oor geheime kapitaal in die buiteland beskik. Uit hierdie beleggingstrust kan daar nou verdere beleggings in ander lande in die buiteland gemaak word.

Skenk weereens baie aandag aan die opstel van die trustakte wanneer jy 'n

kundige raadpleeg. Let veral op die mate van beheer wat jy oor die kapitaal kan behou, byvoorbeeld deur aan te dui dat jy as die oprigter geregtig is op sowel die inkomste as die kapitaal, sou jy dit nodig. Let veral op die politieke stabiliteit van die land waarin jy jou beleggingstrust wil oprig. Raadpleeg verder 'n regsgeleerde ten einde die gemenereg- of sivielerereg-implikasies van 'n betrokke land op die oprigting van jou beleggingstrust te verduidelik.

Buitelandse boedels en skenkings

Suid-Afrikaners moet versigtig wees as hulle oor skenkings- en boedelbelasting met betrekking tot buitelandse bates/beleggings moet besluit. Raadpleeg 'n kenner rakende internasionale boedel- en geskenkbelasting omdat jy dalk baie duur foute kan begaan. Moenie sonder meer aanvaar dat jy later of na jou dood sekere bates of beleggings na 'n trust (byvoorbeeld) kan oordra nie. Lande met 'n regstelsel ingevolge die siviele reg kan probleme hê met jou trust. Net so kan dit gebeur dat jy dalk in 'n land geskenkbelasting moet betaal of in twee lande (waarvan een Suid-Afrika) boedelbelasting. 'n Kundige kan jou help om nie geskenk- of boedelbelasting te moet betaal nie.

Let verder daarop dat trustbegunstigdes en/of die trust aanspreeklik vir die betaling van inkomstebelasting gehou kan word, afhangende van onder meer

- die regte van trustbegunstigdes
- die diskresionêre magte van die trustees
- of inkomste verdeel word tussen die trust, trustbegunstigdes en die trustees
- of inkomste behou word deur die trust

Onlangse belastingwetgewing het die belasbaarheid van buitelandse inkomste drasties gewysig, onder meer:

- Waar kapitale skenkings of laerentelings aan 'n trust of nie-inwoner van Suid-Afrika gemaak word, is alle inkomste wat daaruit mag voortspruit belasbaar in die hande van die skenker.
- Indien 'n buitelandse trust meer as 50% van sy inkomste aan 'n Suid-Afrikaanse inwoner gee, is die inkomste belasbaar al sou dit in die vorm van kapitaal ontvang word

Jy moet gevolglik nie die volgende doen as jy oor 'n buitelandse trust beskik nie:

- Moenie 'n buitelandse trust deur 'n skenking of lening vorm as jy (as skenker) boonop 'n begunstigde van die trust is nie.
- Moenie trustinkomste of -kapitaal na 'n Suid-Afrikaanse inwoner oordra tensy daar ook nie-Suid-Afrikaanse inwoners as begunstigdes is nie.

Ja, daar is talle belastingslaggate by buitelandse skenkings, boedels, inkomste en trusts. Onthou dit as jy met jou pakket handel.

Gestel jy erf in die buiteland. Jy het nou 30 dae om hierdie buitelandse bates deur middel van jou bank aan die Reserwebank te verklaar indien jy dit in die buiteland wil laat. Die buitelandse bates kan nou in 'n trust gelaat word indien die Reserwebank oortuig is dat jy die inkomste daaruit na Suid-Afrika sal bring vir die trust. Die rede is om te voorkom dat Jan Taks ook saam kan erf en jy nie boonop deel van die inkomste in die buiteland kan aanwend nie.

Natuurlik kan jy met geheime kapitaal handel soos jy wil. Jy wil dit dalk juis in 'n belastingvriendelike land belê en jou teen Jan Taks beskerm.

Betaal jou skuld

Dit is nie werklik 'n randverskanser nie, maar kom ons kyk daarna. Namate die rand daal, word invoere al hoe duurder en moet jy al hoe meer vir petrol en ander goedere betaal. Jou begroting gaan al hoe minder klop en jy gaan toeneemend minder geld vir plaaslike of buitelandse beleggings hê.

Reisigerstjeks

Reisigerstjeks in buitelandse valuta ('n buitelandse geldeenheid) kan ook as 'n randverskanser oor 'n relatief kort termyn (een week) gebruik word.

INTERNASIONALE DIVERSIFIKASIE

Met internasionale diversifikasie word onder meer die volgende bedoel:

- Jy belê in verskillende lande.
- Jy belê in verskillende buitelandse beleggingsprodukte in verskillende bedrywe/sektore.
- Jou beleggings word geïnternasionaliseer.
- Jou totale beleggingsrisiko verlaag terwyl jou beleggingsopbrengste oor die lang termyn verhoog.
- Jy beskerm jouself teen die daling in jou reële welvaart.

- Jou internasionale risiko is laer en jou internasionale welvaart verhoog.

DOEN EERS JOU HUISWERK VOOR JY IN DIE BUITELAND BELÊ

Voordat jy in die buiteland belê, is daar eers 'n magdom huiswerk om te doen waarna 'n magdom besluite volg. 'n Buitelandse belegging kan gevolglik nooit halsoorkop gedoen word nie. Hopelik sal jy self uitvind nadat jy met 'n paar mense en makelaars gepraat het dat die aanvanklike reeks oningeligte besluite net nie wil ophou nie. Namate jy deur die leerkurwe en leerproses gaan, sal jy weliswaar uitvind dat die oningeligte hier 'n gevaarlike pad probeer loop.

Kom ons kyk na die huiswerk wat jy behoort te doen voordat jy in die buiteland belê:

- Onthou eerstens dat jy jou pakket wil belê ten einde finansiële onafhanklik te kan aftree.
- Raadpleeg verskeie bronne van buitelandse beleggingsinligting (sien latere bespreking daarvan).
- Raadpleeg verskeie makelaars en kundiges.
- Maak seker dat jy weet waarom jy in die buiteland wil belê.
- Bepaal jou risikoprofiel.
- Kyk of jou beleggingsdoelwitte by jou aftreeddoelwitte inskakel.
- Besluit in watter produkte, lande, geldeenhede (valuta) jy wil belê.
- Vermoed alle swendelaars en moenie te optimisties of te pessimisties wees nie – sorg dat jy realisties bly.
- Vind uit of jy Reserwebank-goedkeuring sal benodig vir jou spesifieke belegging.
- Maak seker dat jy weet watter vorms die Reserwebank en jou eie bank sal wil hê jy moet voltooi en watter addisionele bewyse hulle verlang.
- Vind uit of die maatskappy se manier van sake doen vir jou aanvaarbaar is (hoe funksioneer hulle in die buiteland – dienste, vertroulikheid, produkte wat hulle aanbied?).
- Hoe lyk die lande waarin jy wil belê met betrekking tot politieke stabiliteit, taal, godsdien, erkenning, die sterkte van hulle geldeenheid, belastingwetgewing (inkomste-, geskenk- en boedelbelasting) en wetgewing met betrekking tot trusts en maatskappye?
- Bepaal saam met die makelaar/maatskappy die presiese tydsberekening wanneer jou belegging na 'n ander geldeenheid omgeskakel moet word.

- Bepaal die stand van die buitelandse lande se ekonomiese siklusse en belê in daardie spesifieke lande (bv tydens 'n fase van ekonomiese herstrukturering) waarvan die siklus gunstig is vir die groei van jou belegging.
- Beoordeel die beleggingsrisiko in die spesifieke lande in die buiteland.
- Vergewis jouself van die bestuurstyl, reputasie, infrastruktuur en prestasie-rekord van die buitelandse fondsbestuurder (veral in swak markte).
- Stel vas wat die inflasie- en rentekoerse in die lande in die buiteland is waar jy wil belê.
- Ontleed die lande se beleggingsgeskiedenis vir beleggers.

WAAR KRY EK INLIGTING OOR BUITELANDSE BELEGGINGS?

Jy kan onder meer die volgende bronne van buitelandse beleggingsinligting raadpleeg:

- inligtingsbrosjures wat deur makelaars uitgegee word
- nuusbriewe van finansiële instellings, versekeringsmaatskappye en makelaars
- die Internet (www.businessweek.com, www.yahoo.com, www.micropal.com, ens)
- plaaslike koerante (*Sunday Times*)
- buitelandse koerante (*Financial Times*, *Asia Money*, *Money Observer*, *International Money Marketing*, ens)
- plaaslike inligtingsbesighede (International Information Business en Stock Press)
- gerekenariseerde beleggingsontledings (Micropal, Money Mate)
- die Universiteit van Pretoria se kwartaallike Effektetrustopname

HOEVEEL MAG EK TANS IN DIE BUITELAND BELÊ?

'n Bedrag van R500 000 per persoon mag tans permanent in die buiteland belê word. Die normale Reserwebankvereistes geld hier, omdat die geld nie weer na Suid-Afrika hoef terug te kom nie. Onthou weereens dat hier na 'off-shore'-beleggings verwys word.

Sou jy in die buiteland wil belê in die vorm van 'n 'on-shore'-belegging, mag jy enige bedrag (daar is geen maksimum nie) belê, omdat die belegging weer na Suid-Afrika moet terug. Dit mag gevolglik nie in die buiteland gebruik word nie.

Dit is natuurlik moontlik om deur middel van 'n skenking aan 'n gade (wat nie self oor R500000 beskik nie) en rentevrye lenings aan gesinslede (asook ouers) baie meer as R500 000 in die buiteland te belê.

HOEVEEL BEHOORT EK IN DIE BUITELAND TE BELÊ?

Die gemiddelde belegger behoort nie meer as 20% van 'n portefeulje in die buiteland te belê nie. Die welgestelde belegger wat oor voldoende bates beskik en skuldvry in die buiteland kan belê, kan selfs tot 50% in die buiteland belê. Nogtans kan geen vaste persentasie bepaal word wat in die algemeen toegepas kan word nie. Besluit self, nadat jy die nodige inligting bekom het, waar jy inpas.

IN WATTER GELDEENHEID MOET EK BELÊ?

Die gewildste geldeenhede bly steeds die Amerikaanse dollar en die Britse pond. Daarna kan Europa se nuwe geldeenheid, die euro, gekies word. Die dollar bly steeds die nommer een-keuse.

IN WATTER LAND(E) MOET EK BELÊ?

Opkomende lande bied normaalweg goeie beleggingsgeleenthede – so sê internasionale beleggers. Selfs Suid-Afrika verskyn op die lys van lande wat as opkomend beskou word.

Nee, hou by die wenner as jy jou pakket wil belê: Noord-Amerika, die Verenigde Koninkryk en Wes-Europa bied langtermynvoordele.

Kyk verder of jy nie eerder in belastingvriendelike lande moet belê en van 'n trust(s) gebruik moet maak vir jou belegging/besigheid nie.

Suid-Afrikaanse beleggers kies veral die Isle of Man en die Engelssprekende (Britse) Kanaaleilande, naamlik Guernsey en Jersey, as belastingskuilingland. Die Britse owerheid het aan hulle totale finansiële onafhanklikheid verleen ten einde hulle beleggers op 'n aanvaarbare wyse en vlak te beskerm. Die regstelsel en belastingstelsel is verder aanvaarbaar vir Suid-Afrikaners.

BELASTINGVRIENDELIKE LANDE

Dit is wel moontlik om jou pakket (of 'n gedeelte daarvan) in die buiteland te belê in 'n land waar jy geen inkomstebelasting hoef te betaal nie. Sulke lande

word belastingvriendelike lande of belastingskuilinglande genoem. Jy kan gevolglik in sulke lande belê en jou maandelikse inkomste ontvang sonder om daarop belasting hoef te betaal. Alle inligting rakende jou belegging in sulke lande word as uiters vertroulik hanteer en word nie aan enige ander land bekend gemaak nie.

Sekere belastingvriendelike lande het wel 'n lae belastingkoers. Maak gevolglik seker dat jy die belastingimplikasies van jou belegging in sulke lande begryp. Enkele voorbeelde van belastingskuilinglande is Guernsey, Vanuatu, Bermuda, die Bahamas, die Kaaiman-eilande, die Britse Maagde-eilande, die Nederlandse Antille, Jersey, Gibraltar, Antigua, en die Cook-eilande.

Belastingvriendelike lande is veral geskik vir die oprigting van 'n buitelandse beleggingstrust.

RIGLYNE VIR JOU BELEGGING – JOU INTERNASIONALE BELEGGINGSTRATEGIE

- Besluit eers hoeveel geld jy tot jou beskikking het om te belê.
- Gaan jy 'n enkelbedrag belê of maandeliks vanuit 'n ander bron/belegging?
- Besluit of jy 'on shore' of 'off shore' wil belê.
- Kies nou een of meer beleggingsprodukte, byvoorbeeld 'n tenkhouer, effek-tetrusts en aandele.
- Kies byvoorbeeld 'n bepaalde tipe effektetrust in 'n bepaalde bedryf.
- Diversifiseer verder deur nie slegs in een effektetrust te belê nie, maar in meer as een, byvoorbeeld vyf verskillende indekstrusts.
- Die spesifieke beleggingskeuses moet jou behoeftes aan inkomste of kapitaal groei vervul.
- Kies veilige lande en veral belastingvriendelike lande om in te belê.
- Stig 'n trust indien jy op dié wyse in 'n belastingvriendelike land inkomste-belasting kan vermy.
- Gebruik die Internet en persoonlike verwysings deur makelaars (wat jy nagevors het) en kies 'n bestuursmaatskappy vir jou belegging.
- Maak seker dat jy die beleggingsrisiko begryp.
- Monitor jou beleggingsprestasie deur van die Internet gebruik te maak.
- Moet nooit emosionele besluite neem op die kort termyn rakende jou langtermynbelegging nie.
- Onthou deurgaans jou beleggingsdoelwitte.

- Vergelyk jou internasionale beleggingstrategie met die aftreebeplanningsproses in afdeling 4.4 en maak seker dat jy jou aftreedoelwitte gaan bereik.
- Maak seker dat jy nie slegs in opkomende lande (markte) belê nie, omdat hulle almal deur min of meer dieselfde faktore beïnvloed word en jy reeds in Suid-Afrika aan 'n opkomende mark (met al die risiko's daaraan verbonde) blootgestel is.
- Sien jou belegging in 'n opkomende land (mark) as 'n medium- tot langtermynbelegging.

Hierdie is maar net 'n aantal baie breë riglyne wat saam met die talle ander inligting geëvalueer en gebruik moet word om 'n meer ingeligte en doelgerigte buitelandse beleggingsbesluit te neem.

JOU BUITELANDSE BELEGGINGSIKLUS

Daar is reeds na die belangrikheid van kennis omtrent jou eie beleggingsiklus asook die stand van die algemene ekonomiese siklus verwys. By buitelandse beleggings werk dit presies dieselfde. Ons wil graag belê in lande wat tans onderwaardeer is en wat na verwagting in die toekoms gaan groei in beleggingswaarde, onder meer vanweë 'n ekonomiese herstrukturering/opbou en oplewing. Daarom is dit belangrik dat ons as potensiële beleggers sulke lande sal identifiseer voordat bepaalde sektore en aandele vir belegging gekies word. Daarom moet jy 'n land(e) kies waarvan die ekonomie óf herstel óf in 'n resessie is.

'N PLAASLIKE BUITELANDSEVALUTA-BANKREKENING

Dit is tans moontlik om deur middel van 'n plaaslike bankrekening in die buitenland te belê. Hierdie opsie word veral gekies deur die meer versigtige belegger wat risiko wil vermy, vanweë watter rede(s) ook al. Jy kan jou buitelandse belegging óf in daggeld óf op vaste deposito belê. Die eerste stap is natuurlik om te besluit in watter buitelandse geldeenheid jy jou geld wil hou. Dit kan in verskillende geldeenhede wees. Let daarop dat hierdie belegging slegs 'n belegging by 'n buitelandse bank kan wees, nie in eiendom of aandele nie. Vergewis jouself van die minimum/maksimum beleggingsbedrag, die rentekoers wat jy sal verdien, asook die koste om die geld te belê. Dit is veral geskik vir die 'klein' belegger.

'N BUITELANDSEVALUTA-BANKREKENING IN DIE BUITELAND

Dit is verder moontlik om 'n buitelandsevaluta-bankrekening in die buiteland te open vir randverskansing. Die rentekoerse wat hier verdien word is ongelukkig maar laag en sal selfs ná die daling in die rand nie hoër wees as 'n plaaslike bankbelegging nie. Vergelyk gevolglik verskillende banke om die nodige inligting in te samel.

Daar kan ook van die talle internasionale banke wat tans in Suid-Afrika is, gebruik gemaak word.

HOE WERK SUID-AFRIKAANSE MAATSKAPPYE MET BETREKKING TOT BUITELANDSE BELEGGINGS?

Plaaslike maatskappye wat effektrusts bemark, het 'n buitelandse komponent by hul maatskappye gevoeg en verskillende metodes is gebruik, onder meer: maatskappye het kantore in die buiteland geopen; vennootskappe met buitelandse instellings is gevorm; alliansies tussen plaaslike en buitelandse instellings is gevorm waarby plaaslike instellings as agente van buitelandse instellings optree; en verskeie buitelandse fondsbestuurders is by verskillende instellings aangestel wat soos die behoefte ontstaan, gebruik word vir buitelandse beleggings in 'n bepaalde produk.

Daar is ook buitelandse instellings wat reeds in Suid-Afrika sake doen ten einde buitelandse beleggings te lok.

Net so het banke en versekeringsmaatskappye buitelandse fondsbestuurders in verskeie lande aangestel asook bepaalde fondse in spesifieke lande gestig vir die belegging van Suid-Afrikaners se R500 000. Een of meer asook kombinasies van eersgenoemde metodes word dwarsdeur Suid-Afrika deur makelaars, finansiële instellings en versekeringsmaatskappye met betrekking tot hul buitelandse beleggingsafdelings gebruik.

Verder bied hierdie instansies onder meer die volgende tipes buitelandse fondse aan: wêreld- of internasionale fondse, sektorfondse, aandelefondse, staatseffekte, geldmarkfondse en geldeenheidfondse.

WAT KOS DIT OM IN DIE BUITELAND TE BELÊ?

Dit is onmoontlik om in hierdie skrywe die koste van buitelandse beleggings weer te gee. Vergewis jouself egter van die aanvanklike koste en die jaarlikse koste (of bestuursfooi). Daar kan egter aanvaar word dat die koste verbonde

aan 'n buitelandse belegging altyd hoër as dié van Suid-Afrikaanse beleggings sal wees. Hierdie koste sal veral aanvanklik die opbrengs op jou buitelandse belegging verlaag.

Sou ons die koste verbonde aan die belegging van die R500 000 in 'n buitelandse fonds as voorbeeld neem, dan sien die koste daarvan soos volg daar uit:

Aanvanklike koste	5%
Diensfooi	1,15%
Verpligte koste	0,60%
Aanvanklike koste op herbelegging van inkomste	5%

Natuurlik moet die voordele verbonde aan so 'n belegging met die koste vergelyk word ten einde die nodige perspektief te bekom.

VERGELYK ALTYD DIE KOSTE MET DIE VOORDELE
(INKOMSTE/KAPITAALGROEI)

WAT BEPAAL BUITELANDSE BELEGGINGSOPBRENGSTE?

Eerstens bepaal die tipe belegging die opbrengs wat daarmee gepaard gaan. Oor die lang termyn blyk aandele kontant, staatseffekte ('bonds') sowel as onroerende eiendom te klop. Tweedens moet die gewig (persentasie van die totale portefeulje) van die tipe belegging bepaal word, byvoorbeeld:

Aandele 60%
Staatseffekte 20%
Eiendom 10%
Kontant 10%

Derdens kan daar besluit word oor die tipe ekonomie, naamlik 'n ontwikkelde land of 'n opkomende land, byvoorbeeld:

60%	Ontwikkelde lande (VSA)
40%	Opkomende markte (Brasilië, Singapoer, Maleisië, ens)

Vierdens moet 'n besluit oor die bepaalde geldeenheid binne 'n bepaalde land geneem word, byvoorbeeld:

60%	}	VSA	}
Amerikaanse dollar		60%	
40%	}		
Britse pond			
Kies watter		Brasilië	
geldeenheid(ede) in		40%	
Brasilië			

Al hierdie besluite sal noodwendig (saam met talle ander, bv die van die fondsbestuurder) 'n invloed uitoefen op jou buitelandse beleggingsopbrengste.

BELASTING OP BUITELANDSE BELEGGINGS

Dit is nie moontlik om die belastingposisie rakende buitelandse beleggings hier te bespreek nie, onder meer vanweë die volgende:

- Die belastingstelsels en gronde van berekening van inkomstebelasting verskil tussen lande.
- Daar bestaan nie tussen alle lande 'n belastingooreenkoms wat die betaling van dubbele belasting deur beleggers uitskakel nie.
- Lande verskil aansienlik ten opsigte van wat met 'n 'buitelandse belegging' bedoel word.

Raadpleeg gevolglik 'n internasionale belastingkundige voordat jy met sekerheid bepaalde belastingimplikasies rakende jou buitelandse belegging kan evalueer en aanvaar of verwerp.

JA, BUITELANDSE BELEGGINGS VERG SOMMER BAIE HUISWERK

Wat wel moontlik is, is om via belastingvriendelike lande te belê omdat daar nie van inkomstebelasting sprake is nie. Hierdie belastingskuilings word later bespreek.

BELÊ IN 'N BELASTINGSKUILING VIA 'N TRUST EN VERMY ALLE INKOMSTEBELASTING

Sou daar nie in 'n belasting skuiling belê word nie, moet Suid-Afrikaanse beleggers inkomstebelasting betaal op alle inkomste wat in die buiteland verdien word. Hier word nie van 'off-shore'-beleggings gepraat wat permanent in die buiteland gelaat mag word (as deel van die R500 000) nie, maar van 'on-shore'-beleggings waarvan die inkomste (onder meer) weer na Suid-Afrika gebring moet word.

Waar jy in 'n oorsese land belê wat nie 'n dubbele belastingvermydingsooreenkoms met Suid-Afrika gesluit het nie, kan dit beteken dat jy in sowel Suid-Afrika as in die buiteland belasting sal moet betaal.

Kom ons kyk vervolgens kortliks na die belastingposisie by enkele buitelandse beleggings:

- rente in die buiteland verdien (rente is belasbaar tensy dit deur 'n buitelandse trust in 'n belasting skuiling ontvang word)
- rente op 'n plaaslike buitelandse valuta-rekening (rente is belasbaar)
- wisselkoerswins by omskakeling van buitelandse rente-inkomste na rand (belasbaar of nie, afhangend van die doel van die belegging)
- huurinkomste uit geboue (huurgeld is belasbaar, tensy dit deur 'n buitelandse trust in 'n belasting skuiling ontvang word)
- huurinkomste van tenkhouer (huur is belasbaar, tensy dit deur 'n trust in 'n belasting skuiling ontvang word)
- dividende (effektetrusts en aandele) is nie belasbaar nie ('n probleem is egter dat nie alle lande 'n onderskeid tref tussen die rentegedeelte en dividende by effektetrusts nie)
- kapitaalgroei (belastingvry)
- kapitaalswins (belasbaar, tensy ontvang deur 'n trust in 'n belasting skuiling)

Bogenoemde belastingreëls geld nie vir spekulante nie, maar slegs vir langtermynbeleggers. Spekulante betaal byvoorbeeld belasting op sowel kapitaalgroei as wisselkoerswins.

'N INTERNASIONALE VALUTA-GIDS

Sou jy oor 'n bepaalde geldeenheid beskik (bv rand) en jy wil weet wat dit in 'n ander geldeenheid werd is (bv Franse frank), kan jy van 'n internasionale valuta-gids gebruik maak. Dit is by die Reserwebank en banke beskikbaar. So doende sal jy kan bereken wat jou buitelandse belegging in daardie land se geldeenheid (valuta) werd is. Natuurlik kan jy die wisselkoers tussen ons rand

en die Amerikaanse dollar asook die Britse pond sommer daagliks oor die radio en op die televisie kry.

HOE OM JOU GEHEIME KAPITAAL TE BELÊ

Sou ons van geheime kapitaal praat (geld, beleggings, bates), bedoel ons daardie kapitaal wat jy volgens die Suid-Afrikaanse regstelsel onwettig besit.

Geheime bates verwys onder meer na kontant, diamante en goudmunte wat deur middel van 'n eie besigheid oor jare bymekaar gemaak is. Talle Suid-Afrikaners het groot hoeveelhede geheime kapitaal in die buiteland wat oor jare self of deur vriende daarheen geneem is. Talle beleggings en buitelandse trusts bestaan ook reeds en die Reserwebank is terdeë bewus daarvan.

Verskeie ander maniere is ook gevolg en word steeds gevolg om geheime kapitaal in die buiteland te kry, onder meer:

- Diegene wat 'n invoerbesigheid het, sal byvoorbeeld die koopprys hoër aandui as wat werklik die geval is. Hulle betaal gevolglik meer (stuur dus meer geld in die buiteland) en belê die verskil tussen die werklike aankoopprys en die 'opgeblaasde' aankoopprys in die buiteland.
- Diegene met 'n uitvoerbesigheid doen weer die teenoorgestelde. Hulle dui die verkoopprys laer aan as wat werklik die geval is. Hulle verkoop dus meer as wat hulle aandui en belê die verskil tussen die 'afgeskaalde' laer verkoopprys en die werklike verkoopprys in die buiteland.
- Die volle reistoelaag word soms in die buiteland geneem, maar nie alles word gebruik nie. Dit wat oorbly word in die buiteland belê.
- Sommige sluit ooreenkomste met buitelandse besoekers wat in Suid-Afrika kom vakansie hou. Hulle betaal die buitelandse besoekers se vakansie- en reiskoste vir hulle. Daarenteen belê die buitelandse besoekers 'n ekwivalente bedrag in buitelandse valuta (buitelandse geldeenheid) in die buiteland.
- Dikwels word familie, vriende en diplomate betaal om Suid-Afrikaners se geld teen 'n kommissie/fooi na die buiteland te neem. Daar is diegene wat dit vir 'n lewe doen – sommige is meer riskant as ander vir die belegger.

Vir die eerste keer is daar nou meer klem op buitelandse beleggings wat wettig of onwettig gemaak is en moet ons die nodige beleggings-, inkomstebelasting-, boedel- en aftredebeplanning daaromtrent doen. Raadpleeg dus verskeie kenners omtrent hierdie aspekte asook buitelandse trusts.

’N TWEEDE TESTAMENT

Daar word aanbeveel dat ’n tweede testament in elk van die volgende gevalle opgestel word:

- Waar jy oor geheime kapitaal beskik (gee die testament vir ’n prokureurs-vriend met die nodige instruksies om dit by die regte erfgename uit te bring en met die beredderingsproses te help).
- Waar jy buitelandse beleggings het (daar kan nou vir elke land ’n afsonderlike testament opgestel word volgens daardie land se regsreëls ten einde te verseker dat jou regte erfgename hulle erfposies sal kry).

Daar word nie aanbeveel dat ’n enkele testament (bo en behalwe jou Suid-Afrikaanse testament) vir beleggings in verskillende lande in die buiteland opgestel word nie. Die regstelsels van die lande kan verskil, met teenstrydige implikasies en erfgename.

BELÊ BUITELANDSE GELD/BATES IN ’N TRUST

Daar is reeds gewys op die oorplasing van jou buitelandse geld en bates na ’n trust, verkieslik na ’n belastingvriendelike land.

MOET EK IN DIE BUITELAND AFTREE?

Sou jy oorweeg om in die buiteland te gaan aftree, moet jy die bespreking oor emigrasie in hoofstuk 9 lees. Hier gaan dit net oor ’n moontlike buitelandse belegging vir aftrede terwyl jy steeds in Suid-Afrika bly.

SAMEVATTING

Buitelandse beleggingsbeplanning het gekom om te bly vir Suid-Afrikaanse beleggers. Dit behoort duidelik te blyk dat die talle onsekerhede rondom duisende beleggingsprodukte in talle lande in die buiteland die Suid-Afrikaanse belegger baie huiswerk gee om te doen voordat ’n buitelandse belegging gemaak kan word. Daar moet met verskeie kenners oor ’n verskeidenheid onderwerpe gepraat word ten einde die nodige buitelandse beleggingsinligting te help bemeester. Net so moet die talle finansiële inligtingsbronne geraadpleeg word.

Die keuse van bepaalde buitelandse beleggings, buitelandse fondsbestuur-

ders, spesifieke lande en geldeenhede behoort 'n weldeurdagte besluit te wees. Sodoende kan die voordele van buitelandse beleggingsgeleenthede benut word en sowel randverskansing as diversifikasie (risikoverspreiding) toegepas word. Daar kan verder van die verskillende ekonomiese siklusse in die verskillende lande gebruik gemaak word om die langtermynopbrengs op jou beleggings te verhoog.

Daar word aanbeveel dat diegene wat in die buiteland belê van een of meer fondsbestuurders gebruik sal maak. Moet nooit probeer om self jou buitelandse belegging te maak en te probeer 'bestuur' nie. Vergeet maar daarvan. As jy betreklik bang is vir buitelandse beleggings moet jy minder riskant belê. Maak verder gebruik van belastingvriendelike lande asook trusts in sulke lande. Moet nie vergeet om deeglik te beplan as dit by die belegging of herbelegging van jou geheime kapitaal kom nie.

Ja, benut die talle buitelandse beleggingsgeleenthede en moenie al jou finansiële eiers in die Suid-Afrikaanse mandjie hou nie, veral nie as jy nog kinders/kleinkinders het wat dalk die land sal moet verlaat vir 'n lewe in die buiteland nie.

Moenie self in die buiteland belê nie – moenie self jou buitelandse beleggings probeer bestuur nie – moenie jou geld vir Jan Rap en sy maat gee om dit vir jou in die buiteland te 'belê' en te 'bestuur' nie.

Kies die regte fondsbestuurder en geniet 'n hoër beleggingsopbrengs op die lang termyn, sowel as inkomste- en boedelbelastingvoordele.

4.6 WATTER BESKERMING BESTAAN DAAR VIR MY AS BELEGGER?

Beleggers verdien reeds jare lank die een of ander vorm van beskerming as dit by hulle geldsake kom. Nog meer so as ons van 'n pakket praat wat 'n groot bedrag beloop en jarelange beleggings (meestal met die oog op aftrede) verteenwoordig. Talle persone en instellings het hulle juis hiervoor beywer en die eerste tekens daarvan is op die beleggingshorison sigbaar.

'N NUWE VERSEKERINGSBEDRYF

Die dae dat die versekeringsbedryf gekenmerk was deur die bestaan van polissmouse is vir altyd verby. In die plek daarvan het 'n nuwe versekerings-

bedryf ontstaan wat deur wetgewing gedwing gaan word om die nodige inligting aan die publiek te verskaf, asook om die publiek te beskerm.

Verbruikers (beleggers) is immers geregtig op laasgenoemde om hulle te beskerm teen die neem van oningeligte besluite. Vervolgens enkele positiewe aspekte in die bedryf.

VERBRUIKERSINLIGTING

Sedert 1 April 1997 verskaf versekeraars as deel van hul kwotasies die vooruitgeskatte waarde van die polis aan die einde van elk van die eerste vyf jaar. Sodoende kan verbruikers sien dat die opbrengs aanvanklik laag is, maar toeneem oor die termyn van die polis. Verder word die status van die makelaar deur die LOA (Life Offices Association) aan die verbruiker verskaf.

Die naam van die verteenwoordiger van die versekeringsmaatskappy aan wie klagtes gerig kan word, word ook verskaf, asook die adres van die bedryf se ombudsman (beskermer). Sodoende neem die maatskappy verantwoordelikheid vir die makelaar se optrede (advies, mededelings).

VERBRUIKERSBESKERMING

Sedert 1 Junie 1997 kry alle persone wat 'n polis uitneem 'n afkoeltydperk van 21 dae. In dié tydperk kan die nuwe polishouer die polis laat vaar as dit die verkeerde produk skyn te wees of onder 'druk' van die makelaar gekoop is.

As 'n polis gestaak word, ontvang die polishouer alle premies wat inbetaal is en verloor niks nie.

Die bedryf poog dus nou om groter deursigtigheid aan verbruikers te verskaf. Die LOA het aanvanklik voorgestel dat uittree-annuïteite nie hierby ingesluit word nie. Nogtans het sekere instellings proaktief opgetree en wil hulle van meet af dieselfde gedragskode toepas met die uitneem van annuïteite.

Met die naam van die makelaar tot hul beskikking en 'n klagte-aanbod van die LOA, kan verbruikers nou 'ware' finansiële advies gegrond op hul behoeftes verwag. Makelaars wat slegs hul begroting wil laat klop, gaan beslis hul rieme styfloop.

NUWE FILOSOFIE

Die bedryf poog om verkope van versekering te rig op waardetoevoegende oplossings vir verbruikers. Volledige finansiële beplanning, dienste en veral

produkte is nou gerig op 'n positiewe langtermynverhouding met verbruikers. Natuurlik moet dié filosofie nou eers na die makelaars deurwerk voordat hulle dit as riglyn sal aanvaar.

NUWE WETGEWING

Omvattende wetgewing word tans in plek geplaas om beleggingsdienste te verbeter en te reguleer ten einde beleggers te beskerm. Die Masterbond- en Supreme-skandaal moet nooit weer herhaal kan word nie. Hierdie wette lê veral klem op die openbaarmaking van alle relevante feite wat sowel die belegging as die belegger raak, onder meer die volgende: die belegger moet 'n ingeligte besluit kan neem oor die aard van die produk, die kontrak, verwagte opbrengste, risiko's en beleggingskriteria; beleggers moet voldoende inligting ontvang; dit moet deur die hele bedryf geld; en wetgewing moet afdwing kan word deur middel van sanksies.

DIE INSTITUUT VIR LEWENS- EN PENSIOENADVISEURS (ILPA)

In 1996 het ILPA reeds 'n gedragskode vir lede daargestel in ILPA se Algemeen Aanvaarde Beplanningspraktyk (GAPP). Hierdie gedragskode bevat praktiese riglyne vir tussengangers (makelaars/bemarkers) in die uitvoering van hul taak. ILPA-lede moet hiervolgens professioneel optree en deurgaans 'n vertrouensverhouding met kliënte (beleggers) handhaaf ten einde botsende belange te vermy en relevante feite bekend te maak. Lede mag hulle dus nie aan geheimhouding skuldig maak nie, maar wel aan openbaarmaking. Hierdie beskerming geniet alle beleggers wat met makelaars sake doen (beleggings by hulle maak) wat oor die ILPA-kwalifikasie beskik.

ILPA het nou drie vlakke lede:

- genote (wat die ILPA-eksamen geslaag het)
- assosiaatslede
- gewone lede

Elk kan net daardie produkte bemark waarvoor hulle opgelei is.

VERSKEIE OMBUDSMANNE VIR KLAGTES

Beleggers wat veronreg voel oor die wyse waarop 'n belegging aan hulle afgesmeer is of wat byvoorbeeld in 'n verkeerde produk belê het (onder meer), kan

nou by een van vier ombudsmanne geskrewe klagtes (breedvoerig beskryf met toepaslike dokumentêre bewyse) indien, naamlik die

- Ombudsman vir Langtermynversekering (hanteer geskille tussen polis-houers en finansiële instellings/versekeraars rakende die bemarking van produkte en nie finansiële berekeninge rakende voordele nie) (Posbus 4967, Kaapstad, 8000, Tel (021) 461-5010)
- Ombudsman vir Banke (hanteer geskille tussen kliënte en daardie banke wat hulle aan die ombudsman onderwerp) (Posbus 5728, Johannesburg, 2000, Tel (011) 838-0035/8/9)
- Ombudsman vir Korttermynversekering (hanteer geskille tussen kliënte en korttermynversekeraars rakende eise wat geweier word) (Posbus 30619, Braamfontein, 2017, Tel (011) 339-6525/70)
- Ombudsman vir Pensioenfondse (hanteer geskille rakende pensioenfondse wat onder die Wet op Pensioenfondse, 1996, soos gewysig, ressorteer) (Posbus 1041, Kaapstad, 8000, Tel (021) 45-4041)

Let daarop dat hierdie vier persone nie as finansiële adviseurs optree nie – hulle hanteer spesifieke geskille.

Vir doeleindes van pakketbeleggings, kyk ons kortliks na enkele aspekte van belang rakende klagtes rondom pensioenfondse. Elke persoon wat lid is van 'n pensioenfonds wat onder die Wet op Pensioenfondse, 1996, soos gewysig, ressorteer, het drie jaar om enige klagtes by die Ombudsman vir Pensioenfondse in te dien. Klagtes kan deur enige persoon of instansie ingedien word wat 'n belang in 'n pensioenfonds het, onder meer: huidige en vorige lede van die fonds; bevoordeeldes; werkgewers; die Finansiële Diensteraad; die Registrateur van Pensioene; asook versekeringsmaatskappye. Klagtes kan onder meer gaan oor die fondsadministrasie, belegging van fondse en foutiewe interpretasie van fondsreëls.

Stappe wat gevolg moet word as jy 'n klagte het is onder meer:

- Dien eerstens 'n geskrewe klag by jou werkgewer of pensioenfonds in.
- Die werkgewer of fonds het nou 30 dae om daarop te reageer.
- Dien nou 'n geskrewe klag in by die Ombudsman vir Pensioenfondse (sluit in persoonlike, werks- en pensioenfondsbesonderhede; bewys dat die klagte reeds by jou werkgewer/pensioenfonds was asook die respons daarop; kontakbesonderhede van jou werkgewer/pensioenfonds; jónu oplossing vir die saak).

- 'n Ontmoeting kan dan met jou en 'n verteenwoordiger van jou pensioen-fonds gereël word.
- Die Ombudsman neem 'n besluit oor die saak en beide partye kan daarop appelleer by die Hooggeregshof.
- Indien daar geen appèl teen die Ombudsman se besluit is nie, word sy besluit as bindend aanvaar.

Waar bemarkers (makelaars) skuldig bevind word, kan daar verskillende sanksies teen hulle plaasvind, onder meer:

- administratief (bemarkers kan nie meer sekere produkte verkoop nie)
- siviel (howe word betrek)
- strafregtelik (misdade word hier aan die publiek bekend gemaak en die bemarker se naam is daarmee heen)

FINANSIËLE INSTELLINGS

Finansiële instellings het reeds 'kontrakte' met hul makelaars gesluit rondom etiese optrede tydens dienslewering en openbaarmaking rondom die bemarking van produkte. Verskeie instellings het ook reeds kliënte vergoed vir skade wat gely is. Makelaars begin hulself aan ombudsmanne onderwerp en reik selfs kaarte aan hul bemarkers uit wat bepaal watter produkte hulle mag verkoop en namens watter firma.

Raadpleeg gerus 'n ombudsman met jou klagtes.

GELD BY PROKUREURS

Sou jy om een of ander rede jou pakket deur middel van 'n prokureur belê, moet daar seker gemaak word dat die geld dieselfde beskerming as trustgeld sal geniet. Indien hierdie beskerming ontbreek, moet jy eerder jou geld deur middel van 'n ander tipe makelaar belê, waar jou geld wel dié tipe beskerming geniet. Vind gevolglik uit of die belegging deur die Wet op Prokureurs se Waarborgfonds beskerm word, al dan nie.

'N 'AFKOELPERIODE' VIR HUISKOPERS

Diegene wat 'n huis koop word tans deur die Wet op Eiendomsagente, soos gewysig, vyf dae gegee om 'af te koel' en om te besluit of hulle met die koop wil voortgaan of nie. Hierdie vyf dae sluit onder meer die dag waarop die

koopkontrak geteken is, Saterdag, Sondag, en openbare vakansiedae uit. Dit geld slegs vir woonhuise met 'n waarde laer as R250 000. Die 'afkoelperiode' geld gevolglik nie in die volgende gevalle nie:

- 'n eiendom met 'n waarde hoër as R250 000
- eiendom waarop die koper 'n opsie gehad het om te koop
- waar eiendom op 'n publieke veiling wat geadverteer is, verkoop word
- vir 'n kooptransaksie waar die koper en verkoper ook voorheen by dieselfde eiendom betrokke was
- waar die koper 'n regspersoon is
- waar die koper die reg voorbehou om 'n ander persoon aan te wys om as koper op te tree
- indien 'n koper 'n aanbod vir 'n tweede eiendom maak voordat die koper se regte rakende die eerste eiendom uitgeoefen is (hier vervel die 'afkoelperiode' met betrekking tot die eerste eiendom)

Diegene wat 'n pakketbelegging in 'n woonhuis maak, het gevolglik vyf werksdae om te herbesin oor die koopbesluit en die koopkontrak (met bogenoemde voorbehoude). Sou jy nie daarmee tevrede wees nie, kan jy die kontrak opsê en 'n aanbod op 'n ander eiendom maak (of jou geld anders belê of aanwend).

Onthou dat waar jy nou jou eie huis gaan verkoop aan 'n koper, die koper ook nou oor 'n 'afkoelperiode' van vyf dae beskik. Moet gevolglik nie langtermynverpligtinge aangaan voordat jy seker is jy wel jou ou huis verkoop het nie. Netnou moet jy dalk die paaïemente op twee huise betaal of jou hele pakket aanwend vir die nuwe huis (waar jy die ou huis se verkoopprijs eintlik wou aanwend en dit nou moet verhuur omdat jy dit nie verkoop kry nie).

Natuurlik bied die Wet op Eiendomsagente, 112 van 1976, verdere beskerming aan kopers tydens hulle onderhandelings met agente deur middel van 'n gedragskode vir agente. Die gewysigde nuwe wet sal agente ook 'n hoër boete van R25 000 oplê vir verkeerde optrede (voorheen slegs R1 000). Hiervan kan die koper/verkoper self tot 80% ontvang.

Die 'afkoelperiode' geld verder in die volgende gevalle: 'n privaattoekoop; waar jy van 'n plan af koop; en waar jy deur middel van 'n eiendomsagent koop.

Waar jy as verkoper van jou eie huis optree, hou die 'afkoelperiode' niks goeds vir jou as verkoper in nie. Dit skep baie onsekerheid omdat jy nie weet of jou huis wel verkoop is nie, want die koper kan binne die vyf dae uit die kontrak kom. Oneerlike kopers kan baie tyd en geld van verkopers mors omdat

verkopers verkoopseleenthede gedurende hierdie tydperk verloor. Net so kan die periode verder gebruik (misbruik) word om 'n laer koopprys te beding. 'n Koper kan ook lekker met jou huis spekulêr indien 'n derde party aangewys word, omdat die reg om iemand te nomineer in die kontrak behou is. Verkopers is eintlik magteloos teen hierdie beskerming van kopers.

Onthou egter dat jy as koper meestal ook as verkoper gaan optree. Belê gevolglik jou pakket met inagneming van hierdie 'afkoelperiode'.

HET JY IN BROUWERK PLEKS VAN BOUWERK BELÊ?

Natuurlik kon jy ook 'n gedeelte (of dalk alles) van jou pakket in 'n nuwe woonhuis belê wat jy self laat bou het. In baie gevalle word daar nie 'n skriftelike ooreenkoms met die boukontraakteur gesluit nie. Net so word alle geld dikwels betaal voordat alle bouwerk voltooi is. 'n Mens kan maar net dink hoeveel onvoltooide en voltooide dinge kan skeefloop.

Wetgewing verplig tans alle huisbouers om by die Nasionale Huisbouers-registrasieraad (NHBRR) te registreer. Dié raad laat elke woonhuis ondersoek, waarna 'n goedgekeurde waarborg uitgereik word wat onder meer die volgende beteken:

- Regstellings aan die bouwerk moet binne drie maande ná okkupasie gedoen word.
- Daklekkas moet binne 12 maande herstel word.
- Groot strukturele defekte moet binne vyf jaar herstel word.
- Die boumateriaal moet voldoen aan die minimum gehaltevereistes.
- Die fondasie moet pas by die tipe grond.

Navrae in verband met brouwerk kan aan die NHBRR gerig word by telefoon (011) 886-3636. Alle hulp is gratis. Sou klagtes geldig wees, sal die raad die huisbouer nader en as bemiddelaar optree totdat die herstelwerk gedoen is, al sou dit beteken dat 'n ander bouer vanuit die Waarborgfonds vergoed moet word om die herstelwerk te doen. Inligting is verder ook beskikbaar oor:

- alle geregistreerde bouers
- registrasies wat teruggetrek is
- aantal huise gebou
- vorige klagtes teen 'n bouer

Dit is gevolglik raadsaam om eers uit te vind oor die doen en late van 'n bouer voordat jy jou geld in nuwe bouwerk steek.

GAAN JY IN 'N WETTIGE NETWERKBEMARKINGSTELSEL BELÊ?

Hier word nie bedoel iemand wat R50 of R500 in 'n skema moet belê ten einde 'n inkomste daarna te probeer verdien nie. Ons praat hier van 'n bedrag van byvoorbeeld R5 000 of R20 000. Sou enige persoon dit oorweeg om 'n enkel-bedrag in 'n netwerkbemarkingstelsel te belê, is dit raadsaam om eerstens die wettigheid van die skema (al dan nie) te bepaal. Dit kan gedoen word deur die Direkte Verkope Assosiasie van Suid-Afrika te skakel. Ook die Departement van Handel en Nywerheid het 'n verbruikerskode vir direkte bemarking opgestel.

Moet egter nie die fout maak om te dink dat 'n netwerkbemarkingstelsel gaan om die opbrengs op 'n belegging nie. Dit gaan eerder oor die opbrengs op jou baie harde en volgehoue werk.

5 DIE EKONOMIESE SIKLUS – JÓÚ BELEGGINGSIKLUS

5.1 BEDRYWE EN DIE EKONOMIESE SIKLUS

Die stand van die Suid-Afrikaanse ekonomie het 'n direkte invloed op die beleggingsopbrengs wat jy gaan verdien. Hier dink mens veral aan die spesifieke beleggingsinstrument (bv vaste eiendom, aandele, staatseffekte) waarin belê word. Ja, jou beleggingsbesluit kan aansienlik verskil na gelang van die spesifieke fase (opswaai, afswaai, resessie) van die ekonomiese siklus (sake-siklus). 'n Professionele makelaar behoort jou hiermee te kan help tydens die neem van jou beleggingsbesluit rakende jou pakket.

Dit is baie belangrik om te weet dat die korrekte tydsberekening by die neem van die beleggingsbesluit van groot belang is. As jy byvoorbeeld weet dat die prys van effektetrusts nou net begin daal het en die verwagting is dat dit vir 'n paar jaar gaan voortduur, sou dit dwaas wees om dadelik al jou geld daarin te belê. Dit is selfs meer belangrik vir diegene wat wil spekulêr met hul geld, met ander woorde, as jy byvoorbeeld aandele wil koop en dit teen 'n wins wil verkoop. Vir diegene wat oor die lang termyn in aandele belê, is die stand van die ekonomie ook belangrik. Sekere aandele is baie gevoelig vir die stand van die ekonomie terwyl ander maar min daardeur beïnvloed word.

Jy moet byvoorbeeld kennis dra van die verhouding van 'n bepaalde bedryf tot die stand van die ekonomie (die ekonomiese siklus). Sekere bedrywe beweeg saam met die ekonomie terwyl ander in die teenoorgestelde rigting beweeg.

Kom ons kyk na enkele bedrywe, naamlik groei-, defensiewe, sikliese, rentekoerssensitiewe en randverskansingsbedrywe.

GROEIBEDRYWE

'n Belegging in groeibedrywe (rekenaars, finansiële sektor, elektronika) presteer gewoonlik goed, ongeag die stand van die ekonomie. Dit is belangrik om te bepaal watter bedrywe ook nog in die toekoms sal groei.

DEFENSIEWE BEDRYWE

Defensiewe bedrywe word die minste (eintlik glad nie) deur die ekonomiese siklus beïnvloed. Al is dit 'n resessie, sal mense nog steeds eet, drink en van finansiële dienste gebruik maak. 'n Belegging in die kos-, drank- en finansiële-dienste-bedryf sal dus deurgaans betreklik goeie opbrengste lewer, ongeag die ekonomiese siklus.

SIKLIESE BEDRYWE

Hierdie bedrywe, byvoorbeeld duursame goedere soos motors en meubels, word die meeste deur die ekonomiese siklus beïnvloed. In 'n resessie sal mense byvoorbeeld tevrede wees om met 'n ou motor te ry en hulle ou meubels te gebruik sonder om dit te probeer vervang. Vind dus eers meer uit oor die stand van die ekonomie voordat jy in 'n sikliese bedryf belê.

RENTEKOERSSENSITIEWE BEDRYWE

Hierdie bedrywe word grootliks beïnvloed deur verwagtinge omtrent stygende of dalende rentekoerse. Voorbeelde is die boubedryf, die eiendomsbedryf en die finansiële sektor (banke).

RANDVERSKANSINGSBEDRYWE

'n Belegger kan ook belê in 'n bedryf ten einde die belegging te beskerm teen 'n daling in die waarde van die rand – vandaar die begrip randverskansing. Normaalweg word inkomste dan in 'n buitelandse geldeenheid ontvang, byvoorbeeld dollar of pond. Die uitgawes word egter in rand betaal. Hier dink ons byvoorbeeld aan aandele soos Richemont en Minorco.

5.2 HOE LYK DIE EKONOMIESE SIKLUS?

In eenvoudige terme lyk die siklus so: 'n ekonomiese herstel, 'n opswaai, 'n afswaai en dan 'n resessie.

5.3 HOE BELÊ EK TYDENS DIE EKONOMIESE SIKLUS?

Die opbrengs wat jy op jou belegging gaan verdien, kan hoofsaaklik bepaal word deur die besluit in 'n bepaalde siklus om te koop (te belê) of te verkoop (te onttrek en te herbelê).

- *Ekonomiese herstel*: Tydens 'n fase van ekonomiese herstel is korttermynrentekoerse op 'n laagtepunt. Daar kan nou veral in kommoditeite (metale en minerale) belê word, omdat die vraag daarna toeneem tydens die volgende ekonomiese fase (die opswaifase).
- *Ekonomiese opswaai*: Beleggers verkoop gewoonlik staatseffekte, aandele en eiendom in hierdie fase. Korttermynrentekoerse styg, inflasie begin toeneem en maatskappywinste daal. Tydens 'n ekonomiese opswaai herleef nuwe beshede en neem indiensneming toe.
- *Ekonomiese afswaai*: Tydens hierdie fase word kommoditeite verkoop vanweë 'n verwagte daling in die vraag daarna. Korttermynrentekoerse is baie hoog en staatseffekte word gekoop omdat 'n daling in korttermynrentekoerse asook 'n resessie verwag word.
- *Resessie*: 'n Resessie het tot gevolg dat die ekonomie negatief groei. Korttermynrentekoerse daal en beleggers koop meestal weer aandele en eiendom.

DIE PRIMÊRE PROBLEME

Eerstens moet jy dus weet wat die stand van die ekonomie is, met ander woorde die huidige sowel as die verwagte toekomstige ekonomiese siklus (sakesiklus). Tweedens moet jy weet watter bedrywe (onthou die vyf tipes) bestaan en hoe hulle reageer ten opsigte van die spesifieke ekonomiese siklus.

Sou jy (as 'spekulant') in onroerende eiendom belê, is die siklus van die aller-grootste belang, selfs belangriker as die plek. Hiermee word bedoel dat die tydsberekening van jou belegging belangriker is as die plek van jou belegging. Belê dus op die regte tyd op die regte plek. Dit is veral van kardinale belang indien jy met jou eiendomsbelegging wil spekulêr. Die eiendomsiklus beloop ongeveer 17 jaar van 'n laagtepunt na 'n hoogtepunt. Jou beleggingsopbrengs sal die hoogste wees indien jy op 'n laagtepunt kan koop en op 'n hoogtepunt (ná ± 17 jaar) kan verkoop. Onthou, die verbandtermyn is meestal 20 jaar. Dit is veral só indien jy boonop geld geleen het ('n verband) en die eiendom verhuur het. Die beste teenvoeter vir stygende rentekoerse is juis om op die laagste punt van die eiendomsiklus te koop.

Natuurlik moet jy jou risikoprofiel (toleransie vir risiko) ken, tesame met jōu posisie in die lewensiklus, oftewel jōu beleggingsprofiel. Kom ons kyk kortliks na die beleggingsbesluite oor die verskillende lewensiklusse waarin jy jou kan bevind, naamlik die jong jare, die gesinsjare, die loopbaanjare, die jare voor aftrede, en die aftredejare.

- *Die jong jare (20–30):* Gedurende hierdie jare moet finansiële dissipline aangeleer word. Enige pakket wat ontvang word, moet gevolglik vir doeleindes van kapitaalgroei belê word. Riskante beleggings word aanbeveel vanweë die ouderdom en die aantal jare tot en met aftrede (vaste eiendom – 'n eie woning, effekterusts en aandele).
- *Die gesinsjare (30–40):* Belê steeds vir kapitaalgroei met die kinders se toekomstige finansiële behoeftes (joune en hulle s'n) in gedagte.
- *Die loopbaanjare (40–50):* Kinders verlaat hier die huis en hopelik sal daar bo en behalwe jou pakketgeld, meer eie geld vir aftredebelegging wees. Kapitaalgroeibeleggings word steeds aanbeveel. Indien jy tydelik of permanent werkloos is, moet daar ook belê word vir 'n maandelikse inkomste.
- *Die jare voor aftrede (50–55):* Kapitaalgroeibeleggings moet nou minder riskant belê word met die oog op aftrede. Verhoog ook jou annuïteite en diversifiseer jou beleggings (versprei dus jou beleggingsrisiko – moenie al jou eiers in een mandjie plaas nie).
- *Die aftredejare en daarna (55 en ouer):* Vermyn riskante beleggings, maar konsentreer steeds op kapitaalgroei as jou inkomstebehoefte dit toelaat. Betaal jou skuld klaar en pas kredietbestuur toe. Beskerm jou beleggings (voorsiening vir aftrede) teen inflasie.

Dit is gevolglik baie belangrik om kennis te dra van

- die ekonomiese siklus
- beleggings in verskillende produkte in verskillende bedrywe
- hoe verskillende bedrywe reageer tydens verskillende ekonomiese siklusse
- die spesifieke fase van die lewensiklus waarin jy jou bevind
- tydskerekening as dit kom by die neem van die korrekte beleggingsbesluit

Ja, belê veral in randverskansingsprodukte en -bedrywe as jy dink dat die waarde van die rand nog vir baie jare gaan daal. Onthou weereens eerstens jou behoeftes, risiko's en doelwitte.

6 VERMY HIERDIE SLAGGATE!

Die belegging van jou pakket moet in die totale veld van persoonlike finansiële bestuur inpas. Dit is daarom nie moontlik om jou beleggingsbesluit (beleggingsbeplanning) van inkomstebelasting-, boedel en aftredebeplanning te skei nie. Al vier hierdie beplanningsareas moet sorgvuldige oorweging geniet voordat jy jou pakket belê. Dit kan beteken dat verskillende adviseurs geraadpleeg moet word.

Voorbeeld: Jou pakketvoordele ontvang jy as R200 000 wat belasbaar is en 'n verdere R100 000 wat nie belasbaar is nie. Jy kan nou onder meer soos volg te werk gaan:

- *Beleggingsbeplanning:* Jy belê R100 000 in 'n bestaande besigheid wat jy koop ten einde daaruit 'n bestaan te maak.
- *Inkomstebelastingbeplanning:* Jy belê die R200 000 in 'n vrywillige annuïteit ten einde belasting gedeeltelik te vermy. Slegs die rente is belasbaar.
- *Boedelbeplanning:* Jy neem lewensdekking uit (óf 'n lewenspolis óf jy voeg dit by jou annuïteit) vir toekomstige boedelbelasting vanweë beleggings uit die besigheid. Jy begin die besigheid as 'n beslote korporasie ten einde jou toekomstige boedel te verklein.
- *Aftredebeplanning:* Jy is 53 en sodra jou annuïteit oor twee jaar in kontant omskep kan word (uit vrye wil), belê jy die een derde in effektrusts. Jy belê die twee derdes in 'n lewende annuïteit en vra aanvanklik slegs 5% rente-inkomste sodat jy steeds die maksimum kapitaalgroei kan kry.

6.1 BELEGGINGSLAGGATE EN HOE OM DIT TE VERMY

Beleggingslaggate is so volop dat die meeste van ons op die een of ander tyd-stip daarin trap. Party slaggate is voor die hand liggend, maar ten einde sekere

ander slaggate te vermy, benodig jy heelwat kennis omtrent beleggings en beleggingsbeplanning.

SLAGGAT 1: VERWAR DIE OPBRENGS MET DIE DOEL VAN DIE BELEGGING

Seker die nommer een-slaggat van ons tyd is om die opbrengs verbonde aan 'n bepaalde belegging met die doel van die belegging te verwar. Jy vergelyk byvoorbeeld nooit die opbrengs op die belegging in jou woonhuis met die opbrengs op 'n riskante aandeel nie. Ons in Suid-Afrika moes nog sommer onlangs na só 'n debat luister. Moenie die belegging in jou woonhuis net in geld meet nie.

Seker die mees basiese reg as dit by geldsake kom, is die reg om met jou geld te maak wat jy wil – vandaar die begrip persoonlike finansies. Ons is reeds geleer dat ons moet mik na finansiële onafhanklikheid ná aftrede en hoe min mense dié doelwit bereik. Elke individu is en bly steeds geregtig daarop om gedurende sy/haar lewe na goeddunke met swaarverdiende geld/kapitaal te handel.

In hierdie bespreking gaan ons kyk na die finansiële sowel as nie-finansiële redes waarom ons 'n woning moet koop of huur. Die doel van 'n belegging in 'n eie woning word hopelik in perspektief geplaas. Let daarop dat ons nie hier van 'n belegging in 'n tweede woning praat nie, maar van 'n eie woning – waarin jy bly.

Waaroor gaan die argument?

Ewe skielik skilder mense 'n prentjie wat talle van ons laat wonder of ons nou eintlik ons lewens gemors het. Op talle plekke in die media lees ons (en ons hoor dit by talle makelaars) dat dit meer winsgewend is om 'n woonhuis te huur en jou geld in effektetrusts of aandele te belê. Ja, verkoop jou huis en gaan huur dadelik 'n goedkoper woning. Belê nou jou 'wins' winsgewend. Net so word diegene wat daaraan dink om 'n eerste woning te koop aangeraai om liever vir altyd te huur en nooit te koop nie. Belê dan die verskil tussen jou huurgeld en die hoër bedrag wat jy aan 'n eie woning sou bestee, in effektetrusts of aandele.

Maar voel almal van ons só oor geld en opbrengs en word almal van ons deur geld gemotiveer en in dieselfde mate gemotiveer? O nee, baie beslis nie, anders

sou die meeste van ons dieselfde studies voltooi het, dieselfde werk doen, 'n enkelkamer gehuur het en al ons daaglikse en lewensaktiwiteite net in opbrengs op ons beleggings meet. Navorsing en duisende opvoedkundige en bestuursboeke toon juis dat ons as mens deur verskillende dinge gemotiveer word. Net so buig sommiges deurgaans baie laag voor Mammon, ander net soms, en Godvresende mense glad nie. Almal reageer gevolglik nie dieselfde in die teenwoordigheid van geld nie.

Wat van jou ander besittings?

Sou ons 'n argument ten gunste van 'n huurwoning aanvoer, sou dit ook beteken dat ons meubels, ringe, duur vakansies (almal is eintlik duur), sosiale aktiwiteite, privaatskole, ens, ook in terme van die huidige opbrengs op ons geld (belegging daarin) moet meet. Moet dus nie iets besit waarop jy eerder 'n opbrengs elders kan verdien nie – so lui die argument ten gunste van die huur van 'n woning.

Hiervolgens moet jy natuurlik jou motor verkoop en die verkoopsom belê. Net so moet diegene wat 'n eerste voertuig wil koop eerder die paaielemente belê. Almal maak nou van 'goedkoop' openbare vervoer gebruik – busgeld beloop deesdae sowat R110,50 per maand. Ongelukkig werk dit nie só nie. Ingevolge die markmeganisme (die werking van die mark – vraag en aanbod dus) sal die geweldige vraag na busvervoer dan die maandelikse busgeld opstoot (vanweë die hoë buspryse) na byvoorbeeld R1 000 of R2000 per maand. Teen dié tariewe kan jy maar jou motor eenmalig afbetaal en daarna alle toekomstige 'busgeldpaaielemente' elders belê of anders aanwend.

Finansiële oorwegings as jy huur

Soos jy sal sien, geld dieselfde argument as ons die huur van 'n woonhuis in plaas van die koop daarvan oorweeg. Sou mens 'n woning huur, maak jy eerstens van jou eie geld gebruik. Daar is gevolglik nie sprake van 'n verband nie. Jou eie geld is juis duur wanneer jy nie van 'hefboomfinansiering' gebruik maak nie. Hoe minder 'n mens van jou eie geld in 'n woning (of besigheid) steek, hoe hoër is die opbrengs op jou eie geld (in die normale gang van sake). Net so kan jy nie so 'n groot woning (wat duur is) huur as jy slegs jou eie geld moet gebruik nie.

Verder weet jy ook nie altyd wanneer die huur verhoog gaan word en met

hoeveel nie. Jy is ook nie seker of die woning wat jy huur verkoop gaan word en jy moet trek omdat jy nie 'n nuwe huurkontrak met die nuwe eienaar (wat self daar wil kom woon) kan sluit nie.

'n Persoon wat huur het nie gemoedsrus oor sy/haar blyplek nie. Gestel so 'n persoon het die oorblywende geld (wat nooit daar sal wees nie vanweë die werking van die markmeganisme) op die Beurs belê op 'n stadium van lae aandelepryse. So 'n persoon sal sommer baie gou die aandele verkoop en 'n eie woning koop vir eie gemoedsrus.

Maar onthou, sou almal huur, sal die huur so hoog styg dat niemand wil huur nie. Almal sal 'n woning wil koop om te verhuur vanweë die hoë huur-geld oftewel die hoë opbrengs uit 'n belegging in wooneiendom (residensiële eiendom).

Na baie jare se huur sal jy egter nog steeds soos 'n immigrant of skolier voel wat ook eintlik maar net op 'n plek kan sit, slaap en eet.

Sou ons egter na die opbrengs op 'n woonhuis kyk, dan sien ons dat dit oor die afgelope 15 jaar hoër was as dié van aandele. Jy kan wel geld leen om 'n huis te koop met die huis as sekuriteit, maar finansiële instellings sal nie maklik geld aan jou leen vir aandelebelegging sonder jou eie sekuriteit nie.

As jy huur, sal jy na 'n leeftyd niks hê om te wys nie. Daarenteen kan jy as jy gekoop het, 'n woning hê wat bykans of meer as 'n miljoen rand werd is (veral in die stad in selfs 'n gemiddelde buurt).

Afgetredenes en baie ou of siek persone wat nie meer fisies of finansiëel in staat is om 'n eie woning in stand te hou nie, kan

- óf huur
- óf voltitel-/deeltitel-/groepbehuising-/aftreeskema-eiendom koop wat namens hulle onderhou word

Nie die tegnologie of die 21ste eeu gaan die feit verander dat elkeen van ons graag 'n eie woning wil hê nie. Ons wil minstens beheer hê oor hierdie aspek van ons lewe. Selfs die hoë rentekoerse wat ons in die tweede helfte van 1998 in Suid-Afrika beleef het, verander niks aan die argument teen huur of ten gunste van koop nie – veral nie op die lang termyn en oor 'n leeftyd nie.

Wanneer jy 'n woning huur, loop jy wel die risiko dat jy dalk nie 'n blyplek gaan hê aan die einde van van die maand nie (om watter rede ook al), maar jy hoef geen instandhoudingskoste, versekering, of erfbelasting te betaal nie, en daar is geen boedelbelastingimplikasies, ens, nie. As die huur te hoog raak, dan

trek jy maar net weer. 'n Eie woning hou ook 'n magdom finansiële huishoudelike risiko's in. In die geval van 'n gehuurde woning is hierdie moontlike koste afwesig of minimaal.

Baie mense bly jare lank in 'n gehuurde woning. As jy boonop goed oor die weg kom met die eienaar, kan jy wel finansiël daarby baat (bv jy sorg vir die tuin en betaal 'n verminderde huur; jy het die eerste opsie om te koop, ens).

Finansiële oorwegings as jy koop

Huiseienaarskap begin meestal op die ouderdom 25 en die meeste mense besit 'n woning op ouderdom 45. Die feit dat jy jou huis met geleende geld kan koop help jou om 'n groter woning te koop en min van jou eie geld te gebruik (meestal slegs die deposito). Die opbrengs op jou eie geld verhoog sodoende. Inflasie verhoog verder die waarde van jou huis, al word die huis ouer. Die waarde van die erf verhoog meestal voortdurend namate die aanbod (besikbaarheid) van grond/erwe al hoe minder word.

Sou ons daaraan dink dat opgegroeide kinders deesdae vir 'n hele paar jaar ná skool nog by hulle ouers woon (sonder om elders of selfs tuis huur te moet betaal), hou huiseienaarskap sommer baie finansiële en nie-finansiële voordele in – veral waar kinders boonop werkloos is en ouers in elk geval hierdie huur sou moes betaal.

Die feit dat mense byvoorbeeld 'n huis in Clifton gekoop het, het hulle só ryk gemaak dat ander mense bykans nie eens kan begryp hoe 'n mens 'n woning in só 'n duur buurt kan bekom nie. Net so maak die subsidie van jou werkgever huiseienaarskap nog voordeliger. Deur nie van hierdie geleentheid gebruik te maak nie, het jy byvoorbeeld in die eerste kwartaal van 1999 ná belasting ongeveer R500 per maand verloor. Om hierdie bedrag maandeliks vir ongeveer 20 jaar of langer te ontvang is 'n geweldige finansiële voordeel.

'n Woning kan as sekuriteit vir verdere lenings gebruik word en 'n afbetaalde huisverband (ook gedeeltelik afbetaal) kan as 'n lewenslange noodfonds dien. As jy vandag 'n woonhuis koop in 'n 'gemiddelde' woonbuurt kan dit oor 20 jaar 'n miljoen rand werd wees. Daarby het jy boonop die nie-finansiële voordele geniet en geniet jy dit steeds.

Die pluspunt is wel dat die woning aan die einde van die betaalperiode joune word, maar jy sit finansiël meer in die woning in wat betref verhogings in rentekoerse, instandhouding, erfbelasting, aanbou/opgradering/herstelwerk,

ens. Die verhoging van rentekoerse of skielike werkloosheid, byvoorbeeld, kan ook beteken dat jy nie meer die maandelikse paaielemente kan bekostig nie en dus die eie woning kan verloor (dit word dan op 'n veiling verkoop) en ook alles wat jy finansieel aan die woning bestee het. Die uitkoms daarvan teenoor huur is dat jy dan ook 'met niks sit' en ook moontlik in 'n slegter finansiële posisie is as wanneer jy sou gehuur het. Ook as jou werk jou sou verplaas na 'n ander omgewing en jy genoodsaak is om jou eie woning te verkoop, verloor jy dalk ook 'n groot persentasie van jou geld, veral wanneer jy nie die woning teen die gewaardeerde prys kan verkoop kry nie en dus die verkoopprijs moet verminder. Dis ook die geval wanneer die buurt waarin jou woning gebou is nie meer as 'elite' beskou word nie en dit die waarde van die eie woning beïnvloed. Die verkoopmark kan ook 'n negatiewe invloed hê op jou belegging. 'n Opbetaalde woning het veral voordele vir erfgename – dit is 'n voet in die deur in terme van sekuriteit en kredietwaardigheid.

Waarom koop mens 'n eie woning?

Niemand koop op byvoorbeeld 25-jarige ouderdom 'n eerste woonhuis omdat jy 'n bepaalde hoë opbrengs op jou geld gaan/kan kry nie. Nee, jy verlaat jou ouerhuis om eendag op jou eie voete te kan staan, wat hopelik eienaarskap van 'n eie blyplek sal insluit. Net soos jy graag eendag jou eie ryding wil besit, net so wil jy ook jou eie blyplek besit. Opbrengs is nie die motiveerder of rede waarom jy 'n eie woning wil koop nie.

Die volgende redes kan geïdentifiseer word waarom mense 'n woning koop:

Self- en gesinsgeoriënteerde behoeftes

Onderliggend aan self- en gesinsgeoriënteerde behoeftes is sielkundige en ekonomiese motiverings. 'n Aantal sielkundige motiverings by die koop van 'n huis is:

- dit is 'n vesting (een of ander blyplek)
- die veiligheid van die gesin ('n veilige plek om te bly)
- onafhanklikheid en vryheid ('n eie huis en stukkie grond met plek vir die groei van die gesin)
- kreatiwiteit (die ontwerp en gebruik van 'n huis)
- avontuur (die vind van die regte huis)

- die uitbreiding van kennis (leer aangaande kontrakte en finansiering)
- gemoedsrus (geen styging in huurgeld nie)
- emosioneel (liefde in 'n huis en verblyf in 'n bepaalde woonbuurt)

Ekonomiese motiverings

- kopers se kredietposisie (beter leenterme, verbeterde kredietterme)
- amortisasie (terugbetaling van lening)
- appresiasie (eiendom styg in waarde)
- gemoedsrus (finansiële sekuriteit).

Groepgeoriënteerde behoeftes

Groepgeoriënteerde behoeftes wat betref die koop van 'n woonhuis wentel hoofsaaklik om 'n persoon se plek in die gemeenskap. As huiseienaar

- is hy/sy 'n verantwoordelike inwoner (verleen 'n element van stabiliteit in die woonbuurt)
- het hy/sy 'n aandeel aan die belang van die gemeenskap (die onderhoud van die gemeenskap)
- het hy/sy 'n positiewe instelling teenoor die woonbuurt (het 'n belang in die verbetering daarvan)

Politieke deelname deur 'n huiseienaar

Dit kan tot die volgende aanleiding gee:

- deelname in landsbelang (eienaar stel belang in 'n stabiele regering)
- publieke ondersteuning (hy/sy dra by tot nasionale welvaart deur in 'n huis te belê)

Watter nie-finansiële voordele hou huiseienaarskap in?

Kom ons vergeet vir 'n oomblik die finansiële redes of motiverings van 'n eie, vol-opbetaalde woonhuis gedurende of ná 'n lewe se harde werk. Kom ons staan vir 'n oomblik stil by die lewe en die rol wat 'n eie woning daarin speel. Diegene wat doodgelukkig in hul woning en woonbuurt is, sal nooit, veral na baie jare op dieselfde plek, hul woning vir meer geld verruil nie. Nee, daar is trots in 'n eie woning wat nie in randwaarde vervang kan word nie.

Al daardie harde werk in die tuin, met die plante wat nou groot is, die bou van 'n eie braaiplek (volgens eie behoeftes), die onthaalarea, familieswembad, kamers vir kinders en/of kleinkinders, die snoekertafel, sauna, borrelbad, daardie kaggel in die hoofslaapkamer en/of familiekamer – dit is alles daar om jou behoeftes en selfs meer te bevredig in 'n lewe waarvan jy maar net een het.

'n Huurwoning kan nooit dieselfde trots en lewensvreugde skep nie! Nee, daardie dinge wat jy met jou geld by jou woning doen, al sou ander dit as oorkapitalisasie beskou, kan nie met 'n opbrengs op ander beleggings vergelyk word nie. Sou ons dit doen, het ons baie verloor rondom dit waarom die lewe gaan.

Gevolgtrekking

Die mens het ander hoërordebehoefte as net die maksimum opbrengs op kapitaal. Sou die lewe te alle tye om opbrengs op kapitaal ('n hoër opbrengskoers) gaan, sal ons die meeste van ons besittings (veral motors en meubels) met beter beleggings moet vervang. Net so sou dit beteken dat ons nooit, ook nie ná aftrede nie, 'n belegging kan gebruik vir byvoorbeeld rondreis, na die buiteland gaan, kinders of kleinkinders, of vakansies nie, omdat ons dan die opbrengs op die verdere belegging daarvan sal verloor. Ons koop nie 'n woning om in te bly ten einde 'n opbrengs op ons geld te kry nie, maar om 'n eie plek te hê. Ons kies wel die beste woning met ons beskikbare geld (eie deposito en finansiering). Belê gerus in 'n woning. Ja, geniet u eie woning!

SLAGGAT 2: WANPERSEPSIE OOR 'N BELEGGING IN 'N LEWENSPOLIS

'n Tweede slaggat en beleggingsfout van ons tyd is die wanpersepsie oor 'n belegging in 'n lewenspolis, want sien, aandeel lewer 'n hoër opbrengs. Moenie die doelwitte (redes) waarom jy belê en ook die finansiële behoeftes waarin jy moet voorsien (as gevolg van bepaalde risiko's) met die opbrengs op daardie belegging (lewenspolis of 'n ander belegging – bv aandeel) verwar nie. Kom ons kyk na hierdie argument.

Talle individue beskou 'n lewenspolis as iets wat op die een of ander tydstip in hul lewe deur 'n 'polissimus' aan hulle opgedwing is. Dit is egter seker die mees oningeligte siening wat enigiemand oor die besit van 'n lewenspolis kan hê. Daar is geen menslike skepping of belegging wat in meer behoeftes en doel-

witte van die mens kan voorsien as juis 'n lewenspolis nie.

'n Lewenspolis is 'n bate net soos 'n huis of woonstelblok. Benewens die poliskontrak is 'n lewenspolis 'n nie-tasbare belegging wat die mens in staat stel om sy grootste finansiële risiko's aan 'n versekeringsmaatskappy oor te dra. As vergoeding vir maandelikse premies kry die polishouer, benewens vermoeders, 'n aanvaarbare opbrengs op 'n belegging met 'n baie lae risiko.

Die primêre doelwit van elke individu se persoonlike finansiële strewe is om finansiële onafhanklikheid ná aftrede te bereik. 'n Lewenspolis (selfs twee of drie) kan dié doelwit help bereik soos geen ander belegging dit kan doen nie. Die besit van 'n lewenspolis hou gevolglik verreikende finansiële implikasies in vir die polishouer, sy familie en/of naasbestaendes in geval van die polishouer se dood.

Persoonlike finansiële beplanning behels verskillende beplanningsterreine. Die rol van 'n lewenspolis in enkele van dié beplanningsgebiede word vervolgens kortliks aangetoon.

Loopbaanbeplanning

'n Lewenspolis kan gebruik word om voorsiening te maak vir 'n kind wat oor agtien jaar moontlik universiteitskoste sal hê. Dit kan gedoen word deur die polis na agtien jaar te laat uitkeer (veral waar ouers oor verskeie lewenspolisse beskik). Enige lewenspolis het 'n uitkeerwaarde na drie jaar en dié uitkeerwaarde is belastingvry ná vyf jaar (voorheen tien jaar). Hoewel mens 'n uitkeerpolis sou kon gebruik, kan 'n lewenspolis ook noodgedwonge gebruik word vir die koop van 'n student (kind) se motor.

Kredietbeplanning

In die geval van skuld kan 'n gebeurtenis soos die dood tot gevolg hê dat die individu se boedel gesekwestreer moet word sou hy/sy nie 'n polis met lewensdekking aan daardie skuld gekoppel hê nie. Hier kan gedink word aan motorskuld en veral 'n huisverband.

Sou die polishouer die termyn oorleef vir die afbetaling van die motor en/of huis, kan die lewenspolis gebruik word vir die delging van boedelkoste en selfs as 'n erflating. 'n Lewenspolis kan as sekuriteit dien vir die leen van geld, met die gevolg dat 'n motor, leë erf of huis nie as sekuriteit aangebied hoef te word nie. Dit word ook dikwels deur ouers aangebied as sekuriteit vir studentelening vir hul kinders.

In geval van nood kan 'n lewenspolis afgekoop word, dus te gelde gemaak word. In só 'n geval verloor die polishouer egter 'n groot deel van die belegging.

Beleggingsbeplanning

'n Lewenspolis verteenwoordig die eerste belegging wat 'n skoolverlater (met 'n werk) behoort te maak. Net so behels dit die eerste belegging wat die getroude paartjie vir hul kinders behoort te maak. In die individu se middeljare en selfs ná aftrede is 'n verdere lewenspolis 'n ideale nie-riskante belegging. Die potensieële belegger kan veral die moeite doen om 'n lewenspolis met ander beleggingsalternatiewe te vergelyk. Hiervoor kan die verskillende beleggingskriteria gebruik word. (Sien tabel 6.1.)

Tabel 6.1 'n Lewenspolis versus beleggingskriteria

Beleggingskriteria	Lewenspolis
Risiko	Laag
Opbrengs	Aanvaarbaar
Bedrag belê	Baie laag (per maand) – afhangend van jou gesondheid
Termyn	Drie jaar vir afkoopwaarde; ná drie jaar kan dit in 'n uitkeerpolis omskep word
Gemak van bestuur	Word aan versekeringsmaatskappy oorgelaat
Vereiste kennisvlak	Geen: agent kan jou inlig
Veiligheid van kapitaal	100% veilig – word gewaarborg
Kapitaalgroei	Aanvaarbare kapitaalgroei
Likiditeit	Baie likied na drie jaar
Belasbaarheid	Opbrengs is belastingvry na vyf jaar (voorheen tien jaar)
Buigsaamheid	Baie buigsaam – inhoud kan aangepas word
Transaksiekoste	Aanvaarbaar. Tabel 6.2 wys op verdere huishoudelike en sake-risiko's wat met behulp van 'n lewenspolis gedek kan word (ongeveer die opbrengs op die belegging)
Tydsberekening	Speel nie 'n rol nie – die beste tyd om 'n polis uit te neem, is altyd dadelik
Diversifikasie	Risiko van 'n portefeulje kan verlaag word deur 'n polis uit te neem
Beskerming teen inflasie	Premies kan jaarliks met tot 20% verhoog word om voorsiening vir inflasie te maak

Aftredebeplanning

'n Lewenspolis kan verder gebruik word om voorsiening vir aftrede te maak. Daar kan gevra word dat die polis moet uitkeer. Só 'n strategie behoort slegs in geval van nood gevolg te word of waar daar alternatiewe voorsiening vir aftrede en boedelskuld gemaak is.

Dieselfde kan gedoen word waar die individu se boedel relatief klein is en/of daar geen erfgename is nie. Die verskansing teen inflasie en kapitaalgroei wat 'n lewenspolis bied, maak dit juis geskik as moontlike voorsiening vir aftrede, terwyl talle risiko's gedek word ('n huisverband wat dan afbetaal is).

Beskermingsbeplanning

Dit is veral op die gebied van beskerming teen moontlike risiko's en toekomstige gebeure waar 'n belegging in 'n lewenspolis geen gelyke het nie.

'n Basiese behoefte van elke individu is om hom-/haarself en sy/haar besittings te beskerm. Die rede is hoofsaaklik omdat daar altyd 'n kans bestaan (risiko) dat mens jou besittings kan verloor vanweë omstandighede binne of buite jou beheer.

Onsekerheid en risiko vorm van die vroegste tye af deel van die mens se omgewing. Om van dié las ontslae te raak, word die risiko's aan 'n versekeringsmaatskappy oorgedra wat bereid is om dit teen 'n bepaalde vergoeding te dra.

Boedelbeplanning

'n Lewenspolis kan nuttig gebruik word om boedeladministrasie te help betaal. Net so kan 'n lewenspolis op 'n kind se lewe uitgeneem word (bo 14 jaar). As onvoldoende voorsiening vir sy of haar ouer se boedeladministrasie gemaak is, kan 'n kind die polisopbrengs gebruik om dié verpligtinge te help nakom. 'n Lewenspolis is veral geskik vir die betaling van boedelbelasting ná 'n persoon se dood asook vir die betaling van hereregte waar vaste bates na 'n natuurlike of regspersoon oorgedra moet word.

Gevolgtrekking

'n Lewenspolis kan gebruik word op verskeie beplanningsterreine binne persoonlike finansiële beplanning. As beleggingsalternatief is dit seker die buigsaamste belegging as daar na die talle gebruiksmoontlikhede van 'n lewenspo-

lis gekyk word. Die individu, hetsy arm, ryk, 'n salaristrekker of 'n sakeman/-vrou, kan 'n lewenspolis vir seker 90% van al sy of haar risiko's gebruik.

In die lig van Suid-Afrika se politieke en ekonomiese onsekerheid en onrus, is daar gemoedsrus in 'n lewenspolis te verkry. 'n Lewenspolis kan nie net slegs ná die dood van die polishouer gebruik word nie, maar ook gedurende sy/haar lewe.

Alle risiko's wat in tabel 6.2 aangedui is, kan met behulp van 'n lewenspolis gedek word.

Tabel 6.2 Risikodekking met behulp van 'n lewenspolis

Tipe risiko	Versekering
1 Persoonlike risiko	
Verlies aan inkomste as gevolg van dood	Lewenspolis
2 Eiendomsrisiko	
Huis met 'n verband	Lewenspolis
3 Besigheidsrisiko's	
(a) Koop- en verkooppooreenkomste	Lewenspolis
(b) Vennootskapsversekering	Individuele lewenspolis Gesamentlike lewenspolis Lewe-van-'n-ander-polis
(c) Eiendomsbeperktemaatskappy-versekering	Lewenspolis
(d) Beslote korporasie	Lewenspolis
(e) Professionele ingelyfde maatskappy	Lewenspolis
(f) Polisse tot voordeel van die werkgewer	
(i) Sleutelpersoonversekering	Lewenspolis
(ii) Oortrokke bankrekening	Lewenspolis
(iii) Om 'n persoonlike waarborg te dek	Lewenspolis
(iv) Om 'n aandeelhouer se leningsrekening te dek	Lewenspolis
(v) Om 'n verbandlening te dek	Lewenspolis
(vi) Om 'n kontantreserwe te voorsien	Lewenspolis
(g) Polisse tot voordeel van die werknemer	
(i) Uitgesteldevergoeding-skema	Lewenspolis
4 Boedelbelastingaanspreeklikheid	Lewenspolis
5 Boedeladministrasiekoste	
(a) Eksekuteursfooi	Lewenspolis
(b) Oordragkoste	Lewenspolis
(c) Koste vir verkoop van bates	Lewenspolis
6 Hereregte	Lewenspolis

SLAGGAT 3: ONDESKAT NEGATIEWE INVLOED VAN INFLASIE

’n Derde groot beleggingslaggat waarin beleggers trap, is om die negatiewe invloed van inflasie op voorsiening vir aftrede te onderskat.


Inflasie is diegene wat oor voldoende eiendom beskik (veral op die regte plek) se beste vriend. Daarenteen is inflasie ’n monster vir individue wat

- nie oor voldoende voorsiening vir aftrede beskik nie
- slegs oor beleggings beskik wat ’n inkomste lewer (waarvan hulle afhanklik is)
- nie oor beleggings beskik wat kapitaalgroei lewer nie
- ná aftrede ’n woonplek moet huur teen markverwante huur (sonder om self eiendom te besit of voldoende ander beleggings met die nodige kapitaalgroei)
- nie polisse jaarliks laat aanpas het vir inflasie nie, veral waar daar op hierdie polisse gesteun is/word vir aftreevoorsiening

Vir bogenoemde groep persone is inflasie die onvermydelike monster wat hulle bietjie voorsiening vir aftrede onmiddellik ná aftrede soos ’n kanker begin ver-
teer.

Vir talle Suid-Afrikaners wag daar moeilike finansiële situasies ná aftrede – veral as hulle baie jare ná aftrede leef en/of sieklik is sonder ’n mediese fonds.

Figuur 6.1 Inkomstetekort ná aftrede



Die inflasietempo

Die invloed van inflasie word bereken deur van die faktor 72-formule gebruik te maak. Gestel die inflasiekoers is 12%. Inflasie sal nou die waarde van 'n belegging elke ses jaar halveer ($72 \div 12 = 6$). Dit beteken dat 'n belegging van R50 000 (as dit nie kapitaalgroei teen inflasie lewer nie) oor ses jaar slegs R25 000 in vandag se geldterme werd sal wees.

Die invloed van inflasie word gevolglik teengewerk as 'n belegging 'n nabelaste opbrengs lewer (waar die belegging 'n inkomste lewer waarop belasting betaal moet word) wat hoër is as die inflasiekoers.

Toekomstige inflasiekoers

Ná 1960 was die styging in die inflasiekoers drasties en het dit skerp toegeneem. Die inkomstetekort ná aftrede word onder aftredebeplanningslaggate (afdeling 6.4) toegelig.

Die histogram in figuur 6.1 beklemtoon dié tekort in die geval van dood, vroeë aftrede vanweë mediese ongeskiktheid, en aftrede op 55 en 60. Die huidige lewenstandaard van elke individu word as 100% (of die standaard ná aftrede) gestel. Die histogram sal vir elke individu verskil – net so die verreikende finansiële implikasies as gevolg van inflasie ná aftrede.

Vir diegene met onvoldoende beleggings vir aftrede sal inflasie die inkomstetekort in elk van die vier gevalle vergroot. As die individu baie lank leef, sal inflasie uiteindelik die koopkrag van geld tot onder die broodlyn verminder. Dit is dan wanneer aftrede 'n wedloop tussen inflasie en die dood word. Meestal is die dood genadiger.

WEN DIE WEDLOOP!

Beleggings met kapitaalgroei oor so 'n lang tydperk as moontlik is die enigste antwoord. Afgetrede persone of diegene wat pakkette naby aan aftrede belê, moet beleggings met kapitaalgroei so lank moontlik laat groei en die verkryging van inkomste uit beleggings so lank moontlik uitstel. Deur dit te doen, laat jy saamgestelde rente, oftewel rente op rente, vir jou werk.

SLAGGAT 4: DRA NIE KENNIS VAN BELEGGINGSBEGINSELS NIE

Beleggers dra nie kennis van beleggingsbeginsels nie. 'n Basiese beleggingsbeginsel is dat beleggings met 'n hoër opbrengs meer riskant is as beleggings met

'n laer opbrengs. Natuurlik het goeie fondsbestuurders 'n geweldige invloed op laasgenoemde beginsel. Dié gevolg is dat ons by effeketrusts vind dat

- 'n hoër opbrengs met 'n laer risiko gepaard kan gaan
- 'n laer opbrengs met 'n hoër risiko gepaard kan gaan

SLAGGAT 5: IS NIE OP HOOGTE VAN BELEGGINGSKRITERIA NIE

Daarmee saam gaan die probleem dat beleggers nie op hoogte van die verskillende beleggingskriteria is nie. Hierdie beleggingskriteria moet met jou finansiële doelwitte en hulpbronne vergelyk word voordat jy een of meer beleggings kies. Die keuse van 'n spesifieke belegging sal onder meer deur 'n kombinasie van enkele van die volgende beleggingskriteria bepaal word:

- inkomste (benodig jy dit?)
- kapitaalgroei (benodig jy dit?)
- veiligheid van die beleggingsbedrag (wil jy 'n waarborg hê dat jou bedrag aan jou uitbetaal sal word of wil jy daarmee spekuleer en die kans vat om dit te verloor of net 'n gedeelte daarvan terug te kry?)
- buigsaamheid (soek jy die moontlikheid om die belegging na 'n ander oor/om te skakel vanweë bepaalde toekomstige behoeftes?)
- likiditeit (benodig jy dalk die belegging binne 'n week of dag?)
- belasbaarheid van die belegging (betaal jy reeds die maksimum belasting en wil jy jou belegging belastingvry belê?)
- gemak van bestuur (wil jy self jou belegging bestuur of wil jy dit in die hande van 'n fondsbestuurder laat?)
- risiko (hou jy van risiko's?)
- opbrengs (watter opbrengs verlang jy?)
- bedrag (het jy 'n enkelbedrag om te belê en hoe 'n groot bedrag benodig jy vir die spesifieke belegging wat jy beoog?)
- termyn van belegging (vir hoe lank wil jy belê of wanneer gaan jy weer jou beleggingsbedrag benodig?)
- jou marginale belastingkoers (is jy reeds op die maksimum koers?)
- transaksiekoste (wat kos die belegging? Het jy fondse daarvoor of wil jy liever elders belê vanweë die hoë koste?)
- tydsberekening (lees hoofstuk 5 oor die ekonomiese siklus en bepaalde bedrywe)

- diversifikasie (versprei jou beleggings om jou risiko te verlaag)
- beheer (hoeveel beheer wil jy oor jou belegging of die aanwending daarna hê – onthou die bespreking oor pensioen- versus voorsorgfondse)
- kennis/bestuursvereistes (’n belegging in aandele of ’n vakansieoord gaan sowel kennis as bepaalde bestuursvereistes van jou verg)
- inflasie (beskerm jou daarteen tydens die kies van ’n belegging – belê vir kapitaalgroei)
- jou beleggingsdoelwitte (die belangrikste kriterium van almal)

NÓG SLAGGATE

- Talle individue ken nie die verskil tussen belegging en dobbel nie. As jy geld vir ’n baie kort periode belê en dit moontlik kan verloor, dan het jy gedobbel en dit beslis nie belê of daarmee gespekuleer nie. Verder bepaal die beleggingsperiode of jy spaar, dobbel, spekulêr of belê. By dobbel is die periode meestal baie kort, by spekulasie (waar jy belê met die oog om uit fluktuasies in die mark geld te maak – aandele) langer, en by belegging baie langer. Natuurlik beteken laasgenoemde nie dat jy gedobbel het as jy jou effektrusts na net een maand oproep nie. Dit gaan oor die doel wat jy vooraf met die belegging het.
- Dit is gevaarlik om te belê voordat jy onder meer die volgende weet:
 - jou persoonlike finansiële situasie
 - al jou huishoudelike risiko’s en of jy reeds daarvoor voorsiening gemaak het
 - jou risikoprofiel (hoeveel risiko jy wil aanvaar of vermy)
 - jou kort-, medium- en langtermyn- finansiële doelwitte
- Enige Jan Rap en sy maat word dikwels as makelaar gekies sonder om eers uit te vind hoe ’n mens ’n makelaar kies en waarom.
- Die beleggingsbesluit word dikwels los van inkomstebelasting-, boedel- en aftredebeplanning geneem.
- Die beleggingsbesluit word geneem sonder om by die fase in jou lewensiklus te pas, met ander woorde jou huidige lewenstandaard asook jou ouderdom en huwelikstatus (lewensstyl). ’n Jonger persoon (ongetroud, sonder kinders) moet ’n aggressiewe beleggingsportefeulje kies, ’n jong gesin ’n groeiportefeulje, ’n finansiël gevestigde persoon ’n gebalanseerde portefeulje, en ’n afgetrede persoon ’n konserwatiewe portefeulje (’n minder aggressiewe beleggingstrategie dus).

- Talle persone het nie 'n beleggingstrategie nie. Hiermee word bedoel dat jy bepaalde strategieë moet volg ten einde jou beleggingsopbrengs te verhoog (te optimaliseer, met ander woorde te maksimeer in verhouding tot jou risiko of jou risiko te minimeer in verhouding tot jou opbrengs).
- Om die lewe deur te gaan sonder om jouself op die gebied van persoonlike finansies te bemagtig (op te voed, dus).
- 'n Pakket word dikwels belê sonder dat 'n finansiële spesialis geraadpleeg is.
- 'n Beleggingsbesluit word dikwels geneem sonder om die rol/plek van die belegging in die persoonlike finansiële beplanningsproses te ken. Maak dus seker waarom jy die belegging maak en waar dit in jou persoonlike finansiële beplanning inpas.
- Talle mense wil 'n belegging maak omdat hulle ryk vriende of kennisse dit gedoen het. Moet jou nie met ander vergelyk nie. Jou belegging het niks met hulle te maak nie. Belê met jou eie doelwitte, beperkinge en finansiële situasie in gedagte.
- Moet nie dat glanswoorde soos 'aandele' jou verwar en 'n oorhaastige beleggingskeuse laat maak nie. Daar is baie beleggingsmoontlikhede wat jou finansiële onafhanklikheid ná aftrede kan laat bereik. Daar is baie maniere om voorsiening vir aftrede te maak.
- Onthou, jy moet jou inkomste beskerm, inflasie beveg, jou kapitaal beskerm en die risiko en opbrengs balanseer met jou persoonlike risikoprofiel.
- Talle persone belê sonder 'n langtermyn doelwit in gedagte. Dink gevolglik strategies as jy dink aan die belegging van jou pakket.
- Moenie dat vrees jou tipe belegging bepaal nie. Vrees vir 'n tekort aan aftredevoorsiening moet jou nie blindelings in aandele vir hoë opbrengs laat belê nie. Net so moet jy ook nie dat die vrees dat jy alles op die Beurs kan verloor jou dwing om nooit op die Beurs te belê nie.
- Moet nie dat hebsug jou beleggings stuur nie. Laat eerder toe dat doelgerigte beplanning gegrond op die nodige professionele advies jou beleggings stuur.
- Moenie dat massahisterie (hoë rentekoerse, lae aandeelpryse, ens) veroorsaak dat jy jou beleggings oproep, byvoorbeeld aandele verkoop in 'n swak mark (lae aandeelpryse) nie. Hou dit tot die Beurs weer herstel, anders verander jy jou papierverlies (soos dit bekend staan) in 'n werklike finansiële verlies.

6.2 INKOMSTEBELASTINGSLAGGATE EN HOE OM DIT TE VERMY

Inkomstebelastingaanspreeklikheid is een van die lang lys beleggingskriteria wat beleggers moet oorweeg tydens die kies van 'n belegging. Natuurlik moet jy probeer om so min as moontlik belasting te betaal. Daar bestaan dan ook verskillende maniere om belasting te vermy en hulle is almal wettig. Belastingontduiking daarenteen is onwettig.

Metodes om belasting te vermy behels onder meer die volgende:

- Moenie geld wat jy nou net belastingvry ontvang het, dadelik weer belasbaar maak nie. Jy het byvoorbeeld klaar daarop belasting betaal toe jy jou pakket ontvang het en nou belê jy dit in 'n annuïteit (jy gaan belasting op die inkomste betaal). As jy die inkomste moet ontvang sodat jy kan lewe, is dit 'n ander saak, maar andersins moet jy so lank moontlik vir kapitaalgroei belê en belasting vermy.
- Waar jy jou pakket na 'n nuwe aftreefonds van 'n werkgewer moet oorplaas of in elk geval in 'n bewaringsfonds wil laat, moet jy dit direk van jou werkgewer se aftreefonds daarin oorplaas. Sou jy dit eers in jou bankrekening plaas, gaan jy beslis belasting daarop betaal.
- Belê belastingvry in jou huisverband deur dit af te betaal.
- Uit enige rente-inkomste wat jy gaan verdien is R2 000 per persoon per jaar belastingvry – R4 000 vir 'n man en vrou.
- Dividende is tans belastingvry.
- Jou belegging is geheel en al belastingvry as jy dit in kapitaalgroei-beleggings plaas.
- As jy in vaste eiendom belê (erf by die see) is die kapitaalwins wat jy oor drie of tien jaar gaan maak sou jy die eiendom verkoop, belastingvry.
- By enige belegging in inkomsteproduiserende eiendom (eiendom wat jy koop en dit verhuur) is die volgende koste-items aftrekbaar van belasting:



- rente op jou verband
 - die onderhoudskoste van die eiendom
 - erfbelasting, water en elektrisiteit, of die heffing
 - korttermynversekeringspremies
 - administrasiekoste
- Wanneer jy in 'n annuïteit belê, moet jou boekhouer die nodige belasting-aftrekking doen.
 - Sou jy fondse uit 'n uitgesteldevergoeding-skema ontvang, is 'n bedrag van R30 000 belastingvry. Dit het niks te doen met die eenmalige R120 000 wat jy as 'n enkelbedrag kan aftrek nie.
 - In die geval van 'n voorsorgfonds is daar 'n R24 000-belastingaftrekking sou die totale bedrag wat jy ontvang groter wees as die R24 000.
 - Sou jy 'n trust stig, kan die inkomstebelastingaanspreeklikheid tussen die stigter van die trust, die trustees en die trust self verdeel word. Sodoende word minder belasting betaal, omdat die inkomste verskuif kan word na die persoon(e) wat die minste inkomste ontvang en gevolglik die minste belasting sal moet betaal.
 - Enige belegging in harde bates (diamante, Krugerrande, Persiese tapyte) sal belastingvry bly, tensy jy daarmee begin handel dryf.
 - Indien jy jou pakket na 'n nuwe werkgewer oordra (omdat jy daar gaan werk), moet jy seker maak dat jy (of 'n belastingkundige of -instelling) jou vergoedingspakket so struktureer dat jy so min moontlik belasting moet betaal. Kyk veral of die werkgewer bepaalde bydraes/betalings namens jou kan maak ten einde jou belastingaanspreeklikheid te verlaag.
 - Jy kan R25 000 per jaar aan 'n gade/kind/iemand/trust/instelling skenk sonder om geskenkbelasting te moet betaal. Getroudes kan dus R50 000 per jaar skenk.
 - Verkoop vaste bates aan erfgename/trusts of koop dit in hulle name en leen die koopsom aan hulle. Bemaak nou hierdie rentevrye lenings (as jy dit so verkies) aan hulle in jou testament. Skenk boonop R25 000 per jaar aan hulle (óf uit die lening óf bo en behalwe die lening).
 - Betaal minder boedelbelasting deur onder meer die volgende te doen:
 - koop bates in 'n trust/kind se naam
 - verkoop bates aan 'n kind/trust
 - doen beleggings in 'n trust/kind se naam

- maak in jou testament voorsiening vir die oprigting van 'n testamentêre trust (ná jou dood)
- maak (in jou testament) die langselewende gade en daarna 'n kind (of twee) die eksekuteur(s) van jou boedel ná jou dood
- bemaak alles aan jou eglied (man/vrou)
- Maak seker dat jy die maksimum belastingvrye enkelbedrag uit jou pensioen-, voorsorg- en/of uittree-annuïteitsfonds ontvang. Laat 'n boekhouer/ belastingkundige jou hiermee help, veral waar jy gelyktydig aan meer as een van hierdie fondse behoort het. Daar sal veral vanuit die Inkomstebelastingkantoor na die jare van gelyktydige lidmaatskap gekyk word, asook na die spesifieke fonds wat jy vir doeleindes van hierdie berekening kies.
- Dit is moontlik dat jy jou pakket gaan belê met die doel om daarna handel te dryf met byvoorbeeld genoteerde aandele of effektestrustkoppelings. Die wet laat jou nou toe om beleggingskoste vir doeleindes van belasting af te trek, onder meer:
 - makelaarskoste (fooie en/of kommissie)
 - koste van boeke, tydskrifte en koerante
 - 'n rekenaar(s)
 - rekenaar- en aandeleprogrammatuur
 - Internetkoste
 - koste verbonde aan die bestuur van jou besigheid en kantoor (al is dit uit jou woning). Raadpleeg weereens 'n belastingkundige.
- Open 'n bank- en/of beleggingsrekening vir kinders sodat hulle op die inkomste uit jôu beleggings belas word.
- Leen eerder by jou gade geld (of uit sy of haar belegging) sodat die gade die rente wat jy moet betaal as inkomste kan verdien (veral waar hy of sy 'n baie laer inkomste ontvang). Jy kan nou die rentebetaling as aftrekking vir inkomstebelastingdoeleindes gebruik.
- Belê 'n deel van jou pakket in 'n opvoedkundige trust vir jou kinders. Hulle gaan minder belasting betaal, terwyl jou boedel verklein.
- Maak meer gebruik van beleggings waar jy dividende in plaas van rente ontvang, omdat eersgenoemde belastingvry en laasgenoemde belasbaar is.
- Betrek deurgaans jou kinders in jou besigheid ten einde die inkomstebelastingaanspreeklikheid te verdeel en te verlaag.
- Verdeel soveel inkomste moontlik tussen jou en jou gade.

- Sorg dat jy so laat moontlik in jou lewe eers van inkomste vanuit finansiële beleggings gebruik moet maak. Sodoende stel jy die betaling van belasting uit, groei jou beleggings, en ontvang jy heel moontlik eers daardie inkomste in jare wanneer inkomste uit ander bronne afgeneem het – en dus minder belasting betaalbaar is.

DUS

- Vermy belasting (betaal so min moontlik).
- Belê belastingvry (vir kapitaalgroei).
- Stel die betaling van belasting so lank moontlik uit.

6.3 BOEDELBEPLANNINGSLAGGATE EN HOE OM DIT TE VERMY

Die begrip boedelbeplanning verwys na die oordrag van 'n persoon se bates na erfgename (wat natuurlike of regspersone kan wees) tydens sy lewe of ná sy dood. Die volgende finansiële doelwitte word veral gedurende die oordrag van 'n boedel (dws die somtotaal van jou besittings) nagestreef:

- die minimering van oordragskoste (veral boedelbelasting, boedelberedderingskoste en die koste verbonde aan die oordrag van vaste eiendom na erfgename, instansies of trusts)
- die beskerming (behoud) van bates
- die voorsiening van voldoende fondse (likiede middele) om die oordrag van besittings (bates) moontlik te maak.

ONTHOU HIERDIE BOEDELBEPLANNINGSDOELWITTE AS JY JOU PAKKET GAAN BELÊ

Doen gevolglik die nodige boedelbeplanning terwyl jy nog lewe. Ná jou dood kan jy niks meer daaraan doen nie en sal die eksekuteur van jou boedel ingevolge spesifieke wetgewing met jou goed handel tydens die boedelberedderingsproses (dit is die proses waartydens die oordrag van die boedel plaasvind).

Pasop vir die volgende slaggate:

SLAGGAT 1: GEEN BOEDELBEPLANNING NIE (JOU TESTAMENT)



Hiermee word nie bedoel dat jy gedurende jou lewe geen besittings/bates bymekaargemaak het nie, maar wel dat jy nie voorsiening gemaak het vir die oordrag van jou boedel na persone (afhanklikes of erfgename) of instansies ná jou dood nie. Al is jou boedel baie klein, behoort jy nogtans elementêre boedelbeplanning te doen, met ander woorde jy moet minstens oor 'n geldige en opgedateerde testament beskik. Dit help niks om 'n pakket te belê en ongewenste persone erf jou geld

nie. Dit gebeur wanneer jy sonder 'n geldige testament sterf en jou boedel (al jou goed) volgens regsreëls intestaat vererf.

Vervolgens kyk ons na die eenvoudigste vorm van 'n testament. Jy sal opmerk dat daar ook na 'n trust verwys word. Dit word tydens omvattende boedelbeplanning gebruik.

Wat is 'n testament?

'n Testament is 'n dokument wat jy opstel en waarin jy sê wat met jou besittings moet gebeur ná jou dood. Jy sê daarin watter persoon(e), regspersone (beslote korporasie of maatskappy) en/of instansie jou goed moet kry en in watter verhouding.

Wie mag 'n testament hê?

Elke persoon van 16 jaar en ouer mag 'n wettige testament besit.

Wie mag dit opstel?

Enige persoon of instansie mag jou testament opstel, ook jy self.

Dit moet aan sekere wetsvereistes voldoen

Die persoon(e) wie se testament dit is, met ander woorde die testateur (man) of testatrise (vrou), moet elke bladsy voluit teken. Twee getuies ouer as 14 jaar moet in die teenwoordigheid van die testateur/testatrise die laaste bladsy voluit teken. Alle veranderings in die testament moet deur die testateur/testatrise asook die getuies erken word deur langsaan die verandering voluit te teken. Geen getuie mag 'n bevoordeelde/erfgenaar van die testament wees nie.

Wat is 'n kodisil?

'n Kodisil is 'n aparte dokument wat 'n testament aanvul en byvoegings tot 'n bestaande testament is. Dieselfde wetsvereistes geld ook hier. In plaas daarvan om 'n hele testament nuut op te stel, kan veranderings daaraan in 'n kodisil opgestel word.

Tipes testamente

Die gewone testament kan in drie tipes verdeel word, naamlik die enkel-, die gesamentlike en die wederkerige testament. In 'n enkeltestament maak 'n enkele individu sy of haar wense bekend. In 'n gesamentlike testament maak meer as een individu hul wense bekend. 'n Wederkerige testament is 'n gesamentlike testament (van hoofsaaklik twee persone) van individue wat mekaar wedersyds bevoordeel.

Die opskrif

Dit is belangrik dat daar in die testament aangedui word wie se testament dit is, byvoorbeeld of dit 'n enkeltestament of 'n gesamentlike testament is. Die voorname, vanne en identiteitsnommers van die testateur(s)/testatrise(s) word hier verlang.

Kanselleer vorige testamente

Alle vorige testamente en kodisille moet herroep word as 'n nuwe testament opgestel word.

Erfgename/begunstigdes

Enige persoon of instansie wat in die toekoms voordele van die testateur/testatrise gaan ontvang, moet benoem word. Daar behoort ook presies aangedui te word watter begunstigde(s) watter bate(s) moet erf.

Stel 'n eksekuteur aan

Die eksekuteur is die persoon (pa, ma, vrou, vriend of prokureur) of instansie (bank, bouvereniging, versekeringsmaatskappy) wat jou boedel moet beredder ná jou dood. Met boedel word bedoel al jou besittings en met beredder word bedoel hoe daar met jou besittings gehandel moet word ná jou dood (hoe dit moet vererf).

Wat is die mag van assumpsie?

Gewoonlik word 'n eksekuteur in 'n testament aangewys. Die eksekuteur is egter nie altyd in staat om die boedel regtens te kan beredder nie (eintlik selde), gewoonlik vanweë 'n gebrek aan kennis. As die testateur nou in sy testament die mag van assumpsie aan 'n eksekuteur verleen, kan die onbekwame eksekuteur 'n professionele persoon soos 'n prokureur of finansiële instelling aanstel om die boedel namens hom te beredder. Die twee eksekuteurs deel nou die eksekuteursfooi ingevolge 'n persentasieverdeling, soos onderling deur hulle bepaal word.

Stel die eksekuteur vry van sekerheidstelling

Elke eksekuteur is eintlik verplig om sekerheidstelling aan die Meester van die Hooggeregshof te bied. Met sekerheidstelling word bedoel dat die eksekuteur oor genoeg bates of kapitaal moet beskik voordat die Meester die eksekuteur sal toelaat om die boedel te beredder (af te handel volgens die regsprosedure). Hierdie bates of kapitaal moet gevolglik eers deur die Meester goedgekeur word. Nie alle eksekuteurs is egter welgesteld genoeg om deur die Meester aanvaar te word nie. Net so sal nie almal bereid wees om as eksekuteurs op te tree indien hulle deur so 'n keuringsproses (ook 'n batevoorlegging genoem) moet gaan nie. Daarom is dit belangrik om die eksekuteur vry te spreek van die lewering van sekerheidstelling aan die Meester.

Trusts en 'n administrateur

'n Testateur/testatrise benoem 'n administrateur as sy/haar boedel of deel daarvan aan 'n trust oorgedra moet word. Aspekte wat hier van belang is, is onder meer die name van die trust, inkomste- en/of kapitaalebegunstigdes, die naam van die administrateur, name van trustees, die inhoud van die trustakte, en wanneer en hoe die trust beëindig moet word.

Lys jou bates en laste

Dit is veral belangrik dat die eksekuteur kennis dra van alle bates en laste in die boedel wat hy/sy moet beredder.

Gelyktydige dood

'n Testament moet vir verskillende scenario's (situasies of gebeure wat mag opduik) voorsiening maak. In die geval van enige testament moet alternatiewe (in geval van dood) begunstigdes, eksekuteurs, administrateurs (indien van toepassing), trustees en instansies aangewys word. Net so kan die man én vrou te sterwe kom en 'n gesamentlike, wederkerige testament nalaat wat nie meer aan sy doel beantwoord nie.

Voog vir minderjarige kinders

Dit is noodsaaklik om 'n voog vir minderjarige kinders ('n persoon onder 21 jaar) aan te wys, omdat die man en vrou gelyktydig kan sterf. Die voog van 'n minderjarige kind ontvang gewoonlik namens die kind onroerende (vaste bates) en ander eiendom. Daar word aanbeveel dat 'n trust vir minderjarige kinders geskep word.

Onderhoud van afhanklikes

Dui aan hoe daar tydens boedelbereddering in die behoeftes van afhanklikes voorsien gaan word.

Erfporsies en toekomstige huwelike

Die testateur moet ook alle erflatings uitsluit van erfgename se huweliksgoederebedelings. Dit is baie belangrik ten einde 'n boedel in erfgename se hande vir toekomstige geslagte te help beskerm. 'n Kind kan in die skelmste familie

denkbaar introu. Geldjagters as skoonfamilie hou die gevaar in dat die kind se eglied (man of vrou) kan skei en met die helfte van die testateur/testatrise (ook die erfgenaam of kind) se boedel wegloup.

Sterf sonder 'n geldige testament

Sou jy sterf sonder 'n geldige testament, vererf jou goed intestaat, wat beteken dat individue waarvan jy nie hou nie en wat jy nooit sou wou laat erf nie, dalk jou goed kan erf.

Verskeie afskrifte

Hou verskeie oorspronklike afskrifte van jou testament in veilige bewaring in jou huis, by jou ouers of by 'n prokureur.

SLAGGAT 2: NIE VOLDOENDE BOEDELBEPLANNING NIE

Sodra jou bates meer word, soos ná die ontvangs van 'n pakket, behoort jy te dink aan omvattende boedelbeplanning. Dit behels veel meer as die opstel van 'n eenvoudige testament en behels onder meer die oprigting van 'n trust (vóór of ná jou dood) en die stigting van 'n beslote korporasie of maatskappy.

Omvattende boedelbeplanning vereis kennis van 'n aantal gespesialiseerde terreine soos die reg, beleggings, belasting en versekering. Daar word gevolglik aanbeveel dat professionele persone geraadpleeg moet word ten einde die boedeleienaar (jy) behulpsaam te wees, byvoorbeeld 'n spesialiskenner van persoonlike geldsake, 'n regsgeleerde, 'n rekenmeester en 'n versekeringsadviseur (natuurlik ook die instansies waaraan hulle behoort). Kom ons kyk kortliks na 'n trust.

Wanneer moet ek 'n trust stig?

Individue wonder dikwels wat presies 'n trust is, hoe dit funksioneer en watter tipe trust om te stig.

Daar is hoofsaaklik twee soorte trusts wat as boedelbeplanningstegnieke gebruik kan word, naamlik die testamentêre trust en die trust *inter vivos*. Dit is belangrik om te let op die doelwitte van elke trust, asook die finansiële implikasies vir die stigter en begunstigdes. Verder is dit noodsaaklik dat daar baie

noukeurig beplan word aan die inhoud van die trustakte, omdat dit wetlik afdwingbaar is op alle besluite rondom onder meer die aanwending van trustbates (kapitaal) en inkomste uit die trust. Individue wat dit oorweeg om 'n trust te stig, moet hulself vergewis van die wetsvereistes waaraan 'n trust moet voldoen.

Wat is 'n trust?

'n Trust is 'n onafhanklike entiteit, net soos 'n maatskappy of beslote korporasie. 'n Trust word hoofsaaklik tydens boedelbeplanning gebruik om bepaalde doelwitte te bereik, asook om een of meer boedelbeplanningsprobleme op te los.

'n Trust kan soos volg gebruik word:

- Gestel 'n persoon besit 'n groot aantal aandele en effektetrusts waarvan hy die bestuur (belegging, verkoop, omskepping) self hanteer. Sy enigste kind en erfgenaam (naas sy vrou) is 30 jaar oud en verstaan hoegenaamd niks van enige belegging of die Aandelebeurs nie. Hy/sy toon ook geen belangstelling in sodanige beleggings nie en weier om enigsins te leer.

Die pa kan nou 'n trust stig (verkieslik in sy testament) om dié beleggings ná sy dood vir die seun te bewaar. Hy kan verder 'n makelaar in sy testament aanwys om die aandele-portefeulje namens sy seun te bestuur.

Die voordele waarop die seun geregtig mag wees, hetsy inkomste en/of kapitaal, word in die testament aangedui as deel van die inhoud van die testigte trust se trustakte. Die trustakte is die dokument waarin presies aangedui word (deur die pa) hoe die trust sal funksioneer. Die pa sal die inhoud van so 'n trustakte gevolglik reeds in sy testament aandui.

Die seun is die begunstigde in die trust (volgens die pa se testament) en sy gebrek aan bestuurs- en beleggingservaring word gevolglik deur die oprigting van 'n trust uitgeskakel.

- 'n Man woon in Sandton en het vyf jong erfgename. Sy enigste bate is die spoghuis en hy weet nie hoe om dit aan sy erfgename te bemaak nie, omdat dit nie verdeel kan word nie. Hy kan nou in sy testament 'n testamentêre trust stig waarin hy die woonhuis plaas. Aangesien sy oudste kind 10 jaar oud is, kan hy byvoorbeeld in sy testament bepaal dat almal in die huis mag woon tot ouderdom 25. Daarna moet die huis verkoop en die opbrengs gelykop onder die oorlewendes van sy kinders verdeel word. Hy kan die-

selfde doen as hy 'n plaas besit. Die probleem van moeilik verdeelbare bates word sodoende opgelos.

- 'n Vrou besit 'n groot aantal eiendomme wat onder meer twee huise, 'n vakansiehuis, 'n woonstelblok, 'n plaas en verskeie sake-eiendomme insluit. Sy besef dat sy 'n groot boedelbeplanningsprobleem het (om nie van haar erfgename te praat nie!), naamlik boedelbelasting. Geslag na geslag sal haar erfgename die grootste deel (of 'n groot deel, mits daar voldoende voorsiening vir boedelbelasting is) van hul bates verloor. 'n Trust is hier die oplossing en sy moet al haar bates in 'n testamentêre trust plaas. Daar sal gevolglik slegs een keer boedelbelasting betaal moet word, naamlik deur haar. Intussen kan sy wel haar boedel verklein deur boedelbeplanningstegnieke. Die erfgename moet sover moontlik as inkomstebegunstigdes in die ewigdurende testamentêre trust benoem word. Die kapitaalgroei vind gevolglik in die trust plaas en erfgename hoef nie weer boedelbelasting te betaal nie.
- 'n Trust kan in 'n testament opgerig word vir byvoorbeeld 'n minderjarige kind. Die ouer kan byvoorbeeld die opbrengs op 'n lewenspolis (van die ouer) of bates in die trust plaas en bepaal dat die kind die kapitaal en/of inkomste by mondigwording ontvang.
- Sou individue 'n verstandelik gestremde erfgenaam hê (bv 'n kind wat aan Down-sindroom ly), kan 'n trust vir so 'n kind geskep word, omdat die kind nooit met bates sal kan werk nie. Die kind moet dan as inkomstebegunstigde (ontvang maandelikse inkomste vir onderhoud) en as kapitaalebegunstigde in die testament aangewys word. Verseker egter in die bewoording van die testament vir 'n testamentêre trust dat oneerlike familie (bv deur bedrog, likwidasies wat gereeld voorkom) nooit die inkomste namens die onbeholpe kind mag ontvang of bestee nie. Hulle mag ook nooit as administrateur, trustees of begunstigdes vir so 'n trust dien nie (natuurlik ook nie vir 'n ander trust nie).
- 'n Geldbedrag kan byvoorbeeld in 'n trust geplaas word vir die opvoeding van kinders of kleinkinders. Beskerm die inkomste of kapitaal deur die bewoording 'totdat die begunstigdes dit nodig het'.
- 'n Kinderlose egpaar kan 'n testamentêre trust stig met 'n godsdienstige, liefdadigheids- of politieke organisasie as begunstigde(s), tensy hulle verkies om alles wat hulle besit uit te leef en liever 'n hoër lewenstandaard te handhaaf. So 'n trust sal tot gevolg hê dat individue nie boedelbelasting hoef te betaal nie, vanweë die bepaalde begunstigde(s).

- Gestel 'n man en vrou het vyf eiendomme en vyf erfgename. Daar kan vir elke erfgenaam 'n afsonderlike trust geskep word, met sy of haar eiendom as trustbater.

Vervolgens word daar 'n onderskeid getref tussen 'n testamentêre trust en 'n trust *inter vivos*.

Testamentêre trust

As 'n individu 'n trust in sy of haar testament 'stig', word dit 'n testamentêre trust genoem. Dié trust, waarvan die inhoud en bepalinge uit sy/haar testament afgelei kan word, word gestig ná die stigter se dood.

Die testamentêre trust behels 'n testamentêre reëling tussen 'n testateur of testatrix (die oprigter of boedeleienaar) en trustees tot voordeel van 'n derde party(e), die begunstigde(s).

Trust *inter vivos*

Indien 'n individu 'n trust stig terwyl hy/sy nog leef, word dit 'n trust *inter vivos* genoem. Die doel van 'n trust *inter vivos* is om sekere bates aan 'n trust oor te dra, maar om steeds beheer oor die bates te behou.

Watter trust?

Met die geweldige hoë hereregte wat betaal moet word by die oordrag van vaste bates, is dit vandag te duur om vaste bates waarvoor die individu reeds beskik na 'n trust *inter vivos* oor te dra. Die koste beloop ongeveer R20000 vir elke vaste bate van R500 000. Die wet het 'n likiditeitsprobleem geskep vir individue wat slegs te bowe gekom kan word deur die skepping van 'n testamentêre trust. Vir 'n testamentêre trust moet daar egter voldoende lewensdekking ('n lewenspolis, of meer as een) wees om boedelbelasting te kan betaal, nie slegs groepsdekking of annuïteite wat nie deel van 'n boedel is nie.

Sou 'n individu reeds oor heelwat vaste bates beskik, word aanbeveel dat nuwe vaste bates wel in die naam van 'n trust *inter vivos* (ook 'n maatskappy of besloten korporasie) gekoop word. Sodoende word die betaling van dubbele hereregte voorkom en boedelbelasting bespaar.

Noukeurige beplanning met behulp van 'n prokureur en/of geëkspertiseerde rekenmeester behoort die oprigting van enige trust vooraf te gaan.

'n Buitelandse trust

Sou jy daaraan dink om op een of ander stadium te emigreer, moet jy veral dink aan 'n buitelandse trust – neem dus die toelaatbare deel van jou pakket en belê dit in 'n buitelandse trust. Dit is veral nodig waar jy kinders of kleinkinders het wat dalk sal emigreer of in die buiteland gaan studeer of werk.

Sedert 1 Julie 1997 hou 'n buitelandse trust bepaalde voordele vir Suid-Afrikaners in. Dit is veral 'n teenvoeter vir belastingwetgewing se vernietigende aanslag op elke individu se swaarverdiende bates.

Wat is 'n buitelandse trust?

'n Trust word 'n buitelandse trust genoem as dit in een van die wêreld se 'belastingvriendelike' lande ('tax havens') geregistreer is, byvoorbeeld Jersey, die Isle of Man, Guernsey, Luxemburg, Monaco, Liechtenstein en die Nassau-eilande.

Voordele van 'n buitelandse trust

- 'n Buitelandse trust is 'n plaasvervanger vir die opstel van 'n buitelandse testament. In die geval van 'n testament (plaaslik en buitelands) word die testateur se bates eintlik aan almal bekend gemaak. By 'n buitelandse trust word geen bates aan ander individue (derde partye) bekend gemaak nie. Vertroulikheid word eerste gestel.
- Jou bates word beskerm teen plaaslike wetlike en politieke verwikkelings, omdat dié bates aan 'n buitelandse trust behoort en nie direk beïnvloed word nie. Nuwe wetgewing raak dus nie jou bates in 'n buitelandse trust nie.
- Bates in dié trust is beskerm teen huidige boedelbelasting asook 'n verhoging in die koers (tans 25% bo R1 000 000) en/of 'n verlaging in die korting (tans R1 000 000).
- Waar buitelandse bates in 'n buitelandse trust is, kan dit maklik deur begunstigdes opgespoor word.
- Bates kan maklik tussen kapitaalbegunstigdes verdeel word.
- Internasionale belastingvoordele word bekom in dié uiters belastingvriendelike lande.
- Internasionale fondsbestuurders is in 'n ideale posisie om dié buitelandse bates te bestuur – dus beleggings en herbeleggings te maak. Dié fondsbestuurders geniet meer vryheid as hul eweknieë in Suid-Afrika.

- Buitelandse trustbates geniet beskerming teen die sekwestrasie van die oprigter van die trust. Dieselfde geld vir toekomstige aanspreeklikhede.
- Inkomstebelastingvoordele word bekom in dié 'vriendelike' lande – dit is immers wat hulle is, want hulle beskerm diegene wat daar belê.

Diegene wat nog steeds hul R500 000 na die buiteland wil neem, moet mooi dink aan die voordele wat 'n buitelandse trust bied.

Sou amnestie verleen word aan persone wat geld en bates 'onwettig' in die buiteland het, kan hulle ook van 'n buitelandse trust se verdere (toekomstige) beskerming gebruik maak.

SLAGGAT 3: GEEN VERMINDERING VAN DIE OORDRAGKOSTE VAN JOU BOEDEL NIE

Waarom sou jy jou swaarverdiende pakket in jou boedel sit, net om dit weer op 'n later stadium aan boedelbelasting weg te gee?

Beskerm en bewaar jou boedel

Baie min boedels is geheel en al onbelas. Daar is bykans altyd die een of ander skuld wat nog uitstaande is ten tye van die dood van die boedeleienaar. 'n Woonhuis het dikwels nog 'n verbandlening daarop of huurkooppeaielemente op 'n motor moet nog afgelos word. Vele ander voorbeelde soos 'n oortrokke bankrekening kan bygevoeg word voordat daar nog by die boedelbelasting-aanspreeklikheid en ander boedelkoste uitgekóm word.

Alle uitstaande lenings en rekenings (krediteure) moet gelys word en die bedrae bymekaargetel word. Hierdie bedrag word afgetrek van die bruto boedelwaarde. Sekere kortings word ook afgetrek ten einde die netto waarde van die boedel te bepaal. Op grond van hierdie netto boedelwaarde word die persoon se boedelbelastingaanspreeklikheid bereken.

Dit is belangrik om daarop te let dat 'n persoon se huweliksgoederebedeling 'n groot invloed op die waarde en veral die netto waarde van sy/haar boedel kan hê.

Toelaatbare aftrekkings

Nadat die boedellaste (skulde) van die boedelbates afgetrek is, is daar sekere toelaatbare aftrekkings. Hierdie aftrekkings is die volgende:

- begrafnis- en sterfbedonkoste
- skuld aan persone binne die RSA
- administratiewe en likwidasiekoste
- bemakings aan liefdadigheids-, opvoedkundige en godsdienstige instansies
- bemakings aan politieke partye
- die bedrag gelykstaande aan die aanwas van die eggenoot(e) van die oorledene, waar hulle ingevolge die insluiting van die aanwasbedeling getroud is
- alle koste wat aangegaan is tydens die administrasie (bereddering) en likwidasie van die boedel
- die onderhoudskoste van bates (wat te gelde gemaak moet word) vanaf die sterfdatum tot die datum van likwidasie
- voedsel en weidingskoste van diere of vee wat deel vorm van die boedel en verkoop moet word
- eksekuteursfooie (hetsy testamentêr bepaal of ingevolge bepaalde wetlike tariewe)
- verbeterings deur 'n naasbestaande aangebring ten opsigte van eiendom van die oorledene (met laasgenoemde se toestemming) wat in die aanwas val
- verbeterings deur 'n naasbestaande (wat die belang in die eiendom erf) ten opsigte van die oorledene (met laasgenoemde se toestemming) wat die waarde van die belang daarin verhoog, het tot gevolg dat die verhoging in die belang afgetrek kan word van die boedelwaarde van die oorledene
- die waarde van die kunswerke, boeke en prente wat aan die staat geleen is vir opvoedkundige doeleindes

Skat boedelaanspreeklikheid

Boedelbelasting is betaalbaar op die netto waarde van die boedel. Die boedelbelastingskaal is tans 25% van die netto of belasbare waarde van die boedel. Hierdie belastingskaal geld vir alle persone wat op of ná 14 Maart 1996 te sterwe gekom het. Geskenke is vroeër teruggetel by die waarde van die boedel waaruit dit geskenk is ten einde boedelbelasting daarop te hef. Tans word dit nie meer gedoen nie, omdat die skenker 25% geskenkbelasting moet betaal ten tye van die skenking.

Boedelbelasting is slegs betaalbaar indien die netto waarde van die boedel R1 miljoen oorskry.

Skat ander boedelkoste

'n Boedel word nie kosteloos afgehandel nie, want administrasiekoste ontstaan in die proses. Administrasiekoste kan onder meer die volgende koste-items insluit:

- *Die koste van sekerheidstelling:* Die eksekuteur van 'n boedel word meestal in die testament van sekerheidstelling vrygestel. Gebeur dit nie, moet die eksekuteur aan die Meester van die Hooggeregshof sekerheidstelling verskaf vir die uitvoering van sy/haar pligte. Die boedel sal uiteindelik hierdie sekerheidstelling moet betaal, wat honderde en selfs duisende rande kan beloop.
- *Advertensiekoste:* Die eksekuteur moet meer as een keer 'n advertensie rakende die oorledene se boedel plaas. Skuldeisers moet onder meer genooi word om vorderings teen die oorledene se boedel in te dien.
- *Hereregte en oordragkoste van onroerende eiendom:* Onroerende eiendom word aan 'n natuurlike of regspersoon oorgedra. Hereregte en oordragkoste is gevolglik betaalbaar en die boedel is ook daarvoor verantwoordelik.
- *Koste by die likwidering van bates:* Bates wat verkoop moet word (gewoonlik op 'n veiling), moet geadverteer word. Advertensiekoste en afslaerkommissie ontstaan sodoende en is uit die boedel betaalbaar. 'n Verdere koste-item wat kan ontstaan, naamlik eksekuteursvergoeding, word bereken op die bruto opbrengs van verkoopte bates (dit is bo en behalwe die 3,5% op die bruto waarde van die boedel).
- *Meestersgeld:* Alle boedels met 'n bruto waarde van meer as R15 000 (1999) moet geld aan die Meester betaal. Waar die oorledene buite gemeenskap van goed getroud is, is meestersgeld slegs op die oorledene se boedel betaalbaar. In die geval van 'n gemeenskaplike boedel (binne gemeenskap van goed) word meestersgeld op die gemeenskaplike boedel gehef. Meestersgeld word op die bruto waarde van die boedel gehef, maar is nie betaalbaar op inkomste wat ná die oorledene se sterfdatum ontvang is nie.
- *Eksekuteursvergoeding:* Hierdie vergoeding is betaalbaar aan die persoon of instelling wat die oorledene se boedel moet administreer. Die eksekuteur word gewoonlik in die testament aangewys en dikwels word die vergoeding ook testamentêr bepaal. In die afwesigheid van laasgenoemde testamentêre reëling beloop die eksekuteur se vergoeding 3,5% van die bruto waarde van die boedel. 'n Verdere kommissie word ontvang ingevolge die bruto waarde

van alle bates wat te gelde gemaak moes word, asook vir huurinvorderinge.

Ontleed likiditeit van bates

'n Boedel moet oor voldoende geld beskik om die boedelkoste te dek. In die afwesigheid van sodanige geld moet bates te gelde gemaak word. 'n Boedel beskik egter selde oor voldoende likiede bates, met die gevolg dat die enigste vaste bate (bv 'n woonhuis) dikwels verkoop moet word. Erfgename moet soms selfs toekyk hoe die familie se sakeonderneming of plaas verkoop word ten einde die boedelkoste te kan delg.

Doeltreffende boedelbeplanning kan 'n tekort aan fondse verhoed deur byvoorbeeld een of meer lewens- of besigheidsversekeringspolisse uit te neem. Sodoende bly die boedel behoue vir erfgename volgens die boedeleienaar se wense.

'n Mens is geneig om bates na willekeur oor te dra ten einde minder boedelbelasting te betaal. Onthou die koste-implikasies, omdat dit die grootte van jou pakket aansienlik kan verklein.

Koste by die oordrag van bates

Voordat bates oorgedra word, behoort die koste-aspekte eers behoorlik in berekening gebring te word. Talle mense moes al tot hul spyt uitvind dat hul bates nie sonder meer na 'n persoon of instansie oorgedra kan word nie. Daar is groot koste aan verbonde, hetsy in die geval van roerende goed ('n motor, woonwa) of onroerende goed (enige soort vaste eiendom – 'n onbeboude erf, woonstel, meenthuis, woonhuis, sake-eiendom).

Hier word kortliks na enkele koste-items by die oordrag van sowel roerende as onroerende goed gekyk. Daar word verder 'n onderskeid getref tussen skenkings en verkooptransaksies. Net so word daar gekyk na koste-aspekte by die oprigting en administrasie van 'n trust.

'n Skenking

Elke belastingpligtige kan jaarliks goed ter waarde van R25 000 (1999) skenk sonder om geskenkbelasting te betaal. Geskenkbelasting word gehef teen 25% op die bedrag waarmee die waarde van die geskenk R25 000 oorskry. Waar 'n skenking uit 'n gesamentlike boedel plaasvind, skenk elke gade dus eintlik R12 500.

Vir sowel roerende as onroerende goed beloop die geskenkbelastingkoers 25% bo R25 000. In die geval van onroerende goed is daar boonop hereregte en oordragkoste betaalbaar deur óf die ontvanger óf die skenker (soos ooreengekom).

Vir 'n natuurlike persoon beloop hereregte 1% tot op R70000; 5% op R70001 tot R250 000; en 8% op R250 001 en hoër. Regspersone (maatskappye en trusts) betaal 10% hereregte. Geskenkbelasting op aandele beloop ook 25% bo R25 000. Handelseffektebelasting beloop 0,25% van die markwaarde van die skenkings op die totale bedrag/waarde.

'n Verkooptransaksie

Waar roerende goed verkoop word, is daar behalwe die koopprys ook nog BTW teen 14% betaalbaar. By die verkoop van onroerende eiendom is óf hereregte óf BTW deur die koper betaalbaar. Albei se koerse is soos voorheen aangedui.

'n Trust

Bates word dikwels aan 'n trust geskenk of verkoop vir doeleindes van boedelbeplanning en om boedelbelasting hok te slaan. Regskoste vir die oprigting van die trust (opstel van trustakte) beloop tussen R1 500 en R2 500. Die trustee moet die kapitaal aanvaar teen 'n koste van ongeveer 1,5% van die kapitaal plus BTW op die koste.

Kommissie is betaalbaar op die inkomste wat vir die trust (trust-begunstigdes) ingesamel word, wat 2,5–7,5% van die bruto inkomste kan beloop. 'n Bestuursfooi kan verder gevra word, asook administrasiekoste.

Die administrateur van die trust moet twee belastingopgawes indien wat R300–R400 kan beloop. Sou die trust tot 'n einde kom (bates verdeel word), word 'n verdere verdelingsfooi gevra (wat tot 2% van die kapitaalwaarde plus BTW kan beloop).

Dis is belangrik vir beleggings-, inkomstebelasting-, boedel- en aftrede-beplanning dat die koste by die oordrag van bates in ag geneem word. Die koste-aspek is van groot belang vir die likiditeitsposisie (kontantvloei) van die oordraggewer (skenker/verkoper) én die oordragnemer (ontvanger of koper).

SLAGGAT 4: ONVOLDOENDE LIKIEDE BATES (FONDSE) OM BOEDELORDRAG TE BEWERKSTELLIG

Maak seker dat daar voldoende fondse in jou boedel is om die boedelberedderingsproses af te handel. Hier word veral aan finansiële beleggings soos 'n lewenspolis gedink.

SLAGGAT 5: HOU AAN OM BOEDEL TE VERGROOT SONDER DEURLOPENDE BOEDELBEPLANNING

Jy as persoon moet op grond van jou persoonlike finansiële situasie (veral as jy die pakket moet belê of herbelê) doelbewuste pogings aanwend en spesifieke strategieë volg om die waarde van jou boedel (ná jou dood) te verklein. Enkele strategieë is onder meer die volgende:

- Eiendom kan aan erfgename verkoop word terwyl die koopbedrag aan hulle geleen word. Bemaak nou hierdie lening in jou testament aan dié erfgename.
- Daar kan jaarliks 'n bedrag van R25 000 aan elke kind geskenk word. Trek gevolglik jaarliks 'n bedrag van R25 000 af van die erfgenaam se lening wat in elk geval aan hom/haar bemaak is (net vir ingeval wetgewing verander).
- Individue kan die aanwasbedeling (wat nie aanbeveel word nie) by hulle huweliksvoorwaardekontrak (HVK) insluit. Oorweeg egter slegs so 'n stap waar skoonfamilie eerlik is en 'n eggenoot nie die helfte wat ontvang word sal vervreem nie. Sodoende word die groei in die grootste boedel deur twee gedeel en val een deel die eienaar van die kleiner boedel toe. Verander vroegtydig jou HVK in die hof sou enige finansiële wandade (bedrog) bespeur word.
- Individue met 'n groot boedel wat verwag om baie boedelbelasting te betaal moenie hulle lewenspolisse aan individue (erfgename) bemaak nie. Die opbrengs moet na die boedel gaan.
- Koop vaste bates met hoë verwagte kapitaalgroei in die naam van 'n trust.
- Neem onmiddelik 'n lewenspolis uit sodra 'n vaste bate gekoop is en pas die polis jaarliks aan vir inflasie.
- Koop verdere vaste bates in erfgename of trusts se name. In geval van 'n kind moet 'n borgverband teenoor die kind en 'n vrywaringsverband teenoor die ouer uitgeneem word, omdat laasgenoemde borg staan vir die kind se skuld.
- Moenie dat jou afgetrede pa of ma 'n polis op hulle naam uitneem nie (behalwe vir boedelkoste). Neem dit liever op die kind (jy) se naam (as aansoeker)

maar op die ouer se lewe uit.

- Onthou dat 'n groot aantal polisse (vanweë te veel vaste bates) jou lewenstandaard verlaag. Stig eerder 'n trust, maatskappy of beslote korporasie en spaar miljoene rande.
- 'n Individu wat nie voorsiening vir boedelkoste kan maak nie (vanweë bv mediese ongeskiktheid), moet vroegtydig van sy/haar vaste bates te gelde maak terwyl hy/sy nog self besluite kan neem en in beheer van sy/haar sake staan.
- Skenk jaarliks R25 000 (dit geld vir beide egliede/gades) aan 'n kind, gade of trust.
- 'n Man en vrou kan gesamentlik R50 000 per jaar aan 'n trust skenk. Die volgende jaar kan hulle nou die R50 000 by die trust leen en dit weer aan die trust skenk, dit is nou in dieselfde jaar. Ná vyf jaar is hulle finansiële posisie soos volg:
 - Hulle boedel is met R250 000 verklein.
 - Daar is R200 000 ($4 \times R50\,000$) by die trust in die daaropvolgende vier jaar geleen en gevolglik skuld hulle die trust R200 000 – hulle boedel is eintlik nou reeds R450 000 (R250 000 skenking en R200 000 lening) kleiner vir boedelbelastingdoeleindes. Onthou, daar is boonop 'n R1 miljoen-korting. Indien die boedel kleiner as R1 miljoen is, is daar in elk geval nie boedelbelasting betaalbaar nie. Boonop het die gade (langslewende) ook byvoorbeeld nog 'n 50%-aandeel by 'n gesamentlike boedel. Waar die hele boedel aan die langslewende gade bemaak word, is daar in elk geval nie sprake van boedelbelasting nie.
 - Die waarde van die bates in die trust (aanvanklik R250 000) het reeds gegroei tot byvoorbeeld R350 000. Die boedelgroei vind gevolglik in die trust plaas en nie in jón boedel nie.

JAJ, JY HOEF NIE BOEDELBELASTING TE BETAAL NIE – BELÊ
JOU PAKKET MET BOEDELBEPLANNING IN GEDAGTE

6.4 AFTREDEBEPLANNINGSLAGGATE EN HOE OM DIT TE VERMY

Teen hierdie tyd is die meeste mense reeds bewus van die inkomstegaping wat ná aftrede ontstaan asook die talle redes wat daarvoor verantwoordelik was, onder meer:

- jy het te laat begin belê vir aftrede
- foutiewe beleggings (sonder kapitaalgroei)
- te min beleggings (geen of swak finansiële dissipline)
- lewensrampe (egskeiding, insolvensie, werkloosheid)
- jy wou 'n te hoë lewenstandaard handhaaf
- duur motors en vakansies was veel belangriker as beleggings vir aftrede (kapitaalgroei)

As bogenoemde op jou van toepassing is, sal jy deel vorm van die meer as 9 uit 10 persone (ongeveer 94%) wat nie finansiël onafhanklik kan aftree nie. Jy sal gevolglik van die staat, vriende of familie afhanklik wees vir 'n voortbestaan en moet aanhou werk.

Wat is tans die grootste slaggtat of probleem rondom jou huidige of toekomstige aftrede?

JOU AFTREDE WORD OPNUUT BEDREIG

Talle bedreigings bestaan rondom aftrede. Seker die jongste daarvan is werklose kinders wat vir enkele jare ná skool of universiteit noodgedwonge by hul ouers moet woon. Ouers moet gevolglik 'n geweldige finansiële las met noodlottige finansiële gevolge dra. Hoe langer die periode is wat ouers hierdie las moet dra, hoe rampspoediger die gevolge ná aftrede.

Koste-items wat sodanige ouers moet dra is onder meer kos, klere, vervoer, deposito vir 'n eie motor, motoronderhoud en -versekering, studies, huwelik (kinders wat wil/moet trou), kleinkinders, deposito vir eie woning, en skei. Spanning en stres in ouerhuise vererger vanweë hierdie finansiële druk op die huishoudelike begroting. Daar is gevolglik nie fondse of voldoende fondse vir ouers om vir ander doeleindes/behoefte met die oog op aftrede te belê nie.

Kinders/jongmense se persoonlike finansiële opvoeding/bemagtiging het seker die beste belegging vir ouers in Suid-Afrika geword. Die eintlike probleem ontstaan juis op skool en veral daarna waar duisende oningeligte jongmense die lewe betree sonder om ingelig te word oor geldsake. Finansiël oningeligte jongmense word nou hul ouers se probleem. Net so het hul ouers vanweë ons kultuur en opvoedingstelsel ook nooit opleiding oor persoonlike finansiële beplanning ontvang nie.

Die oplossing lê in die betrekking van sowel ouers as kinders in die proses van persoonlike finansiële opvoeding. Sodoende sal

- die finansiële gedrag van jongmense positief beïnvloed en verander word
- jongmense strewe en gelei word na eie finansiële onafhanklikheid
- jongmense self verantwoordelikheid vir hul eie geldsake aanvaar
- geldsake aan die jeug bekend wees
- jongmense finansiëel kan oorleef
- finansiële wenner geskep kan word
- ouers self finansiëel onafhanklik kan aftree
- ouers besef dat hulle finansiële toekoms belemmer word deur finansiëel oningeligte kinders

WATTER JONGMENSE BENODIG PERSOONLIKE FINANSIËLE OPVOEDING?

Skoliere in graad 10, 11 en 12 (ou stander 8, 9 en 10), jongmense met of sonder werk, studente, jongmense wat wil trou, jong getroude persone met of sonder kinders, voornemende entrepreneurs, asook jongmense en ouer persone wat saamwoon. Mense met kinders word aangeraai om hulle kinders te help met hierdie opvoedingsprosesse ten einde ook hulself te help.

WATTER PERSOONLIKE FINANSIËLE KENNIS EN OPVOEDING HET JONGMENSE DAN NODIG?

Jongmense behoort persoonlike finansiële opvoeding te ontvang en sodanig bemagtig te word op die gebied van persoonlike geldsake dat hulle self verantwoordelikheid vir hulle finansiële toekoms sal aanvaar. Om self jou geldsake te kan behartig is seker een van die belangrikste lewensvaardighede waaroor die mens kan beskik. In die geval van jongmense is dit nog veel belangriker, juis omdat vroegtydige en ingeligte persoonlike finansiële beplanning hul toekoms vir altyd positief kan verander.

Die groot probleem in Suid-Afrika is tans juis dat ouers nooit persoonlike finansiële bestuur geleer is nie. Dieselfde geld vir hul kinders. Almal moet hulle dus maar op die media verlaat. Die honderde artikels is soos 'n nimmereindigende legkaart wat nooit voltooi kan word nie, vanweë die nuuswaardigheid daarvan en die totale afwesigheid van enige opvoedkundige struktuur.

Jongmense behoort ingelig te word oor die onsekere finansiële toekoms wat op hulle wag. Al weet hulle dit, kan sekere syfers hulle die positiewe en negatiewe werklikhede wys. Die leeftyd wat oënskynlik so lank is, behoort in terme

U KAN GERUS DIE VOLGENDE BOEKIE VIR U KINDERS EN/OF KLEINKINDERS KOOP

Hoe om jou geldsake ná skool en universiteit te beplan: Nico Swart vertel hoe jong mense finansiële winners kan word en verduidelik wat skoliere, skoolverlaters en studente behoort te weet omtrent hul persoonlike geldsake.

Hieruit leer jong mense hoe om

- te beplan vir 'n onsekere finansiële toekoms
- finansiële dissipline oor hul hele lewensiklus toe te pas
- persoonlike finansiële beplanning te doen
- hul studies en loopbaan as werknemer of werkgewer te beplan
- lewensbelangrike persoonlike finansiële riglyne toe te pas
- 'n motor te koop vir maksimum welvaart
- 'n woning te waardeer, al die koste-items te bepaal, die koopkontrak op te stel en die aankoop te finansier
- hul eie testament op te stel
- beleggings te vergelyk en te kies, asook om 'n makelaar te kies
- hul huweliksvoorwaardekontrak op te stel
- te beplan as hulle met iemand saamwoon
- hul inkomstebelastingaanspreeklikheid te bereken

Beskikbaar by alle goeie boekhandelaars, of van Unisa Uitgewers, Posbus 392, 0003 Pretoria. (Tel (012) 429–3448).

van die lewensiklus van die mens asook beplanning in die verskillende stadia verduidelik te word. Laasgenoemde sluit loopbaankeuses sowel as die nodige beleggings in. Vroegtydige beplanning via die beplanningsproses is 'n verdere noodsaaklikheid. Beroepskeuse met die klem op studies, werknemer- of entrepreneurskap moet verduidelik word.

Beplanningsriglyne oor die verskillende beplanningsareas is belangrik. Jongmense moet besef dat 'n mens nie 'n motor bo 'n eie woning kies nie, asook hoe om beide te bekom. Elke jongmens behoort 'n testament te hê asook ingelig te word oor die belangrikste dokument in hul lewe – hulle huweliksvoorwaardekontrak. Net so moet hulle hul eie kinders van jongs af leer oor geldsake. Diegene wat saamwoon moet weet hoe belangrik 'n saamwoon-ooreenkoms is.

Ouers en die 'opvoedkundige' stelsel kan kinders se finansiële gedrag vir altyd positief beïnvloed – indien hulle genoeg belangstel in hul kinders en die jeug se finansiële toekoms.

WAT IS DIE BESTE LEWENSWAARDIGHEID EN BELEGGING VIR AFTREDE?

Daar bestaan talle sienings rakende die beste lewenswaardigheid wat Suid-Afrikaners tans behoort aan te leer. Natuurlik is dit belangrik om te weet waaroor die lewe nou eintlik gaan, naamlik om vrede in jou hart met God te kan hê. Daarna moet 'n mens uitvind hoe jy teenoor ander mense moet optree, asook hoe om aan die lewe deel te neem. Ons moet ook werk om te kan eet. Met die inkomste wat ons verdien, maak ons bates (aardse goed) bymekaar, ons beskerm hierdie bates teen allerhande risiko's en ná ons dood gaan dit na ons erfgename.

Ten einde rustiger (in ons gemoed in elk geval) en meer doelgerig te kan lewe, is dit baie belangrik dat ons moet weet hoe om ons aardse besittings en inkomste te bestuur. Ja, dit noem ek persoonlike finansiële bestuur, wat baie wyer strek as net kennis oor die aandelemark of versekering. Dit raak 'n wye veld en strek oor elke aspek van die mens se lewe wat in geld- of finansiële terme uitgedruk kan word.

Of 'n mens nou min of baie besit, jonk of oud is, jy moet weet hoe om jou geldsake te hanteer. Elke mens moet weet watter faktore of gebeure in sy lewe 'n positiewe of negatiewe invloed op sy geldsake kan/gaan hê. Sodoende kan jy die nodige beplanning doen om bepaalde finansiële gevolge te verkry of te vermy. Finansiële beplanning kring wyd, omdat jy aan jou gesin, die mense en instansies om jou, die keiser (of die belastinggaarder) asook aan God (ons ontvang om te kan gee) deur middel van onder meer geld 'verbind' is.

In die nuwe Suid-Afrika moet miljoene mense geleer word hoe om met geld te werk, veral diegene wat reeds oor 'n werk beskik. Dieselfde geld vir persone met 'n eie besigheid of die wat nog 'n besigheid wil begin. Dit beteken immers net mooi niks as jy geld verdien sonder om te weet wat jy daarmee moet maak, asook waarom jy dit op sekere wyses behoort aan te wend nie. Ja, almal moet selfs geleer word wat met hulle goed gebeur ná hulle dood.

Individue moet weet watter finansiële gevolge die inhoud van 'n huweliksvoorwaardekontrak (HVK) op hulle toekoms kan hê, sowel by hul dood of indien hulle sou skei. Almal gaan dood en ongeveer een uit elke twee mense sal skei. Net so is baie mense bewus van die nadelige finansiële gevolge wat saamwoon vir hulle of hul kinders kan inhou. Ouers behoort saam met hul kinders advies in te win oor dit wat eintlik in hul kinders se huweliksvoorwaardekon-

trak behoort te staan wanneer 'n kind gaan trou. Indien nie, kan die negatiewe finansiële gevolge hulle ook raak indien die kinders sou skei.

Maar kom ons kyk 'n bietjie verder. Persoonlike finansiële kennis (bemagtiging) hou verder die moontlikheid van werkgeleenthede in. So 'n persoon kan óf in die makelaarsberoep opgeneem word óf deur finansiële instellings. Dit is dus moontlik vir mense en veral jongmense om werk te bekom omdat hulle kennis oor persoonlike geldsake besit. Sulke persone sal ook meer suksesvol wees indien hulle 'n eie besigheid sou begin.

Ja, kennis omtrent persoonlike geldsake is dié lewensvaardigheid wat ons vir die nuwe Suid-Afrika moet leer. Die opvoedkundige stelsel moet hiervoor plek maak ten einde jongmense die lewe in te stuur wat gemotiveerd, vol selfvertroue is, 'n goeie selfbeeld en 'n positiewe ingesteldheid ten opsigte van hul finansiële toekoms het.

Kom ons maak seker dat ons eie kinders onder laasgenoemde groep jongmense tel. Sodoende gee ons hulle 'n kans om op grond van hul finansiële bemagtiging in hul finansiële toekoms te glo.

7 EK EN MY HUWELIKSMAAT

7.1 MY HUWELIKSVORWAARDEKONTRAK (HVK)

Ten einde te bepaal waar 'n pakketbelegging in jou huweliksgoederebedeling ingevolge jou huweliksvorwaardekontrak inpas, is dit belangrik om kennis te dra van die opstel en implikasies van die HVK self. Verder moet dit saamgelees word met die bespreking van egskeiding (afdeling 7.2), insolvensie (hoofstuk 8) en veral boedelbeplanningslaggate (afdeling 6.3). Dit is 'n feit ('n gegewe) dat jou huweliksgoederebedeling, en veral die grootte van jou boedel (en dié van jou gade) asook jou gesinsamestelling, sal bepaal in wie se naam(e) jou pakket belê gaan word.

Verder is dit belangrik vir diegene wat nog gaan trou (of weer gaan trou) om seker te maak dat hierdie pakket beskerm word in 'n goed opgestelde HVK. Ja, beskerm jou pakket.

HOE OM JOU HUWELIKSVORWAARDEKONTRAK OP TE STEL

Ons gaan trou, waar moet ons teken? Mense, veral jong mense, trou baie verlief en wil hulle HVK so gou moontlik teken om dit agter die rug te kry. Jong mense (baie naïef) sien dit as 'n emosionele dokument – iets soos 'n liefdesverklaring, want hulle gaan mos nooit skei nie. Hulle saamwees is uniek. Tog skei een uit elke twee mense (50%), oftewel 75% as tweede, derde en vierde huwelike bygetel word. 'n HVK moet as 'n suiwer finansiële ooreenkoms beskou word en opgestel word met die oog op skei vanweë die hoë risiko – veral wanneer die aanwasbedeling ingesluit is.

Ingevolge die Romeins-Hollandse reg erken Suid-Afrikaanse wetgewing nie saamwoonverhoudings nie en word die huwelik as basis vir wetgewing beskou. Is dit daarom nie ironies nie dat die wet nie die party in die huwelik



beskerm wat getroud wil bly nie (nie wil skei nie)? Daarenteen word die 'krimineel' in die verhaal (huwelik) dikwels ryklik beloon en beskerm.

Teen die tempo waarteen huwelike deesdae verbrokkel, is dit byna ondenkbaar dat die moontlikheid van 'n egskeiding en die finansiële gevolge daarvan nie in die HVK hanteer word nie. Sodra daar dan wel 'n egskeiding kom, is 'n skikking (rakende die verdeling van

bates) buite die hof 'n baie moeilike taak. Liefde verander in haat en meestal probeer die een party die ander finansiël vernietig. In hierdie stadium is dit reeds te laat vir redelikheid.

HOE BELANGRIK IS MY HVK?

Jou HVK is die belangrikste dokument wat 'n getroude persoon in 'n leeftyd sal teken. Dit bepaal en beïnvloed alle finansiële besluite wat jy vir die res van jou lewe sal neem. Net so bepaal dit alles wat jy met jou besittings wat jy oor 'n leeftyd bymekaargemaak het, mag doen. Dit is veral die spesifieke huweliks-goederebedeling wat jy kies wat jou finansiële toekoms gaan beïnvloed – veral as jy sou skei (of jou gade jou sou skei).

Persoonlike geldsake staan hoofsaaklik op drie bene, naamlik die bymekaar-maak van bates, die beskerming van bates en die oordrag van bates. Jou HVK beïnvloed al drie hierdie aspekte direk.

Mense is bekommerd oor die risiko rondom beleggings. Hulle sal byvoorbeeld moeite doen om 'n minder riskante effektrust (5% laer risiko) te kies of 'n aandeel met 'n hoër opbrengs. Is dit nie skokkend nie dat mense 'n HVK blindelings teken terwyl daar 'n 50%-kans bestaan dat hulle 'n groot gedeelte van hul besittings binne die volgende sewe jaar kan verloor sou hulle skei. Ja, beleggingsrisiko is 'n grap in vergelyking met die risiko's rondom jou HVK.

Selfs jou loopbaan word direk deur jou HVK beïnvloed. Jy wil byvoorbeeld jou huis met 'n verband beswaar ten einde 'n besigheid te koop of 'n beleggingsgeleentheid te benut. Die huis word ingevolge jou HVK ook deur jou gade besit en jy benodig die gade se handtekening ten einde 'n lening te bekom. Die gade weier volstrek (het ander planne) en daar sit jy.

Net so beïnvloed jou HVK toekomstige boedelbeplanningsgeleenthede en -beperkinge.

WAAR ONTSTAAN DIE PROBLEEM?

Natuurlik ontstaan die probleem op skool, waar duisende oningeligte jongmense die lewe betree. Hierdie lewensvaardigheid behoort as deel van persoonlike finansiële kennis aan jongmense oorgedra te word. Die belangrikste lewensvaardigheid van jongmense is immers kennis omtrent persoonlike geldsake.

WAT IS DIE PROBLEEM?

Eerstens weet jongmense of mense wat trou meestal niks rakende die belangrikheid van hul HVK of die finansiële implikasies wat dit vir hulle inhou en kan inhou nie. In hul verliefde toestand word hul HVK geteken asof dit 'n verjaarsdagkaartjie is. Hulle beskou die teken daarvan as bloot 'n roetine- of administratiewe aangeleentheid rondom hul verliefdheid.

Tweedens vind diegene (of baie min van hulle) wat wil trou ook nie vooraf uit watter huweliksgoederebedelings bestaan en watter finansiële gevolge dit gaan inhou nie.

Derdens moet die prokureur waar jy jou HVK vinnig teken, die geld betaal en vinnig die kantoor verlaat, eintlik die verskillende huweliksgoederebedelings aan jou verduidelik nog lank voordat jy gaan teken. In baie gevalle word die indruk geskep dat mense maar in elk geval die aanwasbedeling insluit. Só gesê, só gedaan.


Vierdens weet baie getroudes nou nog nie dat die aanwasbedeling in elk geval deur die wet ingesluit word as jy buite gemeenskap van goed trou nie, tensy jy dit uitdruklik uitsluit. Niemand vertel hulle dit nie, soos gesien kan word aan die talle hofaansoeke van egpare wat hul HVK wil verander omdat hulle nie geweet het dat jy die aanwasbedeling kan uitsluit nie.

Vyfdens word die gevare rondom die aanwasbedeling in die geval van skei ook nie aan die partye uitgewys nie, hoofsaaklik omdat dit goedkoop of gratis finansiële advies sou beteken.

Sedens beland ewe naïewe, goedbedoelende ouers se bates en beleggings ook onwetend en onskuldig binne hierdie aanwas, wat 'n groot finansiële verlies vir sulke ouers kan beteken.

Die grootste gevaar is die onbuigsaamheid van wetgewing rondom skei omdat jou HVK ook direk bepaal hoe jy gaan skei – iets wat min mense besef. Nou waarom sal jy jou dan nie reeds nou al teen skei in jou HVK ('n suiwer finansiële ooreenkoms) beskerm nie?

Moet nooit dink dat jy in die geval van skei ('n 50%-kans) met 'n onskuldige en verliefde persoon te doen gaan kry wat soos 'n Godvresende gaan optree nie. Jy gaan in 90% van die gevalle met 'n persoon te doen kry wat uit sy/haar prokureur se kantoor aangehits word om elke moontlike skuiwergat in die wet teen jou te gebruik.



Die een party (eglid) kan weier om te skei totdat daar aan bepaalde finansiële eise voldoen is, ongeag die onredelikheid van sulke eise. Sou hofsake volg, kan 'n onskuldige eglied naderhand vanweë die geweldige regskoste gedwing of afgepers word om toe te gee en byvoorbeeld 'n bepaalde eiendom af te staan. Dit is veral moontlik waar 'n onskuldige eglied nie meer met die emosionele eise rondom skei kan volhou nie – dikwels vanweë werkverpligtinge.

KONTRAKBREUK IS HIER WETTIG

Waar kontrakbreuk elders in ons alledaagse handeling 'gestraf' word deur middel van wetgewing, is kontrakbreuk hier somer baie wettig. Die wet sal

jou ryklik daarvoor beloon as jy die 'regte' prokureur kies en boonop gewetenloos, gevoelloos en geldgierig is.

DIE KERK IS KRAGTELOOS

In die geval van skei kan jy jou nie op die kerk beroep nie, al het beide van julle as deel van jul kerklidmaatskap belowe om julle aan die gesag van die kerk te onderwerp. Ek ken selfs 'n predikant wat dieselfde twee persone nou reeds vier keer in die eg verbind het – die vierde keer met mekaar. Vandag se kerke trou mense, maar het meestal geen probleem met skei nie – in teenstelling met die kerk van so 'n klompie jaar terug.

DIE DOEL VAN 'N HVK

'n HVK word opgestel om onder meer te bepaal wat die partye tans besit; te reël hoe bates oor 'n leeftyd bymekaargemaak gaan word; en die eksekuteur te help om die boedel van 'n eglid na laasgenoemde se dood te beredder. Net so moet die HVK die prokureur of advokaat help indien die huwelik sou verbrokkel ten einde te bepaal waarop elke eglid geregtig is al dan nie. Tensy spesifieke reëlings in die HVK getref word (deur dit daarin te spesifiseer), sal rigiede wetgewing bepaal wat tydens skei (en 'n leeftyd daarna) met die onskuldige party se besittings sal gebeur. Hierdie wetgewing hou dikwels rampspoedige finansiële gevolge in.

WIE MOET DIT OPSTEL?

Dit moet deur 'n prokureur opgestel word. Wanneer 'n paartjie wil trou, besoek hulle gewoonlik die naaste prokureur wat veronderstel is om hulle volledig in te lig oor die finansiële implikasies wat die onderskeie huweliksgoederebedelings inhou.

Ongelukkig gebeur dit selde, soos gesien kan word aan die talle hofaansoeke van egpare wat hul huwelikskontrak wil verander omdat hulle byvoorbeeld nie geweet het dat hulle die aanwasbedeling kan uitsluit nie.

TIPES HUWELIKSGOEDEREBEDELINGS

Die wet vereis dat ons trou volgens 'n bepaalde huweliksgoederebedeling (stelsel) wat ons self moet kies. Hierdie huweliksgoederebedeling word geregistreer en aangedui in 'n huweliksvoorwaardekontrak.

- Persone wat wil trou kan binne gemeenskap van goed trou waarna hulle alle bates en laste gelykop (50/50) deel en besit vir die res van hul getroude lewens.

Dit is belangrik om te weet dat die spesifieke huweliksgoederebedeling wat jy kies sal bepaal of jy toestemming van jou gade nodig het om bepaalde handeling te verrig. Vir 'n huwelik binne gemeenskap van goed het jy vir sekere handeling met goed geen toestemming nodig nie (bv wanneer jy genoteerde aandele verkoop ten einde ander te koop, vir 'n deposito in jou eie naam, of wanneer jy bouverenigingaandele in jou eie naam verpand, vervreem of sedeer). Vir ander is informele (mondelinge) toestemming nodig (wanneer jy meubels en los goed van die gemeenskaplike boedel verkoop of verpand, of geld vervreem wat aan die ander eglid of die gesamentlike boedel behoort), en vir ander is skriftelike toestemming nodig (om met onroerende goed van die gesamentlike boedel te handel, om kontrakte rakende die onroerende goed te sluit, vir finansiële beleggings van die ander party of van die gesamentlike boedel maak, wanneer jy as borg optree, wanneer jy as koper ingevolge die Wet op die Vervreemding van Grond optree, of wanneer jy as kredietopnemer 'n kredietooreenkoms sluit).

- Tweedens kan jy buite gemeenskap van goed trou met uitsluiting van die aanwasbedeling. Hiervolgens besit elke eglid (man of vrou) vir altyd sy/haar bates en het sy/haar eie laste. Hierdie stelsel word ten sterkste aanbeveel omdat die talle verskuilde probleme rondom die aanwasbedeling hierdeur uitgeskakel word.
- 'n Derde stelsel is 'n huwelik buite gemeenskap van goedere met insluiting van die aanwasbedeling.

Die aanwasbedeling is van toepassing op alle huwelike gesluit na 1 November 1984. Persone wat dus nog gaan trou, het 'n keuse. Hulle kan buite gemeenskap van goed met die insluiting van die aanwasbedeling (wat outomaties plaasvind) trou, of buite gemeenskap van goed met uitsluiting van die aanwasbedeling (wat hulle uitdruklik in hul HVK moet bepaal). Dit is belangrik dat elke huweliksvennoot 'n lys maak van die bates en laste in die HVK wat aan hom of haar self (alleen) behoort en nie deel van die aanwasbedeling vorm nie.

Hier is voorbeelde van 'n paar slaggate waarin 'n mens kan trap:

- Mnr A (wat 'n groot boedel het) en mev B (wat net 'n motor besit) trou en

sluit die aanwasbedeling in. 'n Maand daarna kom haal mev B se minnaar haar en dit loop drie maande later op 'n skeisaak uit. Mnr A het egter tydens hul wittebrood 'n eiendom van R1 miljoen bekom. Mev B is nou geregtig op die helfte van die aanwas van hul boedel, naamlik R500 000, en mnr A moet dit aan haar uitbetaal.

- Mnr C (baie bates) en mev D (geen bates nie) trou binne die aanwasbedeling. Hy lys sy bates in sy HVK en gee die waarde daarvan aan as R500 000. Hy maak egter nie gebruik van 'n geswore waardeerder nie. Die werklike waarde beloop R1 miljoen. Mev D is 'n geldjagter en ses maande later skei hulle. Die wet sê dat mev D nou geregtig is op die R500 000 waarmee mnr C sy boedel onderwaardeer het, ongeag of hy in staat is/was om die waarde te skat en ongeag waar hy nou die geld gaan kry. Onthou dat onkunde oor die wet (volgens die wet) geen verskoning is nie.
- Mnr E (min bates) en mev F (drie plase wat sowat R200 000 werd is) trou met insluiting van die aanwasbedeling. Mev F sterf en die plase is teen dié tyd R500 000 werd. Die wet bepaal nou dat daar R300 000 (R500 000 minus R200 000) groei in mev F se boedel was en dat die helfte daarvan (R150 000) aan mnr F betaal moet word. Die boedel is ongelukkig nie likied genoeg nie (dit het nie genoeg fondse of kontant nie) en al drie plase moet in baie onseker tye vir R150 000 verkoop word. Haar bemakings is gevolglik waardeloos en haar twee kinders erf niks nie.

Vanweë die talle praktiese probleme word mense dus aangeraai om die aanwasbedeling noukeurig te evalueer voordat hulle trou.

JOU OUERS KAN ALLES VERLOOR AS JY SKEI

Ouers besef nie altyd dat hul bates by die egskedding van hul kinders in die gedrang kan kom nie.

'n Pa skenk byvoorbeeld 'n gebouekompleks aan sy seun en skoondogter. Die kompleks bestaan uit 'n wooneenheid vir die ouers met 'n aangrensende winkel. Hulle kom mondeling ooreen dat die pa en ma lewensreg het op die woonplek (hulle kan daar woon tot en met hulle dood) en vruggebruik op die winkel wat verhuur word (hulle kan die huurinkomste gebruik om van te leef). Dit is al pensioen wat die ouers het.

Die seun skei vyf jaar later. Hy is buite gemeenskap getroud met insluiting van die aanwasbedeling. Die gewese skoondogter besluit om haar deel te eis –

onder meer die helfte van daardie geboue! Die pa en ma moet trek sonder hul pensioen, omdat die kompleks verkoop moet word om die skoonogter se helfte van die aandeel uit te betaal.

Vir al sulke gevalle kan in 'n HVK voorsiening gemaak word.

Hou egskieding in gedagte in 'n suiwer finansiële ooreenkoms.

Enkele van die vernaamste aspekte wat in 'n HVK ingesluit behoort te word, word vervolgens kortliks bespreek:

- Alle eiendom (hoofsaaklik vaste bates, voertuie en meubels) word gelys met die markwaarde daarvan, soos deur 'n geregistreerde waardeerder bepaal, daarnaas. By huwelike buite gemeenskap van goed is laasgenoemde veral belangrik. Vir huwelike binne gemeenskap van goed moet daar bepaal word wie watter eiendom gaan behou en watter verkoop moet word en of die opbrengs tussen die egliede verdeel moet word. Dieselfde moet gebeur waar die aanwasbedeling ingesluit word (nie uitgesluit word nie) en toekomstige eiendom gevolglik ter sprake is.
- Daar moet bepaal word of toekomstige erfporsies deel van 'n egskiedings-ooreenkoms sal vorm al dan nie. Daar word aanbeveel dat alle toekomstige erfporsies (hetsy bates, of inkomste wat op bates of beleggings verdien word) in geheel uitgesluit word wanneer bates verdeel moet word tydens huweliksverbrokkeling. Sluit verder in dat nie eens inkomste (wat op een of ander wyse geërf word) in berekening gebring kan word vir die bepaling van enige onderhoudseis tydens 'n egskieding nie. Ouers moet dieselfde in hulle testamente bepaal rakende erfporsies wat hulle kinders mag toeval.
- Besluit wie die voog van een of meer kinders sal wees (indien beide op daardie stadium 'n werk het). Toekomstige regskoste word sodoende uitgeskakel.
- Bepaal verder of daar enige onderhoud aan die gade betaal sal word al dan nie. Daar word aanbeveel dat enige moontlike eis om toekomstige onderhoud reeds op hierdie stadium stopgesit word. Moet nooit toelaat dat 'n R1-klousule deur die gade ingesit word nie. Hierdie bedrag kan een enkele dag na 'n egskieding in die hof verhoog word tot etlike duisende rande.
- Voeg ook in of die man verantwoordelik gaan wees vir die vrou se mediese koste (ook andersom) al dan nie en vir watter periode. In 'n skeisaak is 'n vrou nie meer 'n afhanklike ingevolge mediese fondse nie en hoef gevolglik nie meer op die man se mediese fonds te bly nie, tensy sy medies ongeskik

is. Baie vrouens roei mans uit (of andersom) nadat hulle toegelaat is om op dié se 'mediese fonds' te bly, omdat die hele apteek en 'alle' dokters en operasies nou tot hulle beskikking is.

- Bepaal hoe toegang tot kinders sal geskied. Kies vrye toegang gedurende die week (met die nodige reëlings), toegang elke tweede naweek asook elke alternatiewe lang en kort vakansie. Sodoende word verhoed dat kinders in die toekoms deur een of albei die egliede as 'n emosionele speelbal gebruik kan word.
- Dui aan dat geen gade in geval van skei geregtig sal wees op enige polis van die ander party nie (tensy daartoe bygedra is) en dat geen polisse aan kinders (vir hulle opvoeding) sedeer of in stand gehou hoef te word nie. Sodoende kan die man (dit is gewoonlik die man) 'n meer 'normale' lewe ly as wanneer hy gedwing word om met minder geld aan hoër finansiële eise te voldoen.
- In geval van skei sal geen party op enige belegging van die ander party geregtig wees nie, al sou dit oënskynlik vir hul kinders se opvoeding aangewend word. Die kinders sal ook op geen belegging geregtig wees nie. Voeg hierdie paragraaf in.
- Dui aan dat 'n redelike onderhoud (ingevolge wetsbepalings) vir die kinders se onderhoud betaal sal word. Hierdie onderhoud moet aangedui word as 'n persentasie van die man se netto inkomste (na redelike aftrekkings). Dui verder aan hoe hierdie netto inkomste bereken sal word en bepaal verder dat die egliede 50/50 in die redelike koste rondom die onderhoud van kinders sal deel – natuurlik net dit wat 'n party op grond van sy/haar netto inkomste kan bekostig. Bepaal dat die besteding (aanwending van onderhoud) deurgaans getoon moet word.
- Kinders sal outomaties op enige bestaande mediese fonds bly. Hier is seker een van die grootste probleme vir die party op wie se mediese fonds kinders bly en wat nie toesig oor die kinders het nie. Ons praat hier van waar die ander ouer wel finansiële verpligtinge nakom. Mediese voorsiening kan totaal misbruik word en enige apteek koste, terapeute (nodig al dan nie) en koste insluit wat 'n mediese fonds nie dek nie. Jy gee net die ander party se naam en mediese fonds-nommer op en maak dan soveel nodige en onnodige mediese skuld as jy wil en jou vorige eglied kry die rekenings.
- Dui aan wie die voog vir die kinders sal wees – 'n baie emosionele saak op 'n latere stadium. Dit voorkom dat kinders gebruik en misbruik word vir

finansiële gewin – iets wat dikwels gebeur en deur gebrekkige wetgewing toegelaat word.

- Bepaal wie vir die regskoste aanspreeklik sal wees. Dit is raadsaam om te bepaal dat die regskoste (skeikoste) gelykop verdeel sal word indien 'n skikking buite die hof binne 30 dae bereik kan word. Andersins kan die een party weier om enige regskoste te betaal of op 'n onredelike wyse die regskoste verhoog. Hierdie bedrag behoort in die geval van 'n skikking buite die hof nie meer as R3 000 in totaal te beloop nie. Sou een prokureur oor baie maande of verskeie prokureurs geraadpleeg word vir advies, kan hierdie bedrag tien-duisende rande beloop – selfs al word daar buite die hof geskik. Net so kan daar ook bepaal word dat die party wat wil skei alle regskoste sal betaal.
- Bepaal ook dat meubels wat by ouers geleen is nie deel van 'n skei-ooreenkoms sal uitmaak nie. Sodoende kan een eglid nie sonder meer meubels wat aan skoonouers behoort op 'n bakkie laai en gaan verkoop of elders gaan stoor nie. Teken dus 'n gesamentlike leenooreenkoms gedurende jul getroude lewe.
- Daar word dikwels geld by ouers geleen vir 'n bepaalde projek wat kinders wil aangaan. Dit is belangrik om te bepaal dat indien beide die egliede teken vir só 'n lening (bv om 'n huisverband gedeeltelik af te betaal), beide verantwoordelik gehou moet word vir die terugbetaling van só 'n lening in geval hulle sou skei. Bepaal dit vooraf, want later kan die een (geldgierige) eglid blootweg weier en die ander eglid in groot finansiële moeilikheid dompel.
- Bepaal verder dat waar 'n vaste eiendom gesamentlik besit word en egliede sou skei, die ander party (wat nie die verbandpaaieimente help betaal het nie) verantwoordelik sal wees vir die terugbetaling van die helfte van hierdie paaieimente (wat reeds betaal is). Dit is nou waar die eiendom op 'n 50/50-grondslag besit word, tensy die ander eglid byvoorbeeld 'n soortgelyke finansiële bydrae gemaak het.

Seker die grootste vraag waarmee ons vandag sit as dit kom by die opstel van die HVK is juis of dit kort en of dit lank (in groot detail) moet wees. Prokureurs stel voor (en dit is baie waar) dat hoe korter en eenvoudiger 'n HVK opgestel word, hoe 'makliker' werk dit by dood of huweliksontbinding. Daar is egter twee probleme vir diegene wat 'n HVK wil opstel:

- die aanwasbedelingstelsel
- 'alle' skeiwette

Die aanwasbedeling was eintlik bedoel om diskriminasie (soos in die verlede) teen die vrou te beëindig. Ongelukkig is die praktiese toepassing daarvan (veral tydens skei en dood) die grootste mensgemaakte sirkus op aarde – bly ver weg daarvan en waarsku jou kinders, veral vanweë die onverdeelbaarheid van bates en die oproep van beleggings ten tye van skei. Om nie eers te praat van wie se bates of beleggings dit nou eintlik was nie.

Ja, net soos 'n HVK opgestel moet word ter wille van finansiële reëlins ná 'n eglid se dood, net so behoort dit opgestel te word vir die moontlikheid dat 'n huwelik wat in goeie trou begin is, in die skeihof kan eindig. Beplan vroegtydig jou HVK en raak betrokke by die beplanning daarvan wanneer jou kinders trou!

Beskerm jouself teen

- jouself
- jou gade
- jou familie
- jou skoonfamilie
- derde partye (huwelik)
- die landswette
- jou gade se insolvensie
- swak boedel-, inkomstebelasting- en loopbaanbeplanning

7.2 EGSKEIDING

Dit gebeur dikwels dat 'n persoon wat besig is om te skei 'n pakket ontvang. Die eglid eis dan gewoonlik die helfte van hierdie pakket as deel van die skikkingsooreenkoms. Soms is die egliede op die helfte van só 'n pakket geregtig, maar nie altyd nie. Die spesifieke huweliksgoederebedeling waarvolgens die persone (egliede) getroud is bepaal of 'n pakket tussen hulle verdeel moet word tydens skei. Vervolgens kyk ons na wanneer 'n pakket (oftewel pensioenvoordele) as deel van 'n persoon se bates beskou word vir doeleindes van verdeling tydens skei.

Sedert 1989 word pensioenvoordele as deel van 'n persoon se boedel beskou. Die gevolg is dat pensioenvoordele as deel van 'n persoon se bates beskou word vir verdeling in die geval van skei. In die volgende gevalle sal dié voordele ingesluit word by 'n skikkingsooreenkoms:

- 'n huwelik binne gemeenskap van goed

- 'n huwelik buite gemeenskap van goed met insluiting van die aanwasbedeling

In die geval van 'n huwelik buite gemeenskap van goed met uitsluiting van die aanwasbedeling word pensioenvoordele in die geval van skei

- nie as deel van 'n persoon se verdeelbare boedel (of aanwas) beskou nie
- uitgesluit van 'n skikkingsooreenkoms

Hierdie reëls geld vir pensioen-, voorsorg- en bewaringsfondse asook uittreenuiteite.

8 INSOLVENSIE




Dit gebeur dikwels dat 'n persoon 'n pakket ontvang kort voor, tydens of ná insolvensie. Die vraag wat nou ontstaan is of hierdie pakket deel van die insolvente boedel gaan vorm al dan nie. Sowel die aard van die pakket (pensioen-voordele) as die tydstip waarop dit ontvang word, sal bepaal of dit deel gaan vorm van die insolvente boedel.

Waar 'n persoon reeds die enkelbedrag van pensioenvoordele ontvang het, sal hierdie bedrag deel uitmaak van die persoon se insolvente boedel. Die pensioen wat maandeliks deur die persoon of afhanklikes ontvang word vorm nie deel van die insolvente boedel nie.

Uittree-annuïteite vorm nie deel van 'n persoon se boedel nie en kan gevolglik nie deel uitmaak van skuldeisers se eise nie. Waar 'n belegger reeds die enkelbedrag ontvang het en daarna insolvent raak, sal dit wel deel van die insolvente boedel uitmaak. Dieselfde geld vir inkomste wat ontvang is voordat insolvensie ingetree het. Inkomste wat daarna ontvang is vorm nie deel van die persoon se boedel nie en sal deur die kurator van die insolvente boedel gebruik word om die persoon of afhanklikes te onderhou.

9 EMIGRASIE



Waar iemand 'n pakket ontvang en reeds besluit het om te emigreer, moet die pakket sodanig belê word dat dit die emigrasiedoelwit vergemaklik en help verwesenlik. Die pakket behoort nie belê te word voordat die vrae in die volgende bespreking bestudeer en beantwoord is nie. Die pakket moet gevolglik nie oorhaastig belê word voordat daar duidelikheid rakende die hele emigrasieproses en die koste daarvan verbonde verkry is nie. Onnodige beleggingskoste kan sodoende gespaar word asook foutiewe beleggings vermy word.

Die besluit om te emigreer is verreweg die ingrypendste besluit wat 'n Suid-Afrikaner kan neem. Dit is meestal dan ook 'n weldeurdragte besluit deur

iemand wat nie meer met onder meer die volgende gebeure in Suid-Afrika kan saamleef nie:

- toenemende geweld
- 'n gebrek aan vryheid om in veiligheid na plekke te reis
- kaping van motors
- voortdurende toesighouding oor kinders ná skool en op ander plekke
- dames veral is bang om saans rond te reis vanweë kappings en verkragtings
- die oënskynlike afwesigheid van wetstoepassing vir kapers en verkragters
- gewapende rooftogte
- die talle moorde op bejaardes
- moorde op boere
- gevaartoestande op paaie
- 'n baie hoë Vigsrisiko
- geen beleggersvertroue nie
- die toenemende daling in die waarde van die rand teenoor ontwikkelde lande se geldeenheide
- die nimmereindigende behoeftes van die massas waarvoor dieselfde groepie belastingbetalers moet opdok
- miljoene onwettige immigrante
- wanaanwending van hulpbronne deur middel van swak landsbestuur
- afnemende werkgeleenthede
- die agteruitgang van die opvoedkundige stelsel as gevolg van 'n toenemende gebrek aan fondse
- dalende standaarde
- die onderbreking van studies deur middel van stakings, politieke oproer en die afdwing van regstellende aksie
- openbare gesondheidsorg kan nie meer oorweeg word nie
- die hoë koste verbonde aan private gesondheidsorg
- die geweldige belastinglas
- toenemende finansiële druk om bestaande lewenstandaarde te verlaag

Natuurlik moet die gunstige aspekte ook in gedagte gehou word, naamlik:

- die bande met gesins- en/of familieleden wat agtergelaat word
- talle vriende
- die ondersteuning wat hierdie persone bied
- 'n aangename klimaat

- bekende omstandighede
- huidige status en bekendheid
- jou hele geskiedenis en opvoeding
- 'n bekende omgewing
- 'n bepaalde lewenstyl
- die gemak van 'n huishulp en tuinman
- 'n groot woning en verskeie motors (waar van toepassing)
- 'n meer bekende omgewing om in af te tree
- 'n bekende werk- en finansiële omgewing

Die doel van hierdie onderwerp is nie om mense aan te moedig om Suid-Afrika te verlaat nie, maar om diegene wat reeds emigrasie oorweeg van die nodige finansiële inligting te voorsien. Ons doen dit kortliks aan die hand van die volgende vrae:

- Kan ek bekostig om te emigreer?
- Na watter land moet ek emigreer?
- Watter en hoeveel bates/kapitaal kan uitgeneem word?
- Wat gebeur met die bates wat agterbly?
- Kan ek inkomste vanuit agtergeblewe bates oordra na die buiteland?
- Moet ek my Suid-Afrikaanse bates in 'n trust plaas?
- Wat kos dit om te emigreer?
- Wat is die belangrikste oorwegings rakende Suid-Afrika?
- Wat is die belangrikste buitelandse oorwegings?
- Wat van die wisselkoers en die waarde van die rand?
- Hoe gaan ek te werk as ek wil emigreer?

9.1 KAN EK BEKOSTIG OM TE EMIGREER?

Die meeste mense wil graag na lande soos die VSA, Kanada, die Verenigde Koninkryk, Australië en Nieu-Seeland emigreer. Ongelukkig is daar sekere voorvereistes waaraan voldoen moet word, onder meer noue verbintenisse deur geboorte of voorouers. Net so is daar byvoorbeeld kapitaal- en inkomste-vereistes wat deur sekere lande gestel word. As 'n land vereis dat jy R1 000 000 aan kapitaal daar moet inneem asook 'n paar honderd duisend rand aan inkomste moet verdien, kan nie enige persoon sommer net emigreer na enige land nie. Jou persoonlike welvaart is dus 'n voorvereiste vir emigrasie. Maak

eers seker watter finansiële en ander immigrasievereistes deur 'n bepaalde land gestel word voordat jy daarheen probeer emigreer.

9.2 NA WATTER LAND MOET EK EMIGREER?

Soos reeds genoem, sal jou finansiële posisie en familiestamboom bepaal of jy na 'n land kan emigreer al dan nie. Ander faktore is onder meer of jy 'n werk kan bekom; familie daar het om te help; die lewenstandaard en/of -gehalte wat jy daar sal kan handhaaf; of die land 'n immigrasieprogram het wat bepaalde immigrante lok; of die land 'n belastingooreenkoms met Suid-Afrika gesluit het ten einde dubbele belasting te vermy; en die wisselkoers wat sal geld tussen Suid-Afrika en dié land.

9.3 WATTER EN HOVEEL BATES/KAPITAAL KAN UITGENEEM WORD?

Valutabeheerregulasies ingevolge die Reserwebank laat toe dat sekere banke (gemagtigde handelaars) met vreemde valuta handel. Die volgende items kan tot en met sekere finansiële beperkings (November 1998) die land uitgeneem word:

Item	Beperking (R)
Huishoudelike en persoonlike besittings	100 000
Motorvoertuie	100 000
Seëls, munte, Krugerrande	op versoek
Vestigingstoelaag vir 'n enkelpersoon	200 000
Vestigingstoelaag per gesin	400 000
Reiskoste per volwassene per jaar	100 000
Reiskoste per kind onder 12 jaar per jaar	30 000
Studiekoste per student per jaar	100 000
Studiekoste per student vergesel van 'n gade per jaar	200 000
Studentereistoelaag per student per jaar	30 000
Studentereistoelaag per student vergesel van 'n gade per jaar	60 000

Alle kapitaal wat ná 1 Julie 1997 deur natuurlike persone die land inbring is, mag te enige tyd die land uitgeneem word. Let verder daarop dat 'n wewenaar/weduwee met afhanklikes as 'n gesin beskou word.

9.4 WAT GEBEUR MET DIE BATES WAT AGTERBLY?

Bates wat moet agterbly word geblokkeerde fondse genoem en kan onder meer soos volg aangewend word:

- daaglikse toelae vir besoeke aan Suid-Afrika
- reiskoste na en van Suid-Afrika
- beleggings in genoteerde Suid-Afrikaanse aandele
- herbelegging van effektrusts in ander trusts
- betaling van agterstallige inkomstebelasting
- betaling van skool en tersiêre koste vir kinders wat agterbly
- betaling van eiendombelasting
- lidmaatskapsgelde van Suid-Afrikaanse klubs en verenigings
- betaling van versekeringspremies
- onderhoudbetaling ná skei
- betalings van rekeningkundige beamptes en prokureurs rakende Suid-Afrikaanse bates
- betaling van uitgawes vir lewensonderhoud tydens besoeke aan Suid-Afrika (R75 000 per gesin per jaar, R3 000 per dag per volwassene en R1 500 per dag per kind onder 12 jaar)
- betaling van hospitaal-, mediese en tandartsgelde tydens besoeke aan Suid-Afrika
- verbandbetalings op Suid-Afrikaanse eiendom
- skenkings en onderhoud aan derde partye in Suid-Afrika tot 'n maksimum van R100 000 per jaar

9.5 KAN EK INKOMSTE UIT AGTERGEBLEWE BATES OORDRA NA DIE BUITELAND?

Inkomste kan wel vanuit die buiteland (SA) verdien word en wel in onder meer die volgende vorme: rente; wins; dividende; inkomsteverdelings deur beslote korporasies; direkteursvergoeding; pensioen van 'n geregistreerde skema/fonds; kontantbonusse van versekeringspolis; inkomste van 'n trust *mortis causa* (testamentêre trust); inkomste van 'n eiendomstrust; huurinkomste van onroerende eiendom; en pensioen vir aftrede as gevolg van ongeskiktheid of swak gesondheid.

Netto inkomste wat verdien word ten opsigte van Suid-Afrikaanse bates kan deur die normale bankkanale na jou in die buiteland oorgeplaas word. Tref dus

vroegtydig voorsorg om soveel bates moontlik in kontant of inkomstepro-duserende beleggings te omskep voordat jy emigreer. Dit is veral belangrik indien jy dink (ná deeglike beplanning) dat jy dalk nie genoeg inkomste in die buiteland sal hê om van te leef nie.

9.6 MOET EK MY SUID-AFRIKAANSE BATES IN 'N TRUST PLAAS?

Sou jy dit in 'n trust plaas terwyl jy nog lewe (met ander woorde 'n trust *inter vivos* stig), moet jy die geweldige hoë koste rakende hereregte en oordragkoste vir onroerende eiendom betaal. Tans (1999) beloop hereregte alleen sowat 10% van die waarde van die eiendom. Dit kan dus kontantvloei-probleme vir jou skep.

'n Trust kan wel boedelbelasting vir opvolgende geslagte bespaar. Stig eerder 'n testamentêre trust. Onthou egter dat 'n trust nie inkomstebelastingvoordele vir buitelanders bied nie.

9.7 WAT KOS DIT OM TE EMIGREER?

Direkte koste behels veral die verskeping van huishoudelike toebehore en 'n motor of motors. Vir 'n gemiddelde huishouding kan dit, versekering ingesluit, soveel as R50 000 beloop. Net so kan daar van 'n werklose Suid-Afrikaanse emigrant (sonder 'n tweejaarwerkpermit of permanente verblyf) verwag word om 'n verdere deposito by doeane te betaal.

9.8 WAT IS DIE BELANGRIKSTE OORWEGINGS RAKENDE SUID-AFRIKA?

Seker die belangrikste oorwegings is dié rakende jou aftrede. Maak seker of jou pensioen- of voorsorgfonds jou toelaat om kapitaal te onttrek as jy emigreer. Dit is dalk nodig vir jou om in die buiteland te wag vir hierdie kapitaal totdat jy die normale aftree-ouderdom bereik het. Vind gevolglik verder uit of jy nog dekking van jou groepvoordele sal ontvang.

Onthou verder dat jy tot die ouderdom van 55 jaar vir 'n uittree-annuiteit moet wag en dat 'n gedeelte of al die belastingvoordele verloor kan word as jy in die buiteland is. Dit is dus moontlik om jou premies te staak of om daarmee vol te hou oor die lang termyn, afhangende van jou behoeftes en doelwitte. Jy kan wel jou lewende annuiteit vir emigrasiedoeleindes aanwend.

Probeer om onroerende eiendom in 'n goeie eiendomsmerk ('n verkopers-mark) te verkoop of hou dit vir besoeke aan Suid-Afrika. Kry 'n eiendomsagent om jou eiendom(me) te bestuur.

Sou jy steeds oor besighede in Suid-Afrika beskik, is dit raadsaam om iemand met die nodige magte aan te stel om besluite te neem. Stel verder 'n kundige rekenmeester aan wat oor kennis van internasionale belasting beskik.

Koop tyddeel (RCI-gekoppel) en ruil dit later uit vir buitelandse tyddeel ten einde meer kapitaal/bates in die buiteland te kry.

9.9 WAT IS DIE BELANGRIKSTE BUITELANDSE OORWEGINGS?

Maak seker dat jy weet hoe die nuwe land se belastingstelsel werk. Kyk veral na die belasbaarheid van Suid-Afrikaanse beleggings en inkomste. Kies die land met die laagste belastingkoers en betaal daar belasting.

9.10 WAT VAN DIE WISSELKOERS EN DIE WAARDE VAN DIE RAND?

Sou jy na een van die sterker ekonomieë emigreer, sal jy gou uitvind hoe min die Suid-Afrikaanse rand daar werd is. Jou aftreegeld sal gevolglik baie min wees en ook baie min werd wees. Vergewis jouself dus voor jy emigreer van die invloed van die wisselkoers of die koopkrag van die lae rand op die res van jou finansiële toekoms.

9.11 HOE GAAN EK TE WERK AS EK WIL EMIGREER?

Raadpleeg eerstens jou bank en vind soveel moontlik uit oor emigrasie en hoe dit jou gaan raak. Kry die nodige vorms van die Reserwebank. Raadpleeg finansiële kenners van emigrasie en internasionale finansiële beplanning. Kry belastingklaring. Stel 'n rekenmeester, prokureur, bankbestuurder, of besighheidsbestuurder aan om jou pligte namens jou te verrig.

HOU DEURGAANS FINANSIËLE ONAFHANKLIKHEID NÁ AFTREDE IN GEDAGTE TYDENS JOU BEPLANNING EN VOORBEREIDING VIR EMIGRASIE

BRONNELYS

Older, N, Lambrechts, H & Still, L 1998. *Unit trusts handbook*. Johannesburg: Profile.

Swart, N J 1996. *Personal financial management*. Cape Town: Juta.

Swart, N J 1997. *Hoe om jou geldsake ná skool en universiteit te beplan*. Pretoria: Unisa Uitgewers.